**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING**

**PUBLIKASIEREEKS NR. 16**

# DIE OORSPRONG EN WESE VAN TAAL EN DIE FUNKSIE-LINGEMAAT IN AFRIKAANS: 'N LINGOLOGIESE BENADERING

**F. J. Labuschagne, M.A., D.Litt.**

Oorspronklik as proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad Doctor Litterarum aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
Potchefstroom

# DIE OORSPRONG EN WESE VAN TAAL EN DIE FUNKSIELINGEMAAT IN AFRIKAANS

## 'N LINGOLOGIESE BENADERING

F. J. LABUSCHAGNE

1972

PRO REGE, POTCHEFSTROOM

in hierdie werk uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

*Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms) Bpk.,*
*Olënlaan 11, Posbus 156, Potchefstroom.*

*Aan die vrou wat my tot hulp beskik is.*

# VOORWOORD

DIT sal my vergun word om hier saaklik rekenskap te gee van wat my gelei en gedwing het tot die taalinterpretasie wat ek in hierdie studie probeer ontvou, toepas en toets aan Afrikaanse taalmateriaal en taalfeite.

In die vroeg-twintiger jare reeds het die oortuiging hom onweerstaanbaar by my gevestig dat ons die sterk vereenvoudigde, hiperanalitiese Afrikaans nie kon onderwys volgens die grammatiese stelsel van 'n nog betreklik sterk sintetiese taal soos Nederlands nie, omdat die „grammatika" in wese die vernederlandste vorm van die logies-kategoriese Latynse grammatika is. Ons het nog maar begin om Afrikaans as moedertaal in ons skole te onderwys en die resultate was ontmoedigend, futiel. Ek het toe reeds probeer om 'n soort funksionele benadering in toepassing te bring. Dit was nie 'n oorboordgooi van alle „grammatika" asof dit uit die bose was nie, ook nie die verbanning van grammatika as 'n erkenning van die magteloosheid om daar iets mee te bereik nie, dit was 'n strewe om die grammatika anders te sien, anders te interpreteer en anders toe te pas. Die skraal resultate was tog bemoedigend.

Hierdeur aangemoedig het ek op die middelbare skool waar ek verantwoordelik was vir Engels tot in die matriekklas en vir Afrikaans in 'n vorm III-(standerd 8-)klas, die ‚funksionele taalonderwys' verder probeer ontwikkel en toepas — teen die amptelike, departementele voorgeskrewe grammatikasillabus in — en met die meer gevorderde leerlinge was die resultate 'n openbaring. En toe ek, so goed soos dit destyds in die laat twintiger en begin dertiger jare kon, die funksionele taalleer gaan toepas het by die interpretasie en waardering van die leeswerk en letterkundige werk, was die resultaat onmiskenbaar: liefde vir die taal en liefde vir die geestesprodukte in daardie taal. En die liefde het die belangstelling geprikkel en gerig.

taalinterpretasie. Maar wat is dan die regte, die ware, die wesentlike, die taallike? Dit was my tergende probleem. Om die regte te vind so ver dit moontlik was, het 'n uitdaging geword.

Toe dit so beskik is dat ek in 1931 aan die P.U.K. as dosent in Nederlands-Afrikaanse „taalkunde" benoem is, het dit my die geleentheid gebied om op akademiese vlak te probeer om die oplossing te vind vir die treiterende probleem: *Wat is taal en hoe ontstaan dit?* Ek het in die loop van jare alle teorieë wat ek moontlik kon bekom in bestaande literatuur vanaf die Griekse *phusis-* en *thesisteorieë,* deur die Middeleeuse spekulasies heen, deur die rasionalisties-spekulatiewe en filosofiese beskouinge van die Renaissance en Rasionalisme, oor die agtiende eeu heen, die negentiende-eeuse poginge van byvoorbeeld Von Humboldt en Grimm tot meer moderne beskouinge toe, soos bv. die van Jespersen *(Language: its nature, development and origin,* 1925), K. Buhler *(Sprachtheorie,* 1934), G. A. de Laguna *(Speech, its nature and development,* 1927), A. H. Gardiner *(Speech and language,* 1932), Langeveld *(Taal en denken,* 1934), Reichling *(Het woord,* 1935), Wilson *(The Miraclous birth of language,* 1942), G. Révész *(Ursprung und Vorgeschichte der Sprache,* 1946), Alexander Johannesson *(Origin of language,* 1949), Gertrud Pätsch *(Grundfragen der Sprachtheorie,* 1955), A. S. Diamond *(The history and origin of language,* 1959), e.s.m. deursoek, maar nêrens was daar 'n taalwetenskaplik aanvaarbare verklaring te vind nie. Daarom was die enigste uitweg om self te probeer om 'n plousibele verklaring te vind vir die oorsprong en wese van taal om die eenvoudige rede al dat die *spraakverskynsel* nie *taal* is nie, d.w.s. dat taal gemaak en gevorm word voor dit deur middel van die spraakorgane hoorbaar waarneembaar verskyn of in skriftelike vorm sigbaar, afleesbaar, interpreteerbaar en verklankbaar gestel word. Wat die Taalkunde, die Filologie, bestudeer as sy objek, is die skriftelike vorm van die taal as gebruiksmiddel tussen skrywer en leser; wat die Linguistiek as sy objek bestudeer, is die spraak, die verskyning van taal as gebruiksmiddel tussen spreker en hoorder.

In 1938 het ek in my inougurele rede: *Grammatika, Taalwetenskap en Taalonderwys* (Koers, V. 6) die ontstaan en ontwikkeling van die „grammatika" geskets, die oordrag daarvan op Nederlands en later op Afrikaans nagegaan, enkele destyds gebruiklike „grammatikas" krities bespreek en die noodsaaklikheid van 'n vernuwing van ons taalbeskouing, taalinterpretasie en taalonderwys daarvolgens aldus beklemtoon:

„En wat Afrikaans betref: dit laat hom eenvoudig nie begryp deur die futiele logies-kategoriese grammatika nie en laat hom nie daardeur onderwys nie. 'n Nuwe taalleer, gefundeer op suiwer taalkundige (lees: *taal*wetenskaplike) grondslae, bepaal deur 'n wetenskaplike interpretasie van taal in sy menslike verband (lees: verbondenheid) en funksie, moet daargestel word. En dis hierdie stadium wat die wetenskap nou (d.i. 1938) bereik het: 'n „Grundlagenkrisis" en 'n „Aufbaukrisis"."

En toe verder: „Die Nederlands-Afrikaanse Taalwetenskap staan mede in die krisis van die algemene wetenskap: die bepaling van die wese van taal in die lig van die nuwe beskouing en in sy volle verband as puur-menslike verskynsel — en die fundering van 'n nuwe taalleer wat bevrugtend sal inwerk op wetenskap sowel as onderwys".

„En Afrikaans, die mees gedeflekteerde, hiperanalitiese taal van die Indo-Europese stam, leen hom besonder vir die taak. Om hieraan mee te werk tot heil van ons volk en tot eer van Hom wat die mens die wonderlike taalvermoë gegee het — ag (ek my) lewenstaak."

In 1957 het ek die resultate van my gesoek na 'n oplossing van die probleem in 'n referaat op die jaarvergadering van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns van die S.A. Akademie na my beperkte vermoë probeer saamvat en 'n verklaring probeer gee van die oorsprong en wese van taal onder die titel: *Die oorsprong en wese van taal, funksioneel gesien,* gepubliseer in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,* XVII, 2 (Oktober 1957), amptelike orgaan van die Akademie. Ofskoon daar baie dinge in die referaat is wat ek vandag nog kan handhaaf en waarvan ek in die onderhawige studie gebruik maak, is daar tog baie dinge wat ek nie meer kan en wil handhaaf nie, omdat sedertdien nuwe wetenskaplike feite oor die psigosomatiese wesendheid van die taalmaker aan die lig gekom het. So wil ek graag erken dat ek in die referaat probeer het om die oorsprong of ontstaan van taal te verklaar (gerugsteun deur 'n tekening) uit die funksie van die *spraakmotoriese breinsentra*. Vandag is dit duidelik dat so 'n interpretasie wetenskaplik onaanvaarbaar is. In die plek daarvan stel ek in hierdie studie 'n ander verklaring, soos sal blyk, gefundeer in die *taalsensoriese breinsentra* en *neuronale apparatuur*. Daar bly nog probleme oor wat alleen die Neurologie kan help opklaar.

Die Taalbeskouing wat ek probeer toepas het, het ek gekarakteriseer as die funksionele taalleer. Die terminologie was nog in 'n

by die toepassing van my huidige insigte heelwat korreksies en verbeterde interpretasies in die referaat moet aanbring. Ek mag seker hoop dat hierdie studie die dwalings, foute en vergissings van die „onrype jare" sal ondervang. Ofskoon ek my vir sommige van my interpretasies van 1957 effens moet skaam, is my troos die wete van elkeen wat ernstig probeer om „wetenskaplik" te wees: mens kan net sien so ver as die liggie van jou klein lampie in die donkerte van jou groot onwetendheid skyn. Miskien sal ek my, as dit my beskore is, oor enkele jare weer moet skaam oor interpretasies wat ek in hierdie studie as waarhede aanvaar en poneer. Gelukkig dat daar op taalwetenskaplike gebied ontwikkeling is.

Miskien is Matthew Arnold se Scholar-Gipsy op my toepaslik: ek het oor die jare net „*one* aim, *one* business, *one* desire" gehad. Ek moes ook wag „for the spark from heaven to fall". Wat my akademiese lewenstaak geword het, het ek deur hierdie resultaat van my volgehoue studie gedeeltelik probeer volbring. Die soekpaadjies om tot 'n lingologiese taalbeskouing en taalinterpretasie te kom was nie alleen opdraande slingerpaadjies nie, maar ook eensame dwaalpaadjies — mens het niemand wat jou leiding kon gee en konstruktiewe hulp kon bied, daarop ontmoet nie. Maar Hy alleen wat alles so beskik het en my daartoe gelei en daarin gehelp het, ken die dankbaarheid van my hart vir die voorreg om dit te mag doen.

Die studie is dus eintlik nie onderneem vir die doeleindes van 'n akademiese proefskrif nie — dis 'n poging tot voltooiing van 'n lewenstaak. Die proefskrif is net 'n aansporing, indien nie 'n persoonlike dwangmiddel nie. Daarby is dit die nakoming van 'n afgedwonge, bindende belofte aan my oudstudente dat ek die lingologiese taalbeskouing en taalinterpretasie in 'n bekombare vorm beskikbaar sal stel. Ek mag net hoop dat hulle nie teleurgestel sal wees in die beskeie werk van hul oud-leermeester nie.

Februarie 1969.

# INHOUD

Voorwoord ... 7

I. TER INLEIDING

1. Afbakening van die studieterrein ... 19
2. Die problematiek van die oorsprong en wese van taal ... 23
3. Teorieë oor die oorsprong van taal ... 29

II. DIE „WOORD" (LINGEMAAT) EN TAAL

1. Prinsipiële fundering van die probleem: Wat is die „woord"? ... 35
2. „Woord"oorsprong of „woord"ontstaan ... 37
3. Metodologiese fundering ... 39
4. Die psigosomatiese gestruktureerdheid van die taalmaker 40
5. Die proses van „woord"making of lingemaatskepping (a) logosering; (b) fonemisering ... 43
6. Nadere omskrywing van die terminologie ... 53
7. Verhouding: primêre taal: sekondêre spraak ... 58
8. Lingemaat- en taalstruktuur ... 59
9. Die lingologiese of funksionele struktuurpatroon getoets aan en toegelig uit (1) Latyn; (2) Bantoetaal ... 70
10. Sintaktiese, d.i. sintagmatiese toepassing ... 76
11. Lingemaatonderskeiding en lingemaatindeling ... 82

III. DIE FUNKSIELINGEMAAT IN AFRIKAANS: 'N LINGOLOGIESE BENADERING

1. Die wese van die funksielingemaat ... 83
1.1. Die verskeidenheid van saaklingemate ... 83
1.2. Die saak en sy funksie ... 83
1.3. Die saakgebondenheid en saakbepaaldheid ... 84

2.2. Logaal-selfgenoegsame funksies ... 86
2.3. Funksies uit relasiesituasies ... 87
2.4. Ontstaans-synsfunksies ... 94
2.5. Potensialiteitsfunksies ... 104

3. Die funksiesintagmaat ... 105

4. Samevatting ... 109

IV. DIE LINGALE GEBONDENHEDE EN BETROKKENHEDE VAN DIE FUNKSIELINGEMAAT

1. Wesensaardlike gebondenheid ... 111
1.1. Saakgebondenheid of funktorale gebondenheid ... 111
1.2. Logaliteitsgebondenheid ... 112

2. Soortlike logaliteitsverskeidenheid en -gerigtheid ... 113
2.1. Saakbepaaldheid van die funksielogaliteit ... 113
2.2. Meervlakkige potensialiteit van die funksielogaliteit ... 113
2.3. Verbondenheid of verbindbaarheid van die funksielingemaat ... 114

3. Wesensaardlik-soortlike logaliteitsgebondenheid en gerigtheid van die funksielingemate ... 115
3.1. Wesensaarlik-soortlike onderskeibaarheid en indeelbaarheid van die funksielingemate ... 115
3.2. Aktionsartgebondenheid: basiese beginsel ... 116
3.3. Verskeidenheid van funksies/funksielingemate ... 117
3.4. Aktionsart as linguistiese term ... 117
3.5. (1) Streitberg; (2) Brugmann; (3) Kieckers; (4) Van Hamel; (5) Wolfgang Krause; (6) Boer; (7) Vendryes; (8) Afrikaanse linguiste ... 118

4. Lingologies-prinsipiële onderskeiding: Aktionsart, Aspek, Tempus ... 123
4.1. Aktionsart: lingologiese afbakening ... 123
4.2. Momentgebondenheid van funksielogaliteit ... 124
4.3. Duurgebondenheid van funksielogaliteit: aspektiese verloopstadia ... 124
4.4. Aspek: lingologiese afbakening ... 125
4.5. Tempus: lingologiese afbakening ... 126

5. Toepassing op taalmateriaal ... 126
5.1. Indo-Europees; Oergermaans ... 126
5.2. „Indikatiewe" kontinuïtief ... 127
5.3. Die perfektiewe aspek ... 128

6. Aktionsartonderskeiding t.o.v. die funksielingemaat in Afrikaans ... 131
6.1. Bestaansfunksies/bestaansfunksielingemate ... 131
6.2. Ontstaansfunksies ... 133
6.3. Tydruimtelike gebondenheid en gerigtheid van die funksielogaliteit ... 134
6.4. Duurgebondenheid van die funksielogaliteit ... 135
6.5. Enkelpolige logaliteitsgebondenheid en gerigtheid ... 136
6.6. Meerpolige logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 137
6.7. Resultatiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 140
6.8. Veroorsakende of kousatiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 141
6.9. Effektiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 143
6.10. Verbesonderende logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 145
6.11. Intensiverende logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 147
6.12. Faktitiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 148
6.13. Inleidend-voorbereidende logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 149
6.14. Tydruimtelik herhalend-duratiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 151
6.15. Tydruimtelik onderbroke herhalend-duratiewe ligaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 153
6.16. Lokaal-ruimtelike logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid 154
6.17. Kinetiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 154
6.18. Potensialiteitsgebondenheid en -gerigtheid van die funksielogaliteit ... 155
6.19. Prospektiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid ... 156

7. Persoons- en getalsgebondenheid van die funksielingemaat 157
7.1. Persoonsonderskeiding ... 157
7.2. Getalsonderskeiding ... 158
7.3. Sintemiese persoons- en getalslingering ... 158
7.4. Defunkwording van die sinteme ... 159
7.5. Funksieloosheid van reliktiese sinteme ... 160
7.6. Tweetalligheidsvorme ... 162
7.7. Samevatting ... 162

V. ASPEK EN TEMPUS

1. Aspek en aspeksgebondenheid en -gerigtheid van die funksie/funksielingemaat ... 164
1.1. Aspek onderskei van Aktionsart ... 164
1.2. Die wesensaard van aspek ... 164
1.3. Aspek nie tempus nie ... 166

2. Tempus en tempusgebondenheid 178
2.1. Verwarring: aspek en tempus 178
2.2. Noodsaaklikheid van onderskeiding: aspek en tempus 179
2.3. Aspekte wesentlik tydmatig geleed 181
2.4. Tempus en tempuslingering 181
2.5. Tempuslingering in Latyn 182
2.6. Tempusonderskeiding morfematies of sintagmaties gelingeer 184
2.7. Samevatting 185
2.8. Toepassing 186
2.9. Tempuslingering in Afrikaans 189

VI. MODALITEIT EN DIE SOGENAAMDE VORM: AKTIEF EN PASSIEF

1. Modaliteitsgebondenheid en -gerigtheid van die funksielingemaat 191
1.1. Situasiegebondenheid van die funktorale saak 191
1.2. Die aard en bepaaldheid van die situasie 191

2. Soortlike onderskeiding van die situasiegebondenheid of modaliteitsgebondenheid van die funksie/funksielingemaat 196
2.1. Realitief en irrealitief 196
2.2. Modaliteit onderskei van aktionsart, aspek en tempus 196
2.3. Wesensaard van die realitief 196
2.4. Funksionele struktuurmiddele vir die irrealitief 197
2.5. Funksioneel-morfologiese toeligting uit Latyn 198
2.6. Modaliteitslingemate of modale lingemate 200

3. Die gebiedende modaliteitsituasie 200
3.1. Wesensaard van die imperatiewe modaliteitsituasie 200
3.2. Toeligting uit Latyn en Goties 202
3.3. Wesensaard van modaliteit 203
3.4. Situasiegebondenheid en -bepaaldheid van die modaliteit 204

4. Die vraagsituasie 204
4.1. Nie as modaliteit onderskei nie 204
4.2. Lingologies beoordeel 205
4.3. Rogatiewe modaliteit 206

5. Die onbepaalde infinitiewe gebondenheid en betrokkenheid van die funksie/funksielingemaat 210
5.1. Die infinitiewe modaliteit 210
5.2. Noodsaaklikheid van 'n lingologiese beoordeling 210

5.3. Die lingale wesensaard van die infinitief ... 211
5.4. Funksioneel-morfologiese struktuurontleding ... 212
5.5. Die lingale funksies van die infinitief-morfeme/morfemate 212
5.6. Aspektiese funksies van die infinitief ... 214
5.7. Funksionele ontleding van lingeringstipes ... 215
5.8. Lingale funksies van die infinitief ... 223

6. Die sogenaamde vormgebondenheid en -gerigtheid van die funksie/funksielingemaat ... 226
6.1. „Grammatiese" onderskeiding ... 226
6.2. Linguistiese interpretasies ... 227
6.2.1. Brugmann ... 227
6.2.2. Jespersen ... 228
6.2.3. Vendryes ... 231
6.2.4. Meyer de Villiers ... 231
6.3. Verwarring van „passief" met aktionsart ... 234
6.3.1. Die funksie van *-r-/-ur*-morfeme ... 234
6.3.2. Die funksie van die morfemiese *-r-/-ur* in die Latynse sintagmeemstelsel ... 235
6.3.3. Die funksie van die -a/-au-morfeme in Goties ... 236
6.3.4. Die aktionsartig eksistiewe en inseptiewe funksie-morfemate *is/wees* en *word* ... 237
6.3.5. Aktionsartige funksies van Gotiese premorfeem *ga-* ... 239
6.3.6. Die funksies van die premorfeem *ga-* in Goties ... 240
6.3.7. Die aktionsartige funksie van die premorfeem *ga-* en die aspektiese funksie van die postmorfeme *-ns* en *-th* 243
6.3.8. Die ontwikkeling van *ga-* as aspektiese middel ... 244
6.3.9. Die aktionsartig inseptiewe funksie van *word* as funksiemorfemaat ... 245
6.3.10. Aktionsartig inseptiewe funksie van die Gotiese inmorfeem *-n-* en die Latynse inmorfeem *-sc-* ... 246
6.3.11. Konklusie ... 247

Opgawe van lektuur en geraadpleegde werke ... 249

A. Bibliografie ... 249

B. Tydskrifte ... 254

# DIE FUNKSIELINGEMAAT IN AFRIKAANS — 'N LINGOLOGIESE BENADERING

*In die begin was die Logos, en die Logos was by God,*
*en die Logos was God.*
*Hy was in die begin by God.*
*Alle dinge het deur Hom ontstaan*
*en sonder Hom het nie*
*een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*

*— (Johannes 1 : 1—3).*

*Ook op het terrein der wetenschap (ook die Taalwetenskap) is de verhoogde Christus souverein. De christelijke wetenschap zoekt Zijn glorie. Zij is een taak, die God aan Zijn mensheid in het verbond gegeven heeft, opdat Hij daardoor gediend worde en Zijn Rijk kome. — (J. M. Spier).*

*Saaier, saai! Dis God's gebod,*
*al verdroë vrug en blare,*
*al verslaan die hael die are.*

*— (Jan Celliers).*

## HOOFSTUK I

# TER INLEIDING

### 1. AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN

1.1. Die vorm waarin die objek en die doelstelling van hierdie studie geformuleer is, naamlik: *Die oorsprong en wese van taal en die funksielingemaat in Afrikaans — 'n Lingologiese benadering,* impliseer dat dit nie 'n studie is op die gebied van die tradisionele grammatika nie, ook nie 'n studie vanuit een of ander gesigspunt of rigting van die gangbare Linguistiek of volgens die beginsels daarvan nie. Dit maak dit noodsaaklik om die terrein waarop die studie beweeg, te onderskei en af te baken van bestaande en erkende terreine waarop beoefenaars en ondersoekers van die verskynsels taal, die woord, spraak, grammatika of aanverwante verskynsels of dissiplines hulle beweeg en wetenskaplik toewy, ook noodsaaklik om die objek so noukeurig moontlik te bepaal en te omskryf en om die benaderingsgerigtheid te motiveer en te ekspliseer.

Immers: die fundamentele vereiste vir enige dissipline wat pretendeer om wetenskaplik te wees, hoe relatief wetenskaplikheid ook al mag wees, is dat die beoefenaar so noukeurig moontlik moet weet waarmee hy te doen het, wat dit presies is wat hy ondersoek en wetenskaplik wil verklaar. m.a.w., as sy naïewe ervaring en waarneming hom voldoende onderskeidend voor sy objek plaas, bv. *plant, dier, materie, natuur* (fisiese verskynsels), *taal,* is dit sy wetenskaplike taak om metodies navorsend, ontledend, integrerend deur en verby die naïewe ervaring en wete te dring tot ontsluiting en blootlegging van alle elemente, kenmerke en kragte wat die wese en aard van sy objek konstitueer — hy moet deurdring, so ver hy kan kom, tot die oorsprong, die oerbegin van sy objek. Dit is die fundamentele probleem van elke wetenskap. Die beoefenaar moet immer streef na die volledigste wetenskaplike kennis: alleen ontwyfelbare, finale antwoorde op die vrae: Wat presies is my objek? Waaruit bestaan dit? Waar kom dit vandaan? Hoe het dit in

Toegepas op die „taal"-wetenskap is dit dus die taak, die prerogatief van die beoefenaar om die immer treiterende probleem van die oorsprong en wese van sy objek self na te vors en op te klaar, om die omvang, die terrein en inhoud van sy dissipline en die metode van beoefening daarvolgens self te bepaal en te omlyn. Uitgaande van die naïewe ervaring en waarneming dat taal alleen by die menslike wese voorkom, dat hy dit daagliks nog self maak en verander, word die beoefenaar met die wetenskaplike probleme gekonfronteer: Waarom en waarkragtens is taal dan 'n alleen-menslike verskynsel? En omdat die mens sy taal self maak en nêrens elders vandaan kry nie: Hoe, waaruit, waarvan, waarom en deur watter spesifiek menslike eienskappe, wesensvermoëns en wesenskragte en waarvoor maak die mens dan die spesifiek menslike taal? Die oplossing van die probleme kan die beoefenaar alleen wetenskaplik vind deur die mens in sy volle wesensgestruktureerdheid, wesensbepaaldheid en kosmiese verbondenheid in sy wetenskap te betrek. Dit vereis dat hy die hulp van ander wetenskappe wat met die mens as psigosomatiese wese te doen het, soos die fisiologie, die anatomie, die neurologie, die psigologie en selfs die sosiologie, moet inroep. So alleen kan die oorsprong en wese van taal wetenskaplik verklaar en die plek, die doel en die waarde daarvan in die kosmiese ordening vasgestel en omlyn word. Maar dit bring ook mee dat so alleen 'n wetenskaplike insig in die materiaal waaruit die taal gestruktureer word, verkry kan word en dat die taalwetenskap sy metode volgens die wesensaard van sy objek moet bepaal en daarvoor sy eie, spesifiek taalse terminologie moet skep. Dit alles beoog ek beskeielik tentatief met hierdie studie.

1.2. *Die lingologiese terminologie.* Die terme *funksielingemaat* en *lingologies* is vir die gangbare grammatika, taalkunde, linguistiek, taalwetenskap of liewers spraakwetenskap betreklik vreemd, indien nie heeltemal ongewoon, nuut en vreemd nie — soos baie ander terme met hulle denotasies en konnotasies in die studie sal wees. Die skepping en toepassing van die terme is 'n onvermybare, onontwykbare noodwendigheid van die beskouing omtrent die oorsprong, ontstaan, making, wese en aard van die verskynsel „taal" soos in die studie uiteengesit sal word. Aanvanklik moet en sal nog van bepaalde tradisionele „spraakwetenskaplike" terme, soos „woord" byvoorbeeld, gebruik gemaak word, maar namate die grondbeginsels waarop die studie gefundeer is, ontwikkel, verduidelik en toegepas word, sal nuwe, „lingologiese", d.i. *taal*-wetenskaplike terme ge-

skep en gebruik word. Die lingologiese terme behoort tot die besondere wetenskap van die *taal* wat ek tipeer en karakteriseer as die *Lingologie*. Daarom is hulle nie bedoel om die gebruiklike grammatiese, spraakkunstige, filologiese of linguistiese terme of stelsel van terme te vervang nie, want die Lingologie beweeg hom nie op die terrein van die spraak, die motoriese reproduksie van die taal nie. Waar van die gangbare grammatiese en linguistiese terminologie gebruik gemaak kon word, is dit gedoen — selfs op gevaar af dat die logaliteit (tradisioneel die „betekenis") gewysig is. Maar waar die tradisionele terme logaal (d.w.s. wat tradisioneel die „betekenisinhoud" of die „be-teken-is-valensie" betref) of funksioneel nie bruikbaar of toepasbaar is nie, omdat hulle eie is aan 'n disparate beskouing en interpretasie van „taal" of die „woord" of aan 'n ander verwante wetenskap, of waar die gebruiklike terminologie nie in nuwe behoeftes vir die lingering (d.w.s. vergestalting in taalvorm) van nuwe interpretasies kon voorsien nie, is nuwe terme geskep en in die logale of funksionele gerigtheid daarvan toegepas en aan die taalfeite getoets. So, byvoorbeeld, kan ek die tradisionele grammatiese en linguistiese terme *beteken* en *betekenis* nie gebruik nie, omdat die „woord" vir die lingologiese interpretasie geen „teken" is vir iets of „teken" wat heenwys na iets nie, ook nie 'n simbool in klank vir iets nie, maar iets in sy eie aard, in sy eie bestaansreg. Net so kan ek ook die term *woord* wat die uitgespreekte en gehoorde en ook die geskrewe reproduksie is van die oorspronklike taalelement wat op die besondere taalse wyse inwendig ontstaan en gemaak word, nie gebruik nie. Hierdie grammatiese en linguistiese „woord" en die taalekwivalent daarvan in sy oorsprongsvorm is disparate verskyningsvorme van dieselfde ding: die *woord* die verspraaklikte, motories-spraakorganies gereproduseerde, *sekondêre vorm* van die gelingeerde, d.i. die in taalgestalte gemaakte, *primêre konstruksie,* die *lingemaat,* wat wel kan maar nie hoef verspraaklik te word nie, die geskrewe „woord" is 'n kunsmatige, simboliese invensie. Noodwendig moes ek dus die respektiewe terme *logeer, logaliteit, lingeer* en *lingemaat* skep as *taalterme, lingologiese terme* in onderskeiding van en teenoor die spraakterme, grammatiese en linguistiese terme „beteken", „betekenis", „uitdruk" en „woord". Ook ander terme wat ter plaatse verduidelik sal word, moes geskep word.

1.3. *Aanvaarbaarheid van die lingologiese beskouing.* Die wetenskaplike aanvaarbaarheid en bruikbaarheid van die lingologiese taalbeskouing en taalinterpretasie, van die metode van analise en funksionele interpretasie, van die geskiktheid en doeltreffendheid van

… hetsy morfologiese, hetsy logiese of funksionele. Geen gangbare beskouing, teorie, filosofiese of spekulatiewe hipotese mag 'n objektiewe beoordeling blokkeer of versper net omdat dit tradisioneel gevestig is en deur eminente linguiste sonder beswaar gehandhaaf of deur filosowe geprotagoneer word of omdat dit bruikbaar is nie. Die taalbeskouing wat hier ontwikkel word, pretendeer om gefundeer te wees op feitelike waarhede: waarhede t.a.v. die menslike gees wat algemeen op empiriese gronde aanvaar word, dus wetenskaplik nie ontken of misken kan word nie, waarhede t.a.v. die neurosomatiese mensbestaan wat deur die fisiologie, die anatomie, die neurologie aan die lig gebring is. Mog die interpretasie van die tot op die moment beskikbare feite en die integrasie daarvan tot 'n eenheidsiening waaruit die oorsprong en ontstaan van taal verklaar word en verstaanbaar is, verkeerd wees of vatbaar vir 'n ander interpretasie — die moontlikheid is weens ons menslike feilbaarheid, weens die beperktheid van ons wete en kennis omtrent baie verborgenhede nie uitgesluit nie: ons sien hier veral deur 'n spieël in 'n raaisel, maar met dankbaarheid vir die spieël — of wetenskaplik, d.w.s. *taal*wetenskaplik nie *spraak*wetenskaplik nie, onaanvaarbaar, sal niemand die regte en ware, selfs maar 'n betere, meer verwelkom as ek self nie. Die taalbeskouing wat hier ontwikkel en ontvou word, die lingologiese naamlik, en die toepassing daarvan op taalfeite en taalverskynsels is ten opsigte van die tradisionele Linguistiek miskien selfs rewolusionêr, dikwels ikonoklasties. Die rewolusionêre is egter nie noodwendig en altyd die aweregse nie — dit is dikwels, baie dikwels, die suiwerende, die verhelderende, die hervormende, die baanbrekende tot nuwe vergesigte en tot 'n nuwe waarheidsorde. Miskien is 'n skokkende rewolusie juis nodig om die tradisiegebonde linguistiese volgelinge en linguistiese naprater van linguistiese ikone, veral maar nie uitsluitlik nie, van Amerikaanse maaksel, uit te skok uit die aanbidding van linguistiese goue kalwers of dagons of babels. Want is die amptelike Linguistiek of Spraakwetenskap met sy diverse en botsende strominge, teorieë, spekulasies en praktyke nie werklik 'n beeld van 'n Babelse spraakverwarring nie? Daar ontbreek nog 'n wetenskaplike norm.

1.4. *Afbakening van studieterrein.* Soos reeds gestel, is die terrein waarop hierdie studie beweeg, nie die van die tradisionele grammatika van logies-kategoriese oorsprong nie, nie die van die spraakkuns of „ars grammatica" nie, nie die terrein van die Filologie of filologiese benadering van taal, d.w.s. die taalkundige nie, en ewe

min is dit die terrein van die amptelike Linguistiek in enige van sy vergange of huidige vorms of rigtings, wat die taal in sy verspraaklikte verskyningsvorm of as sosiale gebruiksmiddel, kontakmiddel of kommunikasiemiddel as studieobjek betrek, sonder inagname en wetenskaplike verantwoording daarvan dat die taal *sui generis* gemaak word, onvermybaar, voorbeskiktelik gemaak moet word en bestaan voor dit uitgespreek, verspraaklik en gehoor word of ooit uitgespreek, verspraaklik of gehoor hoef te word. Die studie beweeg hom op die terrein van die taal as 'n indiwidueel-menslike verskynsel, 'n verskynsel van eie maaksel — 'n maaksel, weliswaar, wat gemaak is om verspraaklik te kan word, selfs primêr vir 'n verskeidenheid van doeleindes verspraaklik moet word, maar wat in en deur sy makingsproses reeds funksies verrig, doeleindes dien wat vir sy making en sy bestaan wesentlik noodwendiger is as om verspraaklik te word, noodwendiger as om as uitdrukkingsmiddel, as omgangs- of verkeersmiddel te dien waarby altyd 'n spreker en hoorder betrokke moet wees, of dat 'n sosiale situasie moet bestaan om taal te vermoontlik. Hierdie studieterrein baken ek af en begrens ek as die van die Lingologie — die wetenskap van die verskynsel „taal", net soos byvoorbeeld die Botanie die wetenskap van die verskynsel „plant" is of die Soölogie die wetenskap van die verskynsel „dier" of die Fisika van die verskynsels wat tot die fisiese behoort.

Die Lingologie stel hom dus in die eerste plek tot taak — 'n wetenskaplik onontwykbare taak — om 'n antwoord te soek en te vind op die eeue-oue, tergende, uitdagende vrae: Wat is Taal? Wat is die „woord"? Waar en hoe is die oorsprong daarvan? Wat is daarvolgens sy wese, sy wesensaardlike struktuur en wesensaardlike funksie? Tot nog toe is hierdie fundamenteel-wetenskaplike probleme nog nooit bevredigend verklaar nie.

## 2. DIE PROBLEMATIEK VAN DIE OORSPRONG EN WESE VAN TAAL

2.1. Die vrae na die oorsprong, die ontstaan, die wese en aard van taal is so oud soos taalwaarneming en taalstudie self. Die blote kennis van 'n taal of tale, die vermoë om 'n taal te gebruik, spraaklik of skriftelik, die waarneming, ontleding, beskrywing en aanleer van bestaande tale volgens hulle grammatiese reëls bevredig die mens, veral die wetenskaplike soeker, nie; hy wil weet waar en hoe die taal ontstaan, hoe dit gemaak word; hy wil die skeppingsgrond en begin daarvan, die *archê geneseos*, weet, watter kragte en vermoëns by die ontstaan en making daarvan werksaam is. Deur die eeue heen is daar talle ernstige pogings aangewend om die oorsprongsprobleem op te los, maar uit die aard van die probleem self het dit by speku-

historiese verskynsel, as indiwiduele dinkmiddel, as spraakmiddel, as sosiale gebruiksmiddel, kommunikasiemiddel, kontakmiddel, as 'n wetmatige verskynsel, as iets wat uit telbare, geordende en rangskikbare eenhede, wat veral sigbaar telbaar en ontleedbaar is, bestaan, e.s.m., dat 'n groot verskeidenheid beroepspersone en vakwetenskaplikes soos filosowe, logici, teoloë, psigoloë, pedagoë, pedoloë, sosioloë, antropoloë, etnoloë en selfs soöloë en bioloë voor probleme wat die taal toevallig, geneties, wesentlik, struktureel of funksioneel raak, te staan kom; gevolglik onderneem hulle die taak om te probeer om vanuit hulle gesigspunt die probleem van die taaloorsprong en taalontstaan te verklaar — iets wat die grammatikus, die filoloog of die linguis dan nie by magte sou wees om te doen nie. Deur die geskiedenis van die denkrigtings, -strominge en wetenskaplike dissiplines heen vind ons talle verklarings, hipoteses, teorieë, soms die mees fantastiese en mees uiteenlopende, oor die oorsprong, wese en aard van die verskynsel wat as *taal* ervaar, gebruik en onderskei word, van Adam se naamgewing af oor die Griekse *phusis*- en *thesisteorieë* heen tot die huidiges toe. Dermate het die hipoteses en teorieë, allerlei beskouings, rigtings en praktyke vermenigvuldig dat vir die moderne taalwetenskaplike die probleem om vir homself die wetenskaplik mees bevredigende uit die menigte te kies groter en moeiliker is as die probleem van die oorsprong en wese van die taal self. As gevolg van die mislukte en futiele pogings om die oorsprongsprobleem op te klaar is selfs die sienswyse gehuldig dat die probleem onoplosbaar is, of ook dat dit nie die taak van die taalwetenskaplike is om dit op te los nie. Die vraag is: wie se taak en reg is dit dan om dit op te los?

In hierdie verband verwys ek na wat byvoorbeeld Jespersen en Kieckers se bevindings is. In *Language: its nature, development and origin* (Allen & Unwin, London, 1921) verklaar Jespersen op bl. 96: „To these matter-of-fact linguists all speculations as to the ultimate origin of language were futile and nebulous, a verdict which might be in no small degree justified by much of what had been written on the subject by quasi-philosophers and quasi-linguists. The aversion to these questions was shown as early as 1866, when La Société de Linguistique was founded in Paris. Section 2 of the statutes of the Society expressly states that "La Société n'admet aucune communication concernant, soit l'origine du langage, soit la création d'une langue universelle" — both of them questions which, as they *can* be treated in a scientific spirit, should not be left

exclusively to dilettanti". Kieckers *(Sprachstämme der Erde,* Carl Winter, Heidelberg, 1931) stel dieselfde aangeleentheid soos volg (bl. 1): „Die Frage nach dem Ursprung der Sprache hat verschiedene Theorien in der älteren Sprachwissenschaft hervorgerufen, die mit allgemeinen philosophischen oder psychologischen Spekulationen an das Problem herantraten, die konkreten sprachlichen Tatsachen aber meistens spärlich und nebenbei zur Lösung herangezogen. Keine derselben ist, soviel Einzelheiten durch sie auch aufgeklärt sind, imstande gewesen, bis zum Ursprung der Sprache selbst vorzudringen. So sind denn gerade exaktere Sprachforscher zu der Ansicht gelangt, dass die Lösung dieser Frage überhaupt nicht in das Gebiet der Sprachwissenschaft gehört".

2.2. *Herkoms van logies-kategoriese grammatika.* Taalstudie het, sover dit die Westerse beskawing en kultuur betref, sy oorsprong by die Grieke reeds voor sewe-ses v. C. Die studie staan van die aanvang af in die skaduwee van die mite, onder beheer van spekulasie en van die Filosofie. Ook hier was die oorsprong en die wesensaard van die taal die kernprobleem. Ons kan maar net verwys na die *phusis-* en *thesisteorieë* en na Plato se *Kratulos.* Hierdie studie het uiteindelik gekristalliseer in die op die Logika gefundeerde grammatiese stelsel van Aristoteles en die latere *technê grammatikê* waarin Dionysius Thrax die werk van sy voorgangers saamvattend geformuleer het en wat oorgedra is op Latyn o.a. deur Aelius Donatus in sy *Ars Grammatica* en 'n eeu later deur Priscianus in sy breedopgesette werk oor die Latynse grammatika. Ek verwys hier na my inougurele rede, gepubliseer in *Koers* V. 6 (Junie 1938), waarin ek die ontwikkeling van die Grieks-Latynse grammatika en die oordrag daarvan op die Wes-Europese volkstale nagaan, veral die oordrag op Nederlands en later hieruit op Afrikaans. Dit is hierdie grammatika wat so raak en kernagtig deur Ferdinand de Saussure in sy posthume werk: *Cours de linguistique générale,* aldus getipeer word (Ek haal aan uit die Duitse vertaling van Hermann Lommel, Berlin und Leipzig, 1931, bl. 1): „Anfänglich trieb man etwas das man „Grammatik" nannte. Dieses Studium, das die Griechen eröffnet und hauptsächlich die Franzosen fortgesetzt haben, ist auf die Logik begründet; es entbehrt jedes wissenschaftlichen Gesichtspunktes und beschäftigt sich nicht mit der Sprache selbst; es geht einzig darauf aus, Regeln zu geben zur Unterscheidung richtiger und unrichtiger Formen; ist eine normative Disziplin, weit entfernt von reiner Beobachtung, und ihr Gesichtspunkt ist notwendigerweise eng". Hierdie grammatika en logisisties-grammatiese taalbeskouing is skering en inslag in ons taalwetenskap, en die grammatiese grond-

-pogings tot vernuwing. Dit is nog 'n reële en aktuele fase van ons taalstudie en taalinterpretasie, ons werk nog met sy begrippestelsel; sy onderskeidingsnorme en -kategorieë is nog ons onderskeidingsnorme en onderskeidingskategorieë, sy terminologie nog ons terminologie — al „entbehrt es jedes wissenschaftlichen Gesichtspunktes".

2.3. *Opkoms van die histories-vergelykende taalkunde en die ontwikkeling daarvan.* Eers by die oorgang van die agtiende eeu — die periode van die rasionalistiese taalbeskouing en taalreglementering van die Franse *Grammaire raisonnée et générale* en van die Filologie en die Romantisisme ook ten opsigte van die taal — tot die negentiende eeu het taalstudie gevorder tot die status van 'n „wetenskap": die studie van die taal om homself deur die toepassing van die *vergelykende* en die *historiese* beginsels. Maar hierdie histories-komparatiewe taalkunde, wat die hele negentiende en die begindekades van die twintigste eeu beheers en oorheers het, was in werklikheid slegs 'n metode vir die beoefening van 'n pseudowetenskap wat op taalgegewens en taalverskynsels betrek was soos hulle in skriftelike vorm waarneembaar, analiseerbaar en rekonstrueerbaar was. Dit het juis ontstaan uit die ontdekking van grammatiese ooreenkomste tussen Sanskrit, Latyn, Grieks en Oud-Germaans deur die beoefening van die Filologie. Deur die ontdekking van taalverwantskap en die vergelyking van relevante historiese taalgegewens kon deur rekonstruksie die oervorme van die stamverwante Westerse tale gerekonstrueer word en daaruit weer die oermoedertaal, Indo-Europees. Hierdeur kon, maar slegs gedeeltelik, die tergende vraag na die filogenetiese oorsprong en herkoms van die een groep tale beantwoord word. Maar die probleem van die ontogenetiese oorsprong het onopgelos gebly. Die poginge van byvoorbeeld Von Humboldt, Grimm en andere, hoe waardevol en insiggewend ook al, het nie geslaag nie. Die nuwe wetenskap het, om die beeld te gebruik, ploeë vergelykend bestudeer en beskryf, moderne en wat orals vanuit die oerverlede opgediep en uit oorgeblewe brokstukkies gerekonstrueer is, in terme van die materiaal waaruit die onderdele vervaardig is en in terme van die onderdele as elemente waaruit die ploeë saamgestel is, tesame met allerlei irrelevante bymengsels, sonder om ooit presies te weet wat 'n ploeg is en waarvoor dit primêr presies bedoel is en juis dáárom en dáárvoor, uit juis dié materiaal, en die onderdele juis in dié vorm, elk juis vir sy doel, gestruktureer is. So het die pseudowetenskap deur 'n nuwe

metode, die histories-komparatiewe, 'n saak bestudeer en ontleed en probeer verklaar waaroor geen duidelikheid en geen sekerheid bestaan het wat dit wesentlik is, waar dit vandaan kom, waarom en hoe dit ontstaan het en waarvoor dit bestaan nie. Diegene wat hulle prakties en teoreties op wetenskaplike taalstudie en taalinterpretasie toegelê het, het hulle stemme gevoeg by en laat harmonieer met die gemengde koor van teologiese, filosofiese en metafisiese hipotetici en teoretici uit die verlede. Want ook hulle wat Linguiste wou wees, by wie ons die „Neu-Grammatiker" en latere ondersoekers insluit, het inderdaad deur hulle metode en in die praktyk hulle taalstudie geïnkorporeer by, verweef met die tradisionele stelsel van die logisisties-kategoriese grammatika met sy begrippestelsel en sy terminologie à la Aristoteles. Wat 'n suiwer Linguistiek moes word, het 'n pseudowetenskap gebly, ondanks die nuwe en waardevolle natuurwetenskaplike inslag van Fisiologie en Psigologie, ondanks die „Neubesinnung auf das Wesen der Sprache" wat die Neu-Grammatiker van Steinthal af tot De Saussure toe bygedra het. Immers: dis die lot — mens kan amper sê die noodlot — gewees van die taalbetragting, -besinning en -studie waaruit die Westerse wetenskap ontwikkel het en waaraan dit selfs sy huidige vorm, inhoud en metode dank of wyt dat dit deur spekulasie en filosofie ontstaan en gegroei het en so van die begin af daardeur oorheers is. Sover die geskiedenis ons in die verlede terugvoer, is dit bepalend en beheersend die Filosofie en verwante dissiplines van watter soort, rigting of skool ook al, wat hom die probleem van die oorsprong en wese van taal toegeëien het. Dit het inderdaad dermate die hele vraagstuk gemonopoliseer dat vandag nog ons taalbeskouing en taalbeoefening deur filosofiese interpretasies en begrippe wat voortbou op grondslae deur die Filosofie gelê en geformuleer, oorheers word. Ook in ons land wil die Filosowe die probleem vir die onvermoënde Linguiste oplos. Maar meer nog: wat vandag, op hierdie stadium van die twintigste eeu, deurgaan vir Taalwetenskap of Linguistiek, is 'n mengsel van allerlei filosofiese en kwasifilosofiese spekulasies of benaderings en taalmateriaal, -gegewens en -verskynsels. Suiwer lingologies gesien, is die Filosofie en filosofiese spekulasie regstreeks en onregstreeks die oorsaak gewees dat Linguiste oor taal praat en skryf, taal bestudeer en hulle sogenaamd wetenskaplik op die navorsing en deurvorsing daarvan toelê, sonder om presies te weet wat die objek van hulle wetenskap in sy wese is.

Ook die nuwe rigtings, soos die veelgeroemde en bedweepte Strukturalisme, wat voer vanaf De Saussure met sy dichotomiese „signifiant — singifié"-leer oor die fonologiese skool van Trubetzkoy,

van rekening 'n metode of metodes is om met taalmateriaal en taalgegewens, in besonder vanuit 'n struktureringsoogpunt, doenig te wees, wat tot Wetenskap verhef word — en dis 'n metode wat, konsekwent deurgevoer, die taalstudie nog meer „verlogikaliseer", „vermatematiek" en „verstatistiek", soos Harris c.s. dit doen — die taalstruktuur word materiaal vir die Logika, die Matematika en die Statistiek. Die metode het moeiliker geword en duisterder as die objek van die Linguistiek self! Ewe min het die stilistiese rigtings — nòg die estetiese à la Kramer en andere, nòg die sintakties-stilistiese à la Overdiep-Van Es, nòg die linguisties-stilistiese à la Hellinga bevrediging gebring. Die linguistiese kernprobleme: Wat is taal in sy wese, waar en hoe ontstaan dit, waartoe dien dit? bly linguisties onbeantwoord — nog vir die Linguistiek *'n uiters aktuele probleem*. En vir die beroepsfilosofie bly dit nog 'n aanloklike fenomeen waaroor by gebrek aan wetenskaplike taalkennis en -insig heerlik gespekuleer en gedogmatiseer kan word. Dis die Linguis se reg en sy taak om die oorsprong van sy objek te vind en die wese daarvan te omskryf — om daarvoor *die metode* te vind en die *beheersende beginsel* wat sy studie en sy interpretasie na die wese en aard van sy objek sal rig. Tot dusver het geen Linguis dit nog kon doen nie, omdat dit vanuit die tradisioneel-grammatiese, in die spekulatiewe filosofie gefundeerde benaderingswyse eenvoudig nie moontlik is nie. 'n Radikaal verskillende benaderingsbeginsel en -wyse is nodig — en dit wel die lingologiese, die *taal*wetenskaplike. Daarom eis die Lingoloog vir hom die reg op om vir sy wetenskap, net soos enige ander wetenskaplike dit vir sy vak doen, te soek na 'n wetenskaplik aanneemlike verklaring van die oorsprong en wese van sy objek. Die Lingoloog wil vry kom van die voorskrif en oorheersing van illinguistiese — en dikwels illogiese — prinsipes soos uit die Filosofie, die Behaviorisme, die Psigologie en die Sosiologie op sy terrein oorgedra — ook deur Linguiste. Die Linguistiek is nog nooit 'n suiwer *taal*-wetenskap, outonoom, soewerein op eie gebied, in eie kring gewees nie: in sy huidige vorm is dit die repositoir van allerlei beskouings en praktyke van byna elke soort geleerde of vakkundige. Die Lingologie wil vry wees, soewerein wees op die taalterrein, in sy eie taalkring. Dit wil 'n taalse verklaring van die oorsprong en wesensaard van sy objek gee. Om dit te vermoontlik en te bewerkstellig moet dit in 'n ander gedaante verskyn, vry en los van die tradisionele logisistiese grammatika en die spraakwetenskaplike Linguistiek.

## 3. TEORIEË OOR DIE OORSPRONG EN WESE VAN TAAL

3.1. Objektief gesien bestaan daar slegs vier kosmies-feitelike moontlikhede waaruit die oorsprong van die taal en daaruit die wese daarvan vasgestel kan word, en al vier is afsonderlik of vermengd oor en oor vanuit verskillende gesigspunte geëksploiteer, en die teorieë bevat al die moontlike uitkomste, suiwer of in vermengde vorm.

(a) Die eerste moontlikheid is die volgende: Taal kan uit die bo- en buitemenslike geesteswêreld, d.i. van God of die denkbeeldige, mitologiese godewêreld vandaan kom: klaar gemaak in die mens se mond gelê, aan hom geopenbaar; of: die mens kan deur goddelike inwerking so bewerktuig gewees het om 'n taal te maak soos feitlik aan hom gedikteer of ingegee is. Teorieë wat van hierdie oorsprongsmoontlikheid uitgaan, hierop steun of hiervan gebruik maak in een of ander vorm, wil ons saamgroepeer en karakteriseer as die *teogenetiese*. In geen vorm is enige teogenetiese teorie aanvaarbaar of bewysbaar nie. Dit vind nie alleen nêrens in die Bybel steun nie maar is selfs in stryd met wat daar wel oor taal gegee word in Gen. 2 : 19, 20. 'n Teogenetiese oplossing bly suiwer spekulasie: dit is nie bewysbaar uit die taal self nie, en dit plaas die probleem en sy oplossing buite die Linguistiek: in die Teologie, in die spekulatiewe Filosofie, in die Paradys of op Parnassus of Olympus. Ons moet aanvaar dat die taal 'n tydruimtelike, geestelik-stoflike maaksel is en wel 'n maaksel van die enigste kenbare wese wat taal besit, naamlik die mens, en gevolglik is dit wesentlik alleen geneties verklaarbaar.

(b) Die tweede is: taal kan die mens toestraal of ingegee word uit die natuurlike wesendheid van die synsdinge of synsverskynsels wat die mens ervaar en belewe, d.w.s. die synsdinge of -verskynsels vertolk hulle wesendheid self aan die mens in klank of uitstralings wat deur die mens intuïtief of rasioneel opgevang en geïnterpreteer word. Soos die mens dus 'n ding „se naam gee, so sal sy naam wees", omdat die naam dan feitlik die ding self in sy wese is! Adam sou dit voor die sondeval kon doen, nie daarna nie.

Dus sou die taal uit en deur die natuur self ontstaan en daaruit sy vorm: die mens is alleen intuïtief ontvangend, rasioneel interpreterend en sosiaal-gebruikend werksaam. Die mens straal of verklank sy eie rasionele wesendheid ook natuurmatig uit.

Hierdie teorieë, in watter vorm ook al, wil ons karakteriseer as die *fusiogenetiese*. Dis 'n beskouingswyse, 'n verklaringshipotese wat

deur die Griekse filosowe gerasioneer in die *phusisteorie,* suiwer spekulatief en soms fantasties-filosofies. Deur Aristoteles veral is dit „gelogikaliseer" en het, wel gewysig en aangepas in die *thesis-teorie,* sy finale toepassing gekry in die logiese ontleding van die taalverskynsel in sy spraakvorm en skryfvorm, gesien as 'n natuur-wesentlike, rasioneel-logiese stelsel waarvan *die sin* as *rasionele eenheid,* as *logiese denkeenheid* die *primêre taaleenheid* is. Die „woord" is hiervolgens geen outonome taaleenheid nie, dit is 'n logiese abstraktuur as element van die sin, wat in die sin deur sy sinsverband en sy woordsoortlike funksie „betekenis" kry. Uit hierdie vorm van fusiogenetiese teorie het ons huidige, tog nog trouelik beoefende en met toegewydheid beskermde, logisisties-kategoriese, klassisistiese grammatika en taalinterpretasie, waarna ons reeds verwys het, ontstaan.

Die verskillende nabootsteorieë is in wese maar net gewysigde vorme van die fusiogenetiese moontlikheid. In watter vorm ook al . . . geeneen van hulle is wetenskaplik aanvaarbaar nie. Daarom ook al nie die tradisionele logisisties-kategoriese grammatika en taalbeskouing nie, wat allerweë erken word as uitgedien, omdat dit feitlik deur en deur illinguisties gefundeer is, 'n illinguistiese terminologie het en werk met 'n illinguistiese want filosofies-logiese begrippestelsel. Nog meer is dit onaanvaarbaar vanuit lingologiese prinsipes gesien.

(c) Die derde moontlikheid is: die oorsprong van taal kan uit die diereweêreld verklaar word. Uitgaande van empiriese feite, gedragsvorme en gegewens by die mens, waarvan ooreenstemmendes of soortgelykes ook by die dier aangetref word, word die oorsprong dan verklaar uit die instinktiewe ontstaan en voorkoms van dierskreeue, -geluide en -klanke. Daarom karakteriseer ek die teorieë as die *soögenetiese.* Hulle wissel vanaf die wat by die dier ook „taal", dieretaal, omgangstekens, heenwysingstekens, kommunikasietekens, simbole aantref, al is die dierverskynsels ook maar die begin, die voorstadium van wat by die mens eers taal word, tot die wat by die mens die suiwerste vorm van die volgroeide simboolstelsel in „woorde" sien. Hieronder ressorteer die ewolusionistiese, die sosiologistiese, die kommunikativistiese, die „woordteken"- en „woordsimbool"-, d.i. die strukturalistiese teorieë, òf in geheel òf gedeeltelik. Die voorstanders van hierdie beskouing moet dus 'n „voortaallike" ontwikkelingstrap aanneem, en, getrou aan die ewolusieteorie, dus ook 'n „voormens", as 't ware 'n „nadier" — 'n *homo alalus,* „der sprachlose Urmensch", wat dan die kameraad en gesèl van 'n

*animal loquens* moet gewees het. Dus: *animal loquens* „gewon" *homo alalus, homo alalus* „gewon" *homo sapiens* en *homo sapiens* „gewon" primitiewe, stamelende en gebarende *homo loquens*. Taal het dus 'n dierlike herkoms, en wat ons vandag nog by diere aantref, die erfnis van die voorhistoriese, van die oerdier, kan, moet wees en is vir die Linguistiek nog navorsingsmateriaal om die probleem van die taaloorsprong en taalwese te verklaar — sonder inagname van die onveranderlike en instinktiewe aard van die dierskreeu, terwyl dit die mees opvallende wesenskenmerk van die taal is dat dit voortdurend verander en ontwikkel. Watter vorm die soögenetiese teorieë ook mag aanneem, hulle bied vir die Linguistiek 'n steriele fiksie — alles berus op spekulasie, ydele gefilosofeer, aprioristiese skepping of hipotetiese stelling van niebestaanbare of nie-bewysbare dinge. Die bestaan van 'n spraak- of taallose, menssoortige oerwese is nie bewysbaar nie, omdat dit, selfs in 'n blote spekulatiewe denkstelsel, nie voorstelbaar, nie verbeeldbaar en nie bestaanbaar is nie. Daar is nie 'n verskynsel denkbaar of selfs fantaseerbaar tussen die dierskreeu en die menslike klankwoord of taal nie. Selfs hier is daar 'n onoorbrugbare kloof tussen mens en dier, tussen die mees gedifferensieerde skreeu of geluid van die gedresseerdste, makgemaakte Amerikaanse antropoïede sjimpansee en die mees primitiewe vorm van mensetaal soos van die Boesman of Sentraal-Afrikaanse Pigmee: nie slegs 'n kloof tussen vorm en vorm nie, maar 'n kloof tussen *ontstaan* en *ontstaan,* tussen *wese* en *wese*, tussen *funksie* en *funksie*. Enige vorm van taalteorie wat uitgaan van, steun op, aansluit by of selfs 'n verwante analogiese parallel vind met die dier, dierskreeu, diergeluid, dierhandeling of -gedraging moet in hierdie kloof tussen mens en dier, tussen taalmens en taallose dier, tussen mensetaal en dierskreeu te pletter stort. Die soögenetiese teorieë steun op „phantasievolle Erfindungen", denkbeeldighede wat buite die gebied van die taal en van die Linguistiek lê. Geeneen van hulle is lingologies selfs oorweegbaar nie.

(d) Eindelik is daar nog die vierde, enigste oorblywende, oorsprongsmoontlikheid — *die by die mens self en by die mens alleen,* die wat taal dus, suiwer objektief gesien, as 'n puur-menslike verskynsel en as enig-menslike skepping of maaksel moet aanvaar en dan ook aanvaar of beweer te aanvaar. Dit is die *antropogenetiese* teorieë wat bedoel of voorgee om dit te wees, nie blote variante nie maar dikwels wesentlik of prinsipieel verskillend van mekaar. Dis onmoontlik om van die vele teorieë hier 'n opsomming, 'n goeie oorsig of 'n saaklike kritiek te gee. Ons kan hoogstens 'n

tydskrifartikels en ander publikasies. Baie van die voorgewende antropogenetiese teorieë is al onaanvaarbaar omdat hulle wortel in, steun op of aansluiting vind by òf die teogenetiese (bv. al sou die mens self sy taal maak, God aan hom 'n spesiale taalvermoë, naas en soos ander vermoëns, gegee het) òf die fusiogenetiese (bv. die verskillende nabootsteorieë, in 'n mate die *lal-teorie* wat uitloop in die *kindertaalteorie)*, òf die soögenetiese, soos die teorie van die prioriteit van sang of ritmiese klankuitings by dans of werk, ens. (vgl. byvoorbeeld die marxisties-geïnspireerde teorie van Gertrud Pätsch: *Grundfragen der Sprachtheorie*, Halle, 1955) — teorieë wat teruggaan, soos o.a. by Darwin, Spencer en selfs by Jespersen, tot die sang van voëls. Selfs die teken- en simboolteorieë dat klanke geleidelik so ontwikkel het dat hulle as tekens heenwys na dinge of om as simbole vir dinge gebruik te word: ook dit gaan terug tot of wortel in een of ander vorm van ewolusionisties-soögenetiese teorie. Ook skreeue of klanke by diere het heenwysings-, aanwysings-, waarskuwingsfunksie, mededierlike kontakwaarde. Ook die gebareteorieë (vgl. o.a. Jóhannesson: *Origin of language*, Reykjavik, 1949) wat eintlik in die instinktiewe wortel, het 'n soögenetiese grondslag. Enkele ander teorieë is meer antropogeneties gefundeer: taal is uitingsvorm van die menslike rede, die ratio, die verstand, bv. die Griekse *thesisteorie*, of dit is uitings- en openbaringsmiddel van psigiese vermoëns, gevoelens, verbeelding ens. (vgl Bühler se *Darstellungstheorie* in sy *Sprachtheorie*, Jena, 1934). Dit bring ons by die moderne, die mees gangbare teorieë wat gekom het uit die Psigologie (vgl. Révész: *Ursprung und Vorgeschichte der Sprache*, Bern, 1946) uit die Sosiologie, die Antropologie en, onder invloed hiervan, uit die Linguistiek self.

3.2. Saamvattend kan ons uit die teorieë die volgende beklemtoon:

(i) Die teorieë gaan deurgaans uit van die verspraaklikte, hoorbare en gehoorde vorm van taal en aanvaar dit as *middel* of as *simbool;* dit is 'n uitingsmiddel van gevoelens, gedagtes, ideë, begeertes, wense, strewinge; dis mededelingsmiddel; dis omgangs- of sosiale verkeersmiddel, kommunikasiemiddel; dis kontakmiddel vir die mens met sy omwêreld; of dis 'n stelsel van verkeerstekens; of dis 'n stelsel van klank- en woordsimbole waardeur of waarmee die *spreker* die *hoorder* heenwys na iets. Die hoorder is 'n *sine qua non* vir taal om te bestaan. Dis hierdie teken-simboolinterpretasie, wat sy wortels selfs in die Griekse *phusis-symbola*-interpretasie het,

wat vanaf De Saussure se signifiant-signifié-teorie uitgeloop het op die Strukturalisme en die Glossematiek. Die studieobjek word die teken of simbool self.

(ii) Taal word gesien as 'n sosiale verskynsel — dit sou nie kan ontstaan sonder 'n gemeenskap ter voldoening aan die behoeftes aan 'n omgangs- of verkeersmiddel, 'n sosiale ordeningsmiddel nie. Dit bring mee die ontkenning dat die taal wesentlik alleen by die indiwidu kan ontstaan. Dit los die probleem van die taaloorsprong en taalwesendheid nie op nie; inteendeel, dit verduister juis enige oplossingsmoontlikheid.

(iii) Sommige van die teorieë ontken die bestaan van taal by die dier: taal is 'n „purely human phenomenon", soos Sapir dit beklemtoon — maar hulle bly in gebreke om te verklaar hoe en waarom die taal dan juis by die mens en net by die mens ontstaan en wat dit wesentlik is.

Maar nou moet daarop gewys word dat wat hierdie teoretici by die taal as wesenskenmerke vasstel — bv. die sosiale aspek, d.i. die aspek van die teken- of simboolwaarde, dat dit omgangs- en verkeersmiddel is, ens. — ook van die instinktiewe, oorerflike, onveranderlike diergeluid en dierskreeu kenmerke en funksies is, wesenskenmerke en wesensfunksies. Dus om dit kortliks te stel: geen van die teorieë wat as 'n antropogenetiese teorie sou wil of sou kon deurgaan, is aanvaarbaar nie, selfs nie so 'n psigologies gefundeerde soos die van Révész, die Amsterdamse psigoloog, naamlik die kontakteorie, nie. Taal is nie in die eerste plek na sy oorsprong, na sy wese en sy funksie 'n sosiale verskynsel nie, is nie taal òm 'n kontakmiddel te wees nie of omdàt dit 'n verkeersmiddel is nie. Dat dit kontakmiddel, verkeersmiddel is, is konsekwensies van sy wesensaard. Dit is reeds taal, puur en simpel, voor dit kontak- of kommunikasiemiddel is en sonder om dit selfs te wees, nie eers wanneer en soos dit daarvoor funksioneer nie. Die oorsprong en wese van taal moet *buite die gemeenskap, buite die omgang, buite die kommunikasie* gesoek word, net soos buite die dier — en dit is: *in die wese van die antropos, die mens, en daarin en daaruit alleen.*

Vir die vinding en verklaring van die oorsprong en wese van taal, vir die verklaring van sy ontstaansproses en van sy bestaan en sy funksies is die bepaling van die wese van die mens self as taalwese 'n *sine qua non:* geen taal sonder die mens alleen nie: *die taal is uit die mens, om die mens, deur die mens, vir die mens... omdat hy mens is.* Dus is die grondprobleem van die Lingologie: Hoe en wat is die mens *as taalmens, as taalwese* — nie

verklaarbaar.

En dit wil ek in die volgende hoofstuk probeer doen.

## HOOFSTUK II

# DIE „WOORD" (LINGEMAAT) EN TAAL

### 1. PRINSIPIËLE FUNDERING VAN DIE PROBLEEM: WAT IS DIE „WOORD"?

1.1. Die primêre, fundamentele probleem van die funksionele, lingologiese taalbeskouing is: Wat is die „woord"? — 'n uiters naïewe vraag, want elke normale mens, selfs kinders op vroeë leeftyd, maak, gebruik en onderskei woorde, weet naïef deur die daelikse ervaring dat woorde bestaan en wat 'n woord is.

En tog, vir die Taalwetenskap is en bly dit na 25, 26 eeue se ernstige en toegewyde besinning vandag nog 'n aktuele probleem, ondanks talryke pogings tot wetenskaplike omskrywings en definisies wat in die kern nie veel meer is nie as alledaagse, naïewe, voorwetenskaplike kennis of vrugtelose spekulasie omhul met 'n kleed van wetenskaplike vertoon en skyn. Geen enkele van die talle linguistiese verklarings is aanvaarbaar nie.

1.2. Vendryes het, in sy hoedanigheid as President van die VIe Internasionale Linguistekongres te Parys (volgens 'n artikel van Knud Togeby: „Qu'est-ce qu'un mot?" in *Recherches Structurales,* dl. V, 1949, bl. 97 van die *Travaux du Cercle linguistique de Copenhague),* in sy opsomming van die resultate van die kongres in sy sluitingsrede die „krisis van die moderne Linguistiek" blootgelê deur sy betekenisvolle verklaring dat „die Linguiste selfs nog nie eenstemmig is oor wát 'n *woord, die woord as fundamentele element* van die objek van hulle wetenskap is nie". (Ek vertaal en kursiveer). En dit beteken: selfs nog nie eenstemmig oor wát die wese en aard van hulle objek self is nie. Wat in 1949, anderhalwe dekade na die verskyning van Reichling se *Het woord,* waar was, is vandag nog waar: die eenstemmigheid (selfs die suiwer, blote wete) oor wat presies of eintlik die objek in sy wese en aard is en wat presies

die studie van 'n objek en sy materiaal, so veelsydig as skaars 'n ander, sonder om te weet wát dit eintlik is wat dit pretendeer om wetenskaplik te bestudeer en te verklaar. Daar is geen ander wetenskap waarvan dit t.a.v. sy objek in dié sin en in dié mate gesê kan word nie. Ons moet vandag nog Vendryes se oordeel onderstrepend onderskryf en ook dit wat Togeby beklemtonend byvoeg: „Inderdaad, die „woord" is beslis die linguistiese term wat die onderwerp was en nog is van die mees uiteenlopende interpretasies. Die definisies daarvan is verkry uit dissiplines die mees verwyderd van die Linguistiek. Soms is die „woord" gedefinieer volgens sy inhoud, soms volgens sy vorm *(expression)* en meesal volgens albei deur dit te beskou as *teken*, as *simbool*". Ons kan aanvul: soms as iets wat wel bestaan maar darem ook weer nie as sodanig outonoom bestaan nie; soms deels volgens wat dit is plus deels wat dit nie is nie — ja, en wat nie al nie! Linguiste, Protolinguiste, Metalinguiste, Psigolinguiste en Pseudolinguiste, Filosowe en Lekelinguiste skaar hulle om die oerbasiese, oerfundamentele, die primêre element van hulle objek soos die blindes betastend om die olifant.

1.3. Op die mees verskillende en mees uiteenlopende woord- en taalkonsepsies word 'n sogenaamde taalwetenskap gebou waartoe almal mag bydra, vanaf die man op straat wat skaars 'n taal kan praat en tog deur die amptelike Linguistiek as normgewer erken word, tot die vermaardste beroepslinguis toe! Die offisiële Linguistiek staan in sy huidige vorm, sowel t.a.v. sy materiaal en die benadering daarvan as van die uiteenlopende metodes van benadering en beoefening, nog in die periode van die „taalalchemie" en is in wese 'n pseudowetenskap, 'n hibridiese wetenskap, 'n mengelmoes van allerlei illinguistiese stromings, denkrigtings, interpretasies en praktyke saam met die werklik waardevolle, linguistiese, wetenskaplik egte en bruikbare. In hierdie verband verwys ek net na die versameling studies, deur Sol Saporta — Jarvis R. Bastian geredigeer in: *Psycholinguistics. A book of readings*, New York, 1961. Slegs die dwaas sal hierdie laasgenoemde aspek ontken — maar hy sal die dwaas se maat wees wat nie wil erken nie dat die goeie vertroebel en oordek word deur die oorvloed van illinguistiese bymengsels, alledaagse, irrelevante naïwiteite en spekulasies, wat in die Linguistiek 'n beklywende neerslag gevind het. As dit maar net op enige wyse, volgens enige metode vir enige doel met taalmateriaal te doen het, dan paradeer dit in 'n netjiese harlekynstenu as taalwetenskap. Getoets aan taalwetenskaplikheid en taalweten-

skaplike metode het die Linguistiek 'n beskamende agterstand.

Om ons beeld van die blindes en die olifant verder te voer: Miskien kan die Lingologie nog 'n oop plekkie of aanhangsel aan die ontsaglike kolos van die legendariese oerdier vind waar dit hom kan betas — hopelik dit nie in blindheid of stiksienigheid heeltemal mis tas nie.

## 2. „WOORD"-OORSPRONG OF „WOORD"-ONTSTAAN

2.1. Van oertye af is taalgebruikers, taalwaarnemers, taalondersoekers gekonfronteer met die probleem van die oorsprong en wese van die „woord" of die taal, en hulle het die opklaring daarvan met mening aangedurf, sonder finale of enige aanvaarbare resultaat: nie t.o.v. die ontogenetiese, feitelike oorsprong nie en ook nie t.o.v. die filogenetiese, historiese nie. Die oorsaak hiervoor lê nie in die onvermoë of onwetenskaplikheid van denkers en ondersoekers nie (ten minste nie altyd nie!) maar in die wesensaard, die verskyning en die bestaan van die objek, taal, self. Die historiese, filogenetiese oorsprong lê in die onbereikbare vergangenheid van die oertye, die idillies aanloklike, grasige weivelde van die fantasie en spekulatiewe hipotese wat „nichts ist als eine phantasievolle Erfindung des Evolutionismus, die für die exakte Forschung für immer abgetan ist" (Kieckers, Ernst: *Die Sprachstämme der Erde,* Heidelberg, 1931, bl. 1). Die ontogenetiese, wesentlike oorsprong en ontstaan by die indiwidu lê in die innerlike verborgenheid van die maker self: skynbaar ook onbereikbaar, behalwe vir die grootliks futiele metafisiese of filosofiese spekulasie — buite die terrein van die Linguistiek — ondanks die volgehoue aanwending van bewysmateriaal vir bewysvoering. Intens ongelukkig het die Linguistiek hom — liewers het die Linguiste hulle — by ontstentenis van 'n wesentlik linguisties-gefundeerde benadering, aan hierdie spekulatiewe metodes en teorieë van nie-linguiste en dikwels taalamateurs van allerlei slag en beroep gaan verslaaf. Die gevolg was, soos Kieckers dit stel: „Exaktere Sprachforscher sind gerade zu der Ansicht gelangt, dass die Lösung dieser Frage überhaupt nicht in das Gebiet der Sprachwissenschaft gehört". Vandag verkeer die Linguistiek met al sy strominge en spekulatief-teoretiese benaderings soos die bedweepte Sinchronisme, die, veral Amerikaanse, uitwasse van die Strukturalisme, die Glossematiek, die Sosiaal-teoretisisme, die Scientisisme, die Spreker-hoorderpragmatisme en wat nie al nie, nog in die verslaafdheid.

2.2. Daar is net een *taal*-wetenskaplike, d.i. lingologiese moontlik-

relevante uitgangspunt, naamlik dat die oorsprong en daarmee die wesensaard van die taal, die „woord", alleen te vind is in en te verklaar is uit die wese van die mens as psigosomatiese taalwese. Die enigste taalbeskouing en taalinterpretasie wat wetenskaplike geldigheid kan besit, is die wat gefundeer is in die suiwer antropogenetiese beskouing van die psigosomatiese wesensaard van die mens, en dit is:

2.2.1. dat *die mens* as personistiese, psigosomatiese eenheidswese die enigste selfkenbare, selfkennende wese in die ganse kosmos is by wie die verskynsel taal, waarvan die „woord" die primêre, fundamentele element is, aangetref word, want hy alleen beskik oor wesentlik-inherente, nie verworwe of uit omgangsnood selfgewilde, selfontwikkelde taalmakingsvermoë, en hy alleen is wesensaardlik, voorbeskiktelik, volkomelik toegerus met die somaties-neuronaal-serebrale en geestelike apparatuur — spesifiek vir die funksie van taalmaking: tot hierdie *taalmakingsapparatuur behoort nie die motoriese spraakapparatuur van vokalisasie- en artikulasieorgane nie:* tong, lippe, stembande, velum, neus en selfs die motoriese breinsentra vir spraak kan alles verwyder of belemmer word, dan kan die mens nòg taal maak, nòg taal aanleer en nòg taal besit en gebruik vir ander as spraakdoeleindes, kommunikasiedoeleindes. Die *spraakorgane* het wesentlik geen direkte, aktiewe aandeel in die skepping of making van die klankmateriaal waaruit die taal, die „woord" gestruktureer of gelingeer word nie — hulle is reproduksieorgane, artikulasieorgane; hulle werksaamheid, hulle stande en funksies word wilsmatig via die motoriese spraaksentra deur die taalmaker gerig en beheers om die foneme in vasgestelde volgorde, ooreenkomstig die gemaakte lingemaat, te reproduseer, d.w.s. om die verlangde, gewilde en geskikte resonansstand te vorm en die bewegings uit te voer om dié lugtrillings te veroorsaak, teweeg te bring wat die foniese ekwivalent sal wees van die betrokke foneem, foneemkompleks of lingemaat;

2.2.2. omdat taal so wesentlik uit en deur die mens, so wesensaardlik in en met die volle mens verweef is, maak hy dit daagliks nog aanvullend op dieselfde wyse, vir dieselfde doeleindes as wat hy dit in die oerbegin gemaak het; daarom is die Taal, die „Woord", die Lingemaat, in wese 'n diachroniese kreasie wat in sy ontstaan, struktuur en ontwikkelingsgang gerig en beheers is volgens 'n

eiesoortige wetmatigheid, gestruktureer uit sy eie wesentlik voorbeskikte, enigsmoontlike vorm daarvan om vir hom 'n *instrument,* 'n werktuig te wees vir die hele kompleks van doeleindes waartoe en funksies wat dit voorbeskik is om te dien;

2.2.3. die instrumentele Taal word, soos enige ander werktuig, in sy materiaal, in sy onderdele en hulle struktuur, in sy samestel of montuur, in sy vorm bepaal en gerig en beheers *deur die funksies* wat dit moet verrig tot realisering van die doeleindes in die totale verskeidenheid daarvan; desweens is die „Woord", die Lingemaat, die Taal uniek in sy oorsprong, wyse van making en strukturering, in sy materiaal en in die funksionele wetmatigheid wat dit alles beheers; hierdie wesentlike, eiesoortige wetmatigheid maak dit moontlik om die „woorde", die taalgegewens, taalverskynsels, taalfeite wetenskaplik te ondersoek en te verklaar: dit maak die „Woord", die Lingemaat, die Taal *per se* 'n wetenskapsobjek.

Dit dan is finaliter die wetenskaplike prinsipes van waaruit die Lingologie sy objek en al sy probleme moet en wil benader en die interpretasie wil demonstreer en verifieer.

### 3. METODOLOGIESE FUNDERING

3.1. Die onontwykbare feit dat die Lingoloog as mens sy wetenskapsobjek in die voorbeskikte, wetmatige bepaaldheid en beheerstheid daarvan self maak, maak dit des te gebiedender en onontwykbaarder om juis die *waarom,* die *waarvoor* of *waartoe,* die *waaruit* of *waarvan* en die *hoe* te verklaar, net soos byvoorbeeld vir die Fisikus, die Chemikus of die Botanikus om dit te doen t.o.v. hulle objekte, wat hulle nie self gemaak het nie en wat sonder hulle toedoen en buite hulle om ontstaan het en bestaan.

3.2. Hierdie laasgenoemde feit bring 'n fundamenteel-prinsipiële, radikale verskil in *metode* van wetenskaplike benadering van die uiterste belangrikheid mee: die Lingoloog het te doen met 'n wesensvoorbeskikte, selfgemaakte objek, in voortdurende makings- en hermakingsproses wat binne-in hom deur sy eie vermoëns, na sy eie behoeftes, plaasvind — die Naturalis se objek bestaan sonder sy toedoen, onafhanklik van hom, ondanks hom, buite hom. Die Lingoloog moet dus, om dit só te stel, sy subjeksobjek, die „Woord", die Taal, intraal-objektief benader, die Natuurwetenskaplike sy objeksobjek ekstraal-objektief. Die taak van die Lingoloog behoort dus veel makliker te wees as die van die Fisikus, die Chemikus of die Botanikus. En tog staan die Lingoloog nog veel verder van die oplossing van sy probleem.

... die uiterste gevalle loën of as spekulasie afwysend brandmerk, die Lingoloog tergend gekonfronteer bly met die logiese, irrefutabele feit dat dit sy primêre, fundamentele taak en sy onvervreemdbare alleenreg is om die oorsprong en wese en funksie van taal as enkel-menslike kreasie te soek en te agterhaal, en dat hy dit alles nêrens elders en in absolute sin op geen ander wyse kan agterhaal nie *as in en uit die volle wesensgestruktureerdheid van die individuele taalmaker self*. Wat die taak byna onmoontlik maak, is die feit dat die making plaasvind in die innerlike verborgenheid van die taalmaker — daar waar die „verdeling des mergs en der ziele" is. En hoe kom die Lingoloog daar met 'n weegskaal en reageerbuis, 'n skalpel en forseps, 'n mikroskoop of „X- en violetstrale" of 'n siklotron? En tog moet die Lingoloog nie vreesbevange en bevooroordeeld of weens sekere predileksies of tradisiegebondenheid terugdeins om die „taalatoom te splits" nie: as hy dit kán splits, sal die geweldige krag daarvan onthul word — groter as selfs die van Van Wyk Louw se *Beiteltjie*.

3.4. Tot enkele dekades gelede was dit nog onmoontlik om die taak op die vereiste wyse te volvoer, behalwe teoreties of hipoteties en . . . spekulatief-filosofies. Daar was nie die gegewens nie, nie die noodsaaklike, blootgelegde en geverifieerde feite nie, nie die insig nie. Maar met en sedert die Eerste en Tweede Wêreldoorloë het die ontdekkings en bevindings van die Chirurgie, die Neurofisiologie, die Anatomie, die Neurologie en die ontwikkeling en verfyning van die Elektrotegniek en Radiotegniek dit moontlik gemaak, sodat reeds vandag al daar geen verskoning meer is vir die Lingoloog om dit nie ten minste na die beste van sy vermoëns en insigte te probeer doen nie, in die wete dat die wetenskaplike geldigheid van die verklaring van die ontstaan, die wese, die struktuur van die „Woord" en van die Taal en van die funksie van elke struktuurelement en van die geheel getoets en geverifieer moet word aan die taal self, soos dit in sy mensgebondenheid en mensverankerdheid as mensgemaakte instrument tydruimtelik gebonde verskyn het en gebruik word. Die taal self is die toetssteen of die kupel van enige hipotese of verklaring.

## 4. DIE PSIGOSOMATIESE GESTRUKTUREERDHEID VAN DIE TAALMAKER

4.1. Die Psigologie as wetenskap van die psige, die gees, aanvaar op empiriese en deduktiewe gronde die bestaan van die Ego

deur die Ego-bewustheid, die Ek-bewustheid. Die Ego is te sien as die lewenskiem, die lewenssaad waarmee die gees in die menslike somatiese bestaan kom. Hoe, sou geen mens kan weet nie. Op Sy, vir ons verborge, skeppingswyse plant God dit uit in ons vitaal-somatiese lewensaarde. Dit is hiervan en hierdeur dat die mens homself bewus word, en hierkragtens is die mens 'n selfkenbare en selfkennende wese, teleologies gerig op 'n bestemdheid buite sy tydruimtelik-gebonde self, bo sy eksistensiële bestaan. Uit hierdie also bestemde Ek-gees groei en ontplooi die personistiese mens deur die werksaamheid van die *emosie,* die *ratio* en die *volisie,* ineen- en deureenvloeiend met mekaar, elemente, diensmiddels, vermoëns van die Ek-gees deur die bewussynswerksaamheid. Immers, die drie geestesvermoëns is nie selfkreërend, uit niks ontstaande nie, en nie selfgenoegsaam op hulself gesentreer nie. Hulle is ook nie vitaal-somatiese, vitaal-instinktiewe of neuroserebrale kreasies nie. Die senuwees-in-funksie is nie die *emosie* nie, nòg is emosie die produk van senuwerksaamheid. Die *ratio* of intellek is nie die brein-in-funksie nie, nòg die produk daarvan. So is *volisie* nie die „verlangens en begeertes" van ons hart of die drange van die instinkte nie. Hulle is wesenshoedanighede, dinamiese diensmiddels, ontplooiings- en toeëieningskanale van die Ego. Dis die Ek-gees wat deur die daarvoor gestruktureerde en daartoe beskikte organiese, neuronaal-serebrale werktuie emosioneer, wat laat emosioneer om die ontwil van wie en vir wie daar geëmosioneer word. Dis die Ek-gees wat deur die daarvoor gestruktureerde en daartoe beskikte breinsentra rasioneer, laat rasioneer om die ontwil van wie en vir wie gerasioneer word. Dis die Ek-gees wat volisioneer deur die daarvoor gestruktureerde en daartoe beskikte vitaal-somatiese, serebrale apparatuur, wat laat volisioneer, om die ontwil van wie en vir wie daar gevolisioneer word. Die personistiese gees funksioneer emosionerend-waarderend, rasionerend-begrypend, -onderkennend en -wetend en volisionerend-skeppend en -herskeppend in die organiese liggaam deur die daartoe voorbeskikte apparatuur: die brein en senustelsel. Geen ander voorstelbare moontlikheid nie. Taal is alleen verklaarbaar in terme van die personistiese gees en sy interpreterende inwerking op en integrerende verwerking van die sintuiglik-serebraal aangevoerde ervaringsmateriaal deur bewerktuiging van die instrumenteel wat daarvoor gestruktureer en beskik is. „Die Sprache ist die wunderbarste Schöpfung des menschlichen Geistes" — so begin die psigoloog Révész sy werk oor die oorsprong van taal. Taal is nie die maaksel van ons motoriese serebrale spraaksentra of motories beheerde spraakorgane nie, dis nie die maaksel van 'n enkele geestesvermoë, die denke, die ratio nie; dis allermins

wese, beskik hy oor 'n selfgemaakte taal. Taalmaking is 'n bestaansnoodwendigheid, 'n wesensnoodwendigheid en wesensbeskiktheid van die mens omdat hy mens is — dit is nie 'n verworwe vermoë of aangekweekte kundigheid of vaardigheid nie, nie 'n nuttigheidsinvensie, 'n meganisties-utilistiese middel om in 'n sosiale nood te voorsien nie. Soos Kieckers dit stel: „Die Sprache ist ohne den Menschen nicht denkbar, der Mensch nicht ohne Sprache".

4.2. Tussen die twee heterogene wesenselemente: beheersende, inwerkende en verwerkende gees en instrumentele liggaam, moet daar êrens 'n skakelpunt, 'n „sinaps" wees, of die gees moet êrens in die breinstruktuur sy besondere konsentrasiepunt of setel hê waar en van waaruit dit werksaam is en sy gemelde funksies deur middel van sy besondere apparatuur op sy besondere wyse verrig. Die enigste toegangskanale van die ingeslote gees tot sy ervaarbare, waarneembare, beleefbare, waardebepaalbare, begrypbare, kenbare, weetbare en bestreefbare omwêreld is die daartoe voorbeskikte en daarvoor gestruktureerde sintuie met die korrelate breinstrukturele sentra, m.a.w. elke sintuig in sy onherleibare, onvervangbare, heterogeensoortlike wesensaard en funksie, met sy sentra en neuronale geleidingskanale, is die fundamentele, outomaties-sensoriese, organiese, afferente ervarings- en belewingsapparatuur, die toevoer-, seleksie- en rangskikkingsinstrumenteel van sy spesifieke, ervaarde en beleefde materiaal uit die kosmiese gegewenhede. Ook geen ander voorstelbare moontlikheid nie.

4.3. As nou in aanmerking geneem word dat normaliter verskillende sintuie — soms almal — meewerkend betrokke is by die ervaring en belewing van dieselfde objek, verskynsel of situasie, dan is dit begryplik dat weens die funksionele struktuur van die brein en die homoloë lokalisering van die sintuigsentra in die twee breinhemisfere, 'n dubbele stroom komplekse, heterogene, tot mekaar onherleibare, onvermengbare en onverbindbare impulse die brein êrens in verskillende, verspreide, sensoriese sentra bereik. Hierdie sintuiglik-heterogene ervarenisse en belewenisse is almal bydraend tot begryping en onderkenning van die ervaarde en beleefde geheelobjek. Dáárom *moet* hulle gekoördineer, geïntegreer, gesintetiseer word tot 'n belewingseenheid. Daar *moet* in die breinstruktuur 'n konvergasiesentrum in 'n onderdeel wees wat spesiaal die funksie het om die heterogene sintuiggegewens uit die onderskeie sentra

te integreer, tot begrepe kenniseenheid, tot weeteenheid te sintetiseer, òf daar moet 'n sentrum wees wáár die korrelasie, integrasie en sintese moet plaasvind of moontlik gemaak word. Hipoteties kan dit, op grond van die sintuig-breinstruktuur en die funksies daarvan, nie anders wees nie.

4.4. Die probleem is nou: Is daar in werklikheid so 'n gespesialiseerde sentrum, en, indien wel, wát is die sentrum of breinapparaat, òf: wáár is die plek in die brein waar die integrasie en sintese plaasvind en deur wát presies en hóé geskied die omskeppende sintese van heterogene sintuiglike belewenisse tot 'n homogene geestelike entiteit — en wát is dan hierdie nuwe entiteit?

Die antwoord op hierdie vrae alleen kan ons die proses van taalmaking, van woordskepping ontsluit, kan ons die oorsprong, wese, struktuur en funksie van Taal, van die Woord onthul.

5. DIE PROSES VAN „WOORD"-MAKING OF LINGEMAATSKEPPING: (a) LOGOSERING; (b) FONEMISERING

a) *Logosering*

5.1. Vergun my, omdat dit van so kardinale belang is ter opklaring van die komplekse probleem wat alleen deur die Neurofisiologie, die Neuroanatomie en die Chirurgie gedoen kan word, om aan te haal uit die insiggewende werk van Penfield en Roberts: *Speech and brain mechanisms* (Princeton University Press, 1959), waaraan ek baie erkentlikheid verskuldig is vir die onthulling van werklikhede en moontlikhede wat ek vroeër, voor kennismaking met die werk, slegs teoreties of hipoteties kon stel of vermoed. My vroeëre interpretasie in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* moet ek in die lig hiervan in baie opsigte ingrypend korrigeer.

Ek moet net eers daarop wys dat dit die outeurs te doen is om die ondersoek en verklaring van die *motoriese* aktivering van neuronale bane en breinsentra, d.w.s. van die *spraakapparatuur,* om „speech", spraak, „la parole", te bewerkstellig en nie om die proses van *taalmaking, taalstrukturering* bloot te lê nie. Hulle ondersoek wátter en hóé motoriese breinsentra en motoriese neuronale kanale geïmplementeer word om *spraak,* die *vokalisasie* en *artikulasie* van Taal te bewerkstellig — nie hoe juis dit wát *uitgespreek* word, wát of wáárméé gepraat word, ontstaan, wáár dit vandaan kom, wát dit is en hóé en wáárúít of wáárván dit gemaak word nie.

5.2. Hulle stel dan die probleem en sy opklaring wat hulle neuroanatomies en proefondervindelik vasgestel en geverifeer het,


*toward which streams of sensory impulses converge. There must be a place from which motor impulses emerge to move (the speech organs) in planned action.* There must be neuronal circuits in which *activity of both hemispheres is somehow summarized and fused* — circuits the activation of which makes *conscious planning* possible". Hulle neem dus aan dat *in die sentrum bewussyns-*, d.w.s. *geestelike werksaamheid* plaasvind. En waarskuwend en verwerend — wat ek wil beklemtoon — vervolg hulle: „From certain philosophical (ek wil graag byvoeg: „also pseudo-linguistic") points of view the foregoing assumption might be denied at once. *Since no one knows the nature of mental activity* (ek kursiveer) it is as easy to conceive of it in relation *to the surface of the two hemispheres* in simultaneous neuronal action (and even in the peripheral nerves too) as it is to believe *that it depends on a centrally placed zone of neurone circuits where neuronal activity is summarized and finally integrated.*

But a neurophysiologist (en ek voeg by, met dankbare erkenning aan Penfield and Roberts: *„and likewise a Functional Linguist or Lingologist")* may not listen to such objections, *especially when the evidence before him seems to indicate that such integration is actually taking place"* (ek kursiveer). En wat hulle sê dat „a clinician who is forced to take action in order to deal with patients must construct a working hypothesis" wil ek hulle *mutatis mutandis* nasê: *„a Linguist or Lingologist who is forced to take action in order to deal with language and language phenomena must have a working hypothesis".*

5.3. Penfield en Roberts en ook ander navorsers het deur hulle neurofisiologiese en chirurgies-kliniese ondersoek en proefnemings onweerlegbaar bewys (vir my altans) dat daar in die breinstruktuur inderdaad so 'n *enigste sentrum* bestaan *waar alleen bewustelike integrasie, sintese van die heterogene sintuiglike ervarenisse en geestelike belewenisse tot 'n homogene entiteit moontlik is* en dus ook *in werklikheid moet plaasvind* — hulle noem dit „the indispensable substratum of consciousness outside the cerebral cortex, probably in the diencephalon", d.i. die opperbreinstam, en in besonder die *binneste kern* daarvan waar die eintlike „substratum of consciousness" geleë is, wat hulle dan onderskei as die „centrencephalon".

Die hele situasie wil ek aan die hand van hulle skematiese

voorstelling (a.w., p. 217), wat ek die vryheid neem om aan te vul, soos volg voorstel en verduidelik:




Skematiese beeld van frontaansig: vertikale deursnit deur beide hemisfere en die opperbreinstam (diëncephalon).

SAI—SE5: Kruisende sintuigsenuwees;
A—E: homoloë sensoriese sentra in die pulvinaris-thalamus-stelsel;
AI—E5: neuronale bane na I—5, die homoloë sensoriese sentra in die breinskors;
Ia—5e: neuronale bane na homoloë sensoriese sentra in die centrencephalon;
a—e: homoloë sensoriese sentra in die centrencephalon.
(Uit Penfield and Roberts, a.w., bl. 217, aangepas en aangevul).

Die skematiese tekening bied ons 'n frontaansig van 'n vertikale deursnit deur beide hemisfere en die opperbreinstam (diën-

thalamusstelsel van die opperbreinstam. Hiervandaan word die (moontlik reeds gerangskikte en geselekteerde) stimuli gelei langs die neuronale bane A1—E5 na die respektiewe serebrale sintuigsentra in die breinskors, 1—5, waar vermoedelik verdere keuring, rangskikking en seleksie plaasvind. Hiervandaan gaan die vermoedelik klaar gekeurde en geselekteerde ervarenisse langs die neuronale bane 1a—5e direk na die sensoriese sentra a—e in die centrencephalon — die „indispensable substratum of consciousness" — waar dan integrasie en sintese van die heterogene ervarenisse geskied.

5.4. Ek moet net daarop wys dat Penfield en Roberts, as ek hulle reg interpreteer en reg verstaan, aanneem dat die verspreide, neuronale impulse van die gekompliseerde sintuiglike ervaring in die centrencephalon konvergeer en deur die spesiale sentrum self geïntegreer word, d.w.s. dat die integrasie en sintese van heterogene, onherleibare en onvermengbare, sintuigimpulse vanuit die sintuigsentra, versprei oor twee breinhemisfere, neuronaal-organies geskied. Dit is egter onmoontlik en onvoorstelbaar dat heterogene, in absolute sin onherleibare neuronale impulse deur blote *breinmaterie* tot 'n homogene, radikale anderswesendheid en andersoortlikheid omgeskep en gesintetiseer word. Hulle bewys eksperimenteel dat die bewussyn hier setel, altans hier en nêrens elders nie werksaam is. Daarom neem ek aan op grond van hulle geverifieerde getuienis en bewese feite dat die personistiese gees, die EK-persoonlikheid, die EGO, hier setel en hier sy spesifieke, voorbeskikte, inwerkende, verwerkende, d.i. vergeestelikende, funksie verrig. Dit lyk allesins wetenskaplik geregverdig — die enigste moontlikheid — om aan te neem dat die integrasie, die sintese geskied *in die centrencephalon* maar *deur die werksaamheid van die personistiese, menslike gees,* wat alleen vermag om deur sy emosionerende, rasionerende en volisionerende vermoëns die sintese en omskepping van die aangevoerde sintuigmateriaal tot 'n geestelike entiteit te bewerkstellig. Anders is die gees heeltemal uitgeskakel. En dit bestaan en funksioneer tog onloënbaar. Waarvoor bestaan dit dan en hoe en waar elders funksioneer dit dan?

5.5. Dit is in die centrencephalon waar die „verdeling des mergs en der ziele" gelokaliseer is, dus ook hier waar die funksionele, bewuste inwerking van die gees op die ervaarde, aangevoerde mate-

riaal uit die omwêreld plaasvind, waar die geestelike verwerking, omskepping sintetiserend geskied. Die sensoriese sintuiglik-organiese, neuronaal-serebrale apparatuur is in die hele proses van aanvoering en omskepping bloot en alleen, na die voorbeskikte, eieaardlike, organiese struktuur daarvan, as funksioneel-instrumentele diensmiddels van die gees daarby betrokke. Die voorbeskikte gerigtheid van die hele proses van menslike ervaring en menslike belewing resulteer in die omskepping daarvan tot 'n suiwer geestelike entiteit, as 't ware uitgehef uit, losgemaak van die ervaarde sintuiglik-neuronale materiaal wat in verspreide, heterogene bestanddele in die tien centrencephalonsentra gekonvergeer is. Die integrasie, die sintese kán alleen deur soortlike omskepping, herskepping en eenheidsbinding geskied. Immers, die gees kan al die heterogene visuele, ouditiewe, taktiele, smaaksinlike en reuksinlike materiaal emosionerend-, rasionerend-, volisionerend-omskeppend en -herskeppend bewussynlik beleef, bewerk, verwerk en omwerk tot sy enig-eie voorbeskikte vorm en besit, tot 'n bewussynlik-geestelike, waardebepaalde, soortlik-onderskeie, begrepe, gekende, gewete entiteit bo en buite en anders as die organies-neuronaal bestaande, heterogene ervaringsmateriaal uit die kosmiese realiteit van dinge, sake, gebeures, verhoudings, verskynsels, situasies of wat ook al. Hierdie proses van geestelike metamorfosering, integrering, homogenisering, transkreëring, d.i. van „vergeesteliking", onderskei ek as die proses van „logosering" of „logosskepping" en die resulterende geestesentiteit as die „logos", met dankbare en eerbiedige gebruikmaking van Joh. 1 : 1—3 en vs. 14 en Hebr. 11 : 3. Teen die terme kan geen beswaar wetenskaplik geldig wees nie, want ons wend reeds die term wetenskaplik aan in talle terme soos Fonologie, Morfologie, Etimologie, Fisiologie, Hidrologie, Biologie, Psigologie e.s.m. vir „wetenskaplike wete en kenne".

5.6. Omdat hierdie interpretasie vir die lingologiese taalbeskouing van fundamentele belang is, is dit noodsaaklik dat ek die interpretasie duidelik motiveer en verantwoord. Die basiese, oerfundamentele beginsels wat die lingologiese beskouing moontlik maak, is geleë in Joh. 1 : 1—3 as *geopenbaarde waarheid.* Uit wat hier van Christus geopenbaar is: „In die begin was die Logos" (vertaling met „Woord" minder korrek omdat die Logos voorkosmies en buitekosmies by God alleen bestaan het), dus die Oerlogos, „waardeur alle dinge ontstaan het en waarsonder nie een ding ontstaan het wat ontstaan het nie", volg vir my onbetwisbaar en onweerlegbaar dat alle dinge, van watter aard ook al, ook *uit logosse* ontstaan het: hulle is dus eers geestelik gekonsipieer, geïnisieer, georigineer, geskep

ook al, gekry. Die skeppingsdinge is nie self die originele ‚Godlike' logosse nie — hulle is die genaakbare, waarneembare, beleefbare, toeganklike, verstaan- en kenbare vergestalting van die oerlogosse wat in en deur die wesensaardlike logaliteit van elke ding evalueerbaar, verstaanbaar en kenbaar is binne die grense of tot die uiterste grense van my beperkte, gebrekkige, menslike interpretasie-, verstanings- en kenvermoëns. Wat maak 'n olifant juis dit dat dit 'n olifant is, die leeu dat dit 'n leeu is, „elk na sy aard"? Of: wat is dit wat die wesendheid en wesensaardlikheid van die olifant/leeu bepaal en beheers, of waaruit of waarvandaan dit sy oorsprong het? Ek kan slegs een aanvaarbare antwoord gee: die originele logos van die Skepper. In die skeppingsding is die logos in besonderhede vergestalt, uitgewerk, ontplooi, uitgesprei in elke sel, onderdeel, orgaan, materie van verskillende soort, vorm, funksie en wat ook al, en in geheelsamehang, geheelordening en geheelfunksie: dink aan beenmaterie, vleis- en vetmaterie, senu- en harsingmaterie, verteringsappe, ens.; dink aan skeletvorm en skeletordening en funksies van elke onderdeel, aan bloed- en limfmaterie en hulle funksies, aan spierordening en -funksies, aan orgaanordening en -funksies, aan sintuigordening en -funksies, „gemaak heeltemal rondom, met vel en vlees beklee, met bene en senings deurvleg". Daarby is uit die geheel 'n eieaardlikheid en wesendheid af te lees, te beleef, te begryp, te onderskei, te evalueer en te ken wat geen mens juis kan bepaal en omskryf nie. Hierdie evalueerbare, begrypbare, onderskeibare en kenbare in die geheelheid wat die eieaardlikheid en wesendheid van die skeppingsding konstitueer, konstrueer of gestalte gee, is vir my die *logaliteit* van die betrokke ding, die „logosheid", die ontplooide, die uitgewerkte, verbesonderde, genaakbaar, begrypbaar, kenbaar gemaakte oerlogos. Laat ons dit onderskei as die primêre, die ekstraal-objektiewe logaliteit. Na en binne die perke van my taalmakingsvermoëns beleef ek in en deur die skeppingsding (bv. olifant/leeu) of selfs 'n mensgemaakte ding (bv. horlosie/atoombom) die logaliteit daarvan, lees die logaliteit daarvan af, maak of vorm of „logoseer" daaruit my eie menslike logos, onvolkome, gebrekkig, moontlik verkeerd selfs, en dit, my logos, vergestalt ek weer fonomorfies in die „woord" of lingemaat waarin my logos ontplooi, uitgesprei is as die logaliteit van die lingemaat. Dit geskied deur die naïewe ervaring en belewing en by uitbreiding, verdieping en versuiwering deur wetenskaplike betragting en verwerking. Laat ons dit onderskei as die sekondêre, intraal-subjek-

tiewe logaliteit, m.a.w. die *lingale logaliteit.* Die parallel met die primêre logaliteit is duidelik. Ewe duidelik is die gefundeerdheid van die sekondêre in die primêre. Dus „logeer" elke skeppingsding of mensgemaakte ding en elke verskynsel wat daarmee saamhang, daardeur of daaruit voortkom en beleefbaar is, soos *funksies* byvoorbeeld, die logaliteit wat oermatig daarin geleë is of wat ek korrektelik of verkeerdelik daaruit beleef, aflees en logoseer. As alle dinge bestaan kragtens 'n originele logos, 'n Goddelike of menslike, dus logos-bepaald en logos-beheers is, dan is hulle funksies, kenmerke, hoedanighede eweseer logosbepaald en logosbeheers. Dus het funksies as sodanig 'n ervaarbare, 'n begrypbare, 'n kenbare logaliteit — primêre logaliteit — en hulle logeer elk sy besondere logaliteit. Die lingemaat as my taalmaaksel logeer die sekondere of lingale logaliteit van my fonomorfies vergestalte logos van daardie betrokke funksies. Waar sou ek anders my logos vandaan haal?

Ek stel my die proses soos volg voor:

God, die Origineerder en Skepper: die Oerlogos > vergestalting in die doelmatig geskapene > primêre logaliteit (eieaardlikheid, wesendheid) × die mens as voorbeskikte, toegeruste taalmaker > opdragtelike toegang in en deur die geskapene tot primêre logaliteit > sensories-serebrale belewing van die geskapene > logosering tot menslike logos > lingering (fonomorfiese vergestalting, skepping) > sekondêre logaliteit in die lingemaat.

Op grond hiervan die volgende toeligtende verantwoording: 'n Boom het kragtens sy wesensaard bepaalde funksies. Dit wat ek as *funksie* van 'n *boom* beleef, logoseer ek tot my funksielogos: ek kan dit alleen doen omdat die spesifieke funksie — een van vele — kragtens sy wesendheid en wesensaard as funksieverskynsel vir my as taalmaker beleefbaar en logoseerbaar is, m.a.w. die bestemde en voorbeskikte funksie wat die boom verrig, bv. *groei, staan, verdor, swenk,* moet in homself dít hê wat ek emosionerend-rasionerend-volisionerend op die wyse van taalskepping of taalmaking logoseer tot logos. Die taalmaaksel is dus tog gefundeer in 'n wesensdoelvervullende realiteitsverskynsel buite die taalskepper, naamlik dít wat hy beleef en begrypend onderskei as *funksie* van die boom. Dit wat die funksie van die boom tot sy funksie maak, is die *logaliteit* van die funksie. Waarkragtens sou ek anders een funksie van ander funksies kan onderskei? Ek improviseer, maak of verordineer nie die funksie nie. Dit lyk allesins aanvaarbaar en die enigste korrekte om te sê dat funksies funksies is kragtens hulle wesensaardlike

heid interpreteer, omskep, logoseer tot funksielogos, die geëvalueerde, gerasioneerde, gevolisioneerde resultante of produk van my vergeesteliking van die besondere funksie wat ek sintuiglik-serebraal ervaar, geestelik waarneem en beleef. Dit wat evalueerbaar, onderskeibaar, verstaanbaar, kenbaar, omskepbaar en weetbaar is in dit wat die boom ‚doen', as funksie verrig, *is* die funksie, *bestaan* daarin, ek lê dit nie daarin nie, dit is buite my toedoen daar as funksieverskynsel — en as ek dit nie as die *logaliteit* van die besondere funksie onderskei en karakteriseer of ‚benoem' nie, hoe of waarkragtens anders moet of kan ek dit onderskei en karakterıseer?

Ek sien die hele wonderproses van taalmaking dus so: God is die Origineerder en Skepper van alle dinge. In die geskape dinge het Hy Sy logos van elke ding, Sy oerlogos, gestalte gegee; ook het Hy die funksies van elke ding in die ordening van die skepping bepaal — dus in die funksies ook Sy funksielogosse vasgelê. Dit wat *groei* of *staan* of *verdor* of *swenk* is, het Hy bepaal. Geen ander moontlikheid nie. En die logosse, rein geestelike entiteite, is vir my uit te lees, uit te ken, uit te begryp, uit te weet uit die wesensaardlike logaliteit van die geskape dinge en van die bepaalde funksies wat Hy vir die dinge bestem, moontlik gemaak en verordineer het en waarin Sy funksielogosse vergestalt is. Die ‚logos' self is nie as sodanig toeganklik en kenbaar nie maar uitleesbaar, uitbeleefbaar, uitinterpreteerbaar uit die logaliteit van die bestaande en objektiewe. Daarom het 'n funksie ook logaliteit waardeur alleen dit beleefbaar, onderkenbaar en weetbaar is. Die funksie as gebeureverskynsel logeer dit wat sy funksielogaliteit is, net soos die funksielingemaat dit logeer wat sy funksielogaliteit is of net soos die ‚boom' as realiteitsverskynsel dít logeer, dít vertolk wat sy boomlogaliteit is. Ek logoseer die funksielogaliteit tot my menslike, persoonlike logos, hoe onvolledig of inkorrek ook al, en my funksielogos vergestalt ek weer op die daarvoor beskikte wyse in taalklankmateriaal in die funksielingemaat wat dan lingale logaliteit het. Hierdie laasgenoemde is gefundeer in die primêre logaliteit. Die funksielogaliteit maak 'n funksie 'n funksie; die lingale logaliteit maak 'n funksielingemaat 'n funksielingemaat in sy gebondenheid aan en bepaaldheid deur die betrokke saak wat die funksie verrig.

5.7. Die *logos* is dus 'n onstoflike, „onsintuiglikwaarneembare", onaanskoulike iets. Dit het vir die sintuiglike, lyflike *mens* nog geen toeganklikheid nie, want dit is 'n maaksel en besitsel van die

gees, en as sodanig het dit vir die liggaamlik-geestelike eenheidsmens nog geen hanteerbare vorm nie, dit is nog menslik-gestalteloos, menslik-amorf. Sommige noem dit 'n „begrip", 'n „konsep", Reichling noem dit 'n „onaanskoulikheid", andere die „innere Sprachform", andere weer die „betekenis", „simboolwaarde of simboolfunksie", andere 'n „voorstelling" of die „semantiese aspek", andere weer die „content structure" of „kode-valensie". Weens die wyse van ontstaan, die aard en funksie en die besondere, unieke gestruktureerdheid daarvan omvat dit in gehomogeniseerde, gemetamorfoseerde gestalte die elemente, wesentlike en selfs nie-wesentlike, wat die wese en aard en soort van die ervaarde en beleefde objek, verskynsel, situasie, modaliteit, verhouding, hoedanigheid, toestand, omstandigheid, doelbepaaldheid of doelgerigtheid of wat dies meer sy, uitmaak, soos dit deur die individu uit te maak is of beleef word, gelogoseer word uit wat sintuiglik aangevoer of uit die verwerking en verdere logosering daarvan verkry is. Die logos is dus 'n meervlakkigfunksionele entiteit, veel meer omvattend, maar meer onomlynd, as 'n begrip, konsep of voorstelling, dikwels selfs iets anders; dit is ook nie 'n „abstraksie" of funksie van 'n „teken" of „simbool" om 'n „be-teken-is" te wees nie. Inteendeel, dit is 'n geestelik-verworwe, geestelik-gekonstrueerde, eieaardlike synsding, 'n „Ding-an-sich", iets wat ontstaan en bestaan na en in sy eie wesendheid in sy voorbeskikte eie reg. Dit is die primêr-fundamentele, die basiese, beheersende element in die „woordmaking" of die „lingemaatskepping" of, liewers, die *„lingeringsproses"*.

b) *Fonemisering*

5.8. Om vir die sintuiglik-serebrale mens toeganklik, drabaar en manipuleerbaar te wees en beskikbaar te word vir die hele kompleks van menslike doeleindes en funksies waarvoor dit voorbeskiktelik gevorm is, moet die *logos* gestalte kry, gekonkretiseer word in vir die mens toeganklike, bewaarbare en manipuleerbare *materiaal* wat binne die mens se kosmiese ervaringswêreld lê en wat bowenal vir die gees onmiddellik bereikbaar is om as vormgewings-, konkretiseringsmateriaal aangewend te kan word — en dié materiaal, *die enigsmoontlike* en voorbeskikte, is *menslike, selfgemaakte taalklank,* wat ek in sy individuele gestruktureerdheid, onderskeibaarheid en isoleerbaarheid logoseer en lingeer as *foneem,* wat ons in die *verspraaklikte,* spraakorganies-geartikuleerde, ekwivalente, *hoorbare* vorm die *foon* noem: vokaal, konsonant, nasaal, affrikaat, ens., hoe adekwaat of inadekwaat die benoeming en beskrywing ook al mag wees. Die proses van vaslegging, konkretisering, „ingieting" van die

fonemisering. So word die logos gefonemiseer primêr tot *logeem*, wat dan vir die betrokke lingale funksies deur verdere fonemisering logomorfiese gestalte kry in die volledig gestruktureerde, volledig funksioneelgerigte lingale eenheid: die *lingemaat*, waarvan die verspraaklikte, linguistiese ekwivalent die *woord* is. Die volledige proses van fonemisering tot *lingemaat*, tot *taal*, is die proses van *lingering*.

5.9. As die making of skepping van die *logos* uit sintuiglike ervaringsmateriaal 'n byna onbegryplike, byna mistieke proses is, dan is dit 'n byna ewe onbegryplike proses dat die mens die klankmateriaal, naamlik die *foneemmateriaal*, vir die gestaltegewing van die logos ook self maak, self in aansyn roep, die gemaakte foneme wetmatiglik selekteer en wetmatiglik rangskik in die proses van lingemaatskepping en taalordening. As dit dan byna of, desverkiesend, totaal onbegryplik lyk, moet ons dit, tot tyd en wyl dit miskien wel volkome begryplik gemaak en verklaar kan word, as onontwykbare feite aanvaar dát dit geskied en wel só geskied, net op grond daarvan dat die psigosomatiese mens 'n daartoe voorbeskikte, daartoe volkomelik toegeruste *taalwese* is. Hy móét dit doen, en hy dóén dit só. Hy moet asemhaal, en hy haal asem. Dis al. Maar nou is dit nie onbegryplik nie: nie die *logosskepping* of *logosering* nie, nie die *foneemskepping* of *fonemisering* nie en ewe min die *lingemaatskepping* of *lingering*. Immers, as die mens deur middel van sy gehoorsintuig blote fisiese lugtrilling ervaar en beleef op die wyse daarvan en vermag om die fisies-organiese, sintuiglik-neuronale ervarenisse van bepaalde lugtrillings te logoseer tot bepaalde kwalitatief en kwantitatief en tonaal of musikaal onderskeibare „klank"-logosse, dan vermag die gees as skeppende en herskeppende element dit ook om wilsmatig self weer uit sy versamelde klankvoorraad „klank"-logosse te selekteer of self te skep en retrogressief terug te bewerktuig deur die daartoe voorbeskikte foneemskeppingsapparatuur, op die voorbeskikte wyse, om sy logosse in sy also selfgemaakte of geselekteerde, potensieel-fisiese foneemmateriaal vas te lê en *in die breinmaterie* in *lingemaatgestalte te bewaar in die daarvoor voorbeskikte taalsentrum*. As ons geluide, musiek, spraakklanke of gesproke taal kunsmatig kan vaslê en bewaar op plate en opnameband en weer kunsmatig radio-elektries kan reproduseer, dan is dit nie slegs voorstelbaar nie maar aanvaarbaar as 'n sekerheid dat lingemate op analoë of ander, voorbeskikte, uniektaalse wyse deur selberoering, indrukke of spoortjies of hoe ook al in die breinselmaterie bewaar word tot beskikking van die gees. Dit is uiters insig-

gewend dat die Neurofisiologie en die Neurologie klinies vasgestel het dat die motoriese apparatuur vir die aktivering, koördinering en berigting van die spraakorgane vir vokalisasie en artikulasie 'n spesifiek- en enkelmenslike toerusting is en nie dieselfde is as die motoriese apparatuur vir die gewone beweging van die lippe, onderkaak, tong, velum, stembande nie. Die *Spraak*, „Speech", het sy eie motoriese apparatuur onder beheersing en berigting van die *Taal*, wat ook sy eie skeppings- of makingsapparatuur het. Die twee, *Taal* en *Spraak*, moet op die neuronaal-fisiologiese basis reeds in prinsipe wetenskaplik onderskei word: Spraak is die motories-organiese reproduksie van die sensories-geestelik gemaakte taal. *Taal* is primêr. Daarsonder kan *spraak*, taalgebruik, nie plaasvind nie — dit is sekondêr.

5.10. Uit dit alles volg hierdie uiters belangrike feit: Omdat taal gestruktureer word uit fonemiese en lingematiese materiaal wat die individu ook uit sy taalomgewing verkry deur aanlering, pas die maker altyd enige nuwe foneem- of lingemaatskepping, ook ontleende materiaal, daarby aan, en omdat taal ook voorbeskiktelik in sy wese en na sy aard *funksies het en moet verrig* wat „verspraakliking", d.i. realisering in fisiese lugtrillings deur artikulasie of spraak, noodwendig maak, dáárom is die foneem en die lingemaat altyd vokaliseerbaar en artikuleerbaar en is die mens as taalwese ook voorbeskiktelik volkome daartoe toegerus met die motoriese apparatuur wat die gees wilsmatig, taals, lingaal kan bewerktuig, aktiveer en rig. Dat die lingemaat altyd, in watter taal ook al, na die foneem- en struktuuraard daarvan in *spraakvorm gerealiseer* kan word, is 'n lingale wetmatigheid.

### 6. NADERE OMSKRYWING VAN DIE TERMINOLOGIE

6.1. In die voorgaande het ek telkens die terme *logos, logoseer; klank, taalklank, foneem; foon, spraakklank; lingemaat, woord; taal, spraak* gebruik. Dit is noodsaaklik om hierdie en ander terme wetenskaplik duidelik te omlyn en te begrens ter wille van die implikasies daarvan.

Die *logos*, die primêr-fundamentele, primêr-basiese struktuurelement in die taalskepping, is die vergeestelikte resultante, die vergeestenis, van die personistiese gees se integrerende inwerking op, omskepping en homogenisering van die sintuiglik-aangevoerde, heterogene ervarenisse en belewenisse. Daarin is tot eenheid vergestalt die affektiewe waardebepaaldheid, die soortonderskeidenheid, die begrepenheid, die kennis en wete, die lingaal-funksionele be-

logos in sy herkoms, in sy funksionele, diachroniese ontwikkeling nagespeur is die objek van die *Logologie.*

6.2. Die *foneem,* die sekondêr-fundamentele, sekondêr-basiese element is die op die wyse daarvan, met die vermoëns daartoe, uit klanklogosse deur klankbewustheid selfgemaakte, individueel onderskeibare materiaal waarin en waarmee die logos sy menslikdrabare, bewaarbare en lingaal-manipuleerbare fonomorfiese gestalte kry. Die wesentlike aard daarvan is dat dit altyd in die betrokke taalverband artikuleerbaar en realiseerbaar gerig is op *spraak.* In hierdie spraakverskyning is dit dus vooraf spraakorganies bepaald, spraakorganies geïndividualiseer, onderskeibaar en omskryfbaar as die hoorbare *spraakklank* of *foon.* Die *foneem* is dus primêr die materiële *taalmakingsimplement,* die *foon* sekundêr die organiesfisiese *spraakrealiseringsimplement:* die primêre foneem die objek van die *Fonologie,* die sekondêre foon die objek van die *Fonetiek.*

6.3. Die logos kry sy lingaalgerigte, fonemiese of fonomorfiese gestalte in die *logeem,* wat, soos ek later konkreet sal toelig, slegs die funksie het om die logos lingaal-manipuleerbaar en -rigbaar te vergestalt. In sy vervolledigde lingaal-funksionele bepaaldheid, gerigtheid en logomorfiese struktuur vir sy spesifieke lingale doeleindes is dit die *lingemaat,* die primêre, fundamentele, basiese, inwendigskouend-waarneembare, ontleedbare, funksionele *taalmoment,* outonoom in sy eie bestaan en in sy eie reg, onafhanklik daarvan òf en sònder dat dit ooit „uitgespreek" of hoorbaar-waarneembaar gemaak *hoef* te wees vir 'n „hoorder". Dit het wesentlik en funksioneel spraakpotensiële valensie, is *ook* op *spraakgebruik* gerig, en die ‚woord' is juis die spraakorganies gefoneerde, uitwendigskouend-waarneembare, d.i. sintuiglik-waarneembare en ontleedbare, veruitwendigde, funksioneel-korrelate, -ekwivalente *spraakmoment.* Ek sê opsetlik funksioneel-korrelate, omdat *lingemaat* en *woord* in hul respektiewe lingaal-fonomorfiese en spraakfoniese gestaltes nie altyd en nie noodwendiglik identiek-korrelaat is nie. Die *woord,* soos die *spreker* dit deur sy spraakmotoriese apparatuur in spraak foneer, in kommunikatiewe „taalgebruik" teenoor die *hoorder,* is dikwels slegs die benaderde, dikwels sterk afwykende ekwivalent van die *lingemaat,* en die hoorder se „gehoorde woord" dikwels ook 'n benaderde en selfs foutiewe ekwivalent van die „uitgespreekte woord". Wie die *woord* wil bestudeer of verstaan, moet dit

retransponeer, verinwendig, terugskep tot en toe-eien as *lingemaat*. Die „woord" is die vervlugtigende, momenteel verskynende spraakgebruikseenheid; die „lingemaat" is die blywende, bewaarbare, oordrabare, aanleerbare, logaal en fonemies gestruktureerde taaleenheid. Omdat in die lingemaat die logos sy konkrete, fonomorfiese gestalte kry in die *logeem* en funksioneel daarin gedra en taalfunksioneel gerig word, *logeer* die lingemaat dit waarop die logos betrokke is en uit die vorm waarvan dit gestruktureer is, naamlik die geëmosioneerde waardebepaaldheid plus die gerasioneerde aard- en soortbepaaldheid plus die gevolisioneerde, gehomogeniseerde struktuur- en wesensoortlike bepaaldheid van die beleefde. Die totaliteit van die logaal-funksionele gerigtheid en lingaal-funksionele valensie en betrokkenheid van die lingemaat is die *logaliteit* daarvan, dit wat dit *logeer* of die *logale inhoud*.

6.4. *Taal* is dan die gesamentlikheid van die lingemaatvoorraad in die totaliteit van die logaal funksioneel-onderskeibare lingemaatsoorte in hulle betrokkenhede op mekaar waardeur die taal ontogeneties en wesentlik tot sisteem gestruktureer is; die Taal is nie taal *as* dit 'n sisteem is nie, maar dit is 'n sisteem omdât dit Taal is. *Spraak* is die resultaat van die bewerktuiging van die motoriese spraakapparatuur waardeur artikulasie en vokalisasie *van die taal* spraakorganies gerealiseer word in hoorbare, fisiese of verfisieste foniese vorm (lugtrillinge), wat dan as *spreektaal* as kommunikasiemiddel in „taalgebruik" funksioneer en wat naïef en ook populêr-wetenskaplik, maar foutiewelik en verwarrend, as *taal* gekarakteriseer word, ondanks die feit dat taal ook baie ander ten minste ewe belangrike en geneties en chronologies voorafgaande, nie-kommunikatiewe of nie-sosiaal-gerigte funksies het.

6.5. Omdat taal 'n voorbeskikte, noodwendige, menslike diensmiddel, 'n geestelike werktuig is vir 'n omvattende kompleks van taalwesentlik-gerigte doeleindes waardeur dit in sy fonomorfiese en logomorfiese struktuur en in sy besondere onderdele en hulle struktuur en aanwending gerig en beheers word, dáárom het elke foneem of foneemkompleks, elke strukturerende onderdeel, elke lingemaat in sy taalbetrokkenheid 'n spesifieke, taalgerigte en -beheerste, d.i. lingale funksie, dien dit 'n spesifieke, lingale doel, word daar in die taal iets taals mee gedoen: dis die taak van die Lingoloog om die struktuur, die doel, die funksie daarvan in die taalstruktuur te bepaal en te verklaar. En voorts: omdat taal 'n mensgebonde, mensverankerde maaksel of „bousel" is, is dit in wese 'n steeds veranderende, dinamiese, historiese of diachroniese verskynsel, soos

intraal-objektiewe subjeksobjek van die Funksionele Linguistiek of, liewers, om dit wetenskaplik af te baken en te onderskei, die *Lingologie,* want Taal is in sy oorsprong, wese, struktuur, gebruiksgerigtheid in absolute sin in elke aspek van sy ontstaan, bestaan en gebruik funksioneel. Die *Spraak,* die hoorbare taalgebruik, as spraakorganies-veruitwendigde, hoorbare en gehoorde (deur die spreker self in eerste instansie) verskynsel, is die ekstraal-objektiewe objek van die *Linguistiek* soos dit deur die eeue heen tot op die huidige nog beoefen word in sy betrokkenheid op en afhanklikheid van en dus ondergeskiktheid aan wat hier wetenskaplik geïsoleer en getipeer word as Taal, die objek van die Lingologie. Taal en Spraak is onweerlegbaar nie identieke objekte nie. Dáárom is Lingologie en Linguistiek ook nie identiek nie. Spraak is in sy eiewetlikheid in absolute sin afhanklik van en ondergeskik aan Taal. Dat Taal 'n uitdrukkingsmiddel, 'n mededelings- of kommunikasiemiddel, 'n sosiale verskynsel, dat „taal klank is", is geen wetenskaplike vindings, ontdekkings of vrug van wetenskaplike vorsing nie, dit is bloot en simpel alledaagse ervaring, naïewe interpretasie van naïewe waarneming. Wie ervaar dit nou nie alledaags nie en wie weet dit nou nie? Die Linguis wat dit wetenskaplik probeer verklaar, moet noodwendig beland in die gesmade mentalisme, die psigologisme en die sosiologisme. Spraak, taalgebruik, is een van die funksies, en wel 'n uiters belangrike, van die Taal. Daarom omsluit die Lingologie die Linguistiek, maak dit van hom afhanklik, aan hom ondergeskik. Die Linguistiek moet in al die aspekte van die beoefening van sy objek as kommunikasiemiddel, as skryfmiddel, as leermiddel of wat ook, fundamenteel, basies gerig en beheers word deur die Lingologie, waarvoor die Linguistiek wesentlik-organies 'n hulpwetenskap is: die spraak 'n noodwendigwesentlike, die skrifvorm 'n geïnventeerde, kunsmatige, utilistiese, meganiese hulpmiddel wat met die wese van die taal niks of weinig te doen het. Die term *Lingologie* korrespondeer dan met die dissiplines wat eintlik tot sy objek behoort: *Fonologie, Morfologie, Logologie* (wetenskap van die logos of logaliteit en die funksionele ontwikkeling daarvan), *Etimologie* (omdat die taal in wese 'n diachroniese verskynsel is), waarby vanselfsprekend kom die *Sinsleer* en *Taalleer.* Die *Linguistiek* korrespondeer weer met die *Fonetiek, Semantiek, Signifiek, Simboliek, Semiotiek, Tonetiek, Ritmiek, Stilistiek, Estetiek, „Grammatiek"* ens. Die Lingologie moet, net soos van die Linguistiek, ook prinsipieel-wetenskaplik onderskei word van die Filologie of Taalkunde.

6.6. Hierdie onderskeidings en afbakenings is van kardinale belang vir die funksionele benadering van taal. Immers, dit is tog 'n onweerlegbare waarheid dat „taalklank" nie eers en slegs dán *klank*, dat die „woord" nie eers en slegs dán *woord*, dat „taal" nie eers en slegs dán *taal* is wanneer en deurdat en omdat dit spraakorganies voortgebring is deur 'n noodsaaklike spreker om juis hoorbaar te wees deur lugtrilling vir 'n ewe noodsaaklike hoorder of as kommunikasiemiddel „simbolies" of „tekenmatig" ouditief sintuiglik-waarneembaar te wees as mondproduk of as konvensionele simboolstelsel van spreker-simboolgewer — besimboolde iets — hoordersimboolontvanger of van signifiant — signe — signifié. Die onderskeie dinge *moet* vooraf gestruktureer wees en bestaan, soos dit dan ook wel is as *Foneem, Lingemaat, Taal,* sonder om gespreek, gehoor, geskryf of gelees te word.

6.7. Net so is 'n motor tog wesentlik reeds 'n motor sodra dit in die fabriek vir sy voorbestemde gebruiksdoeleindes en soos dit funksioneel in sy materiale en die struktuur van elke onderdeel gerig en gestruktureer is, klaar van die monteerband verskyn, sonder dat dit ooit verkoop of as voertuig of verkeerstuig gebruik hoef te word. Sy wese en bestaan is nie afhanklik van die werklike gebruiksverskyning, van sy bestuurmanipulasie of sy vervoerdiens nie. Die *gebruiksvereistes* en *-moontlikhede* lê mos wesentlik, bepalend en beheersend, konsekwensieel in sy hele spesifieke gestruktureerdheid, omdat dit juis en enkel dáárvoor ontwerp, gebou en gemonteer is. Die feit dat dit deur die stelsel van binneontbranding *kan* loop en deur skakeling van sy rat- en wielstelsel *kan* beweeg, bestuur *kan* word, passasiers en goedere *kan* vervoer, d.w.s. al die funksies spesifiek waarvoor en soos dit gemaak is, *kan* verrig, maak dit 'n motor. Wie motordeskundige, motorwetenskaplike, d.i. motoringenieur wil wees, moet die motor in sy funksiegerigte ingenieursontwerp, in sy funksionele onderdele, in sy funksiegeskikte, as 't ware voorbestemde materiale, in die hele funksiegerigte en funksiebeheerste makingsproses in die fabriek met al sy relevante apparatuur bestudeer. Daardeur alleen sal hy as motorwetenskaplike elke strukturerende onderdeel ken in sy noodwendig-geskikste materiaal, sy doeltreffendste vorm en sy spesifieke funksie in die geheelstruktuur wat die motor is; daardeur alleen kan hy wetenskaplik verantwoord en verklaar die *hoe,* die *waaruit* of *waarvan,* die *waartoe* en die *waarom.* Wie die motor slegs in die *motorgebruik* as *verkeers-* en *vervoermiddel* wil bestudeer, sal hoogstens 'n amateuragtige taxidrywer, renjaer, vragmotorbestuurder of leerjongwerktuigkundige wees.

So met die Taal. Die linguis wat hom beperk tot en slegs toelê

skaars verantwoordelike taalwerktuigkundige wees.

Om nóg 'n toeligtende beeld te gebruik: 'n Plant is en bly 'n plant in sy eie wese, na sy eie aard en in sy eie struktuur, onafhanklik daarvan of en waarvoor dit gebruik word: geneeskundig, vir voeding, rangskikking, grafkranse, tuinbou, landbou, ensovoorts; *gebruikers* kán hoogstens goeie herbaliste, bossiedokters, planttoordokters, tuiniers, rangskikkers en kwekers wees, mits elkeen sy besondere beroep of bedryf prakties-wetenskaplik probeer beoefen. Maar daarmee alleen kan hulle nooit plantwetenskaplikes, Botanici, word nie. Ook weer so met die Taal. Die Linguiste wat hulle objek ekstraalobjektief beperk tot *taalgebruik*, die *taalgebruiksmoment* of *taalgebruiksbousel* of *konvensionele sisteem van tekens of simbole* of *sosiale verkeersmiddel* tussen alewignoodwendige spreker en hoorder, kán hoogstens 'n goeie taalapteker, 'n vermaarde taalbossiedokter, 'n berugte taaltoordokter, 'n knap taaltuinier, 'n kunssinnige taalrangskikker of 'n welvarende taalkweker wees, maar hulle kan nooit deskundige Linguiste en nog minder Lingoloë wees nie.

## 7. VERHOUDING: PRIMÊRE TAAL: SEKONDÊRE SPRAAK

7.1. Uit die neuronaal-serebrale struktuur van die sintuiglik-serebrale, sensoriese taalskeppingsapparatuur en die daarvan onderskeie neuronaal-organiese, motoriese spraakaktiveringsapparatuur in hulle serebraal-organiese en funksionele ineengeskakeldheid volg dit wesentlik dat daar 'n baie noue, kardinale verband bestaan tussen *Taal* en *Spraak:* daar is wesentlike, voortdurende kontrolering, berigting en korrektivering van die spraak- en artikulasieprosesse deur die voorafbestaande, normatiewe lingemaatstruktuur. Maar daar die spraakapparatuur, waarvan die hoororgaan 'n uiters belangrike onderdeel is, aan sy eie wetlikhede gebonde is, is dikwels die verspraakliking van die lingemaat of die taal, soos reeds hiervoor gestel, slegs die funksioneel-korrelate ekwivalent van die fonomorfiese, logomorfiese lingemaat: in die proses van verspraakliking vind wysigings, afwykings plaas uit oorsake van beïnvloedende faktore soos foniese beïnvloeding, spraakorganiese funksieverskuiwing, versteuring van die motoriese, neuronale geleidingskanale of kortikale spraaksentra, analogiewerking, wysiging van logaliteitsfunksie e.s.m., sodat in die spraak, in „taalgebruik", 'n foniese woordgestalte verskyn wat nie ten volle korrespondeer met of die ekwivalent is van die fonemiese gestalte van die lingemaat nie. So 'n wysiging of

afwyking word deur die ouditiewe sintuigkanale of sensoriese apparatuur na die centrencephalon gevoer, en as deur die afwyking nie die besondere funksie, soos logale of lingemaatsoortlike of enige ander, gerem, verwar of versteur word nie, word die *gewysigde spraakvorm* aanvaar weens sy funksionele treffendheid, en die nuwe of gewysigde fonomorfiese en logomorfiese vorm verdring en vervang die oorspronklike, of die oorspronklike word ooreenkomstig aangepas: vgl. die ontwikkeling van die Afrikaanse lingemate *glo, gly, waatlemoen, watlemoen* en *wartlemoen* respektiewelik uit *galaubjan, galeithan, watermeloen.*

7.2. Indien een of ander foneem of struktuurelement van die lingemaat of die taal sy spesifieke funksie verloor of dit oorgeneem word deur 'n ander lingemaatelement of outonome lingemaat, dan verdwyn dit uit die oorspronklike struktuurpatroon. Maar net so kan nuwe struktuurelemente as funksionele middels ontwikkel of outonome lingemate weer, met inboeting van hulle outonomiteit, aangewend word om die logaliteit, die lingemaatsoortlikheid, die lingale funksie van bestaande lingemate te wysig, te rig en die struktuurpatroon van die taal te wysig. So is daar voortdurende wisselwerking of wederkerige beïnvloeding tussen Taal en Spraak. Maar taal verander en ontwikkel ook voortdurend onder beïnvloeding van baie ander faktore as die spraakfaktor.

Met hierdie prinsipiële fundering van die Lingologie staan ons nou voor die taak om dit te verifieer aan die taalstruktuur self, noodsaaklikerwys net toeligtend.

## 8. LINGEMAAT- EN TAALSTRUKTUUR

8.1. By die funksioneel-morfologiese ontleding van die Afrikaanse lingemate *begin, beslis, begeer, vergeet* en *gesêl* onderskei ons duidelik twee verskillende struktuurelemente: *be/gin, be/slis, be/geer, ver/geet, ge/sêl.* Geïsoleer van die elemente *be-, ver-* en *ge-* het die elemente *gin, slis, geer, geet* en *sel* geen bepaalbare logaliteit nie, want so bestaan hulle nie in die taal as outonome logemate nie. En tog: in die volledige lingemaatstruktuur *begin, beslis, begeer, vergeet, gesêl bepaal* juis hulle die logaliteit van die onderskeie lingemate, m.a.w. hulle is die gefonemiseerde logosdraers wat bloot en enkel die funksie het om drabare, hanteerbare en bewaarbare gestalte te gee aan die betrokke *logos.* Hulle bestaan in en kragtens hulle potensiële en funksionele valensie om vir hulle verskillende funksies tot lingemate uitgebou, gelingeer te word soos hier deur die betrokke elemente vooraan. Sulke onselfstandige, logosdraende

… tensy hulle etimologies teruggevoel word tot hulle oorsprong. Blykens die eerste drie met *be-* en baie lingemate met *be-*, *ver-* en *ge-* is hulle blote struktureringselemente wat alleen in funksionele verbinding met die ander betrokke elemente, die *logeme* naamlik, bepaalde, vasstelbare funksies verrig, naamlik lingemaatstrukturerende, lingemaatsoortrigtende en -onderskeidende en logaalrigtende funksie. Weens hierdie primêre struktureringsfunksies onderskei ons sulke elemente as *morfeme,* en omdat hulle altyd vooraan gevoeg word wel as *premorfeme.*

Die struktuurontleding laat hom soos volg verklaar:

(a) die lingemaat *begin* logeer: om die aanvangsmoment, ontstaansmoment t.o.v. iets te aktualiseer: *Hy begin sy werk,* d.i. hy gee „gin" aan sy werk; *Dit begin donker word:* die „donker-word" neem 'n aanvang, die donker word teweeggebring, m.a.w. die premorfeem *be-* rig die logeem *-gin* (so ook *-slis* en *-geer)* tot 'n aktionsartig effektiewe funksielingemaat. Die logos van „gin" vind ons ook in ander, verwante lingemate waarin die logeem voorkom: *gen-esis, gen-ese, gen-ereer, gen-etika* ens., in die vorm *geen — gene* as logemaat; die logeem is ook in Engels *a-gain.* Die funksie van die premorfeem be- is drievoudig:

(i) daarmee word die logeem *-gin* gestruktureer tot outonome lingemaat *begin;*
(ii) dit rig die logeem *-gin* tot funksielingemaat;
(iii) dit rig die logaliteit van die funksielingemaat logaal-aktionsartig tot relasief-effektief. Verder kan die logeem *-gin* ook aktionsartig gerig en gestruktureer word tot die funksielingemaat *ontgin,* tot die saaklingemaat *ontgin(n)ing* deur resp. die premorfeem *ont-* en die postmorfeem *-ing* net soos *begin,* tot lingeem gerelegeer, tot saaklingemaat *beginsel;* dit kan ook logaal-funksioneel gerig word tot saaklingemaat *begin,* bv. *die begin, alle begin is moeilik;*

(b) die lingemaat *gesél* logeer: „maat", „makker" en het ook die logeem *-sel* in *geselskap, gesellig, vergesel* ens. Wesentlik logeer dit „saalgenoot", iemand wat saam met jou in 'n saal is, saam in 'n saal verkeer; die lingale funksie van die premorfeem *ge-* is dus nog om die oorspronklike logaliteit van „saam" as 't ware in die logeem *-sel* in te dra om te logeer „saamsalige", d.i. „saalgenoot". In die gebruiksverloop van die lingemaat is die logaliteit dus gewysig tot die huidige van „maat", „makker", iemand wat saam met jou is, jou vergesel. Die logeem *-sel* is dus etimologies verwant aan die

logemaat *saal*. Die fonologiese en logologiese ontwikkeling kan ons hier nie nagaan nie. Die saaklingemaat *gesél* is soortlik te onderskei as „maskulinies" en is „femininies" te rig met die postmorfeem *-in* tot *gesellin*.

Naas premorfeme en postmorfeme is daar ook te onderskei struktureringselemente wat as inmorfeme beskou kan word soos bv. in *sielsmoeg, Stellenbosch, blindemol,* waarin die morfeme *-s-, -en-, -e-* die saaklogemate *siel, stel* en die hoedanigheidslogemaat *blind* rig tot premorfemiese verbindingspotensialiteit met die logeme *-moeg, -bosch* en *-mol*. In wese dus eintlik 'n oorgangsmorfeem wat as inmorfeem beskou kan word omdat dit slegs lingemaatstruktureringsfunksie het. Ablautsvokale is in al die verskyningsvorme en funksies daarvan in wese inmorfeme.

8.2. By ontleding van die lingemate *besoek, verneem, onthou, herkies, baksel, mensdom, domheid, heerskap* onderskei ons ewe-eens die premorfeme *be-, ver-, ont-, her-* en die postmorfeme *-sel, -dom, heid, -skap,* en die logeme *-soek, -neem, -hou, -kies, bak-, mens-, dom-* en *heer-*. Die verskil met die vorige groep lê hierin dat die logeme hier ook outonome logemate kan wees: *soek, neem, hou, kies, bak, mens, dom, heer* met hulle outonome logaliteit wat in hierdie geval sonder meer bepaalbaar is anders as in die eerste groep. Uit die lingemate *besoek, verneem, baksel, mensdom* ens. is dit ook duidelik hoe die premorfeem of postmorfeem die logeem rig tot 'n ander aktionsartige logaliteit, bv. *versoek, verneem,* of tot 'n ander lingemaatsoort bv. funksielingemaat *bak* tot saaklingemaat *baksel,* hoedanigheidslogemaat *dom* tot saaklingemaat *domheid,* saaklogemate *mens* en *heer* tot nuwe saaklingemate *mensdom, heerskap* met 'n andersoortige logaliteit in die logeem as die van die oorspronklike logemate. Met die betrokke pre- en postmorfeme struktureer ons uit bestaande taalmateriaal nuwe lingemate deur die lingemaatsoortlikheid te wysig, die logos te rig tot 'n ander logaliteit: *soek* is aktionsartig 'n duratief-relasiewe funksielogemaat: dis 'n spesifieke soort funksie wat as funksie van een saak t.o.v. 'n ander *vermoontlikende saak* ontstaan, as die eersgenoemde saak oor 'n gestrekte tydsduur so 'n spesifieke soort funksie verrig in sy funksionele situasie t.o.v. die laasgenoemde vermoontlikende saak wat veroorsakend-aandadig is by die ontstaan en die moontlikheid van die funksie. Maar in *besoek* dra die logeem *-soek* die logos soos dit aktionsartig *effektief* gerig en gewysig is deur die premorfeem *be-*: *Hy besoek sy vriende,* hy soek sy vriende op; hy lê besoek (logaalgerigte saaklingemaat) by sy vriende af: *Die kinders besoek die*

rigtheid om outonoom bestaan en met 'n eie logaliteit funksioneer, dan word hulle onderskei as *logemate,* omdat die logemaat die logomorfiese struktuur het van die logeem: *soek, neem, mens, dom* is dus in hulle outonomiteit *logemate* maar in hulle betrokke morfeemgerigtheid en -gebondenheid in *besoek, verneem, mensdom, domheid* is hulle as logosdraende struktuurelemente van die groter geheel *logeme.* Hierdie grotere eenheidstruktuur van morfeemgerigte logeem wat as outonome, volledig gestruktureerde eenheid bestaan en funksioneer, is die *lingemaat.*

8.3. Saaklogemate soos *kar, wa, bak* en saaklingemate soos *bakker, woonhuis, kerkdeur, donderstorm* logeer in hulle saakbetrokkenheid ook enkeltalligheid, enkelheid of enkelvoud, want alle sake is getalsgebonde, telbaar en word naas hulle soortlikheid as sodanig beleef. Die enkeltalligheidsaspek word in die logos gelogoseer en die meertalligheidsaspek kry in die lingemaat sy fonomorfiese gestalte deur bepaaldelik daarop gerigte funksionele struktuurelemente, bv. *kar — kar(r)e, wa — waens, bak — bak(k)e, bakker — bakkers, woonhuis — woonhuise, kerkdeur — kerkdeure, donderstorm — donderstorms.* Hierdie meertalligheidselemente *-e, -s, -ens* het enkel die funksie om die logaliteit van die betrokke logemaat/lingemaat van die enkeltalligheidsfunksie daarvan te rig tot die meertalligheidsfunksie. Dié funksie is dus wesentlik anders as die van die morfeem of logeem. Daarom onderskei ons dit funksioneel as *sinteem,* omdat dit primêr die getalsbepaaldheid rig selfs in so 'n mate dat in die tale waar sinteme by saaklogemaat/-lingemaat nog die beheersende funksie het of gehad het, die getalsfunksie ook al die ander sinsfunksies oorheers. In Goties *dags,* byvoorbeeld, waar die oorspronklike saaksoortrigtende morfeem *-a-* uit Oergm. *dag-a-z* defunk geraak het omdat die soortlikheid van die saak, tog reeds in die logos self geleë, in die logeem vergestalt is, het die behoue sinteem *-s* primêr enkeltalligheidsfunksie en benoemingsfunksie (nominatief; eerste naamval). Hierteenoor staan die meertalligheidsvorm *dag-ōs.* Vir ander verhoudingsfunksies (kasusse; naamvalle) is morfologiese elemente, wisselend al na gelang van die getalsbeheerste funksie wat dit moes verrig, aangewend, bv. vir die besitsfunksie in die enkeltalligheid: *dag-is* teenoor meertalligheid *dag-ē,* of die funktum-verhouding enkeltallig: *dag* (nulsintemies) teenoor meertallige *dag-a-ns.* In Afrikaans is die enigste sinteme wat nog oorbly, die sinteme by die saaklogemate/-lingemate en wel vir alle verhou-

dingsfunksies: Die *kinders* loop; Dit is die *kinders* se speelplek; Hy gee (aan/vir) die *kinders* vrugte; Hulle sien die *kinders*. Dit wat eintlik die morfemiese funksie van die sinteme was — om naamlik die „geslag"-soort-bepaalde „kasus" te stel — het deur defunkwording verlore gegaan en word deur ander middele vervang.

8.4. In die lingemate van die tipe *begin, ontgin, begeer, besef, herinner*, e.d.m. sowel as in die tipe *besoek, ontkom, herstel, baksel, domheid, benul* ens. struktureer die morfeme dus die logeme tot groter eenhede, outonome lingemate. Wanneer die lingemate vir ander lingale funksies verder deur morfeme gestruktureer word, verloor hulle hul outonomiteit en word dan onderskei as *lingeme*, bv. die lingemaat *vergeet* word in *vergeetagtigheid, onvergeetlik(heid), vergetelheid* die strukturerende lingeem van 'n groter lingemaat wat logaal en lingemaatsoortlik tot 'n nuwe eenheid gerig is. So word die funksielingemate *begin, besoek, ontkom, herinner* deur postmorfeme gerig tot ander lingale funksies soos byvoorbeeld tot saaklingemate: *beginsel, besoeker, ontkoming, herinnering*, en die saaklingemate *gesél, besoeker, beginsel, herinnering* tot ander funksies: *gesél/(l)-in/(n)e, geselskap, vergesel, besoeker/s, beginsel/loos* (in *beginselvas* is *beginsel-* 'n premorfeem), *herinnering/s* waarin hulle as lingeme funksioneer. Die funksioneel-strukturele ontleding van 'n lingemaat soos *onbenullighede* sal die proses van lingemaatbou wat ons as *lingering* onderskei, toelig: *onbenullighede:* logeem: *nul-*, dit dra die logos, wat bestaan as outonome saaklogemaat: *nul*. Die logeem *-nul* word deur die premorfeem *be-* gelingeer tot *benul* wat as saaklingemaat outonoom bestaan: *Hy het daar geen benul van nie; -benul-* funksioneer nou as lingeem en word deur die premorfeem *on-* logaal negatief gelingeer tot saaklingemaat *onbenul* wat logeer „iemand sonder benul", „dommerik" en in Nederlands bestaan as outonome lingemaat maar, sover my bekend, nie in Afrikaans nie; die saaklingemaat *onbenul* funksioneer nou weer as lingeem, want „benullig" bestaan nie, en word deur die postmorfeem *-ig* gelingeer tot hoedanigheidslingemaat *onbenullig* wat logeer „soos, met die geaardheid, die hoedanigheid van 'n onbenul"; dit funksioneer nou weer as lingeem en word deur die postmorfeem *-heid* tot saaklingemaat gelingeer: *onbenulligheid* waarin die postmorfeem die hoedanigheid van iets rig tot die saaklikheid, die wyse, toestand of verskynsel van „onbenullig te wees", en dit word dan weer deur die getalsinteem gerig tot meertalligheid in die lingemaat *onbenullighede*. Die proses van lingering is dus chronologies dit: die ervaring en belewing van 'n bepaalde realiteitsituasie, -toestand, -verskynsel of wat dit ook al mag genoem word, word gelogoseer tot die bepaalde *logos*

die lingemaat *benul*, met 'n ander deur die morfeem *be-* gerigte, verwante logaliteit as die van *nul*, en so telkens verder met telkens deur die morfeme gerigte en gewysigde logaliteit en lingemaatsoortlikheid: *onbenul* (saaklingemaat), *onbenullig* (hoedanigheidslingemaat), *onbenulligheid* (saaklingemaat), *onbenulighede* (meertallig gerigte saaklingemaat).

8.5. Dit is hier die plek om daarop te wys dat, diachronies gesien, die struktuurelemente wat nou as postmorfeme beskou word, bv. *-dom, -skap, -heid, -loos* soos in *mensdom* (by Vondel nog *ballingsdom, koningsdom* waar *dom* wesentlik die logeem is en *ballings-* en *konings-* die deur die *-s-inmorfeem* morfemiesgerigte premorfeme; vergelyk ook *bisdom* waar *bis-* slegs premorfeem kán wees uit *biskop*, omdat *bis-* nie outonoom met die logaliteit kan bestaan nie), *heerskap, mensheid, goddeloos* oorspronklik outonome lingemate/logemate was wat as logeme in die lingemaatstruktuur gefunksioneer het. Ter toeligting: *-loos* het funksioneel as postmorfeem ontwikkel uit 'n outonome logemaat, nog in Goties *laus* wat „los van, leeg, sonder, vergeefs" logeer het en in die lingemate *akranalaus, gudalaus, witodalaus* (resp. logerend: *vrug(te)loos, god(de)loos, wet(te)loos)* nog die logeem is, terwyl *akrana-, guda, witoda-*, soos die outonome lingemate *akran, witoth* en die logemaat *guth* bewys, die morfemies-gerigte, logaalrigtende premorfeme is. In werklikheid is die Afrikaanse elemente *vrugte-, godde-* en *wette-* nie meertalligheidsvorme nie (vgl. *godde-)* maar veeleer deur die inmorfeme *-te-, -de-* en *-te-* funksioneelgerigte premorfeme: die *logos* van die lingemate is geleë in *-loos:* die betrokke premorfeem rig net die logaliteit van *-loos* op dit waarop die *-loos* betrokke is (vgl. *hopeloos, roekeloos, moedeloos, agteloos).* In lingemate soos *bisdom, heidendom, Christendom, landskap, heerskap, knegskap, mensheid, menslikheid* logeer *bisdom* tog basies nie *bis*(kop) nie maar wel die gebied, die bestuur of bestuursomvang onder die gesag van 'n biskop, dus is die logaliteit primêr, basies geleë in die logeem *-dom* <Gm. *dōm,* gebied; so ook logeer *heidendom, Christendom* resp. tog basies nie *heiden* en *Christen* nie maar wel *dom,* d.i. die geloofstoestand, beskawingsgesteldheid, omvang, uitgestrektheid of gesamelikheid van heidene, en die leerinhoud, leervorm van die godsdiens, die sedes en gebruike, lewens- en wêreldbeskouing en die gesamelikheid van Christene; net so logeer *landskap, heerskap, knegskap* basies nie die *land* of *heer* of *kneg* nie maar die omvang, gebied, streek of gewes, die voorkoms of skildery van so

'n land, of die status, gesteldheid of toestand van 'n *heer* of *kneg* te wees, en *mensheid* en *menslikheid* logeer basies nie *mens* en *menslik* nie maar wel die wyse, manier, aard, natuur van mens of menslik te wees, of die gesamelikheid van mense, of die geheel van die menslike natuur of menslik te wees. Die *-dom, -skap, -heid* is dus nog *logeme* en nie *postmorfeme* nie — en hoegenaamd nie masjinaal-hanteerbare „agtervoegsels" of „suffikse" nie soos die gangbare Linguistiek hulle aanvaar uit die tradisionele grammatika. Hulle is primêr, basies niks anders as die logaliteitbepalende en -beheersende lingale, logosdraende struktuurelemente, d.w.s. *logeme* en die ander betrokke elemente sekondêr-funksioneel, spesifieke logaliteitrigtende en -wysigende of -begrensende struktuurelemente, premorfeme. So is in *poswese, geldwese, spoorwegwese, regswese, skoolwese* ens. *-wese* die logeem en *pos-, geld-, spoorweg-, regs-* en *skool-* die logaliteitrigtende premorfeme.

8.6. Na aanleiding van voorgaande funksionele ontleding van lingematiese struktuurtipes in Afrikaans wil ons 'n bepaalde, prinsipieel-belangrike aspek van lingemaatskepping of lingering van nader beskou en lingaal-prinsipieel fundeer. In lingemate soos *begin, vergeet* is albei strukturerende elemente onselfstandig: *be-* en *ver-* funksioneel suiwer morfeme en *-gin* en *-geet* suiwer logeme. In *besoek* en *verwerk* is *be-* en *ver-* suiwer morfeme maar *-soek* en *-werk* wat as suiwer outonome, morfemies-ongerigte logemate bestaan, is hier tot morfeemgerigte logeme gerelegeer waardeur hulle gevolglik 'n gewysigde logaliteit dra: die morfemies-gerigte logaliteit van die logeme *-soek* en *-werk* is nie meer dieselfde as die van die logemate *soek* en *werk* nie. Die aktionsart van *soek* en *werk* is respektiewelik relasief en absolutief, terwyl die aktionsart van *besoek* relasief-effektief en die van *verwerk* relasief-intensief is. Op dieselfde lingeringsprinsipe is die lingemate *kerkdeur, donderstorm, aandik, drafstap, hardloop, beginselvas, domheidsmag, blouwildebeesbiltong, blinkpenspopulierboom, doemwaardig, prysenswaardig, verjaarsdag, nuwejaarsdag, werpspies, werkwoord, streekverskil, waatlemoen* ens. gestruktureer of gelingeer, naamlik dit: 'n logemiese of lingemiese, 'n logosdraende, logaliteitbeheersende, logaal-basiese en 'n morfemiese logaliteitrigtende, logaliteit„kleurende" element. Hulle is dus almal lingemate op dieselfde struktuurvlak, van dieselfde struktuurpatroon. Ter wille van oorsigtelikheid rangskik ons hulle respektiewelik so: logemiese of lingemiese elemente: *-deur, -storm, -dik, -stap, -loop, -vas, -mag, -biltong, -boom, -waardig* (2 keer), *-dag* (2 keer), *-spies, -woord, -verskil, -lemoen;* morfemiese elemente: *kerk-, donder-, aan-, hard-, beginsel-, domheids-, blouwildebees-, blinkpenspopulier-, doem-, pry-*

Ons kan dit slegs met enkele uitgesoekte voorbeelde doen:

8.6.1. *kerkdeur:* die lingemaat is gestruktureer uit twee oorspronklik outonome logemate wat in die lingemaat albei hulle outonomiteit en hulle oorspronklike logaliteit lingaal-funksioneel verloor of versteur, d.i. gewysig het: die logeem *deur* logeer nie meer gewoonweg „deur" nie maar „die-soort-deur-wat-mens-in-'n-kerk-aantref", die morfeem *kerk-* nie meer „kerk" nie maar behou slegs soveel van sy oorspronklike logaliteit as wat nodig is om die betrokke „deur" logaal-soortlik te rig en niks meer nie; mens sou wil sê: om die kerksoortlikheid in die logaliteit van „deur" te giet om die oorspronklike logaliteit te wysig tot die van „kerkdeur". Van die uiterste belang is dus dat die premorfeem *kerk-* geen „selfstandige naamwoord" meer is of kan wees nie, maar puur en simpel funksioneel 'n premorfeem is net soos *be-*, *ver-* en *ge-* wat ook oorspronklik outonome logemate was. Die lingemaatsoortlikheid word bepaal deur die logeem *-deur* as saaklingemaat. In die sintemies-gerigte vorm *kerkdeure* is dit *deure* wat die veeltalligheid dra, nie die premorfeem *kerk-* nie.

8.6.2. *aandik:* dis ook gestruktureer uit twee oorspronklik outonome logemate: *aan* wat die lingale funksie kan hê van 'n verhoudingslogemaat (Piet gee die boek *aan* Jan; Ek smeer salf *aan* die seer) of van 'n omstandigheidslogemaat (Wat gaan hier *aan?); dik,* 'n hoedanigheidslogemaat ('n *dik* boek). In die lingemaat word hulle gerelegeer respektiewelik tot premorfeem en logeem met die gevolglike versteuring van hulle outonomie, gedeeltelik van hulle logaliteit en van hulle logemaatsoortlikheid. Dus *-dik* het nou bloot 'n ongerigte logosdraer, 'n logeem geword wat morfemies gerig moet en kan word vir die logaliteit en lingemaatsoort wat benodig word t.o.v. dit wat lingaal beoog word om daarmee te doen, bv. deur die postmorfeem *-te* tot saaklingemaat *dikte* of deur die premorfeem *ver-* tot funksielingemaat *verdik* (aktionsartig intensief) en net so deur die gemorfemeerde *aan-* tot funksielingemaat *aandik* (aktionsartig effektief-determinatief). Die interpretasie van die struktuur dat *aandik* „'n bw. (of dalk „voorsetsel"?)" wat „geplus" is aan 'n „bnw" en dus „gelyk is aan die som ww." mag „grammaties", meganisties, visueel „in orde wees", maar logies en matematies is dit inkorrek en bo-al is dit illingaal, illinguisties en nog meer illingologies.

8.6.3. *drafstap:* albei die strukturerende elemente is oorspronklik outonome funksielogemate, aktionsartig albei kinetiewe wat hier gerelegeer word resp. tot premorfeem *draf-* en tot logeem *-stap*. Hier kan ons duidelik sien hoe hulle albei hulle outonomiteit verloor het en daarmee is hulle logaliteit versteur of gewysig, want *drafstap* is nie „draf" nie en ook nie „stap" nie en ook nie die som van albei nie, maar iets besonders, iets nuuts wat maar iets is van albei. Dit bewys al die onmoontlikheid en die „illingaliteit" van 'n interpretasie dat dit 'n „samestelling" (of samekoppeling? *Hy draf en stap)* van 'n „werkwoord plus werkwoord = werkwoord" is. Lingale en lingologiese feit is dat die logeem *-stap* nie meer „stap" is nie, omdat dit gewysig, gerig, soortlik bepaal word deur die premorfeem *draf-*. Dus 'n nuwe funksielogos gelingeer tot nuwe funksielingemaat uit die daarvoor funksioneel mees geskikte materiaal op die wesentlike wyse na die wesentlike aard van taalmaking: logeem gerig en vervolledig deur 'n morfeem. Ook *werpspies* is nie „ww. + snw. = snw." nie maar logeem *-spies* wat logaal in vorm en lengte en doelgerigtheid nie meer 'n gewone „spies" is nie, maar juis om die kenmerke deur die premorfeem *werp-* gerig word.

8.6.4. *hardloop:* die funksionele ontleding van hierdie funksielingemaat is insiggewend. Albei elemente is outonome logemate: *hard* as hoedanigheidslogemaat of as graadaanduidende omstandigheidslogemaat *(Hy skreeu hard/slaan hard/loop hard)*, *loop* as funksielogemaat, aktionsartig kinetief. Is dit nou „samestelling" of „samekoppeling" uit sintaktiese verband? Albei word gerelegeer resp. tot morfeem en tot logeem. Die logeem *-loop* logeer nie gewoon „loop" nie maar wel 'n graad, 'n vorm van loop wat daarom tog wesentlik iets anders is as „loop". Die logaliteit van *hardloop* is nie die logaliteit van „hard loop" nie. Om hierdie soort „loop" as funksie te lingeer moet dit dus graadmatig gerig word en wel deur die daartoe geskikte premorfeem *hard-*. Maar die premorfeem is daardeur so versteur dat dit nie alle lingale vereistes vir lingering van alle grade van „loop" kan bevredig nie, en daarom word dit verder versterkend, intensiverend gerig deur die herhaling van die premorfeem *hard-* in *hardhardloop*, dus weer met 'n gewysigde logaliteit waardeur die lingemaat *hardloop* nou gerelegeer word tot lingeem. Ook hier is dit illingaal en illingologies om die lingemate te ontleed as „bw. + ww. = ww." of „bw. + bw. + ww. = ww". Is *hardloop* dan nie reeds al 'n „ww." wat geplus word aan 'n „bw." nie? So iets verduister net die wesentlike funksionele struktuur en bring geen insig in die wese van die taalwerksaamheid en die funsionele strukturering nie.

logemaat en lingemaat. Maar die oorspronklike saaklingemaat *blinkpenspopulier* wat hier gerelegeer is tot premorfeem, is self ook funksioneel-struktureel ontleedbaar:

(a) *blinkpens*- wat as premorfeem die
(b) saaklingeem *-populier* hoedanigheidsmatig logaal rig;
(c) *blinkpens* bestaan as outonome omstandigheidslingemaat van wyse. (Die klonkie loop *blinkpens* rond; Die osse is *blinkpens* gevreet): logeem *-pens* hoedanigheidsmatig gerig deur premorfeem *blink-*, albei bestaan outonoom as logemate, *-populier*, die lingeem, self gestruktureer uit logeem *pop-* en morfeme *-ul-* en *-ier* wat hulle spesifieke funksies het, resp. saaklingeemstrukturerend en -individualiserend.

8.6.6. *doemwaardig en prysenswaardig.* Baie dinge is op verskillende wyses uit verskillende oorsake of oorweging „waardig", logeem *waard-* (ook in *waard-e,* saaklingemaat met postmorfeem *-e),* en postmorfeem *-ig* tot hoedanigheidslingemaat. Om die „waardig" betrokke te maak spesifiek op dit wat die „waardig" besit of waarop of hoe dit gerig word, moet dit deur die saak, verskynsel of funksie waarop dit betrokke is of waardeur dit bepaal is of word of waaruit dit ontstaan of waartoe dit bestem is, morfemies gerig word. In die hoedanigheidslingemaat *doemwaardig* het *doem* as saaklingemaat sy outonomie verloor, dit is nie meer 'n saaklingemaat nie maar bloot gerelegeer tot 'n bepalende, rigtende premorfeem om die lingemiese element *-waardig* (wat self sy outonomie verbeur het) sy spesifieke, geïndividualiseerde, afgebakende, begrenste logale gerigtheid en treffendheid te gee, as 't ware die logaliteit van „doem" in te dra in, te meng met die van „waardig" in die nuutgestruktureerde lingemaat *doemwaardig,* wat dus nie matematies gelyk is aan „snw. geplus aan bnw." nie. Inteendeel, dit is lingaal en logies 'n premorfemies-gerigte, logaal-gerigte en -begrenste, lingaal-geïndividualiseerde, outonome hoedanigheidslingemaat in sy eie reg, kragtens sy struktuur en funksie. Die premorfeem *prysens-* is 'n klinkende en klemmende bewys van die morfemiese aard en funksie van die premorfeem, want 'n outonome lingemaat soos *prysens* bestaan nie al is dit ook sogenaamd „afgelei" — ons kan net sowel *doemswaardig* gestruktureer het.

8.6.7. *verjaarsdag, nuwejaarsdag:* in albei is *-dag* die logeem en

*verjaars-* en *nuwejaars-* die „dagsoort" logaal-rigtende, bepalende en begrensende premorfeme, funksioneel-struktureel gelykwaardig en gelyksoortig, verskillend in hulle logaliteitrigtende funksie: *verjaar* is nie meer 'n „ww." geplus aan die „snw." „dag" nie en „nuwejaar" geplus (of moet mens, om meer logies te wees, in albei gevalle sê ge-es?) aan die „snw." „dag" nie. Hulle is suiwer morfeme, as sodanig gestruktureer deur die morfeem *-s-* wat as inmorfeem sy funksie verrig in die lingeringsproses; mens kan nie funksioneel die foneem *s* as postmorfeem beskou nie, want 'n vorm soos *verjaars* bestaan nie outonoom nie.

8.6.8. *waatlemoen:* dit is 'n insiggewende voorbeeld van die lingale feit dat die logemaat/lingemaat sy outonomiteit verbeur en daarmee sy stabiliteit versteur, sodra dit tot morfeem gerelegeer word en daarmee aan fonomorfiese en logomorfiese wysiging blootgestel is. Niemand, selfs nie die mees geslepe Linguis nie, sal die lingemaat in sy struktuur en logaliteit sinchronies kan verklaar as „afleiding" of al plussend as „samestelling" of as „samekoppeling" nie. Want wat is „waat"? Dit is tog nie 'n amptelik erkende „voorvoegsel" soos *be-, ge-, ver-* ens. nie, dit het 'n eenmalige frekwensie, daarom kan ons nie tel hoeveel keer dit in die taal voorkom nie, tensy die voorkoms in *kafferwaatlemoen* dit tweemalig maak. Ons is dan eintlik opgeskeep met die lingemaat, of ons moet soos ons amptelike Taalkommissie tog uitgaan van die diachroniese, reeds archaïstiese *waterlemoen* met die wisselvorm *wartlemoen.* Maar 'n ander moeilikheid is dat *waatlemoen* tog onmoontlik 'n soort *lemoen* kan wees soos bv. *soetlemoen, suurlemoen, nawellemoen.* Dus ook die logeem was in sy gerelegeerde logale funksie so onstabiel dat selfs 'n ander fonomorfiese logeem met 'n ander logaliteit hom verdring het, omdat juis die premorfeem *water-* of *wart-* of *waat-* se logaliteitrigtende funksie sterk genoeg was om die oorspronklike logaliteit van *meloen* (vgl. Eng. *watermelon),* wat 'n „rankvrug" logeer, in die nuwe *waatlemoen* te rig, te beheers, te beskerm en te bestendig in so 'n mate dat niemand 'n waatlemoen sal verwar met 'n *soetlemoen* of 'n *jaarlemoen* nie. In *kafferwaatlemoen* is *kaffer-* bloot lingaal-funksioneel 'n soortonderskeidende premorfeem en *-waatlemoen* die logaliteit-beheersende lingeem. Die lingemaat *waatlemoen* is ook 'n klemmende bewys van hoe die spraakfaktor werksaam is om sowel die fonomorfiese as die logomorfiese struktuur van 'n lingemaat te verander en hoe die veranderde gestalte dan die oorspronklike verdring, mits die gewysigde spraakvorm voldoen aan die lingaal-funksionele eise.

van lingemaatstrukturering (sogenaamde „woordvorming") wat hulle bedoel is om te gee, enige wetenskaplike insig in die wese en aard en funksie van taal en lingering meebring. Ons antwoord daarop is: hulle is slegs verskillende *metodes van aanwending* van bestaande, potensiële taalmateriaal vir lingaal-prinsipieel dieselfde doel: lingemaatskepping, lingemaatstrukturering, lingering. Die *metodes* word geaktiveer deur verskillende oorsake, motiewe, behoeftes of situasies. Die verskillende metodes om, om allerlei motiewe of oorwegings, uit verskillende potensiële materiale stoele te maak, maak die stoele nie wesentlik iets anders as *stoele* nie, al verskil die metode, die vorm en die struktuurelemente ook hoe. Die tradisionele onderskeidings mag gerieflike of nuttige etikette of bruikbare terme wees vir onderskeiding van verskynsels wat nie eers altyd onderskeibaar en begrensbaar is nie en dikwels baie willekeurig, wat nie eers altyd, selfs volgens die terme, reg geïnterpreteer kan word nie; hulle is nie eers doeltreffend nie om te onderskei tussen die metodes wat veronderstel word om werksaam te wees „om woorde te vorm" — maar vir die Lingologie, die funksionele interpretasie van lingemaatskepping, van lingering volgens en kragtens die wese en aard van taal en van die lingemaat het hulle alleen nadelige, vertroebelende waarde, omdat die onderskeiding nie lingaal-prinsipieel gefundeer is nie, hoe wetenskaplik ook al bedoel. Alle tale, selfs Chinees, het en moet hê: logemiese en/of logematiese, lingemiese en/of lingematiese, morfemiese en/of morfematiese, sintagmemiese en/of sintagmatiese struktuurelemente. Die lingaal-basiese prinsipe van alle lingemaatskepping is: die morfemies- en/of sintemies-funksionele berigting van die logeem of die lingeem, ooreenkomstig die eieaard van die betrokke taal.

## 9. DIE LINGOLOGIESE OF FUNKSIONELE STRUKTUURPATROON GETOETS AAN EN TOEGELIG UIT (1) LATYN; (2) BANTOETAAL

9.1. *Latyn.* Hierdie funksionele struktuurpatroon, soos ons dit ontleed het in die lingering van Afrikaanse lingemate, wil ons verder toelig uit Latyn, uitgaande van die funksielingemaat *amare*. Hierin word drie struktuurelemente onderskei, t.w. die logeem *am-* waarin die *logos* gefonemiseer is, die primêre morfeem *-a-* wat die logeem rig tot funksielingematiese potensie in die lingeem *ama-*, en die sekondêre morfeem *-re* wat die lingeem rig tot die onbepaalde infinitief-lingemaat *am-a-re*. Die logeem *am-* word deur die lingaal-funk-

sionele variante morfeme *-o-* en *-ic-* gerig tot saaklingematiese potensie in die lingeme *amo-* en *amic-*, en hulle word volledig gelingeer deur die elemente *-r* en *-us*, *-a* en *-itia* (self verder funksioneel ontleedbaar) wat primêr enkeltaligheidsfunksie het en daarom *sinteme* is en desweens ook sekondêr individualiserende persoonsfunksie naas benoemingsfunksie (nominatief) en saaksoortbepalende funksie, tot die lingemate *amor* en *amicus* (albei saaksoortlik „maskulinies") *amica* en *amicitia* (albei saaksoortlik „femininies"). Die logeem *am-* dra telkens die logos wat betrokke is op die onbepaalde, nog ongerigte belewingsverskynsel, daarom het dit slegs hanteerbaarheidspotensie en geen lingale outonomiteit nie. Vir sy lingaal-volledige logaliteit en funksie moet dit verder deur morfemiese en sintemiese lingeringsmiddele gerig en gestruktureer word tot die betrokke outonome lingemate. Hier moet ons op 'n belangrike verskynsel wys, naamlik dit: in *amor* struktureer die fonemiese element *-r* die saaklingeem *amo-* volledig tot lingemaat, dit het, benewens ander funksies, primêr getals- en persoons- d.i. individualiseringsfunksie. As ons amo-r egter stel teenoor *amo-r-es* waar *-es* die pluralis-sinteem is en *-r-* die saaksoortrigtende morfemiese funksie het, soos ook in die besitverhouding of „genitief" *am-o-r-is*, die „datief" *am-o-r-i* en die „akkusatief" *am-o-r-em* waar *-is*, *-i* en *-em* die singularissinteme is, dan is *am-o-r* struktureel sonder sinteem, d.i. nul-sintemies omdat die oorspronklike sinteem defunk geraak en verdwyn het. Die sintemiese funksies word nou deur die morfeem *-r* verrig wat dus funksioneel as sinteem aanvaar word. Hier het ons die belangrike verskynsel dat die funksie van *een soort* struktuur-element oorgedra word op 'n *ander soort*, bv. die funksie van 'n sinteem op 'n morfeem, as die sinteem uit oorsake van een of ander faktor defunk raak, of selfs van 'n oorspronklike logeem op 'n oorspronklike morfeem soos reeds gesien in die ontwikkeling van die oorspronklike logeme *-loos*, *-dom*, *-skap* en *-heid* tot postmorfeme. En as eers die funksionele stabiliteit van die oorspronklike lingemaat of struktuurelement logaal, fonemies of funksioneel versteur is deur byvoorbeeld een of ander spraakfaktor, dan is dit onvermydelik aan verdere struktuurvereenvoudiging of lingale funksieverskuiwing blootgestel — vergelyk bv. die ontwikkeling van Afrikaans *dag*, *glo*, *gly* en *waatlemoen* uit die oorspronklike *vorme dag-a-z*, *ga-laub-j-an*, *ga-lei-th-an* en *watermeloen*. Trouens, die defunkwording van die sinteemstelsels by saaklingemate, funksielingemate, hoedanigheidslingemate en individualiseringslingemate in Afrikaans is grootliks hieruit te verklaar.

9.2. Insiggewend maar ook toetsend vir die funksionele beskouing of die Lingologie is die ontleding en interpretasie van die volgende

1. *die praeteritale imperfektum: am-a-b-a-t* Hy was minnende, was besig om te min, was aan die min (He was loving), (word nie gesê dat hy opgehou 't);
2. *die futurale imperfektum: am-a-b-i-t* hy sal minnende wees, sal besig wees om te min, sal aan die min wees, staan nog om daarmee besig te wees (He will be loving), (en sal onbepaald daarmee aanhou);
3. *die praesentiese perfektief: am-a-v-i-t* Hy is minnende gewees, is besig gewees om te min tot nou toe (He has been loving, he has loved), (hy het vroeër begin en het tot op hierdie moment nog aangehou);
4. *die praeteritale perfektief: am-a-v-er-a-t* Hy was/het minnende gewees (en het toe daarmee opgehou gehad), lett.: Hy was minnend-wesende gewees (He had been loving/had been being loving);
5. *die futurale perfektief: am-a-v-er-i-t* Hy sal minnende gewees het (en sal daarmee opgehou het), lett.: Hy sal minnend-wesende gewees het (He will have loved/will have been loving/will have been being loving).

By vergelyking vind ons in al die vorme (eintlik *sintagmeme)* deurgaans die konstante funksiegerigte lingeem *ama-* en deurgaans die sinteem *-t* (uit Ide. *-ti)* vir 3de pers. sing. In die imperfektum-sintagmeme, praeteritaal en futuraal, die gemeenskaplike fonemiese element *-b-*. Ons kan nie anders nie as dit te aanvaar as 'n morfeem om die lingeem *ama-* aspekties en wel imperfektief-kontinuïtief te rig: dit is dus funksioneel 'n spesifiek *imperfektief-aspektiese* morfeem: dit is ál funksie wat dit het. Stel ons nou daarteenoor die *-v-* van die *perfektief, praesenties, praeteritaal* en *futuraal,* dan moet ons ewe onontwykbaar aanvaar dat die variante stemh. bilabiale frikatiewe foneem (wat dit waarskynlik was) *-v-* funksioneel die spesifiek perfektief-aspektiese morfeem is: dit is al funksie wat dit het. Dus teenoor die imperfektief-aspektiese stemh. bilabiale, eksplosiewe fonemiese morfeem *-b-* het ons die perfektief-aspektiese stemh. bilabiale, frikatiewe fonemiese morfeem *-v-*. Nou bly nog oor die *-er*-element, praeteritaal en futuraal perfektief, waarvan die funksie verklaar moet word. As ons nou in ag neem dat die praesentiese perfektief *amavit* die funksieverloop of aspek kontinuïtief stel van 'n moment af vroeër as die teenwoordige, dus in die teenwoordige eers afgeloop, perfektief, en dat die praeteritale die afloopmoment in die reeds verbygegane stel, terwyl die beginmoment

nog verder teruglê en die futurale die beginmoment in die nog komende stel en die afloopmoment in 'n nog verder geleë, nog komende moment, dan is dit ewe onontwykbaar dat ons moet aanneem dat die *-er-* die aspektiese funksie het om die volkome afgelopenheid in die verbygegane of in die verder-geleë, komende te stel, m.a.w. die *-er-* is 'n morfemiese element om afgelopenheid, die klaargebeurde, d.i. okklusiewe aspektiese voldongenheid van *ama-* buite die teenwoordige te stel.

Wat nou verder verklaring vereis, is die funksie van die *-a-* en *-i-* in die praeteritale en futurale imperfektum. In ag geneem dat die funksielingemaat oorspronklik in Indo-Europees nie tydsfunksie maar wel aspeksfunksie gehad het, en verder dat *aspek* en tyd of *tempus* twee onderskeibare maar nie skeibare belewenisse van 'n funksie is, dan moet die twee in samehang beskou word, want as iemand of 'n saak *besig is om te min,* dan duur dit in die teenwoordige, dan *amat* hy, dus *am-a-t* logeer sonder meer die kontinuïtiewe, durende aspek van die funksie sowel as die gebeure in die teenwoordige. Maar as iemand *begin min het* op 'n reeds verbygegane moment en in die momentsduur daarin besig gebly het, dan het dit aspekties voortgeduur in die verlede, verbygegane tyd tussen 'n aanvangsmoment en 'n steeds voortskrydende moment. As die *-b-* in *ama-b-a-t* dus die aspek imperfektief stel, dan stel die *-a-* die verbygegane, die verlede tyd, dus het die *-a-* suiwer en alleen 'n tempusfunksie en spesifiek 'n voortskrydende, praeteriale funksie, en is dus 'n temporaal-praeteritale *morfeem.* Dit behoef nou verder geen verklaring om te begryp dat die *-i-* van *ama-b-i-t* 'n voortskrydende, temporaal-futurale funksie as morfeem het. En dit is presies die geval in die praeteritale en futurale pluperfektief of okklusief: *ama-v-er-a-t* en *ama-v-er-i-t.*

9.2.1. *Bantoetaal.* Dusver het ons ons by die uittoetsing van die funksionele, lingologiese taalbeskouing beperk tot die struktuurpatroon van sintemerende en morfemerende tale van die Indo-Europese groep. Laat ons nou hierdie struktuurpatroon en die interpretasie daarvan uittoets op 'n andersoortige taal soos 'n Bantoetaal bv. Sotho en Tswana.

In die Sotho-lingemate *moruti* (leraar) en *go ruta* (wesentlik 'n sintagmaat: om te onderrig, te leer) word ook die logeem *-rut-* onderskei. Om dit saaklingematies gebruikspotensie te gee word dit deur 'n saaklingematiese *postmorfeem* as sodanig gerig: *-i* in *moruti* en funksielingematies deur *-a* in *ruta.* In *morutiši* (onderwyser, meester) en *go rutiša* (om te laat/maak leer) het ons ook die logeem *-rut-*, maar hier word *rut* eers gerig deur die postmorfeem *-iš* wat

lingemies deur *-i* tot *rutiši* met nomen actionis-potensialiteit en deur die saaksoortrigtende individualiserende premorfeem *mo-* tot lingaalfunksioneel vervolledigde saaklingemaat *morutiši* wat logeer: hy wat laat/maak leer, die „laatleerder, maakleerder", d.i. die onderwyser, bv. *morutiši* (m)o-*rutiša bana,* die onderwyser laat leer/onderrig die kinders). In lingemate soos *monna* (persoon, man), *motho* (mens), *mosadi* (vrou), *leihlo* (oog) onderskei ons weer die logeme: *-nn-, -th-, -sad-, -ihl-* waarvan die logos so iets sou wees soos synheid, persoonheid, manheid, mensheid, vrouheid, oogheid. Om die betrokke logeem saaklingemies te rig kry ons die postmorfeme *-a, -o, -i,* en *-o,* dus morfemiese variante of alternante. Of hulle spesifieke lingaal-onderskeidende funksie het en wat die funksie dan sal wees, is die taak van die Bantoeloog om uit te maak. In *-nna, -tho, -sadi, -ihlo* het ons dan saaklingeme. Ontleed ons die funksielingeem *-aga* (bou) en die saaklingemaat *moagi* (bouer), het ons weer die logeem *-ag-,* die funksielingemiese postmorfeem *-a* en die saaklingemiese postmorfeem *-i.* In *-betla* (skawe) en *-bega* (aanklae, aanmeld) en *mmetli* (timmerman), *mmegi* (klaer) is die logeme *-betl-* en *-beg-,* met die funksielingemiese postmorfeem *-a* en die saaklingemiese postmorfeem *-i.* In *mmetli* en *mmegi* het ons eintlik „verhole" logeme *-metl-* uit *-betl-* en *-meg-* uit *-beg* deur fonemiese assimilasie: *mo-betli* word *mmetli* en *mo-begi* word *mmegi; -metli* en *-megi* is dus saaklingeme net soos *-agi,* en *-betla* en *bega* is funksielingeme net soos *-aga.* Hulle is dus nog nie sintemies of morfemies sinsvaardig of gebruiksvaardig gelingeer tot volledige lingemate of *sintagmeme* nie. Die saaklingemiese postmorfeme *-a, -o, -i, -o* rig nie die logeme saaksoortlik en getalsmatig nie, soos ons sien in *(mo)ruti* en *(mo)sadi* en in *(mo)tho* en *(le)ihlo.* Hulle funksie is dus duidelik net lingemaatrigtend en -strukturerend. Daar moet dus nog *saaksoortrigtende* en *getalsrigtende* funksionele elemente bykom — en dit is bv. die premorfeme *mo-* en *le-.*

9.2.2. Laat ons hierdie lingeringsproses toelig met 'n aantal lingemate uit Tswana, uitgaande van die logeme *-nn-, -ag-, -dih, -bop-.* In die eerste plek word hierdie logeme gerig tot funksielingeme deur die postmorfeem *-a: -nna, -aga, -diha, -bopa.* Maar hulle is nog geen vervolledigde, sintaktiese gebruiksvorme of sintagmeme nie — hulle het slegs funksielingematiese potensialiteit, omdat 'n funksie in wese altyd betrokke is op 'n saak of sake, daarvan afhanklik is en daardeur funksioneel gerig word. Dus sal die

funksielingeme deur die saaklingemate waarop hulle betrek is, „saaksoortlik" en getalsmatig tot volledige sintagmeme gestruktureer word. 'n *Sintagmeem* is dus die vervolledigde struktuurvorm van 'n lingemaat soos dit in sy sintaktiese betrokkenheid vir spesifieke sintaktiese funksies gestruktureer is. Maar die funksie van 'n saak word tog ook in die taal in sy eie verskyning en bestaan as 'n verskynsel ervaar en beleef en deur die taalmaker as sodanig gelogoseer en tot outonome lingemaat gestruktureer in sy onbepaaldheid, in die sogenaamde infinitivum. Hiervoor gebruik die Tswana 'n bepaalde premorfematiese middel, nl. *go*, om te, waardeur die funksielingeem in sy onbepaaldheid tot *funksiesintagmaat* gestruktureer word: *go nna*, om te wees, om te bly/sit; *go aga*, om te bou, woon; *go diha*, om te werk/doen; *go bopa*, om te vorm/maak. As die logeme *-nn-*, *-ag-*, *-dih-*, *-bop-*, tot saaklingeme gerig moet word, dan moet daar verskillende saaklingemiese morfeme aangewend word wat die saaklingeme lingaal-funksioneel sal onderskei van die funksielingeme deur aanwending van die saakmorfeme, bv. die postmorfeme *-i*, *-o/-a*, *-tse*. As nou die saaklingeme soos *-nni*, *-nna*, *-ago*, *-dihi*, *-bopa*, *-ntse*, ens. ook *saaksoortlik* en *getalsmatig* onderskei en gerig moet word, want elke saak is behalwe in sy saakeksistensie en saakwesendheid ook in sy saaksoortlikheid en getalsmatigheid kenbaar en onderskeibaar, dan is spesifieke saaksoortonderskeidende en getalsbepalende morfeme daarvoor noodsaaklik, en wel spesifieke premorfeme: enkeltallig: *mo-*, *se-*, *le-*, *lo-*, *lo-*, en meertallig: *ba-*, *di-*, *di(n)-*, *me-*, *ma-*, soos uit die volgende sal blyk:

| | *Morfeme* | | *Premorfeem-Logeem-Postmorfeem* | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Pre-* saaksrt- /getal- rigtend | *Post-* logaal- lingemaat- soortlik | -nn- | -ag- | -dih- | -bop- |
| 1. | mo- | -i/-a | monni (persoon)/monna | moagi (do.) | modihi | mobopi mmopi |
| 2. | se- | -i | senni (dier) | seagi | sedihi | sebopi |
| 3. | mo- | -o | monno (ding, plan) | moago | modiho | mobopo mmopo |
| 4. | bo- | -o | bonno (plek) | boago/-elo | bodihelo | bobopelo |
| 5. | se- | -o/-a | senno (middel) | seaga | — | sebopa |
| 6. | lo- | -o | lonno (versameling) | loago | — | lobopa (skepping) |
| 7. | mo- | -o/-tse | monntse > motse (stat) | moago > kago, (gebou) | modiho bodiho | mobopa > popo (making, vorming) |

soortlike bepaaldheid en getalsgebondenheid in funksie is, word sy betrokke funksie ook in die soortlikheid en getalsgebondenheid van die saak betrek juis deur die funksionering van die betrokke premorfeem, bv.:

| *Enkeltallig* | *Meertallig* |
|---|---|
| *moagi (m)oa-aga,* die bouer (menssoort) bou, — | *baagi ba-a-aga;* |
| *seagi sea-aga,* die bouer (diersoort) bou, — | *diagi dia-aga;* |
| *moagi (m)oa-diha,* die bouer (menssoort) werk — | *baagi ba-a-diha;* |
| *seagi sea-diha,* die bouer (dier) werk — | *diagi dia-diha.* |

Die *-a* van *oa, sea, baa, dia* is funksioneel 'n aspektiese morfeem van onbepaaldheid, onbegrenstheid, kontinuïteit.

9.2.3. Uit bostaande blyk dat die taaltipe soos die Bantoetale gestruktureer is op dieselfde funksionele prinsipes en lingeringsprinsipes as die Indo-Europese tale — dit word net op 'n taaleie manier gedoen — omdat die Bantoe tog met sy taalvermoëns sy omwêreld moet belewe en sy gelogoseerde belewenisse, hoe hy dit ook al mag doen, moet fonemiseer en verder lingeer net soos ander mense dit op hulle manier doen. Die geestelik-organiese apparatuur is by almal dieselfde en eenders, die oerbasiese lingeringsprinsipes is dieselfde, hulle word deur dieselfde lingale funksies bepaal en beheers, alleen die manier of metode van lingering verskil.

## 10. SINTAKTIESE, D.I. SINTAGMEMIESE EN SINTAGMATIESE TOEPASSING

10.1 Die funksionele struktuurontleding en interpretasie van lingemate uit Latyn, soos die saaklingemate *am-o-r, am-o-r-is, am-o-r-em* en die funksielingemate *am-a-b-i-t, am-a-v-er-a-t* ens., bewys dat Latyn 'n morfeemryke en sinteemryke taal is; die hele taalstruktuur word funksioneel daardeur beheers. Dit is ook die geval met die morfeemryke Bantoetale met hulle spesifieke sintaktiese struktuurvorm wat in wese deur die saaklingemate beheers word in morfemiessoortlike gerigtheid. Soos in Latyn is dit met Goties en die Oud-Germaanse tale. In die ontwikkeling van die Romaanse en veral die Germaanse tale het baie sinteme en morfeme defunk geraak en verdwyn, en hul funksies is soms deur die logeem of lingeem oorgeneem, maar waar dit nie die geval is nie, moes hulle funksies noodwendig en lingaalwetlik op ander wyses, met ander middels verrig word. Afrikaans het eintlik die eindstadium bereik, feitlik

die uiterste moontlike vereenvoudiging. Dit maak nog van morfeme gebruik, in prinsipe net soos Latyn, Goties of ander Germaanse tale maar in beperkte mate en deels op 'n ander wyse; dit het nog net meertalligheidsinteme by die saaklingemate behou. Daaruit volg dat morfemiese en sintemiese funksies vervul word deur outonome logemate, lingemate en sintemate wat die funksies verrig van morfeme en sinteme. As ons die Latynse sintagmeemstelsel vir die kontinuïtief-praesens van *am-a-re* neem: Sing. 1. *am-(a)-o,* 2. *am-a-s,* 3. *am-a-t;* Plur. 1. *am-a-mus,* 2. *am-a-tis,* 3. *am-a-nt,* dan onderskei ons die logeem *am-* en die funksielingemiese morfeem *-a-* of die funksielingeem *ama-* wat trouens in die hele funksiesintagmeemstelsel vir al die funksies daarvan funksioneer en deurgedra word: *aspekte, tempora, modi, vorme,* en die sinteme: Sing. *-o, -s, -t;* Plur. *-mus, -tis, -nt.* In Afrikaans „overgeset synde" lui die sintagmeme: *ek min, jy min, hy/sy min; ons min, julle min, hulle min; min* is hier funksioneel die logerende korrelaat van die logeem *am-* wat die logos dra, maar dit is hier outonoom en daarom is *min* struktureel en funksioneel 'n logemaat; as ons *bemin* gebruik, dan is dit die korrelaat van die lingeem *ama-* en dus 'n outonome lingemaat. Die sinteme *-o* (wat wissel met *-m* of *-i), -s, -t, -mus, -tis, -nt,* wat ook die hele sintagmeemstelsel deur vir die persoons- en getalsfunksies funksioneer, het as funksionele korrelate die egte persoonslogemate, resp. *ek, jy, hy/sy; ons, julle, hulle,* m.a.w. hulle vervul die funksies om die funksielogemaat *min* persoons- en getalsmatig te rig en te bepaal: in *Ons/jul(le) min/bemin* rig en bepaal die meertallige 1e en 2e persoonslogemate *ons/jul* die persoons- en getalsfunksie van *min/bemin,* want die funksie is altyd betrokke op en word altyd beheers deur sy *funktor* (die persoonsaak wat die funksie verrig/in funksie is), daarom is *ek, jy, hy/sy; ons, jul, hul* in hulle „sintaktiese" of sintagmemiese vorm en funksie *sintemate.* Ook in *Janus Annam amat* is *Janus* sintagmemies in sy funksionele, funktorale betrokkenheid op *amat* 'n sintemaat, omdat dit die funksiesintagmeem *amat* persoons- en getalsmatig bepaal en beheers. Logaal-struktureel is *Janus* en *Anna* lingemate, in besonder soortgerigte naamlingemate, sintakties is hulle sintagmeme weens hulle sintakties bepaalde en beheerste, funksionele, sintemies gerigte strukture: *Janus* sintagmemies die *funktor* omdat dit die funksie *min/bemin* verrig of „minnend" in funksie is, en *Annam* sintagmemies die *funktum* omdat dit funksioneel die funksie van Janus *moontlik maak:* sonder Anna kan Janus nie „amat" nie, *sonder albei se aandadigheid* in die bepaalde verhouding of situasie tussen hulle kan die funksie „amat" nie ontstaan en *sonder enigeen van albei nie bestaan nie.* Die ontstaan en bestaan van die funksie is in absolute sin afhanklik van albei in

'n verhouding of relasie-situasie alleen *moontlik* gemaak of veroorsaak word, aktionsartig as *relasiewe*. Byvoorbeeld: Jan kom in 'n bepaalde relasiesituasie tot *hout* te staan: daaruit kan verskillende funksies ontstaan: die een komplement van die verhouding *(hout)* maak die funksie moontlik, veroorsaak feitlik die ontstaan van die funksie by die ander komplement *(Jan)*, hy logoseer sy verhoudingsbelewing tot die ander komplement as 'n spesifieke, logaal-soortlik bepaalde funksie, lingeer dit, en inisieer en verrig dan die vermoontlikte, spesifieke funksie. Die „hout" maak die funksies *kap, dra, rol, sleep, verkoop, saag* ens. moontlik; Jan laat die funksie ontstaan en voer dit uit: *Jan kap, dra, rol, sleep, verkoop, saag* die hout: die komplement van die relasie wat die funksie lingeer en aktiveer, onderskei ons as die *funktor* met funktorale funksie, die komplement wat die funksie *vermoontlik,* as die *funktum* met funktumale funksie in die sin. Dit is dus nie 'n geval van „oorganklike werkwoorde" nie wat van 'n „onderwerp oorgaan op 'n voorwerp" of wat 'n „voorwerp in die ‚akkusatief' ‚regeer' " nie, maar van 'n aktionsartig relasiewe funksielogemaat/-lingemaat waarby ten minste twee komplemente in 'n tweepolige of „tweetermige" relasiesituasie aandadiglik betrokke is, die inisiërende en aktiverende in funktorale en die vermoontlikende in funktumale aandadigheid — dáárom die funksionele vormverskil, tradisioneelgrammaties die „kasusse" of „naamvalle". *Annam* is nie in die „akkusatief" omdat *amat* dit so „regeer" of so laat „verbuig" nie, maar puur en simpel omdat dit die funktumale, vermoontlikende funksie het in die relasiesituasie. Dis hierdie funksie wat die vorm bepaal en beheers. Die funktor-funktumstrukture *Janus-Annam* is primêr, die funksiestruktuur *amat* is logaal en funksioneel sekondêr, daarom kan die sekondêre *amat* tog nie die primêre *Annam* „regeer" of die „verbuiging" (sic) daarvan bepaal nie.

10.2. Die Latynse sintagmeem *am-a-v-er-i-t* logeer in Afrikaans; *Hy sal (ge)bemin gehad het.* Die logaal-funksionele, logaal-rigtende korrelaat van die logeem *am-* is die logeem *-min* van *(ge)bemin*, hier ook funksioneel die element wat die logaliteit van die sin basies rig; die korrelaat van die morfeem *-a-* wat die logeem *am-* funksielingematies rig, is die premorfeem *be-* wat ook die logeem *-min* rig tot funksielingeem *-bemin;* die korrelaat van die perfektiewe morfeem *-v-* is die premorfeem *(ge-)* van die perfektiefsintagmeem *(ge)bemin,* wat in Afrikaans defunk raak uit oorsake deels daarvan dat *-min* reeds morfemies gerig is deur die premorfeem *be-* (vgl. hy het

gemin/hy het bemin) en deels daarvan dat sy perfektiveringsfunksie verrig word ook deur *gehad*, element van die sintagmaat *gehad het;* die korrelaat van die pluperfektiewe of okklusiewe morfeem *-er-* is die funksioneel-gestruktureerde eenheid *gehad het* wat, bestaande uit twee outonome, sintagmemies-gerigte lingemate wat in hulle eenheidsfunksie nie 'n ‚sin' is nie, hier morfeemfunksie verrig en daarom as *morfematiese sintagmaat* onderskei word; die korrelaat van die temporaalfuturale morfeem *-i-* is die potensiewe logemaat *sal* wat dus morfeemfunksie verrig en daarom sintagmemies onderskei word as *morfemaat* wat die sintagmaat *gemin gehad het* by implikasie temporaal-futuraal rig; die korrelaat van die 3e persoon singularis-sinteem *-t* is die egte persoonslogemaat *hy* (dit kan ook *Jan* of *Die man* gewees het) wat dus die funksie van die sinteem verrig en gevolglik sintagmemies onderskei word as *sintemaat.* Dit is hierdie sintemaat wat sy 3e-persoons- en singularis-funksies oordra in die volledig gestruktureerde funksiesintagmaat *sal gemin gehad het; sal* is hier dus geen outonome, in sy oorspronklike, outonome logaliteit gebruikte „hulpwerkwoord" nie, maar is 'n tot morfemaat gerelegeerde sintagmaat-struktuerende element wat juis daardeur ook sy oorspronklike logaliteit versteur het. In *am-a-b-i-t* het die morfeem *-b-* die imperfektiewe funksie, die *-i-* die futurale en die *-t-* die sintemiese. In die Afrikaanse korrelaat: *Hy sal bemin,* is *hy* die sintemaat, *bemin* die funksielingemaat, *sal* die potensiewe en daarom futurale morfemaat (korrelaat van *-i-), sal bemin* die funksiesintagmaat, die funksie van die funktor *hy.* Daar is geen imperfektief-strukturerende korrelaat nie, omdat imperfektiwiteit in die potensiewe logaliteit van *sal bemin* self geleë is in die kontinuïtiewe aspek daarvan, net soos dit in die kontinuïtiewe aspek van die praesens *amat* en *hy bemin* geleë is.

10.3. Dit is bekend dat Oud-Germaans, Goties, en bv. Angel-Saksies geen morfemiese of sintemiese struktuurelemente vir die sg. futurale funksie gehad het nie. Die middel vir die funksie moes gevind word. En juis weens sy outonome aktionsartig potensiewe logaliteit was die funksielingemaat *skulan* die as 't ware selfaangebode middel daartoe — dit kom dan ook reeds sporadies in gemelde tale in die funksie voor. Dit is hierdie struktureel-funksionele ontleding en interpretasie wat ons dwing om die meganisties-utilistiese interpretasie met sy meegaande terminologie van niksseggende „hulpwerkwoorde" en „koppelwerkwoorde" en van „predikatiewe bnw. en snw. of attribuut" te verwerp, omdat die funksielingemate diachronies-funksioneel en logaal-struktureel ontwikkel het om die funksies van morfeme aan te vul, te versterk, te isoleer en uiteindelik

*kind word onderwyser* — is die kind nog nie *groot* nie, sal miskien nooit eers *siek* word nie, en is nog jare van *onderwyser* af. Dus kan die *groot/siek/onderwyser* tog nie betrokke wees op *kind* nie, onmoontlik „bygevoeg", „geadjek", „geadjunk" of „gepredikeer" („geprofeteer" sou meer logies wees) by *kind*. Die lingale, logiese feit is dat die kind se funksie is om as sodanig daartoe funksionerend in die proses van groei, van grootwording, siekwording, onderwyserwording te wees — sy funksie is dus *word groot* (inseptief), *sal siek word*, aspekties: potensief; temporaal: futuraal; aktionsartig: inseptief; *word onderwyser;* aspekties: kontinuïtief; temporaal: praesens; aktionsartig: inseptief). Hulle is almal funksiesintagmate, gestruktureer uit die logemate *groot* en *siek*, die lingemaat *onderwyser* en die morfemaat *word* en die sintagmaat *sal word*. Deur hulle outonome logaliteit en aktionsartigheid bied die funksielogemate: *word, wees, skyn, blyk, kan, wil, moet, sal* ens. hulle as 't ware self aan om tot morfemate gerelegeer te word vir die strukturering van funksiesintagmate: in *word groot* (inseptief), *is voorsitter/blyk onderwyser te wees* (eksistief), *kan siek word/wees/skyn siek te wees; moet/gaan/wil/skrywe* (potensief) ens., is hulle almal morfemate en geen outonome lingemate meer nie.

10.4. Net so het ander morfemate ontwikkel. In Latyn: *Dixit ille imperator*, Die bevelvoerder het aan/tot/vir hom gesê, word al die lingale funksies deur logeme, morfeme en sinteme verrig. In Goties: *Qath du imma sa bokareis*, Die/daardie/sekere skrifgeleerde het aan/tot/vir hom gesê; *Qethun du Xristau*, Hulle het aan/tot/vir Christus gesê, kry ons reeds elemente wat geen korrelate in Latyn het nie, naamlik die elemente *du* en *sa*, waarvan die korrelate in Afrikaans resp. is: *aan/tot/vir* en *die/daardie/sekere*. In Goties sou die sinne sonder *du* en *sa* nog duidelik wees (nes in Latyn) en lingaal-funksioneel of „grammaties" volkome korrek: *Qath imma bokareis, Qethun Xristau*, maar die *du* versterk, rig en verseker meer effektief die funksies wat reeds deur die morfemies-sintemiese elemente *-(m)a* van *imma* en *-au* van *Xristau* verrig word, en die *sa* versterk, rig en verseker meer effektief die saaksoortgerigte, indiwidualiserende, getalsbepalende en benoemende funksie van die sinteem *-s* in *bokareis* — daarom is *du* en *sa* skynbaar wesentlike sintemate. Ons moet egter in ag neem dat sinteme ook lingemaatstrukturerende en sintagmeem-strukturerende funksie het juis vir die sintaktiese gerigtheid naas en behalwe die getalsfunksie (en persoons-

funksies by die funksielingemate). Die *aan/tot/vir* versterk en rig bepaaldelik die funksie van *du* wat nie getalsfunksie het nie, daarom kan *du* ook meertallige sintagmeme versterkend bepaal en rig, en hierom is dit dus 'n morfemaat en vanweë dieselfde funksies is *aan/tot/vir* sintagmemies *morfemate* in die sintagmate *aan hom, tot hom, vir hom; aan Christus, tot Christus, vir Christus* net soos *du* 'n sintagmemiese morfemaat is in die sintagmaat *du imma* en *du Xristau*. As outonome logemate (want hulle is ook gefonemiseerde logosse) is *aan, tot, vir verhoudingslogemate:* hulle stel 'n verhoudingsituasie tussen sake: *bevelvoerder* aan/tot/vir *hom* (Brutus); *skrifgeleerde* aan/tot/vir *hom* (Christus); *hulle* (die mense) aan/tot/vir *Christus*. Hulle is daarom ook geen „voorsetsels" nie, veeleer „tussensetsels" as hulle funksie dan alleen is om „geset" te word, want hulle „bepaal" of „regeer" beslis nie die „naamval", watter ook al, ná hulle nie: die naamvalle *imma* en *Xristau* (sekondêrvermoontlikende funktum) het in hulle eie reg en met hulle eie funksies bestaan voor en sonder die *du*. Die oorname van die funksies van die morfeem-sinteem is juis die oorsaak van die defunkwording en verdwyning van die „naamvalsverbuigings" (sic) tot 'n nulpunt in die Afrikaanse saaklingemaat.

10.5. Die geval van *die/daardie/sekere* as korrelate van *sa* is ietwat anders te interpreteer: *bokareis* is funksioneel soos volg gestruktureer: logeem: *-bok-* (vgl. boek), morfeem: *-ar-* (saaklingeemrigtend, vgl. skryw-er), morfeem *-ei-* (saaksoortrigtend), sinteem: *-s-* (benoemende, indiwidualiserende, getalsrigtende). Oud-Germaans (Goties), soos ook Latyn, het geen indiwidualiseringslingemate gehad nie, omdat die sinteme die funksie verrig het. Ook hier het die behoefte uit noodsaak ontstaan om tog 'n middel te hê tot versterking en tot isolering van die besondere funksie van die sinteem wat wesentlik morfemiese funksies is en nie getalsfunksies nie. Hiertoe is aangewend die aanwysende persoonslogemaat waarvan die lingale funksie juis isolerend, indiwidualiserend was en daarom ook soortonderskeidend: „maskulinies, femininies en neutraal": *sa — so — thata*, soos in *sa bokareis*. Die outonome aanwysende persoonslogemate word dus gerelegeer tot morfematiese funksie en ontwikkel tot die betrokke bepaalde of verbesonderende indiwidualiseringslogemate in die verskillende Germaanse tale: Mndl.: *die, die, dat,* Ndl.: *de, het;* Dts.: *der, die, das;* Eng.: *the;* Afr.: *die.* Die onbepaalde of veralgemenende indiwidualiseringslogemaat ontwikkel weer uit die getallogemaat: Oud-Germaans — Goties *ains,* Angs. *an,* Eng. *an, a;* Ndl.: *een, 'n;* Dts.: *ein, eine, ein;* Afr.: *'n.* Hulle is dus funksioneel resp. verbesonderende, bepaalde (liewers: bepalende) en veralgemenende,

## 11. LINGEMAATONDERSKEIDING EN LINGEMAATINDELING

Hiermee het ons vanself gekom tot die probleem van lingemaatonderskeiding en lingemaatindeling volgens lingologiese prinsipes. Omdat dit 'n studie op homself vereis, moet ons volstaan met die terloopse onderskeiding wat noodwendigerwyse by die toepassing van die prinsipes van die lingologiese taalinterpretasie gemaak moes word, soos byvoorbeeld saaklingemate, funksielingemate, persoonslingemate, verhoudingslingemate, hoedanigheidslingemate en indiwidualiseringslingemate.

Weens die besondere plek wat die funksielingemaat kragtens sy wesensaard en die verskeidenheid van sy funksies in enige taal inneem, wil ek dit in die volgende hoofstukke vanuit lingologiese oogpunt, soos in vooruitsig gestel, nader ondersoek en die funksies onderskei en interpreteer in toepassing op Afrikaans.

HOOFSTUK III

# DIE FUNKSIELINGEMAAT IN AFRIKAANS: 'N LINGOLOGIESE BENADERING

## 1. DIE WESE VAN DIE FUNKSIELINGEMAAT

1.1. *Die verskeidenheid van saaklingemate.* Die taalskeppende mens ervaar en beleef, in sy ingeskakeldheid in die kosmos (waarby hy self as ek-persoonsaak ingesluit is), sake: reële, fenomenele, geestelike, denkbeeldige of versinde, uit sy fisiese, plantlike, dierlike, menslike, sosiale, ekonomiese, kulturele en geestelike omwêreld, *as sake*, d.i. as bestaande ietse, dinge, gebeurtenisse of verskynsels, bv. *lug, atoom, suurstof, water, son, klip, stof; swam, boom, vrug, tak, gras, plant; reptiel, insek, selakant, perd, dier; man, vrou, seun, predikant, soldaat; kerk, volksraad, vergadering, skool, woning, motor, skildery, boek, stoel; telefoon, radio, tegnologie, geologie, psigologie, fisika, ens.; gedagte, verstand, gees, gevoel, logos, engel, spook, kabouter, tokkelos, Klaasvakie, Rooikappie* e.s.m. Hy beleef die sake in hulle verskeidenheid, indiwidueel, wesensaardlik, elke saak en alle sake in sy of hulle soortlike bestaansgebondenheid, in hulle tydruimtelike bestaansgebondenheid en ook getalsmatig en groepmatig. Die saakbelewing logoseer hy tot soortonderskeie, soortgerigte en soortbeheerste logosse wat hy fonemiseer en lingeer tot *saaklogemate* of *saaklingemate*. (Noot: Kortheidshalwe word die term *lingemaat* gebruik as algemene term om alle outonome fonomorfiese struktuurtipes, bv. logemaat, morfemaat, lingemaat en sintemaat, te dek, behalwe waar onderskeiding wenslik of noodsaaklik is.)

1.2. *Die saak en sy funksie.* Maar die taalskepper ervaar en beleef homself as persoonsaak en ander persoonsake en ook alle sake, soos bo onderskei, as op een of ander wyse funksiegebonde, d.w.s. dat geen saak wesenloos, doelloos, taakloos, sonder bestemdheid, ongebonde, ongerig, ruimteloos of vormloos, tydloos, toestandloos, kenmerkloos, kosmies onbepaald of hoe ook al bestaan en voortbe-

en -gebondenheid kragtens sy wesensaardlike en kosmiese gebondenheid. Die nakoming, die vervulling, die uitvoering van, die beantwoording aan, die uit- of beoefening, die realisering van hierdie wesens-, bestaans- en doelgebondenheid onderskei en onderken ons in die gebeure of verskyning, in die waarneembaarheid en beleefbaarheid daarvan as die besondere *funksie* van die betrokke saak, wat op die voorbeskikte wyse van taalmaking gelogoseer word tot funksielogos, dan gefonemiseer en gelingeer word tot *funksielogemaat, funksielingemaat* of *funksiesintagmaat,* bv. die son *skyn/brand neer/kom op/gaan onder/is warm/verskroei* alles/*breek* deur die wolke; die sterre *vonkel;* die diamant *skitter;* yster *is hard/is smeebaar/breek/val/buig/verroes;* die hemel *strek* hom *uit;* die aarde *wentel* van wes na oos; die skip *vergaan/vaar;* die plant *groei/is groen/blom/verwelk;* die voël *vlieg/voed* sy kleintjies; die diere *vreet* gras; die mens *haal asem;* die man *werk*/maak 'n stoel/*ontwaak/slaap* rustig; die vuur *brand/gaan dood;* die skildery *hang;* die tafel *staan;* die water *staan* in die dam/*loop* in die kanaal/ *verys/kook;* die tyd *gaan verby;* die spook *dwaal;* nood *leer bid;* die kabouters *klouter* in die boom; Klaasvakie *strooi/gooi* sand in die kinders se oë; die liefde *beskaam* nie/*is lankmoedig;* die hoop *verflou* nie; die fisika *ondersoek* en *verklaar* die natuurkragte; die atoombom *ontplof;* diie satelliet *wentel* om die aarde.

Die gelogoseerde en gefonemiseerde, d.i. die gelingeerde gestalte van die saakfunksie soos die taalmaker dit beleef, interpreteer, logoseer en lingeer, is die *funksielingemaat.*

1.3. *Die saakgebondenheid en saakbepaaldheid van die funksielogaliteit.* Wesentlik het elke indiwiduele saak dan kragtens en binne die begrenstheid van sy wesensaard en soortlikheid sy eie funksies wat sonder meer as verskynsels, as gebeure van die saak uitgaan, deur die saak ontstaan, tot stand kom, uit die bestaan van die saak voortkom, aandui hoe, waaruit of waarin die saak bestaan, deur die saak verrig word, ondergaan word of wat ook al, wat ons dan as funksies daarvan ervaar, belewe, onderken, logoseer, fonemiseer en lingale gestalte gee of lingeer in funksielogemate, funksielingemate en funksiesintagmate al na gelang van die aard en fonomorfiese en morfologiese struktuurpatroon en -stelsel van die betrokke taal. Hierdie wesentlike saakgebondenheid van die funksie bring die lingale feit mee dat dit die betrokke saak of sake is wat die logaliteit, die wesentlike aard en logale inhoudelikheid van die funksie soos die taalmaker dit beleef en logoseer, bepaal, beheers en

rig, of, anders gestel: die funksielogos of die logaliteit van die funksie word bepaal, gerig en beheers deur die betrokke saak soos die taalmaker dit in die wesensaarlikheid en soortlikheid en in die funksiesituasie daarvan beleef, interpreteer en lingeer, bv. die funksielingemaat *staan* het telkens wel 'n logaal verwante maar tog 'n soortlik anderse logaliteit na gelang dit *die man, die boom, die tafel, die horlosie, die water, die son* (aan die hemel), *die dominee* (in 'n gemeente, op 'n plek) is wat *staan*. In: *Die kind skreeu* het *skreeu* 'n logaliteit wat verskil van die in *Die gepeupel skreeu* of in *Die jakkals skreeu* of in *Die rembande skreeu.*

So het die funksielingemaat meesal logaal meervlakkige potensialiteit na gelang van die bepaaldheid en gerigtheid daarvan deur die betrokke saak of sake. In die taal is die funksielingemaat altyd, selfs in sy onbepaalde bestaansvorm, logaal op 'n fungerende saaklingemaat betrokke en vir sy bestaan daarvan afhanklik. Daarin is sy lingale wese geleë.

## 2. SOORTONDERSKEIDING VAN FUNKSIELINGEMATE

2.1. *Bestaansfunksies.* Die blote bestaan van 'n saak is reeds 'n funksie daarvan. Die taalmaker ervaar en beleef 'n saak-in-sy-bestaan, en deur die proses van logosering waardeer of evalueer, begryp, verstaan en onderken hy die saak as saak, weet hy dit as bestaande, as „issende" — as ek dit so mag stel. Hy beleef die blote bestaan, die blote wees of syn van die saak juis as die besondere *funksie* daarvan, logoseer die bestaan as 'n funksie en lingeer sy logos daarvan logomorfies en fonomorfies in die logemate *is, wees, blyk* (te wees) en die lingemaat *bestaan*. Om *saak* te wees, die besondere saak in sy wese, aard en soort, dat dit saak is, saak blyk te wees en as sodanig onderkenbaar en onderskeibaar is, is die primêre funksie daarvan, bv. God *is;* Ek *is* wat ek *sal wees;* Die dwaas sê in sy hart: daar *is* geen God nie; Daar *is* maar een Suid-Afrika; God *bestaan;* Water *bestaan;* In die Poolse ysgebiede *bestaan/is* daar geen plante nie; Jy jok, dit *is* nie! Dit *is*. Hy *was* hier; Dit *is goed/sal goed wees;* Die treurige berig *blyk* tog *waar (te wees)*. Die lingering van die funksies geskied net soos ten opsigte van enige ander soort funksie, soos bv. Piet *skryf* 'n brief; hy *beskryf* daarin die ongeluk; of: soos *lees, oorlees, loop, hardloop, kap, buig, buk, bewe, bibber, rittel, wend, wentel, val, vel, wei, ry, gly, lag, huil, treur, skel* in hulle ontstaan en gebondenheid aan die betrokke saak-in-funksie.

Omdat hierdie also onderskeibare funksielingemate *is, wees, blyk, bestaan* die blote bestaan of eksistensie van sake as 'n funksie daarvan stel, karakteriseer en subsumeer ek hulle as *eksistiewe*.

elke saak naas en buite sy blote en suiwere bestaansfunksie nog ander funksies wat as funksies 'n eie, outonome logale geslotenheid of liewers geslote logaliteit het en net aan die fungerende saak waarvan hulle 'n funksie is, gebonde en daarop betrokke, bv. naas *God is* (bestaansfunksie, eksistief) is daar *God regeer/beskik; Bome groei/swaai; Die sterre vonkel; Die skuimwyn fonkel; Die reën sif neer; Die son skyn; Die vuur brand; Die kind huil/slaap/lag/skreeu/kruip; Die besoekers kom en gaan; Die horlosie loop; Die water vloei/stroom/raas; Die sieke sluimer/snork; Die gras verdor, die blom val af; Die perd draf/hardloop/galop/skrik/runnik; Die klip lê/val/rol; Die klok lui; Die honde blaf*, ens. Hierdie soort funksies is as 't ware 'n uitvloeisel van een of ander bestaansaspek van 'n saak ter vervulling van 'n funksie wat logaal in homself voltooi is, vervolledig in homself, om homself as funksie geskied in absolute sin. Daar is geen gebondenheid aan of betrokkenheid op 'n ander saak as die een in funksie, uit oorsake waarvan dit as funksie ontstaan of as funksie vermoontlik of vernoodwendig word nie. Die logaliteit van die funksie in sy gebondenheid aan die originerende en inisiërende saak — die funktor — is in homself tot homself begrens, in homself logaal volkome volledig, afgesluit, outonoom, absoluut in die funksiegerigtheid. Daarom onderskei en karakteriseer ek hierdie soort funksies deur die funksielingemate as *absolutiewe*, kragtens hulle logale selfgenoegsaamheid.

Dit moet opgemerk word dat die beslissende onderskeidingsnorm van die *absolutiewe* geleë is in die wesensaard van die logaliteit daarvan soos bepaal en gerig deur die fungerende, inisiërende en aktiverende saak. Geen funksie kan as funksie vanself ontstaan en outonoom, los van en sonder 'n „kreërende" en inisiërende saak bestaan nie, nie in die ruimte of tyd nie, nog minder in die lingerende menslike gees — en allermins in die taal: die funksielingemaat is altyd logaal en funksioneel funktoraal gebonde en beheers.

2.2.2. Naas die funksielingemate wat alleen funktoraal gebonde en beheers is en dus logaal-wesentlik absolutiewe is en nooit anders kan wees nie, bv. *Die kind/wolf/wind huil* (telkens met 'n ander logaliteit óm 'n gemeenskaplike logale kern na gelang van die betrokke funktorale gebondenheid), bestaan daar diesulkes wat weens die potensieel meervlakkige logaliteit ook op 'n vermoontlikende, selfs kousale of resultatiewe, funktumale komplement betrokke kan wees, omdat hulle in die geval 'n funksierelasie lingeer, dus

logaal relasief is, vanselfsprekend met gewysigde logaliteit, bv. *Die vuur/die kers/die gras/die lamp/die hout brand* (absolutief) teenoor: *Ouma brand koffie; Ek brand my vinger; Die warm koffie brand sy mond; Die gasvlam brand die onhandige sweiser se hande* (relasief); *My hart brand* (absolutief) *van verlange* (kousaal-eksplikatief); *Die wiel draai* (absolutief) teenoor *Jan draai die wiel* (relasief) en *Pa draai stroppe* (relasief-resultatief); *Lood weeg swaar* (absolutief) teenoor: *Hulle weeg die goudstawe* (relasief); *Die klok lui* (absolutief) teenoor *Die koster lui die klok* (relasief); *Die kinders mors* (absolutief) teenoor *Die kinders mors die suiker* (relasief)/ *mors sous op hul klere* (relasief); *Jy mors jou tyd* (relasief); *Jan en Annie trou vandag* (absolutief); *Ds. Fick trou die paartjie* (relasief); *Die water kook* (absolutief); *Ma kook kos* (relasief); *Die vuur rook* (absolutief); *Jan rook sterk tabak* (relasief); *Die pyp rook lekker* (absolutief).

2.3. *Funksies uit relasiesituasies*

2.3.1. Voorgaande bring ons by die nadere bepaling van nie-selfgenoegsame, d.i. nie-absolutiewe of relasiewe funksies. In die wêreld van sake staan sake in bepaalde verhoudingsgebondenhede, verhoudingsituasies, doelgebondenhede tot of teenoor mekaar, en daaruit, daardeur, daarkragtens of uit oorsake daarvan ontstaan daar verskynsels van inwerking, van beïnvloeding van die een van die ander of van mekaar, van reaksies op mekaar, van handelinge of funksies van die een ten opsigte van die ander of van mekaar in groot verskeidenheid. Die soort funksies kan nie ontstaan en nie bestaan sonder of buite die betrokkenheid van die sake in die bepaalde verhouding- of bestaansituasies nie — albei elemente of komplemente van die verhouding of relasie is funksioneel regstreeks in of by die ontstaan en bestaan, by die logale wesendheid en gerigtheid, bepaaldheid en soortlikheid van die funksie van die een saak t.o.v. die ander saak betrokke. So kom *Jan* as saak/ persoon in regstreekse, bepaalde funksieverhouding of funksierelasie te staan tot *hout* en uit verskillende relasiesituasies of relasiegerigtheid waarin *Jan* tot *hout* te staan kom, ontstaan bepaalde funksies van *Jan* t.o.v. *hout: Jan kap/dra/sleep/rol/sien/koop/verkoop/skaaf/saag die hout;* of *die hout* t.o.v. *Jan: Die hout beseer/hinder/val op Jan.* Soortgelyke funksies is: *spit (Die man spit die tuin); skoffel/laai/ maak (Die volk skoffel die lande/laai die wa/maak die pad); slaan (Bileam slaan die esel); skop (Die esel skop die jong); eet (Die kind eet sy pap); bou (Die swaeltjie bou 'n kunstige nessie); ry (Hy ry die perd stokflou); spot (Anna spot Piet oor sy lompheid); igno-*

*grawe die kindjie); sny (Ons sny vandag lusern); lees (Opgevoede mense lees goeie boeke)*, ens. ens. Die relasiesituasies word beleef as funksies van die betrokke sake ten opsigte van die ander betrokke sake, waarvoor dan deur die prosesse van logosering en fonemisering relasiewe funksielingemate geskep word.

Dit is lingaal gesien uiters noodsaaklik om baie duidelik te begryp dat albei komplemente van die relasie *Jan — hout; hout — Jan; die man — die tuin; die volk — die mielies; Bileam — die esel; die esel — die jong; die kind — sy pap; die swaeltjie — kunstige nessie; hy — die perd; Anna — Piet; ek — sy opmerking; Pa — jou bewering; hulle — mekaar/die vyand; Adoons — die lande; Tom — 'n os; hulle — die kindjie; ons — die lusern; opgevoede mense — goeie boeke* noodsaaklik, selfs noodwendig aandadig, as 't ware „geneties" aandadig is aan die ontstaan, die bestaan en die logale wesendheid en gerigtheid van die funksies *kap, dra, sleep, sien, koop, verkoop, skaaf, saag, beseer, hinder, spot, slaan, begrawe, bou*, ens., ens. Sonder die fungerende, d.i. die inisiërende, aktiverende saak kan geen van die funksies ontstaan en verrig word nie, maar ewe min sonder die vermoontlikende, veroorsakende, kompleterende of komplementêre saak, al is dit ook die fungerende saak self in die rol van komplement, ten opsigte waarvan die funksie ontstaan en verrig word, bv. naas *Die man beseer sy voet*, het ons: *Die man beseer homself;* naas *Die mededingers maak hul bagasie gereed om te vertrek: Die mededingers maak hulle gereed vir die wedloop.* Dit is nie die funksie wat die vermoontlikende komplement deur „daarop oor te gaan" in die relasie van die sake betrek nie, maar die funksie ontstaan juis uit en deur die besondere relasiebetrokkenheid van die sake op mekaar (bv. *Die broer en suster groet mekaar)* en die funksiegerigtheid van een saak op die ander (bv. *Die broer groet sy suster)* — die inisiërende, aktiverende saak op die vermoontlikende, veroorsakende. Albei sake is ewe onontbeerlik in die funksierelasie betrokke: die ontstaan, die kreëring as 't ware, kragtens en uit die funksierelasie, die inisiëring, die ontplooiing, die aktivering van die funksie begin by, gaan uit van die bepaalde fungerende saak — wat ons onderskei as die *funktor* of *funktorale komplement* in die verhoudingsituasie of funksierelasie — en word vermoontlik, selfs veroorsaak, logaal-medebepaal en gerig en bereik verwesenliking, vervollediging, resultatiewe of effektiewe afloop in en deur die ander komplementêre saak. Hierdie noodsaaklike, onontbeerlike, vermoontlikende komplement is so nou, so wesentlik in die funksie-

relasie waaruit en waardeur die funksie ontstaan, waarkragtens dit gelingeer word en bestaan, betrokke dat ons dit onderskei en karakteriseer as die *funktum* of *funktumale komplement* teenoor die *funktor* of *funktorale komplement*. Nie alleen vermoontlik, desnoods veroorsaak die funktum die funksie nie, maar dit is wesentlik regstreeks betrokke in die ontstaan en bestaan van die funksie en medebepaal die logaliteit daarvan. Die funktor is die kreërende, die inisiërende, die aktiverende funksiepool, die funktum is die vermoontlikende, veroorsakende, logaal-medebepalende funksiepool. En daarom onderskei en karakteriseer ek die gelingeerde logomorfiese en fonomorfiese strukture van die funksies as *relasiefunksielingemate* of *relasiewe* teenoor die *absolutiewe* van par. 2.2.

2.3.2. By die *absolutiewe* en *relasiewe* funksielingemate is dit dus nie 'n kwessie van „onoorganklike/intransitiewe" en „oorganklike/transitiewe" nie, maar van logale absoluutheid, van ontstaan, vervollediging en afloop in homself, om homself van die betrokke funksie in die een geval, en van ontstaan, ontwikkeling uit 'n verhoudingsituasie, 'n relasiesituasie van sake ten opsigte van mekaar in 'n bepaalde funksiebetrokkenheid in die ander geval, met die ontstaan, die inisiëring en aktivering by een pool of komplement — die funktorale — en die vermoontliking, vervollediging en afloop by die ander pool of komplement — die funktumale — die logaal-medebepalende en rigtende.

Dit is uit hoofde van die besondere funksionele aandeel wat elk van die relasiekomplemente, die inisiërende en aktiverende funktor en die vermoontlikende, vervolledigende, logaal-medebepalende funktum, in die funksierelasie vervul dat elk kragtens sy betrokkenheid tot die bepaalde funksie, die aandeelverskil in 'n funksionele morfologiese struktuurverskil beliggaam in die sintemerende tale soos bv. in Latyn en Goties: die eerste die funktorvorm, die ander die funktumvorm, tradisioneel-grammaties die logisisties-kategoriese Subjek-Objek, Onderwerp-Voorwerp, Nominatief-Akkusatief, Eerste-Vierde Naamval. In die gedesintemeerde tale is die funktorale en die funktumale komplemente alleen te bepaal uit die funksionele en logale betrokkenheid van elk ten aansien van die funksierelasie. Alleen by die persoonslingemate word funksioneel-morfologiese vorme nog gehandhaaf, bv. ek — my; jy — jou; hy — hom; sy — haar.

2.3.3. Dit is hier die plek om 'n „grammatiese" interpretasie wat lingaal en lingologies onhoudbaar en onaanvaarbaar is, bloot te lê. Dit is naamlik dít: dikwels kom dit voor dat suiwer relasiewe funksielingemate „sonder voorwerp/objek" (soos dit tradisioneel-

*... Ek weet nie, Ek glo nie, Hy drink; Jy kry, hoor!*
Mens hoef maar net die eenvoudige lingale probleem te stel: Kan ons of enigiemand ter wêreld *gaan groet* as daar niemand is om gegroet te word nie? Dan is die ewe eenvoudige antwoord: Inderdaad, *groet* as funksie is in en deur sy funktorale gebondenheid en logale gerigtheid altyd relasief-funktumaal op 'n vermoontlikende, desnoods veroorsakende komplement betrokke — as funksie het dit ontstaan uit en is dit alleen moontlik in die relasiesituasie: groeter — wedergroeter of groeter — gegroetwordende. Sonder enigeen van die twee noodwendige relasiekomplemente kan die funksie *groet* nie ontstaan, bestaan, of plaasvind nie: die een is inisiërend-aktiverend, die ander vermoontlikend-veroorsakend aandadig aan die funksie. Ewe onmisbaar. Albei pole is medestrukturerend in die logaliteit betrokke. Klaarblyklik is die „te groete voorwerpe" by implikasie deur die wesentlik relasiewe logaliteit van die funksie *groet* tog funksioneel in die funksie betrokke, dermate so dat dit vanselfsprekend is dat as „ons gaan groet", daar tog mense, vriende, kennisse, kollegas is en moet wees wat „ons gaan groet", anders kan en sal ons nie „gaan groet" nie! En wie kan *weet* of *glo* of *drink* of *kry* sonder dat daar noodwendig *iets is* wat *geweet, geglo, gedrink* of *gekry* is of word? Daarsonder kan geen van die funksies bestaan nie. Al hierdie funksielingemate: *groet, glo, weet, drink* en *kry* is wesensaardlik relasief, ondanks die verskynsel dat hulle „soms sonder 'n voorwerp/objek gebruik word" of dat „die doener nie 'n onderganer" het nie. Hulle is altyd weens hulle wesensaardlike logaliteit funksioneel betrokke en gerig op 'n vermoontlikende, noodwendige funktumale komplement — daarom nooit absolutief nie. Geen „grammatikus" of linguis of gebruiker kan hulle die logaal-relasiewe wesensaardlikheid en gerigtheid ontneem of dit wegverklaar nie. Sou *spit, kap, skryf, eet* in sulke gevalle soos: *Die jong spit; Die seun kap; Jan skryf; Ons eet* dan ook „onoorganklik" (absolutief) wees, omdat hulle „sonder voorwerp" gebruik word of omdat daar „geen onderganer" is nie?

2.3.4. Tot die relasiewe funksielingemate behoort daar 'n soort wat ontstaan uit 'n relasiesituasie waarby daar 'n noodwendige derde komplementêre saak in die funksierelasie betrokke is om die funksie as funksie te vermoontlik, effektief te rig en te vervolledig, soos byvoorbeeld die funksie *gee*. Die funksie kan nie ontstaan, bestaan en plaasvind as daar nie nog 'n saak is nie ten opsigte van wie of waarvan dit ontstaan, bestaan, effektief gerig en uitgevoer

word, bv.: Piet kan nie *gee* as daar nie *iets* ('n boek) is om die „gee" moontlik te maak nie: sonder so 'n relasiesituasie *Piet — boek* kan die funksie *gee* in absolute sin nooit ontstaan, nooit bestaan en nooit verrig word nie, maar ook ewe absoluut nie as daar nie nog 'n saak/persoon in die relasiesituasie betrokke is ten opsigte van wie of waarvan *Piet* die funksie *gee* kan verrig nie. So 'n drieledige, tripolige funksiesituasie of funksierelasie is die noodsaaklike ontstaansbodem vir die soort funksies: die inisiërende funktorale komplement *Piet;* die regstreeks vermoontlikende logaal-medebepalende en -rigtende funktumale *'n boek* en die derde kompleterend-vermoontlikende, direktief-funktumale *Anna: Piet gee Anna 'n boek = aan/vir Anna.* Dit is duidelik dat die direktief-funktumale komplement van die relasie 'n andersoortige funksionele aandeel aan die funksie *gee* het as die funktor *Piet* en die funktum *'n boek,* en daarom het dit ook in die sintemerende tale sy eie, bepaalde morfologiese, funksioneel-onderskeibare vorm, verskillend van die funktorale en die funktumale. In die gedesintemeerde tale word dit morfematies gestruktureer deur middel van 'n ekspletief-direktiewe verhoudingslingemaat soos hier *aan/vir,* of andere al na gelang van die funksielogaliteit en -gerigtheid. Tradisioneel-grammaties word dit onderskei as die *Datief,* die *Belanghebbende* of *Indirekte Voorwerp* of *Derde Naamval.* Omdat dit wesentlik en lingaal in 'n sekondêr-vermoontlikende en direktiewe relasie in die funksie betrokke is, karakteriseer ek dit as die *direktiewe* funktum of die direktief-funktumale komplement.

In die morfemerend-sintemerende tale is sporadies reeds die funksie van die sekondêr-vermoontlikende, direktief-funktumale komplement geëkspliseer, versterkend gerig en logaal beklemtoon deur 'n morfematiese verhoudingslingemaat, bv. in Goties: *Qath* du Xristau sa bokareis* i.p.v. die volkome korrekte en doelmatige: *Qath Xristau sa bokareis,* 'n (Sekere) skrifgeleerde het *aan/vir/tot* Christus gesê... Mettertyd is die logaal-bepaalde en logaal-gerigte verhoudingslingemate as morfematiese struktuurmiddele aangewend, en hulle het geleidelik die funksies van die morfeem-sinteme oorgeneem, waardeur laasgenoemdes defunk en oorbodig geword het. Die oorname van die relasiefunksies van die morfeem-sinteme is juis die oorsaak van die defunkwording en verdwyning van die „naamvalsverbuigings" (sic) tot 'n nulpunt in die Afrikaanse saaklingemaat.

Die volgende is nog voorbeelde van die soort relasiewe funksielingemate: *Ek sê (vir) die man die waarheid; Daantjie verkoop sy*

---

* Orals waar in die teks *th* in Gotiese woorde in die skryfvorm voorkom, verteenwoordig dit 'n enkelfoneem, nl. die *stemlose dentale frikatief.*

*man 'n present; Piet beskuldig die agent van troubreuk; Hy kla die oortreder aan by die polisie.* Soms word die direktiewe funktum nie bepaaldelik gestel nie, soos bv. *Die boorgat gee goed water; Daniël verkoop groente; Die aangeleentheid gee onnodig moeilikheid; Die koei gee sleg melk;* maar funksioneel is daar tog altyd een of ander versweë direktief-funktumale komplement in die relasiewe funksie betrokke.

2.3.5. Daar is reeds daarop gewys dat die funktor self as vermoontlikende, funktumale komplement in die relasiewe funksie betrokke kan wees, bv.: *Ma was my/Ek was my; Bettie was haar (vir Susan)/Bettie was haarself; Jan kap hout/Jan kap hom oor die kop* (iemand anders)/ *Jan kap homself in die voet; Piet skeer die skaap/ Soggens skeer Piet homself gereeld/Die haarkapper skeer die man/ Die haarkapper skeer hom* (die man)/ *Die haarkapper skeer homself/ Ek skeer my; Die Kommuniste pynig en martel hulle gevangenes/Die kluisenaar pynig en martel homself; Hy het die boek tuis vergeet/Hy vergeet homself in sy woede; Ek herinner jou aan jou belofte/Ek herinner my nog baie goed dat . . . ; Die burgers verdedig hul vaderland teen die vyand/Jy verdedig jou teen die aanklag,* e.s.m. Sodanige relasiewe funksies het logaal-wesensaardlik die potensialiteit daartoe. Daar is geen „toevalligheid" hoegenaamd daarby betrokke nie. Ewe min is die betrokkenheid van die funktor self in funktumale hoedanigheid in die funksie 'n kwessie van „wederkerigheid" of „wederkerendheid" — immers, in 'n sin soos *Ma was my,* kan *was* nie ontstaan, nie bestaan, nie plaasvind sonder *Ma* nie, maar ewe onverbiddelik kan *Ma* nie *was* nie as *my* nie in die was-situasie betrek is nie — *my* maak in absolute sin die funksie *was* moontlik, en in en met *my* se aandadigheid, deelhebbendheid aan en ingeslotenheid in die funksierelasie: *ma . . . my* word dit eers as funksie moontlik, bereik dit volledige logaliteit en is dit eers werklik 'n funksie. In plaas van *my* of *haar hande* as funktumale komplement in die funksierelasie te betrek, kan *Ma haarself* as funktumale komplement daarin betrek: *Ma was haarself.* Logies kan wat wesentlik nog geen funksie is nie, tog nie „wederkeer" nie tot dit wat self medewerkend, aandadig, deelhebbend betrokke is juis by en in die moontlikmaking, ontstaan en vervollediging van die funksie self. Ons het in hierdie geval dus puur en simpel te doen met suiwer *relasiewe* wat weens die wesensaardlike logaliteit daarvan ook die funktor self in funktumale hoedanigheid in die funksierelasie betrek.

2.3.6. Net soos daar relasiewe funksies is waarby die funktor nie self in funktumale hoedanigheid in die vermoontlikende funksierelasie betrokke kan wees nie, bv. *Jan eet brood; Piet skryf 'n opstel; Anna lees 'n boek; Die arbeiders ploeg, eg en plant die lande/spit die tuingrond/oes die koring* ens., so is daar weer relasiewe funksies waarby alleen die funktor self in funktumale hoedanigheid in die funksierelasie betrokke kan wees, omdat die logaliteit wesensaardlik nie op 'n ander saak in vermoontlikende funksierelasie gerig kan wees nie, bv. *Ek/jy/Hy/Ons/Julle/Hulle vergis/misgis my/jou/hom/ons/julle/hulle; Jan vergis/misgis hom; Anna vergis/misgis haar; Die kêrel verbeel hom wat wonders; Hy het hom lelik verspreek; Ek verstout my om te sê . . .* Dit lê wesensaardlik in die logaliteit en gerigtheid van hierdie funksies dat die funktor self in die vermoontlikende funktumale relasiesituasie waaruit die funksie ontstaan, betrokke is, net soos dit wesensaardlik in die logaliteit en gerigtheid van ander relasiewe funksies geleë is dat nie die funktor self nie maar altyd 'n ander komplementêre saak die funktumale relasiesituasie waaruit hulle ontstaan, vermoontlik. Lingaal-funksioneel gesien is al die funksies dus soortlik gelyk in hulle logale gerigtheid op 'n vermoontlikende funktumale komplement, en daarom word ook hierdie funksielingemate gekarakteriseer en gesubsumeer as *relasiewe.* Daarmee moet dan, op klaarblyklike lingologiese gronde, die tradisioneel-grammatiese onderskeiding van „wederkerende", „toevallig wederkerende of wederkerige werkwoorde" verwerp word. Dit is 'n interpretasie en terminologie wat voortgekom het uit die illingale, illingologiese opvatting van „oorganklike en onoorganklike werkwoorde". Die funksie het in sy absolute afhanklikheid van en betrokkenheid op die funktor geen outonomie om „wederkerend" of „wederkerig" te wees nie — dit is die kreërende, inisiërende en aktiverende funktor wat self by die ontstaan van die soort funksie, bv. *verbeel, verstout, vergis,* ens., hom noodwendiglik in die funksierelasie in funktumale hoedanigheid betrek vind, omdat die logaliteit en gerigtheid van die soort relasiewe funksies van so 'n aard is dat die funktor nie iemand/iets anders kan *verbeel, verstout, vergis* nie, net homself.

2.3.7. Tot hierdie relasiewe funksielingemate waarby die funktor self funktumaal as die vermoontlikende, vervolledigende komplement betrokke is en as sodanig logaal bepaal, beheers en gerig word, behoort daar 'n aantal wat ontstaan uit 'n drieledige of tripolige relasiesituasie waarby die derde komplement in direktiewe of in kousale funksie betrokke is. Sulke relasiewe is bv. *bekommer, bemoei, vererg, ontferm, verwonder, skaam.* Dit lê wesensaardlik

maar op die saakfunktor betrokke is — dus is dit 'n relasief, puur en simpel: niemand kan *skaam* as hy nie self in die *skaam-relasie* betrokke is nie. Maar niemand *skaam, bekommer* of *ontferm* hom sonder 'n noodwendige oorsaak nie en niemand kan hom *bemoei* as die *bemoei* nie op een of ander saak of aangeleentheid gerig is nie. Wesensaardlik is die relasiewe funksies dus altyd ook op 'n veroorsakende saak of situasie betrokke wat morfematies deur 'n verhoudingslingemaat as die veroorsakende komplement gestel word en eksplikatief op die funksie gerig is, bv. *Ek skaam my oor my pligsversuim; Hy skaam hom vir sy aangetroude familie.* Uit hierdie noodwendige drieledige relasiesituasie ontstaan die betrokke funksies: *Die leraar bekommer hom* (relasief-funktumaal) *oor sy gemeente* (kousaal-direktief-funktumaal); *Sarie bemoei haar* (relasief-funktumaal) *met die rusie* (direktief-funktumaal); *Jan skaam hom* (relasief-funktumaal) *oor/vir sy swak prestasie* (kousaal-direktief-funktumaal); *Die vrou ontferm haar* (relasief-funktumaal) *oor die weeskind* (kousaal-direktief-funktumaal). Dit moet opgemerk word dat juis die verhoudingslingemate *oor/vir* en *met* die gerigtheid van die betrokke funksie morfematies stel, terwyl *sy gemeente, sy swak prestasie, die weeskind* die direktief-funktumale komplemente is wat die betrokke funksies veroorsaak, teweegbring, laat ontstaan, en *die rusie* die vermoontlikende direktief-funktumale komplement waarop *bemoei* gerig is.

2.4. *Ontstaans-synsfunksies*

2.4.1. 'n Eienaardige, liefs eieaardlike, en hoogs interessante belewingsverskynsel is dít dat 'n saak in werklikheid nog nie bestaan nie en tog reeds in funksie tree of sy wesentlike funksie verrig en juis daarmee en daardeur in aansyn kom en as saak bestaan. Anders gestel: die proses van ontstaan en die verskyning van die saak sinchroniseer as 't ware „ontogeneties" met sy funksie: in en deur die funksie van dit wat-in-funksie is, ontstaan en bestaan juis dit wat-in-funksie is; die saak-in-funksie is feitlik ook sy funksie en omgekeerd. Dit gebeur veral met natuurverskynsels maar ook met ander verskynsels en in ander belewingsituasies. So byvoorbeeld t.o.v. natuurverskynsels: *dit reën* (= reën word gevorm, verskyn, stort neer); *dit ys* (= water word ys, ys ontstaan, word gevorm); *dit dou/ryp* (= dou/ryp word gevorm, verskyn); *dit hael* (= hael word gevorm, ontstaan, verskyn, stort of kletter neer); *dit kapok/sneeu; dit donder* (= dit wat donder, donder, is donder); *dit blits* (= dit wat blits, blits, is blits); *dit weerlig* (= deur te weerlig ontstaan

weerlig, is weerlig); *dit lig* in die Ooste (= wat lig, is juis lig omdat dit lig); *dit daag* oral (= dit wat daag, is dag en bestaan in en deur te daag); of ook sulke verskynsels soos: *dit pyn* (= deur te pyn ontstaan pyn, is „dit" pyn); *dit gons* (= deur te gons is daar ‚gons', bestaan ‚gegons/gonsery'); *dit kraak; dit trek hier; dit stink* hier geweldig (= in en deur te stink is daar stank, dit wat stink, stink), ens. *Dit reën/ryp/hael/gons/stink* is dus die onvermydelike, noodwendige lingale vergestalting of lingering van die soort belewenisse en is gelyk aan: *die reën, ontstanend en wordend, reën; die dou/ryp, ontstanend en wordend, dou/ryp; die hael . . . hael; die gegons/gonsery . . . gons; die gestink/stank . . . stink.* Dus: nòg *die reën/dou/ryp/hael,* nòg die *gegons/gonsery,* nòg die *gestink/stank,* nòg *die pyn* bestaan reeds vooraf om sy spesifieke funksie van *reën/dou/ryp/hael/gons/stink/pyn* te kan verrig. Dit gaan dus primêr om die funksie waarby „iets" wat in werklikheid nie vooraf bestaan nie, fungerend betrokke is; die funksie, die gebeure, die verskyning staan oorheersend in die belewenis, die saak wat „ontogeneties" in funksie is, is aanwesig, moet aanwesig wees en daarop is die „dit" as funktor betrokke: in en deur sy funksie ontstaan en bestaan die „dit" wat die funksie verrig: die „dit" is juis funksioneel geleë in, gebonde aan en betrokke op dít wat in funksie is, wat uit en deur en met die funksie tot stand kom. Geen funksie denkbaar of versinbaar is moontlik nie sonder sy funktorale saakgebondenheid, -bepaaldheid en -gerigtheid. Hierdie soort verskynsel word lingaal so vergestalt, dit kan nie anders nie: deur te reën bestaan reën wat reën, deur te waai bestaan wind wat waai, deur te gons bestaan gonsery wat gons, deur te pyn bestaan pyn wat pyn. Dus is ook hierdie funksies *persoonsmatig* en *getalsmatig* gebonde en beheers deur die wordend-fungerende saak wat as 't ware „ontogeneties" ontstaan uit en sinchronies bestaan in en met sy funksie self, d.w.s. deur die vervangend-heenwysende of -aanwysende persoonslingemaat *dit,* wat hier as sintemaat fungeer.

In Latyn is byvoorbeeld die morfologiese struktuurtipe van die funksies *cur(r)-i-t, am-a-t* deur die sinteem *-t* persoons- en getalsmatig gebonde en beheers, Engels: *he/she/it/the dog runs/loves;* Nederlands: *hij/zij/het/de hond rent/mint;* Afrikaans: *hy/sy/dit/die hond hardloop/het lief* (sy baas!). Waarom het dieselfde sinteem *-t* in *plu-i-t* (it rains/het regent/dit reën) en in *ton-a-t* (it thunders/het dondert/dit donder) dan nie ook *persoons-* en *getalsfunksie* nie, net soos die korrelate funktorale sintemate *he/she/it; hij/zij/het; hy/sy/dit?* Die tradisionele „grammatika" of „spraakkuns" erken wel die getalsgebondenheid as „enkelvoud" en die funksie wel as „derde persoon" (ook in Afrikaans . . . maar waarkragtens,

... (dit) *reën/ryp*, ens. en *gons/stink/pyn* is wel „derde persoon" en wel „enkelvoud", maar, desondanks, word die soort funksies gekarakteriseer en gesubsumeer as „Impersonalia", „Onpersoonlike werkwoorde". Sulke anomalieë word ons verwag om te aanvaar en wetenskaplik te bestendig net op gesag van die verouderde, uitgediende, tradisionele logisisties-kategoriese taalinterpretasie. Hoe radikaal afwykend ook al wil ek die soort funksies deur die betrokke funksielingemate, weens hulle besondere wesendheid en eieaardlikheid, lingaal en lingologies karakteriseer en subsumeer as *ontotiewe* of *ontotiewe funksielingemate,* omdat die funktorale saak, die „dit", se ontstaan en wording en gevolglike bestaan „ontogeneties" sinchroniseer in en met die funksieverskyning self. Die lingale vergestalting van die belewing van die betrokke verskynsels is so, daar kan niks aan verander word nie.

2.4.2. Net soos die ontotiewe *plu-i-t* of *ton-a-t* as morfologies-sintagmemiese struktuureenheid in Latyn in wese 'n volledige sin is, so is *dit reën* of *dit donder* 'n volledige sin en as sodanig ook 'n morfologiese struktuureenheid. Meer nog: net soos die sinteem *-t* in sy persoonsmatige en getalsmatige bepaaldheid en gerigtheid funksioneel die funktor is omdat dit funktorale funksie verrig, so is die sintemaat *dit* ook die funktor, want dit het funktorale funksie. Die ontotiewe logaliteit is nie geleë net in *reën/ryp/stink/pyn* nie maar in die struktuurgeheel van die morfologies-sintagmatiese eenheid: *dit reën/dit ryp/dit stink/dit pyn.* Sodra die „ontotiewe funksie" van die „ontotiewe funktor" losgemaak word, word die morfologies-sintagmatiese eenheid verbreek, verloor of verbeur die funksie-element sy ontotiewe, wesensaardlike logaliteit en kan dit slegs *absolutief* of *relasief* aangewend word as funksie van 'n outonome funktor — bv. *Confetti reën op die bruidspaar* (direktief-relasief)/*Die wond pyn baie* (absolutief), ens.

In die geval waar die ontotiewe funksie so wesentlik gebonde is aan en betrokke op die saak-in-wording, die funktor-in-verskyning-en-in-syn, word dit logaal ook absoluut deur die funktor begrens en daardeur logaal selfgenoegsaam gerig en kan dit wesensaardlik nie op 'n relasiewe, vermoontlikende komplement betrokke of gerig wees nie. Sulke ontotiewe is dus wesensaardlik ook absolutiewe.

2.4.3. Reeds hier moet daarop gewys word dat al sulke ontotiewe verskynsels tog plaasvind, soos alle funksies, binne die grense van tyd en ruimte en word daar lingaal ook aan die tydruimtelike gebondenheid, begrenstheid en bepaaldheid gestalte gegee, waar

dit gewens is of vereis word, by wyse van 'n temporaal-eksplikatiewe of lokatief-eksplikatiewe omstandigheidsbepaling, bv. Dit reën *op die lande/in die Bosveld* (lokatief-eksplikatiewe sintagmate betrokke op *dit reën);* dit rumoer *in die strate* (lokatief-eksplikatiewe sintagmaat) *die hele nag deur* (temporaal-eksplikatiewe sintagmaat, albei betrokke op *dit rumoer).* Die ontotiewe funksies kan ook bepaal en gerig word deur een of ander omstandigheidsituasie soos van oorsaak, gevolg e.s.m.: Dit reën (so erg) *dat die spruite en riviere hulle walle oorstroom* (resultatief-eksplikatiewe omstandigheidsbysin betrokke op *dit reën (so erg);* Dit rumoer en lawaai *dat 'n mens hoor en sien vergaan* (resultatief-eksplikatiewe omstandigheidsbysin betrokke op *dit rumoer en lawaai);* Dit stink (so verskriklik) *dat mens dit nie kan verduur nie* (resultatief-eksplikatiewe omstandigheidsbysin betrokke op *dit stink so verskriklik.*

2.4.4.1. Naas die ontotiewe funksies wat wesensaardlik ook absolutief is, soos hierbo verduidelik, bestaan daar funksies wat ontotief ontstaan met ontotiewe logale gerigtheid wat nie logaal absoluut deur die ontotiewe funktor begrens en in hulself logaal selfgenoegsaam gerig is nie, m.a.w. hulle is funksies wat ontotief uit die belewing van 'n relasiesituasie ontstaan en gevolglik wesensaardlik betrokke en gerig is op 'n noodsaaklike funktumale komplement wat die logaliteit vermoontlik, vervolledig, rig en bestaanbaar maak. Die relasiesituasie word deur bepaalde omstandighede teweeggebring of veroorsaak — 'n relasiesituasie van so 'n aard dat die persoon/saak wat as die eintlike inisiërend-aktiverende komplement funktoraal daarby betrokke moet wees, nou deur die logale gerigtheid van die ontotiewe funksie funktumaal-vermoontlikend, funktumaal-vervolledigend in die funksie self betrokke is, as 't ware logaal-funksioneel in die funksie verweef is. Ook hier is die gebeure, die toestand, die situasie, beleef en gelingeer as 'n ontotiewe funksie, primêr, oorheersend en die originerende, vermoontlikende saak is noodwendig daarin betrokke en wel in funktumale funksie. Hierdie soort ontotiewe funksies ontstaan meesal uit persoonlik-beleefde relasiesituasies wat 'n sterk emosionele inhoud dra of 'n emosionele gestemdheid vertolk, waarby die betrokke persoon/saak weens sy reaktief-aandadige betrokkenheid die funksie vermoontlik, selfs veroorsaak, en vervolledig en op wie dan die funksie self funktumaal gerig word. So byvoorbeeld is 'n persoon/saak soos *Ek/jy/Koos/die predikant/die siek man/die kinders* persoonlik reaktief betrokke in 'n gevoelsituasie van *leed, spyt, berou, gegriefdheid, ontsteldheid, vreugde, bevredigdheid, behaaglikheid* of sulke situasies soos *betaamlikheid, paslikheid,* e.s.m. en daaruit ontstaan die ontotiewe funksies wat

*kinders; dit behaag die Koning; dit bevredig almal; dit pas die onderwyser allermins; dit betaam die leraar nie; dit traak/raak jou nie; dit skeel my/jou/Jan min,* e.s.m.

Hierdie funksielingemate word dan onderskei en gekarakteriseer as *relasief-ontotiewe.*

2.4.4.2. Hierbo is reeds verklaar hoe die relasiesituasie waaruit hierdie soort ontotiewe funksie ontstaan, in aansyn kom, teweeggebring of veroorsaak word deur bepaalde omstandighede. Hierdie omstandigheidsfaktor veroorsaak die gevoelsituasie waaruit die ontotiewe funksie ontspring of opkom, en medebepaal en rig dus die besondere logaliteit van die funksie, m.a.w. die funksie is lingaalfunksioneel wesensaardlik ook gerig op die veroorsakende omstandigheidsfaktor — en dan eers wanneer hierdie faktor direktief-eksplikatief in die logaliteit van die funksie inbegryp word, is die logaliteit vervolledig, bv.: *Dit spyt my/jou/Anna* (funktumale komplement) *om dit te hoor* (kousaal-eksplikatiewe omstandigheidsintagmaat)/*dat hy nie gekom het nie* (kousaal-eksplikatiewe omstandigheidsbysin): dit is nie die blote „hoor" of die blote „nie gekom het nie" wat *my/jou/Anna* „spyt" nie, maar die „hoor", die „nie gekom het nie" het die gevoelsreaksie, die gevoelstoestand, die gevoelsituasie laat ontstaan, teweeggebring, veroorsaak waaruit die ontotiewe *dit spyt* gelingeer is en waarin die betrokke persoon dan vermoontlikendaandadig, d.i. funktumaal inbegryp is. Dit is opmerklik dat in albei gevalle die logaliteit van die funksie *spyt* dan ook gerig („gedirekteer"?) word op die kousale eksplikasie deur die funksioneel logaaldirektiewe sintagmaat *om te* en die direktiewe logemaat *dat.* So is ook die volgende te verklaar: *Dit grief die dominee dat sy gemeente so wêreldsgesind is.* Dit is nie die omstandigheid dat sy gemeente so wêreldsgesind is wat die dominee *grief* nie — as dit so was, sou die taalmaker dit so gelingeer het. Maar: die omstandigheid van wêreldsgesindheid van sy gemeente word deur die dominee ervaar en beleef — en sy funksiereaksie daarop is dat 'n gevoel van gegriefdheid, 'n grief-toestand by hom in funksie tree wat sinchronies met die belewenis ontotief gelogoseer en gelingeer word in *dit grief* waarby *die dominee* as reaktief-aandadige, d.i. funktumale komplement, noodwendig inbegryp is: *dit grief die dominee,* en dan eksplikatief gerig word op die oorsaak van die besondere ontotiewe belewenis: *dat sy gemeente so wêreldsgesind is.* Dit is selfs ook die geval met die emosie-belaaide *traak/raak: Dit traak/raak my/*

*jou/julle/die onderwyser/die President nie hoe ek loop nie/wat die kinders doen nie/as ek weier nie.* In al drie hierdie gevalle word die reaksietoestand waaruit die ontotiewe *dit traak/raak* ontstaan, veroorsaak deur wat in die direktief-eksplikatiewe bysinne gestel word. Nog gevalle is die volgende: *Dit behaag die Koning om oorlog te verklaar; Dit verheug my/die familie dat soveel gaste opgedaag het; Dit betaam die leraar om geduld te beoefen; Dit berou Piet dat hy dit gesê het; Dit vermoei die gees om heeldag daaroor te tob; Dit ontstel die sieke as daar soveel besoekers kom; Dit skeel my/jou/Jan min of ek/jy/hy skeur die kontrak op,* e.s.m.

Hier moet op 'n aweregse interpretasie van die morfologiese struktuur van die relasief-ontotiewe funksies gewys word. Soos reeds verduidelik is *dit spyt/dit grief/dit berou,* ens. funksioneel morfologiese eenhede, dus logaal-wesensaardlik relasief-ontotiewe sintagmate wat gerig word op 'n noodsaaklike funktumale komplement en wat logaal medebepaal en veroorsaak word deur een of ander eksplikatiewe omstandigheidsituasie. Maar dit is nie die omstandigheidsfaktor wat die funksie verrig nie. Hierdie verklarende of veroorsakende omstandigheidsituasie word nie deur die ontotiewe funktor *dit* „vooraf" of „voorlopig" aangedui of vervang nie, maar het sy eie eksplikatiewe funksie, betrokke op die hele morfologiese, relasief-ontotiewe sintagmaat. Om die *dit* dus as „voorlopige onderwerp/subjek" (funktor) te verklaar is 'n illingale en illingologiese interpretasie. Sou die sinteem *-t* in Latyn *taed-e-t/dec-e-t* dan ook die funksie van „voorlopige onderwerp/subjek" hê?

2.4.4.3. Ook hier geld wat hierbo omtrent die absolutief-ontotiewe opgemerk is, nl. dat as die ontotiewe funksie van die ontotiewe funktor losgemaak word, dan word die morfologiese eenheid verbreek en daarmee die funksielogaliteit versteur en kan die funksie relasief deur 'n outonome funktor verrig word, bv.: *Jou opstel bevredig my nie* (= stel my nie tevrede nie, wat logaal iets anders is as: *Dit bevredig my nie dat jy so 'n opstel geskryf het nie); Die gedoente ontstel my* (relasief); *Jan verheug hom* (relasief) oor *jou sukses* (redegewend-eksplikatief)/*in jou leed* (direktief-eksplikatief); *Jou verdenking grief die onskuldige man* (relasief); *Die blaam van onbevoegdheid pas die onderwyser* (relasief); *Die skildery behaag my* (relasief); *Sy verkeerde dade berou hom* (relasief); *Vermakerigheid teenoor sy ouers betaam die snuiter nie* (relasief).

2.4.4.4. Uit die Afrikaanse vorme soos hierbo gegee, is dit nie uit te maak of die relasief-ontotiewe funksies funktumaal of direktief-funktumaal op die vermoontlikende komplement gerig is

vorme: sommige relasiel ontotiewe, bv. *taedet, piget, miseret, paenitet* ens., is gerig op 'n funktum, dus funktumaal, andere weer soos *libet, licet, liquet, convenit* ens., is gerig op 'n direktiewe funktum, dus direktief-funktumaal. Hierdie verhoudings- of relasieverskille (naamvalsverskille) word bepaal deur die logale gerigtheid van die betrokke funksie. Waar Afrikaans nie oor morfemies-sintemiese middele beskik nie, kan alleen volgens die logale gerigtheid van die funksie bepaal word of die vermoontlikende komplement funktumaal of direktief-funktumaal in die funksie betrokke is. En waar dit nie altyd moontlik is nie of uiters moeilik, lyk dit my dat in alle gevalle aanvaar moet word dat ons met 'n blote vermoontlikende, funktumale komplement te doen het, behalwe waar die komplement morfematies deur middel van *vir* direktief-funktumaal beheers en gerig word, bv. *Dit betaam (vir) jou/pas (vir) jou om gehoorsaam te wees; Dit skyn (vir) my of jy vergeet het.*

2.4.5.1. Ons het reeds daarop gewys dat funksielingemate wat wesensaardlik nie ontotief is nie, met ontotiewe logale gerigtheid aangewend kan word om belewenisse van bepaalde gebeure, verskynsels of situasies te lingeer soos in die geval van *dit gons, dit stink, dit pyn.* Die moontlikheid van aanwending van die funksielingemate as ontotiewe of absolutiewe of relasiewe is geleë in die meervlakkige logale potensialiteit van die betrokke funksielingemaat kragtens sy funktorale gebondenheid en gerigtheid in die besondere funksiesituasie. Daar is 'n hele kompleks van lingale faktore werksaam wat die keuse van die besondere aanwending bepaal, bv. die drang na effektiwiteit, die behoefte aan of noodsaaklikheid van logale duidelikheid, die gespannenheid om die logaliteit van 'n belewenis emfaties te stel, die aard van die funksie- of relasiesituasie en die taalmaker se lingale belewing en interpretasie daarvan. Daar is selfs die moontlikheid dat die taalmaker 'n funksiesituasie ervaar en beleef maar nie kan vasstel of onmiddellik die geleentheid het om te verantwoord wat presies in die besondere geval in funksie is of die besondere funksie verrig nie — die funksie is daar, dit word verrig, maak nie saak waardeur dit presies verrig word nie, bv. *dit gons, dit stink:* iets moet *gons/stink* . . . maar wat? Maak ook nie saak nie! Dit wat gons, gons; dit wat stink, stink; daar is gegons, daar is stank: die onmiskenbare resultante van iets wat gons/stink: die gonser is as 't ware in die „gons", die stinker in die „stink". Dit is die belangrike: daar word op ontotiewe wyse 'n funksie verrig. Daarom word die ontotief dikwels om verskillende lingale redes

emfaties aangewend, juis om die omvattende, veralgemenende logaliteit daarvan. *Dit gons* (ontotief) *in my ore* (lokaal-direktiewe bepaling) het moontlik meer emosionele draagkrag en groter logale reikwydte in die onbepaaldheid daarvan as *My ore gons* (absolutief); *Dit stink* (ontotief) *in die kamer* as *Die muis stink* (absolutief) *in die kamer; Dit het die heel nag deur gewaai* (ontotief) as *Die wind het die heel nag deur gewaai* (absolutief). Die ontotief stel die funksiegebeure op die voorgrond as die kern wat die belewenis beheers en daarom die lingering bepaal en rig. Daarom is: *Laat dit dan wees* (potensief-eksistief-ontotief), *O Heer, dat ek, 'n duisend jaar geleë* (temporaal-direktiewe bepaling betrokke op:) *teen God en mens gesondig het* (direktief-eksplikatiewe bysin betrokke op *Laat dit dan wees)* in die vertwyfeling wat dit ontotief vertolk, emosioneel geladener en logaal aangrypender en weidser as die wete en belydenis sou wees in: *Ek het, O Heer, 'n duisend jaar geleë teen God en mens gesondig* (absolutief). Vergelyk verder: *Dit pyn hierbinne* (ontotief)/*My maag/hart pyn* (absolutief); *Dit rook in die sitkamer* (ontotief)/*Die kaggel rook* (absolutief)/*My nuwe pyp rook* (absolutief) *hiernatoe/Die tabak rook* (absolutief) *lekker/Jan rook net Rembrandtsigarette* (relasief); *Dit hoes en dit proes* (ontotief)/*Die kinders hoes en proes* (absolutief)/*Die brandslaners hoes en proes* (absolutief) *van die rook* (kousaal-eksplikatiewe bepaling); *Dit raas en skreeu geweldig* (ontotief)/*Pa raas en skreeu* (absolutief)/*Pa raas en skreeu* (absolutief) *op die werkvolk* (direktief-eksplikatiewe bepaling); *Dit lag en gesels* (ontotief)/*Die mense lag en gesels* (absolutief)/*Dit is 'n gelag en ('n) gesels* (eksistief-ontotief); *Dit klim in* (effektief-ontotief) *in die losskrum* (direktief-eksplikatiewe bepaling)/*Die voorspelers klim in* (effektief-absolutief) *in die losskrum; Toe val dit in* (effektief-ontotief) *met kitaar en ramkie* (direktief-eksplikatiewe bepaling)/*Die orkes val toe in* (effektief-absolutief) *met kitaar en ramkie; Dit wil net maak en breek* (ingressief-ontotief)/*Jan wil net maak en breek* (ingressief-absolutief)/*Jan wil vanmôre alles maak en breek* (ingressief-relasief); *Dit slaan my dronk* (relasief-ontotief)/*Dit slaan* (ontotief) *hot en haar* (direktief-eksplikatiewe bepaling)/*Die drywer slaan die osse* (relasief) *hot en haar/Dit slaan* (ontotief) *twaalfuur* (logaal-eksplikatiewe bepaling)/*Die horlosie slaan twaalfuur* (resultatief-relasief)/*Meester slaan die kinders* (relasief)/*Die donder slaan* (absolutief); *Dit trek hier* (ontotief)/*'n Koue luggie trek hier* (absolutief)/*Die sprinkaanswerm trek suidwaarts* (absolutief)/*Die osse trek die ploeg* (relasief); *Dit kraak snags onheilspellend* (ontotief)/*Die dak en vloer kraak snags onheilspellend* (absolutief)/*Jan kraak die neute* (relasief); *Dit woel en werskaf* (ontotief) *om betyds klaar te kry* (doel-

(eksistief-ontotief) [illegible] *te kry*, *Dit is goed* (eksistief-ontotief) *om jou naaste te help* (logaal-eksplikatiewe bepaling)/ . . . *as mens jou naaste help* (direktief-eksplikatiewe bysin betrokke op *dit is goed); Dit slaan tente op* (effektief-relasief-ontotief) *net waar jy kyk* (lokaal-direktiewe bepaling)/*Die kampeerders slaan tente op* (effektief-relasief) *net waar jy kyk; Dit verheug my* (relasief-ontotief) *dat jy gekom het* (kousaal-eksplikatiewe bysin betrokke op *dit verheug my)/Ek verheug my* (relasief) *dat jy gekom het* (redegewend-eksplikatiewe bysin)/*Die Party verheug hom* (relasief) *in sy oorwinning* (direktief-eksplikatiewe bepaling)/*Die tyding het die familie verheug* (relasief); *Dit sous aanhoudend* (ontotief)/*Die motreën sous eentonig neer* (effektief-absolutief); *Dit stort* (ontotief), *dit reën nie* (ontotief)/*Die reën stort in strome neer* (absolutief); *Dit dreun* (ontotief) *van hoewegedonder* (kousaal-eksplikatiewe bepaling)/ *Die kanongebulder dreun* (absolutief) *in die verte* (lokaal-direktiewe bepaling); *Dit weergalm* (ontotief) *deur die klowe; Dit ruis saggies* (ontotief) *deur die blare* (lokaal-direktiewe bepaling)/*Die windjie ruis* (absolutief) *deur die grassaad/Die ranke riet ruis* (absolutief) *in die wind;* ens.

2.4.5.2. Soms word die ontotiewe funksie ter wille van die logale duidelikheid daarvan kousaal-eksplikatief aangevul juis deur die saak/persoon wat funktoraal inisiërend-aktiverend die funksie moes verrig en logaal vervolledig het, dus die ontotiewe funksie veroorsaak, bv. *Dit krioel* (ontotief) *in die kombuis* (lokaal-direktiewe bepaling) — maar waarvan krioel dit of wat krioel in die kombuis? *Dit krioel van rooimiere* (kousaal-eksplikatiewe bepaling betrokke op *dit krioel)/Die rooimiere krioel* (absolutief) *in die kombuis:* die ontotiewe funksie „krioel" bly die belangrikste, die „van rooimiere" is oorsaaklik-verklarend daarvan. So ook: *Dit wemel* (ontotief) *van krokodille* (kousaal-eksplikatiewe bepaling betrokke op *dit wemel) in die rivier* (lokaal-direktiewe bepaling betrokke op *dit wemel)/ Die rivier wemel* (absolutief) *van krokodille* (kousaal-eksplikatiewe bepaling)/*Die krokodille wemel* (absolutief) *in die rivier; Dit swerm* (ontotief) *in die lusernland/Dit swerm* (ontotief) *van bye* (kousaal-eksplikatiewe bepaling betrokke op *dit swerm) in die losernland/ Die bye swerm* (absolutief) *in die lusernland/Die lusernland swerm* (absolutief) *van bye* (kousaal-eksplikatiewe bepaling betrokke op *swerm); Dit maal deurmekaar* (ontotief) *op die plein/Dit maal deurmekaar* (ontotief) *van mense* (kousaal-eksplikatiewe bepaling betrokke op *dit maal deurmekaar) van allerlei geur en kleur* (hoe-

danigheidsbepaling betrokke op *mense) op die plein/Mense van allerlei geur en kleur maal deurmekaar* (absolutief) *op die plein.*

Hier moet tuisgebring word sulke gevalle waar die funksie logaal aangevul en gerig word tot 'n funksiesintagmaat en dit dan ook in die vorm ontotiewe potensialiteit het, soos bv. *vol sit, vol loop* in: *Dit sit vol* (effektief-ontotief) *(van) klits* (kousaal-eksplikatiewe bepaling betrokke op *dit sit vol) aan jou kouse* (lokaal-direktiewe bepaling); *Dit sit vol* (effektief-ontotief) *(van) mense* (kousaal-eksplikatiewe bepaling) *in die saal/Die saal sit vol* (effektief-absolutief) *(van) mense/Die mense sit* (absolutief) *die saal vol* (resultatief-eksplikatiewe bepaling betrokke op *sit); Dit loop vol* (effektief-ontotief) *(van) mense in die strate/Die strate loop vol* (effektief-absolutief) *mense/Mense loop* (absolutief) *die strate vol* (resultatief-eksplikatief). Dat die ontotiewe hier *Dit sit vol* en *Dit loop vol* is, blyk hieruit dat „vol" noodsaaklik is vir 'n volledige logaliteit van die ontotiewe funksie, want *dit sit (van) mense/dit loop (van) mense* is sinloos; funksioneel is „vol" 'n postmorfemaat om die logaliteit van *sit* en *loop* te vervolledig en te rig en nie 'n „bywoord van wyse/graad" of wat ook al, „wat die werkwoord bepaal" nie, d.w.s. van hoe gesit/geloop word nie. In die sinne: *Die mense sit die saal vol/Die mense loop die strate vol,* is „vol" in albei gevalle die logemaat in die sintagmate *die saal vol/die strate vol* en *die saal/die strate* sintagmatiese premorfemate om die logaliteit van *vol* ruimtelik te vervolledig en te rig, want „vol" impliseer logaal ruimte. Sinne soos: *Die mense sit vol/loop vol* sou sinloos wees net soos: *Die mense sit die saal/loop die strate; die saal vol/die strate vol* is dus onteenseglik sintagmatiese eenhede, logaal-eksplikatief, -rigtend en gevolgstellend betrokke op *sit/loop.*

2.4.5.3. Daar is ook situasies waar die ontotiewe funksie logaal aangevul, gerig en vervolledig word soos bv. in: *Dit smaak (vir) my* (relasief-ontotief) *na blote moedswilligheid.* Die relasief-ontotief *dit smaak (vir) my* is logaal onvolledig, wesentlik sinloos, as dit nie verder aangevul en vervolledig word nie soos hier deur die logaal-eksplikatiewe sintagmaat *na blote moedswilligheid* wat dus wesentlik 'n postmorfematiese sintagmaat is om aan *dit smaak* 'n volledig gerigte logaliteit te gee — dus: *na blote moedswilligheid* is 'n logaal-eksplikatiewe bepaling betrokke op *dit smaak (vir) my.* Dit is ook die verklaring van *Dit ruik* (ontotief) *na kruisement,* logaal-eksplikatiewe bepaling betrokke op *dit ruik:* dit vervolledig, begrens en rig die logaliteit daarvan net soos in *Hy ruik* (absolutief) *na drank.* In *Dit ruik* (ontotief) *soos kruisement* is *soos kruisement* 'n komparatief-eksplikatiewe bepaling betrokke op *dit ruik.*

heidstruktuur die ontotiewe funksie sy oorspronklike, wesentlike logaliteit verbeur en as absolutief gelingeer word, soos ook in: *Die appelkose reën* (absolutief) *as jy die tak skud; Die gelukwense reën* (absolutief) *op die Eerste Minister* (direktief-eksplikatief betrokke op *reën); Die klippe hael* (absolutief) *op die polisie* (direktief-eksplikatiewe bepaling betrokke op *hael).* Daarnaas kan die ontotief in sy eenheidskonstruksie ter wille van die funksiebeklemtoning behou word en as relasief aangewend word met gevolglike logaliteitswysiging, bv. *Dit reën appelkose* (relasief-ontotief) *as jy die tak skud; Dit reën gelukwense op die Eerste Minister; Dit sneeu confetti op die bruidspaar; Dit hael klippe op die polisie soos die betogers gooi.*

Anders moet beoordeel word sinne soos: *Dit hael hoendereiers; Dit reën brulpaddas; Dit reën oumeide met knopkieries.* Hier is, sonder meer, die funksielingemate *reën/hael* suiwer ontotief in funksie maar die logaliteit daarvan word postmorfematies deur *hoendereiers* (stene so groot soos hoendereiers), *brulpaddas* (so baie brulpaddas te sien dat dit lyk of hulle neerreën) en die postmorfematiese sintagmaat *oumeide met knopkieries* (opspringende druppels van oorvloedige, sterk stortreën) logaal graadmatig of wysematig gerig en gestruktureer tot ontotiewe funksiesintagmate — immers: die saaklingemate *hoendereiers, brulpaddas* en die sintagmaat *oumeide met knopkieries* is logaalrigtend en graad- of wysebepalend op die funksies *reën* en *hael* betrokke en staan nie as vermoontlikende funktumale komplement in funksierelasie tot die funktor *dit* nie: hulle is reeds deur versteuring van hulle outonome logaliteit (bv. tog nie werklik hoendereiers of oumeide met knopkieries nie) funksioneel gerelegeer tot morfemate en so bepaal hulle *hoe* dit *hael* of *reën* en nie *wat* dit *hael* of *reën* nie. Die interpretasie van „figuurlike gebruik" is 'n ontvlugting uit die magteloosheid van die tradisionele grammatika, 'n vertroostende selfverbluffing, geen lingaal-funksionele, lingologiese verklaring nie. In die sin: *Dit hael vrot hoendereiers/tamaties op die politieke demagoog,* is die funksie klaarblyklik relasief-ontotief.

2.5. *Potensialiteitsfunksies.* In die voorgaande paragrawe is die funksies ondersoek, ontleed, geïnterpreteer en onderskei in hulle saakgebondenheid, saakbepaaldheid en saakgerigtheid soos hulle in die realiteit van die saakbestaan en saakfungering beleef word en

gelingeer is in die soortlik-onderskeibare funksielingemate. Die funksies wat ons in en deur die betrokke funksielingemate logaalfunksioneel onderskei het as *eksistiewe, absolutiewe, relasiewe* en *ontotiewe,* het hulle ontstaan en verskyning uit die werklike, reële funksiegebondenheid en funksievervulling van die sake. Maar sake staan in hulle kosmiese gebondenheid, tydruimtelike bestemdheid en bestemmingsgerigtheid ook in die situasie dat hulle juis daardeur as 't ware funksies moet verrig wat die bestemmingsgerigtheid in die verskeidenheid daarvan vooruit logaal bepaal en rig, m.a.w. die funksies is logaal gerig op die moontlike, die waarskynlike, die vermoënde, die verpligte, die nog gewilde of bestemde, die verlangde, begeerde of gewenste, die nog onvervulde, nog onsekere. Wesensaardlik moet sake sodanige „situasiefunksies" verrig, en dié funksies word so beleef en gelingeer in die funksielingemate wat ons, kragtens hulle logaliteit en funksiegerigtheid, saamvattend karakteriseer en subsumeer as *potensiewe,* naamlik: *sal, kan, wil, moet, mag, laat, skyn, lyk, behoort.* Diachronies gesien het elkeen van die funksielingemate, wat elk sy besondere potensialiteitsaspek logeer, oorspronklik 'n outonome bestaan gehad, 'n eie, outonome en in homself begrenste logaliteit soos deur die fungerende saak bepaal en gerig. Geleidelik het hulle, in die loop van die ontwikkeling van die tale waarin hulle bestaan het, hulle outonome bestaan en logaliteit verbeur deurdat hulle weens en kragtens hulle wesensaardlike logale gerigtheid die potensialiteit besit het om as morfematiese middele vir 'n verskeidenheid van lingale funksies aangewend te word, soos straks (par. 3) verduidelik sal word. Selde verskyn hulle nog in die huidige tale as outonome funksielingemate soos bv. *Wie wil, kan.* Reeds in die oudste taalvorme is hulle as morfematiese struktuurmiddele aangewend — dit is selfs moontlik dat hulle, sommige altans, ontstaan het en gelingeer is om in die behoefte aan sodanige nuwe struktuurmiddele te voorsien namate die tale ontwikkel het of namate morfemies-sintemiese middele defunk geraak het.

### 3. DIE FUNKSIESINTAGMAAT

3.1. 'n Saak, enige saak of persoonsaak, is in sy wesentlike, reële, denkbeeldige of versinde eienskappe, kenmerke of hoedanighede gebonde, bv. in vorm, voorkoms, gesteldheid, kleur, bestaansaard of wesendheid; of dit is ruimte-, omvang- en tydbepaald of plek- en tydgebonde, dit verkeer in 'n toestand of omstandighede, daar gebeur iets mee, daar vind iets mee plaas — en dit alles kan ervaar en beleef, beken en onderken word ook as funksies van die

... funksielogemaat, funksielingemaat of funksiesintagmaat. So beleef die taalmaker byvoorbeeld die voorkoms of toestand van die verdorde weiveld na deurdringende reëns as 'n funksie van die weiveld en sal daaraan lingale gestalte kan gee in die funksielogemaat *groen* in: *Die weiveld groen na die reëns* (vgl. Nederlands: *De weiden groenen in de lente),* d.i. *word/is groen; Die kind siek,* d.i. *word/is siek* (vgl. Nederlands: *zieken, ziekte, geziekt* = siekwees, wegkwyn); *Die skape dood by hope van die droogte; Die soldaat het die terroris gedood* = doodgemaak, in 'n toestand van dood gebring (vgl. Nederlands: *De soldaat doodde zijn vijand).* Waar dit in 'n taal of die taal nie gebruiklik is nie, word ander morfologiese struktuurmiddele aangewend om hierdie soort funksies van sake te lingeer. So word bestaande taalmateriaal, bv. die potensiewe funksielingemate, weens die besondere funksionele en logale geskiktheid daarvan morfemies of morfematies aangewend om doeltreffende funksielingemate of funksiesintagmate te struktureer. Die logemaat *siek* logeer 'n *toestand* (veeleer as 'n *hoedanigheid).* As 'n kind uit 'n toestand van „gesond" kan geraak in 'n toestand van „siek", sal die taalmaker die proses nie kan stel: /*Die kind siek* nie, want dit sou dan reeds die bereikte toestand weergee, — hy sou veeleer kan stel: *Die kind besiek* of *versiek.* Maar dit bevredig nie logaal nie, en so is dit ook nie lingaal gebruiklik nie. Daarom moet 'n middel gevind word wat juis die proses sal aandui van die geraking uit 'n toestand van gesond in 'n toestand van siek, en dié middel wat voor die hand lê, wat hom as 't ware juis weens sy outonome logaliteit self daartoe aanbied of opdring, is die inseptiewe funksielogemaat *word* wat juis die proses logeer wat inlei tot 'n aanvangsmoment en tot 'n verder geleë, bestemde maar nog nie bereikte of verwesentlikte toestand nie, dus inseptief lei tot die *siek*-toestand: *Die kind word siek.* Die toestand is nòg logies nòg lingaal reeds bereik, daarom kán *siek* nie op *kind* betrokke wees nie maar fungeer lingaal slegs as die logosdraende, die logaliteitbepalende en -rigtende struktuurelement van *word siek* om die bestemde toestand self aan te dui; die funksielogemaat *word,* wat wesentlik 'n potensief-inseptief is, dui die inseptiewe proses van *gesond* tot *siek* aan en boet dus daardeur deel van sy outonome, oorspronklike logaliteit in en word gerelegeer tot 'n morfemaat om die funksiesintagmaat *word siek* te struktureer. Logaal, lingaal en daarom lingologies is *word siek* 'n funksionele eenheid, nl. 'n *funksiesintagmaat,* gestruktureer na die lingemaattipe: premorfeem-logeem (vgl. *ver-dor),* maar waarin elke struktuurelement 'n selfstan-

dige lingale funksie het: *siek* die logosdraende, logaliteitbepalende logemaat en *word* die funksiesintagmaat-strukturerende morfemaat (vgl. *dor: ver-dor = word (baie) dor; hard: ver-hard = word (baie) hard).* In: *Die kind word siek* is *word siek* dus sonder meer, in absolute sin, die funksie van die saak *die kind: siek* betrokke op *word*, nie op *kind* nie. As die proses reeds voltrek is, die kind reeds in die toestand van *siek* verkeer of bestaan, dan is die eksistiewe funksielingemaat *is* die voor die hand liggende struktuurmiddel wat daardeur ook sy lingematiese en logale outonomiteit inboet en gerelegeer word tot funksiemorfemaat in die funksiesintagmaat *is siek; siekwees* is die funksie van die funktor *kind.*

3.2. Naas *word* en *is* bestaan daar nog ander outonome funksielingemate wat weens hulle wesensaardlike logaliteit en logale gerigtheid as morfematiese struktuurelemente aangewend word om funksiesintagmate te struktureer. Waar *word siek* die funksie potensief-inseptief stel en *is siek, blyk siek* eksistief, daar stel *bly* in *bly siek* dit duratief en *lyk/skyn siek* dit potensief. Telkens is die funksie in sy gebondenheid aan en betrokkenheid op die funktorale saak: *word siek, is siek, bly siek, lyk/skyn/blyk siek,* waarin telkens *siek* die logemaat is en *word/is/blyk/bly/lyk/skyn* die morfemaat om die funksiesintagmaat te struktureer. In: *Jan word groot/predikant* is *Jan* nog nie *groot* nie en nog geen *predikant* nie, dus kan, logies en lingaal, *groot* geen hoedanigheid („byvoeglike naamwoord") van *Jan* en *predikant* geen outonome saaklingemaat wees nie wat dan „attributief" of „predikatief" op *Jan* betrokke of „aan *Jan* gekoppel" sou wees. Albei is puur en simpel funksionele morfologiese struktuurelemente wat die logaliteit van die funksiesintagmaat bepaal, rig en beheers, soos dit potensief-inseptief gerig en beheers word deur die tot morfemaat gerelegeerde funksie-element *word.*

Hierdie oorspronklik outonome funksielingemate in hulle relegering tot funksioneel-morfematiese elemente om funksiesintagmate te struktureer word dan, naas hulle outonome bestaan as eksistiewe of potensiewe kragtens hulle outonome logaliteit, onderskei as *morfematiese funksielingemate* of *funksiemorfemate.* Die tradisionele logisisties-kategoriese, klassisisties-grammatiese en linguistiese verklaring, onderskeiding en indeling van „koppelwerkwoorde" en „hulpwerkwoorde" is logies, lingaal en lingologies onverantwoordbaar, onhoudbaar en onverdedigbaar. In die volgende gevalle het ons telkens te doen met morfematiese funksielingemate of funksiemorfemate waar die oorspronklike outonome lingemate gerelegeer en gerig is tot die logaliteitbepalende en -rigtende struktuurelement in

*gesond* (*gesondword* is *die seun* se potensief-inseptiewe funksie); Die rok *is blou/te lank/te groot/'n trourok ('n trourok-wees* is *die rok* se eksistiewe funksie); Die kalf *is rooi/'n (rooi) verskalf ('n (rooi) verskalf wees* is *die kalf* se eksistiewe funksie); Die verskalf *kan* nog eendag *'n (uitstekende) melkkoei word: 'n (uitstekende) melkkoei:* die logaliteitbepalende sintagmaat, *kan word* die potensief-inseptiewe, funksiesintagmaat-struktuererende sintagmatiese morfemaat; Die skildery *lyk realisties* (potensief-eksistief); Hy *skyn onkundig* (potensief); Die beskuldigde *skyn onskuldig te wees* (potensief-eksistief); Die storie *blyk waar* (eksistief); Pa *is in die Kaap (is in die Kaap* is Pa se lokaal-eksistiewe funksie: *in die Kaap,* betrokke op *is,* die logaliteitbepalende en -rigtende sintagmaat, *is* die funksiesintagmaatstruktuererende morfemaat; bloot *Pa is,* is logaal ongerig, onvolledig, wesentlik sinloos); Pa *sal in die Kaap wees* (potensief-eksistief); Pa *is volksraadslid* (eksistief: *is volksraadslid* is die funksiesintagmaat met *volksraadslid* die logaliteitbepalende en -rigtende lingemaat); Jan *is advokaat* (eksistief), maar sy seun *word argitek* (potensief-inseptief)/*wil, moet, mag, kan, (behoort) gaan argitek (te) word* (potensief-ingressief); Anna *bly siek* (duratief-eksistief); Die man *skyn verstandig* (eksistief-potensief)/*skyn verstandig te wees* (potensief-eksistief). Die dam *word vol/leeg* (potensief-inseptiewe funksiesintagmaat; *word:* potensief-inseptiewe morfemaat)/*lyk vol/leeg* (potensief-eksistiewe funksiesintagmaat; *lyk:* potensief-eksistiewe morfemaat)/*is vol/leeg* (eksistiewe funksiesintagmaat; *is:* eksistiewe funksiemorfemaat; *vol/leeg;* telkens logaliteitbepalende en -rigtende funksielogemaat). Dit moet opgemerk word (self sintagmatiese potensief-inseptiewe ontotief soos volg gestruktureer: *dit:* ontotiewe funktor; *moet word:* potensief-inseptiewe sintagmatiese morfemaat; *opgemerk:* logaliteitbepalende en -rigtende lingemaat) dat *staan* ook morfematies aangewend word in verbinding met 'n potensief of eksistief om 'n potensief-inseptiewe of potensief-eksistiewe sintagmatiese funksiesintagmaat te struktureer soos bv. in: Hy *staan aangeklae te word* (potensief-inseptiewe)/*te wees* (potensief-eksistiewe funksiesintagmate) van diefstal, net soos *gaan* in: Hy *gaan aangeklae word* (potensief-inseptief) van diefstal/Hy *gaan suksesvol wees* (potensief-eksistief) in sy verdediging. Die logaalfunksionele verskil is daarin geleë dat *staan* die funksiesintagmaat morfematies prospektief-potensief rig (die *aanklae* kan enige oomblik van nou af gebeur), en *gaan* rig dit aspekties potensief-inseptief; die *aanklae* sal enige tyd later gebeur).

3.3. Anders moet beoordeel word die aanwending van *gaan* en *staan* en funksielingemate soos *sit, loop, val, raak* as morfemate om funksiesintagmate te struktureer. Deur hulle relegering tot morfemate verbeur hulle ook hulle outonome logaliteit soos blyk uit die volgende: Hy *gaan gebuk* (absolutiewe funksiesintagmaat) *onder sy skuldelas* (kousaal-eksplikatiewe bepaling; *gaan:* funksiemorfemaat; *gebuk:* logaliteitbepalende en -rigtende lingemaat); Sy *staan bekend* (absolutief-eksistiewe funksiesintagmaat) *om/vir haar liefdadigheid* (direktief-eksplikatiewe bepaling; *staan:* funksiemorfemaat; *bekend:* logaliteitbepalende en -rigtende lingemaat); Die man *val* die predikant *lastig* (relasiewe funksiesintagmaat; *val:* funksiemorfemaat; *lastig:* funksielingemaat; *die predikant* (funktumale komplement); Die taak *val* hom *moeilik;* Piet *staan pal/onwrikbaar* (absolutiewe funksiesintagmaat) *by/in sy oortuiging* (direktief-eksplikatiewe bepaling; *staan:* morfemaat; *pal/onwrikbaar:* lingemaat); Koos *sit verleë/opgeskeep met sy erfplaas* (absolutiewe funksiesintagmaat; *sit:* morfemaat; *verleë/opgeskeep:* lingemaat. Vergelyk: *Koos sit ewe verleë op die stoel; sit:* absolutief; *ewe verleë:* omstandigheidsbepaling van toestand of wyse betrokke op *sit; op die stoel* (lokaal-direktiewe bepaling betrokke op *sit);* Sy mes *het verlore geraak* (absolutiewe funksiesintagmaat; *het geraak:* sintagmatiese funksiemorfemaat; *verlore:* funksielingemaat); Die grootste deel van die oes *gaan verlore* (absolutiewe funksiesintagmaat; *gaan:* morfemaat; *verlore:* lingemaat); Weens die oorvloedige reën *staan* die hele grondboneoes *verlore te raak/te gaan* (absolutiewe funksiesintagmate; *staan te raak/ te gaan:* sintagmatiese morfemate; *verlore:* lingemaat).

## 4. SAMEVATTING

4.1. Uit dit alles blyk dus dat die funksie dít is wat as ervaarbare, beleefbare, onderskeibare en kenbare verskynsel van die betrokke funktorale saak uitgaan, deur die saak geïnisieer, teweeggebring, tot stand gebring, veroorsaak, laat gebeur word of wat ook al, wanneer die saak een of ander funksie in sy meersydige kosmiese gebondenheid verrig. Die funksie is altyd, in absolute sin, van 'n saak-in-funksie, d.i. van 'n funktor afhanklik. Daarom is die funksielingemaat of -sintagmaat ook nooit selfstandig, ongebonde nie maar altyd logaal, lingaal en funksioneel op die funktorale saaklingemaat of meerdere saaklingemate betrokke, word dit in sy logaliteit, in sy funksionele struktuurvorm en in die verskeidenheid van sy lingale funksies en gebondenhede deur die betrokke saaklingemaat gerig en beheers. In hierdie wesensaardlike betrokkenheid en gebondenheid lê lingaal die sintaktiese potensies en funk-

4.2. Dit is dan wat saamvattend onder die lingemaatsoort of die kategorie van die funksielingemaat verstaan en onderskei word: na sy oorsprong en wesensaard is die funksielingemaat die soortlik en funksioneel onderskeie lingale eenheid waarin 'n funksielogos sy logomorfiese, fonomorfiese en morfologiese, lingaal-funksionele vergestalting kry, en wat van ander lingemaatsoorte onderskeibaar is aan sy saakgebonde en saakgerigte logale inhoud en lingale funksie, d.i. aan die wesendheid en aard van die logaliteit as funksielogos in sy betrokkenheid op en beheerstheid deur die betrokke saak-in-funksie of funktor en, waar dit die geval is, ook op en deur die funktum.

Die funksielingemaat is dus die lingale vergestalting van 'n vervlugtigende, onstoflike verskynsel, 'n gelogoseerde fenomeen, wat vir sy ontstaan en bestaan, sy plaasvinding, gebeuring, uitvoering en verwesenliking in absolute sin afhanklik is van 'n reële, denkbeeldige of versinde saak-in-funksie, 'n funktorale saak waardeur dit altyd in al die funksionele en strukturele aspekte daarvan bepaal en beheers word. Daarom is die volgende noodsaaklike taak om die funksionele en strukturele gebondenhede en betrokkenhede van die funksielingemaat nader te ondersoek en te omlyn.

HOOFSTUK IV

# DIE LINGALE GEBONDENHEDE EN BETROKKENHEDE VAN DIE FUNKSIELINGEMAAT

## 1. WESENSAARDLIKE GEBONDENHEID

1.1. *Saakgebondenheid of funktorale gebondenheid.* Die funksielingemaat het as sodanig sy eie wesentlike gebondenhede en betrokkenhede in die taalstelsel sowel ten opsigte van sy logale of logomorfiese as van sy morfologiese bestaansaspekte, d.i. van sy logaliteit en logaal-funksionele gerigtheid as van sy funksionele, morfologiese, morfematiese of sintagmatiese struktuurvorm om aan die verskeidenheid spesifieke funksies wat dit in die taal moet verrig, te voldoen.

In die eerste plek is die funksielingemaat, soos reeds verduidelik (vgl. Hoofstuk III. 1.2.) wesensaardlik altyd gebonde aan en betrokke op 'n beheersende funktorale saak- of persoonslingemaat. Die funktor bepaal, inisieer, rig en beheers wesentlik sy eie funksie in al die aspekte van die bestaan en struktuur daarvan. Hierdie funktorale beheerstheid en gebondenheid is van fundamentele belang, omdat daaruit en daardeur al die ander gebondenhede en betrokkenhede van die funksielingemaat bepaal en gerig word en verklaarbaar is. Geen funksie hoegenaamd bestaan onafhanklik as 'n outonome verskynsel nie: dit is wesensaardlik 'n vervlugtigende, tydruimtelik verbybewegende, verskuiwende verskynsel wat die taalmaker op sy wyse beleef, logoseer en lingeer. Wat wel skynbaar outonoom bestaan, is die intraal-objektief waarneembare, fonomorfies-gelingeerde funksielingemaat, die objek van die Lingologie en die ekstraal-objektief waarneembare, verspraaklikte ekwivalent daarvan, die funksiewoord, die objek van die Linguistiek. Maar dan nog is bv. *huil, skryf, lees, skyn, vind, bak, is, was, word,* ens., fonomorfies, logaal en funksioneel onbestaanbaar, ondenkbaar sonder die betrokkenheid op 'n funktorale saaklingemaat en, waar dit die

vermoontlik word en ontstaan. Die relasiegerigtheid is implisiet in die logaliteit van die funksie/funksielingemaat gelingeer: niemand kan swem sonder om *in* of *deur* of *oor* water te swem nie, of *sit* sonder om *op* of *in* of *by* of *langs* iets te sit nie. Lingaal is die funksielingemaat dus onties, logaal en desweens en daarkragtens altyd sintakties betrokke op en gebonde aan 'n funktorale saaklingemaat en, by geval, 'n funktumale saaklingemaat, of gerig op 'n relasiekomplement: *Die kind huil; Jan lees 'n boek; Die perd drink water; Die kinders swem in die dam.*

1.2. *Logaliteitsgebondenheid.* Uit voorgaande volg dat die logaliteit wat in die funksielingemaat gelingeer is, bepaal en gerig word deur die saak-in-funksie soos deur die belewende taalmaker geïnterpreteer en gelogoseer. Immers, by en deur die funktor, fungerend in sy besondere funksiesituasie, ontstaan die funksie; die funktor origineer, inisieer en aktiveer die funksie en enkel daarkragtens bestaan dit en word die logale inhoud daarvan, die funksielogos, bepaal en gerig. In die sin: *Die voël vlieg,* is die logale inhoud, die logaliteit van die funksielingemaat *vlieg,* dit wat *die voël* as funksie verrig: die vlerke op 'n bepaalde wyse bewegend, voortvarend — by implikasie deur 'n lugruimte — hoe ons dit ook al probeer verklaar en omskryf; in: *Die klip/die boom val,* dít wat respektiewelik *die klip* en *die boom* as funksie verrig, hoe seer die val van die een ook al ooreenkom met of verskil van die val van die ander; in: *Die kind eet brood,* dít wat *die kind* as funksie verrig ten opsigte van *brood;* of: *Die kind drink water* ten opsigte van *water;* in: *Die kinders swem,* dít wat *die kinders* in die besondere relasiesituasie by implikasie ten opsigte van water as funksie verrig; in: *Die braaivleis eet/smaak lekker,* dít wat *die braaivleis* as funksie vervul, naamlik *om (lekker) geëet te word* en *om (lekker) te smaak.* Dit geld die logaliteit van alle funksielingemate — dus ook logaal is die funksielingemaat funktoraal saakgebonde en saakbeheers, en na gelang van die funksiesituasie ook funktumaal en relasief. Die funksielogaliteit is nie 'n selfstandig, outonoom bestaande gegewe of verskynsel nie maar die gelogoseerde interpretasie of vergeesteliking van 'n vervlugtigende, momentane of voortskrydende, tydruimtelikgestrekte gebeureverskynsel of toestandsverskynsel, die spesifieke funksievervulling van 'n bepaalde saak, soos die taalmaker dit in die saakbepaaldheid en saakbeheerstheid daarvan beleef, interpreteer en logoseer.

## 2. SOORTLIKE LOGALITEITSVERSKEIDENHEID EN -GERIGTHEID

2.1. *Saakbepaaldheid van die funksielogaliteit.* As ons in ag neem dat verskillende wesentlik-soortlik onderskeie sake logaal-soortgelyke of logaal-verwante funksies kan verrig of het om te verrig of te vervul waarvan die funksielogos in dieselfde fonomorfiese en morfologiese vorm gelingeer of vergestalt word, dan is die logale gebondenheid en bepaaldheid as 't ware selfevident. Sulke wesentlik-soortlik verskillende sake soos *klip, boom, ster, perd, seun, meisie, man, soldaat, vesting, regering, reën* kan, enkeltallig en meertallig, dieselfde logaal-soortgelyke, logaal-verwante funksie *val* verrig, of sake soos *son, water, horlosie, trein, boom, tafel, man* die funksie *staan*, bv. *Die klip/klippe val; Die ster/sterre val; Die soldaat/soldate val in die slag; Die vesting/vestings val; Die regering/regerings val; Die reën/reëns* val; *Die perd/perde val; Die seun/seuns val; Die meisie/meisies val,* ens. In die voorbeelde logeer *val* telkens weer 'n ander soort en vorm van die funksie: die klip *val* soos 'n *klip val,* die *ster* daarenteen soos 'n *ster val* of *reën/reëns* soos *reën/reëns val* en 'n *vesting* of *regering* elk nog weer anders, ens.; ons sal selfs kan sê dat 'n *seun* anders as 'n *meisie* of 'n *vrou* val. So kan die sake *son, water, horlosie, trein, boom, tafel, man, motor,* ens., elk na sy wese en aard 'n funksie verrig of vervul wat die taalmaker as sodanig interpreteer, onderken en logoseer en dan lingeer in die lingemaat *staan*. Maar telkens logeer *staan* iets anders na gelang van die funktor wat die *staan*-funksie verrig: *Die man staan* logeer as 't ware 'n deur die funktor self geïnisieerde, aktiewe funksieproses: *die tafel, die lamp, die horlosie, die motor, die water* ens., as 't ware 'n durende funksietoestand, en elk se *staan* is weer iets anders as die *staan* van elk van al die ander; in: *Die son staan soos 'n vuurbol aan die hemel,* „staan" die altyd bewegende son tog selfs in werklikheid nie. Vergelyk ook byvoorbeeld: *Ma bak brood; Die brood bak in die oond; Die elektriese oond bak mooi; Die wintersonnetjie bak heerlik hier in die beskutte hoekie; Die baaiers bak heerlik op die sand; Die man het my 'n lelike poets gebak; Jy kan nie somaar bak en brou nie,* of: *Die voël vlieg hoog in die lug; Die Eerste Minister vlieg môre Kaapstad toe; Reken, sy vlieg my somaar tromp-op in; Iemand in die hare vlieg; Die tyd vlieg.*

2.2. *Meervlakkige potensialiteit van die funksielogaliteit.* 'n Onderskeiding van die besondere funksielogaliteit en funksiegerigtheid is alleen moontlik ooreenkomstig die wesendheid en soortlikheid van die funktorale saak in sy besondere funksiesituasie, kragtens die saakgebondenheid wat alle soorte funksies of funksielingemate geld.

teit van die logaliteit en funksiegerigtheid kan die funksielingemaat aangewend word om die logaal-soortlike of logaal-verwante funksie van wesentlik-verskillende soorte sake te lingeer, terwyl telkens die logaliteit om die funksiekern gevarieer of selfs in sy logale gerigtheid wesensaardlik gewysig word na gelang van die wesensaard en soortlikheid van die betrokke funktorale saak in die besondere funksiesituasie daarvan. Die volgende lig, aanvullend, die meervlakkige potensialiteit toe: *Die tuinier sit onder die boom: Die perskes sit eintlik in trosse aan die boom; Die boom sit vol perskes; Dit sit vol vrugte aan die bome; Dit sit vol aan die takke; Daar sit modder aan jou skoene; Jou skoene sit vol modder.* Daarom bestaan daar prakties en lingaal geen moontlikheid en geen noodsaaklikheid om vir elke logale nuanse van 'n soortgelyke of logaal-verwante funksie 'n ander lingemaat te skep nie. Daar is egter gevalle van soortgelyke en verwante funksies wat so saakbepaal en saakbeheers is dat die funksielogos in verskillende fonomorfiese en/of morfologiese gestalte gegiet word, soos byvoorbeeld in *eet* × *vreet* (beskaafdelik alleen by nie-menslike saaksoorte): *Die kinders eet hulle kos, Die kinders eet lekker van die vrugte* × *Die perde vreet gras; Die perde vreet lekker aan die groen hawer; Sure vreet geleidelik selfs in yster in; Water vreet rotse weg; drink* × *suip: Die kinders drink graag koeldrank; Die vee suip water in die spruit; sterf* × *vrek: Tydens die griepepidemie van 1918 het honderde mense gesterf; Duisende beeste vrek aan bek- en klouseer; Die vinke vrek soos vlieë van die gespuite gifgas.*

2.3. *Verbondenheid of verbindbaarheid van die funksielingemaat?*

Uit die lingale feit dat elke saak in en uit die bepaaldheid en begrenstheid van sy wesensaardlike bestaan en soortlikheid sy eie funksies logaal beheers, rig en verrig, volg dit dat sekere sake ook funksies verrig wat ander sake nie kan verrig nie, bv. *'n klip, 'n voël, 'n ster, 'n boom* kan elk wel op sy eiesoortige manier *val*, maar *'n klip, 'n boom, 'n ster* kan nie *sing* en *vlieg* nie; Dit kan *die voël* wel. Die interpretasie dat „die betekenis van die werkwoord *sing* bepaal dat dit nie verbind kan word met die subjek *klip/ster* of *boom* nie", is 'n agterstevoor interpretasie, 'n lingale — en lingologiese — onmoontlikheid, net soos dit 'n praktiese onmoontlikheid is om die kar voor die perd in te span. Hoe tradisioneel logisistiesgrammaties bruikbaar so 'n interpretasie ook al mag wees, bly dit lingaal sinloos en waardeloos, want dit is nie 'n kwessies van „verbindbaarheid" van die „ww. *sing* met die subjek" nie, maar van die lingale

feit dat elke fungerende saak binne die bepaaldheid en begrenstheid van sy eiesoortlike bestaan die ontstaan, die bestaan en die logaliteit van sy eie besondere funksie bepaal, beheers en rig. Daarom kan wel gelingeer word: *Die klip uit die slingervel sing deur die lug; Die telefoondrade sing in die wind; Meteens vlieg daar 'n klip deur die venster; Ek sit nog so lekker, toe vlieg die perd onder my uit.*

Hierdie funktorale saaksoortlike gebondenheid en beheerstheid van die funksie vind insiggewende morfologiese neerslag in byvoorbeeld die Bantoetale, waar die saak sy soortlike, getalsmatige en logale gebondenheid deur sy saaksoort-onderskeidende premorfeem funksioneel in sy funksie indra, bv. enkeltallig:

*moagi (m)oaga ntlo* = die menssoort-bouer menssoort-bou 'n huis;
*modiri (m)oadira* = die menssoort-werker menssoort-werk;
*seagi se-(a)aga* = die dingsoort-bouer dingsoort-bou;
*sediri se-(a)dira* = die dingsoort-werker dingsoort-werk;

en meertallig:

*ba-agi ba-aga ntlo* = die menssoort-bouers menssoort-bou 'n huis;
*ba-diri ba-a-dira* = die menssoort-werkers menssoort-werk;
*di-agi di-a-aga* = die dingsoort-bouers dingsoort-bou;
*di-diri di-a-dira* = die dingsoort-werkers dingsoort-werk.

Dit is dus die fungerende saak, die funktor, wat die besondere logaliteit van die funksie bepaal, beheers en rig, en daarom is die funksielingemaat wesensaardlik ook logaal gebonde aan en betrokke op sy funktorale lingemaat.

## 3. WESENSAARDLIK-SOORTLIKE LOGALITEITSGEBONDENHEID EN -GERIGTHEID VAN FUNKSIES/FUNKSIELINGEMATE

3.1. Uit die feit dat soortlik-verskillende sake dieselfde logaal-soortlike en logaal-verwante funksie, en dieselfde saak logaal-wesensaardlik verskillende funksies kan verrig, volg noodwendig dat funksies nie kragtens hulle saakgebondenheid en -gerigtheid, d.w.s. kragtens hulle funktorale logale bepaaldheid en beheerstheid, wesensaardlik of wesenssoortlik onderskei kan word nie. Net soos sake wesentlik en aardlik soortgebonde en dus soortlik onderskeibaar en indeelbaar is — en dienooreenkomstig ook saaklingemate kragtens hulle logaal-soortlike gebondenheid — so is ook funksies wesentlik en aardlik soortgebonde en soortlik onderskeibaar kragtens die wese en aard van die logaliteit en funksiegerigtheid wat gelingeer is in die funksielingemaat — en dienooreenkomstig is ook funksielinge-

in hulle eie reg soortlik onderskeibaar en dus indeelbaar is kragtens die wesendheid en aardlikheid van hulle logaliteit en funksiegerigtheid self. Hierdie onderskeiding tussen wesentlik-logaal en aardliksoortlik verskillende funksies het in sommige gevalle in sommige tale 'n mate van fonomorfiese en morfologiese neerslag gekry deur aanwending van bepaalde funksionele struktuurmiddele sover dit nodig, wenslik en moontlik was, en dit gebeur vandag nog. Die morfologiese middele is funksionele struktuurelemente deur die vereiste logaliteit van die betrokke saakbeheerste funksies bepaal om aan die logaliteit lingaal-funksionele gerigtheid en vorm te gee. Ek sal dit verder aan by die betrokke gevalle telkens toelig. Aan die morfemiese en fonemiese elemente of verder ontwikkelde struktuurvorme kan die betrokke funksielingemate logaal-wesentlik en logaal-soortlik ook in Afrikaans onderken en onderskei word in sover die morfemiese en fonemiese middele bepaalde logaliteitbepalende, -rigtende of -wysigende funksie het, soos byvoorbeeld in *land* × *beland* × *aanland; beef* × *bibber; bid* × *bedel; hyg* × *hik; val* × *vel; haak* × *hekel; stoot* × *stotter; wend* × *wentel* × *wandel* × *bewandel* × *voortwandel*, ens. Maar fonomorfiese, d.w.s. niemorfemies gerigte, strukture soos die logemate: *land, beef, stoot, bid, wend, staan, sit, loop, gaan, werk, haak, skryf, lag, huil,* ens., is alleen wesensoortlik onderskeibaar aan die aard en gerigtheid van hulle logaliteit. Hoofsaak is daarom dat funksielingemate deur hulle wesentlike, eieaardlike logaliteit en funksiegerigtheid soortlik onderskei moet word, en dit is die enigste moontlike indelingsprinsipe. Hierdie onderskeidingsmoontlikheid en logaal-soortlike indeling volgens die wesensaard en soortlike gebondenheid van die funksielogaliteit wil ek t.a.v. die funksielingemate in Afrikaans beproef. Die soortlike en eieaardlike wesensgebondenheid en -gerigtheid van die logaliteit van die funksie/funksielingemaat onderskei ek as *aktionsart*.

3.2. *Aktionsartgebondenheid: basiese beginsel.* Die lingologiese uitgangspunt vir die onderskeiding van aktionsart en vir die vasstelling van die wesensaard daarvan is dus dít naamlik, dat alle sake, in die situasieverskeidenheid van hulle wesentlike, kosmiese en tydruimtelike gebondenheid, een of meer funksies het wat in absolute sin vir die ontstaan en bestaan en vir die wesentlik-soortlike logaliteit daarvan afhanklik is van die betrokke saak-in-funksie. Geen funksie hoegenaamd ontstaan vanself of bestaan outonoom nie. Dit is altyd situeel saakgebonde, saakbetrokke en saakbeheers. Net soos

geen funksielose saak bestaanbaar, denkbaar of versinbaar is nie, net so is geen funksie bestaanbaar, denkbaar of versinbaar sonder 'n saak wat die funksie origineer, inisieer, aktiveer of aktualiseer nie. Dus: wesentlik het elke indiwiduele saak kragtens en binne die tyd-ruimtelike begrenstheid van sy wesensaard en soortlikheid sy eie funksies. Aan hierdie wesensoortlike saakgebondenheid dank elke funksie sy besondere, wesensaardlike en wesensoortlike logaliteit en funksiegerigtheid soos die taalmaker dit uit en deur die betrokke funksiesituasie in omvangryke verskeidenheid beleef, interpreteer, logoseer en lingeer in die funksielingemaat.

3.3. *Verskeidenheid van funksies/funksielingemate.* Daar is wesensverskillende soorte sake wat in 'n verskeidenheid van situasies funksies verrig. Daarom al is daar wesensoortlik verskillende funksies. Maar dieselfde saak het ook wesensaardlik verskillende soorte funksies, bv.: die enkele saak *water: loop/staan/vloei/kook/verys/verdamp/les mens se dors/reinig/maak nat/ is 'n vloeistof,* e.s.m. En wesensverskillende soorte sake het logaal-soortgelyke en logaalverwante funksies wat tog in hulle saakbepaaldheid en saakgebondenheid logaal en in gerigtheid verskil soos *loop* in: *Die horlosie loop* × *Die trein loop* × *Die man loop* × *Die water loop* × *My neus loop* × *My nuwe skoene loop lekker*, of *staan* in: *Die kind staan* × *Die tafel staan* × *Die predikant staan in sy gemeente* × *Sy sake staan sleg* × *Sy seun staan op troue* × *Vyf kandidate staan in Pretoria-Oos* × *Sy oë staan styf in sy kop van skrik* × *Sy kop staan parlement toe.* Daar is dus in die taal 'n haas onbepaalbare verskeidenheid funksies/funksielingemate wat logaal wesensaardlik en wesensoortlik van mekaar verskil. Die lingoloog word gekonfronteer met die probleem om die funksies/funksielingemate volgens hulle eieaardlikheid en logale wesendheid te onderskei en in te deel. Hierdie onderskeiding is 'n funksieaardlike en funksiesoortlike volgens die wesensaardlike en wesensoortlike logaliteit en gerigtheid van die funksies/funksielingemate, d.w.s. dit is 'n aktionsartige onderskeiding.

3.4. *Aktionsart as linguistiese term.* Dit is 'n term wat in die gangbare Linguistiek al vir 'n lang tyd gebruiklik is ter karakterisering van onderskeibare verskynsels wat hulle opvallend voordoen in die gebruiksvorme van die funksielingemaat. Maar nêrens in die my bekende en geraadpleegde literatuur word dit linguisties — om nie te sê taalwetenskaplik nie — bevredigend afgebaken, verklaar en toegepas nie, omdat dit nie duidelik en prinsipieel onderskei word van *aspek* nie, waarmee dit altyd verbind en veelal verwar

der *aktionsart, aspek* en *tempus* verstaan, te verkry voor ek hierdie verskynsels gaan behandel en toepas t.o.v. die funksielingemaat in Afrikaans, is dit noodsaaklik om oorsigtelik en saaklik die interpretasies en toepassing daarvan by enkele linguiste in die betrokke literatuur te ondersoek en krities-vergelykend te bespreek.

### 3.5. *Linguistiese interpretasies; verwarring en gebrek aan prinsipiële onderskeiding*

3.5.1. Streitberg was eintlik die eerste om na analogie van die aspekonderskeidinge by die Slawiese funksielingemaat die „aspekte" as „aktionsarte" in Oergermaans te onderskei. In sy *Urgermanische Grammatik* (p. 276) stel hy sy opvatting soos volg: „Das indogermanische Verbalsystem kannte von Haus aus keine formale Kategorie, die dazu bestimmt gewesen wäre, die Zeitstufen (Vergangenheit, Gegenwart und Zukunft) auszudrücken. Denn dass, was wir Tempora zu nennen gewohnt sind, diente ursprünglich keineswegs zur Unterscheidung der Zeitstufen, sondern vielmehr zur Charakterisierung der Aktionsarten, d.h. der Art und Weise, wie die Handlung vor sich ging". Dit blyk dus dat Streitberg die term *Aktionsart* gebruik vir die Slawiese term *aspekvid* en dat Indo-Europees geen tempusonderskeiding en temporale morfeme gehad het nie, want die onderskeiding van „aktionsart", d.i. „aspek", berus op die morfologiese vorm van die funksielingemaat. Wat dus in wese nie *tempora*, „Zeitstufen", is nie, word tog as tempora beskou, en wat as tempora interpreteer word, is dan eintlik *aktionsarte,* d.w.s. *aspek.*

3.5.2. Blykbaar het Brugmann in *Grundriss der vergleichenden Grammatik der indogermanischen Sprachen,* Band II, 1, bl. 70, par. 38 (Strassburg, 1916) Streitberg op die spoor gevolg as hy verklaar: „Die Stämme, die man die allgemeinidg. und uridg. Tempora nennt, hatten von Anfang an mit den rein subjektiven Zeitstufen Gegenwart, (Vergangenheit, Zukunft) nichts zu tun. Sie hatten vielmehr mit ihrer besonderen Bildungsweise zuerst — ebenso wie die Verba, die bei besonderer, formaler Kennzeichnung, z.B. wie lat. *jactare* neben *jacere, parturire* neben *parere (parire?),* eine besondere Art der Handlung ausdrücken — der Unterscheidung der Aktionsart gedient. Die Verba waren zunächst Verba schlechthin". In Band III, 2, bl. 712, par. 634, herhaal hy: „Diese sogen. Tempora haben als Stämme mit den rein subjektiven Zeitstufen Gegenwart, Vergan-

genheit, Zukunft ursprünglich nichts zu tun gehabt. Sie dienten zuerst vielmehr zur Characterisierung verschiedener Aktionsarten (lees: aspekte) in derselben Weise wie das vielfach in den einzelnen idg. Sprachen bei verschiedenen zur selben Wurzel gehörigen ganzen Verbalsystemen, die nebeneinander in Gebrauch sind, der Fall ist". Brugmann gebruik glad nie die term *aspek* nie — nêrens sover ek kan vasstel nie — en verbind dus *tempus* met *aktionsart,* wat tog kragtens die Latynse voorbeelde wat hy gee, onmoontlik is. Sy aktionsart is wat andere as aspek onderskei en wat gewoonlik as tempus aangesien word. Hy maak dus geen prinsipiële onderskeiding tussen die wesensaardlik verskillende verskynsels *aktionsart* en *aspek* nie. „Aktionsart" onderskei hy wel van „tempus" en verklaar dat tempus nie primêr is nie, maar wel aktionsart. Indo-Europees het dus nie tempus onderskei nie en geen morfologiese tempusmiddele, d.i. tempusmorfeme, gehad nie. In die opvolgende paragrawe tot par. 49 in Band II, 3.1. is daar baie waardevolle gesigspunte en toeligtende voorbeelde betreffende aktionsart en aktionsartonderskeidinge — wat egter niks met aspek of tempus te doen het nie — maar daar is ook baie wat nie aanvaarbaar is nie, weens die gebrek aan onderskeiding tussen aktionsart en aspek. Tempora is vir Brugmann die „Zeitstufen", anders kon mens miskien aanneem dat hy onder „tempus" „aspek" verstaan en bedoel. Maar dan nog kan hy dit nie betrokke maak op aktionsart nie.

3.5.3. In *Handbuch der vergleichenden gotischen Grammatik* (München, 1928, bl. 185, par. 144) onderskei Kieckers vir Indo-Europees vyf tempora, t.w. *praesens, imperfectum, futurum, aoristus* en *perfectum*. Hierdeur word reeds tempus en aspek vermeng of nie onderskei nie, want *praesens* en *futurum* is tempusonderskeidinge, die ander is aspekonderskeidinge. Die Ide. *imperfectum* en *futurum* sou in Germaans verlore gegaan het (Hoe kan die „futurum" verlore gegaan het as dit nie bestaan het nie?); die *perfectum* en die *aoristus* het die *imperfectum* geword. Dan verklaar Kieckers in verband met die „tempora": „Über das Tempussystem sei nur kurz bemerkt, dass die sog. Tempora von Haus aus gar nicht dazu dienten, die Zeitstufe (Gegenwart, Vergangenheit, Zukunft) auszudrücken, dass sie vielmehr die Aktionsarten bezeichneten, d.h. die Art und Weise wie die Handlung vor sich geht". Dan onderskei hy met voorbeelde twee soorte aktionsart: *imperfektiewe* (soek) en *perfektiewe* (vind). Kieckers onderskei ook nie aspek nie, gebruik nie die term nie. Hy het klaarblyklik die meester-Germanis, Brugmann, nageskryf. Die onderskeiding is onvolledig en verwarrend: die tempora is nie „Zeitstufe" nie maar aktionsarte, terwyl hy we-

in die hipotetiese Indo-Europese moedertaal gerekonstrueer kon word nie — geen van die oer- of oud-dogtertale het die materiaal daarvoor verskaf nie. In die funksielingemaat kan dus alleen aktionsart *en* aspek, twee funksioneel-morfologies onderskeibare verskynsels, onderskei word.

3.5.4. Van Hamel bring in sy *Gotisch Handboek* (Haarlem, 1931) in par. 127, bl. 144, by sy bespreking van die funksielingemaat ook nie meer helderheid oor die verskynsels *aktionsart, aspek* en *tempus* nie. Hy baseer sy bespreking, soos sy voorgangers, op die morfologiese struktuur van die funksielingemaat, uitgaande van die tempusbegrip waarvolgens dan sogenaamde „wortels" deur „praesensformatiewe" tot „praesensstamme" gestruktureer word. So word die funksielingemate dan onderskei in *imperfectpraesentia* en *aoristpraesentia*. Wat, lingologies gesien, wesentlik morfeme is om die funksielingemaat òf aspekties òf aktionsartig te rig, beskou hy as „tempusformatiewe". Van belang is wat Van Hamel in *Aanm.* 2, p. 148 (waarin hy die term *aspek* vir die *aktionsart* van Streitberg, Brugmann en Kieckers gebruik) stel: „De tijdstammen drukten oorspronkelijk niet in de eerste plaats den tijd der handeling uit, doch het bijzonder gezichtspunt, veelal ten aanzien van de voltooiing van waaruit zij werd beschouwd. Het praesens gaf de handeling weer onvoltooid in haar duur, de aoristus als een feit onafhankelijk van den duur, het perfectum als iets voltooids. De idg. tempora zijn dus eerder als „aspekten" dan als „tijden" te beschouwen. Ook is het aannemelijk, dat oorspronkelijk ieder praesensformatief een eigen betekenis had, al is die niet in alle gevallen meer na te gaan (Ek vra: sou die „betekenis" van die „praesensformatief" (= aktionsart-morfeem?) 'n aktionsartige kon gewees het?); naast andere kunnen hier eveneens aspectverschillen (aktionsartverskille?) tot uiting gekomen zijn. Van de inchoatieve kracht van het suffix *-skĭ-/-skŏ-* is in het go. niet veel meer te bekennen. Duidelijk is de causatieve betekenis van — *jan*. Het perfectieve aspect wordt, ter onderscheiding van het duratieve, in het go., zooals in het heele germ., door diverse praefixen aangeduid, vooral door *ga-*: *ga-manwjan* ‚gereed maken' (*manwjan* ‚bereiden'), *gahausjan* ‚vernemen' (*hausjan* ‚horen'), enz. Maar ook *fra-itan* ‚opeten' (*itan* ‚eten'), *us-hauhjan* ‚verheffen' (*hauhjan* ‚hoogmaken'), *at-nēhvjan* ‚benaderen' (*nēhvjan* ‚naderbij komen')".

Hierdie interpretasie van Van Hamel is onaanvaarbaar. Wat

wesentlik aktionsart is, beskou hy as aspek. Die voorbeelde is almal aktionsartig gerig, nie aspekties nie: mens kan maar net daarop wys dat byvoorbeeld *gereed maak (ga-manwjan)* self aspekties gerig kan word: *Ek wil/moet/kan gereed maak* (ingressief); *Ek begin gereed maak* (inchoatief); *Ek maak gereed/is besig om gereed te maak* (kontinuïtief); *Ek sal gereed maak* (potensief); *Ek het gereed gemaak* (imperfektief/perfektief); *Ek het gereed gemaak gehad* (okklusief). Daarby moet ons opmerk dat die premorfeem *ga-* in Goties oorweënd aktionsartige en nie aspektiese funksie het nie. Ook wat Van Hamel in par. 176 oor *Aspect* sê, is nie aksepteerbaar nie. Hy het hier met *Aktionsart* te doen.

3.5.5. Aansluitend by en teenoor Kieckers en Van Hamel se beskouing wil ek terloops wys op die onderskeiding wat Wolfgang Krause in sy *Handbuch des Gotischen* (München, 1953, bll. 200—205) wel maak tussen *Aktionsart, Aspek* en *Tempus*. Hier word baie waardevolle onderskeidinge gemaak en insigte gegee, maar daar is baie verklaringe en toepassinge wat lingologies tog nie aanvaarbaar is nie, ook al omdat die onderskeiding tussen aktionsart en aspek prinsipieel nie duidelik genoeg is nie — net soos die tussen aspek en tempus ook nie. Om hier op besonderhede in te gaan is nie moontlik nie.

3.5.6. Sover ek kan vasstel, gebruik Boer in sy *Oergermaansch Handboek* (Haarlem, 1924, bl. 230, par. 207) nêrens die terme *aktionsart* en *aspek* nie — net *tempus/tempora*. Wat hier van belang is, is wat hy van die sg. *-s-*, *-si-*futurum sê — wat dan tog weer „nooit futurum-betekenis behoeft gehad te hebben".

En dan van belang, onder op bl. 230: „Wel kent het germaans een reeks praesenssuffixen, waarvan sommige een nog te herkennen betekenis hebben. Zulke suffixen zijn ide. *sko-*, *no-*, *nā-*, *nu-* resp. *nu̯o-*, *i̯o* en andere. Voorzoover deze suffixen nu eene wijziging in de opvatting der handeling, dus eene bijzondere actiewijze uitdrukken (dis die naaste aan aktionsart), kan men de vormen met de tempora tot één categorie samenvatten". (Boer verbind dus ook *tempus* en *actiewijze*, d.i. aktionsart. Is volgens hom dan ook aktionsart = aspek = tempus? Maar hy opper self bedenkinge, m.a.w. hy sien self die onhoudbaarheid van sy interpretasie:) „Maar zij onderscheiden zich van deze (d.i. van die tempora) toch *op meer dan eene wijze*" (ek kursiveer):

(1) elk van die ‚suffikse' (wat wesentlik aktionsartmorfeme is) kom slegs by 'n beperkte aantal „verbaalstamme" voor, uitgesonder die kousatiewe in Sanskrit;

(Is dit waar? Hoe kan hulle dieselfde aktionsartige funksie hê?);
(4) kan na analogie van bestaande ,formasies' nuwes ontstaan, „zoodat zij eer het karakter van verbaalstammen dan van tempusstammen dragen" (Dit kanselleer mos nou die vroeëre „samevatting tot een kategorie"! Hoe moet ons nou maak? My konklusie en interpretasie is: Indo-Europees en Oergermaans het geen *tempora* of *tempus,* d.i. „Zeitstufen", *tydstrappe* gehad nie — alleen *aspek* met aspektiese morfeme, hoe beperk ook al, en *aktionsart* sonder of met spesifieke aktionsartmorfeme).

3.5.7. In: *Language, a linguistic introduction to history.* (London, 3rd impression, 1949, p. 98: Tense) gee Vendryes 'n lesens- en betragtenswaardige beskouing oor „Tense", ondanks baie moontlikhede om met sy beskouinge, ontledinge en interpretasies te verskil.

Op bl. 99 sê hy: „Yet the expression of tense in Latin is an innovation. Comparative grammar teaches us that Indo-European principally expressed aspect". Dan verwys hy na Brugmann (wat ek reeds aangehaal het). Maar Brugmann gebruik net die term aktionsart. Dus vir Vendryes is die terme sinoniem, die kategorie identiek en daarom die terme wisselbaar. Dan word albei ook in die praktyk as tempus/tempora geïnterpreteer. Dus aktionsart = aspek = tempus.

Dan verder: „The category of duration is called aspect". (Maar „aspect" is Brugmann se „aktionsart") . . . „Indo-European was much less preoccupied with expressing tense than duration (d.w.s. „aspect"). What concerned it in an act was not so much to indicate in what moment it should be accomplished (past, present or future) as to indicate whether it was conceived of in its continuity, or at some definite point in its development — whether it was accomplished at the initial or final point", (pragtig sover, maar dan verdwaal Vendryes as hy vervolg:) „. . . whether the act took place once or was repeated, and whether it had a term or a result" (Hier is hy klaarblyklik met aktionsart besig). „For this reason, in comparative grammar we distinguish between durative and instantaneous verbs (= aktionsart: duratiewe — momentiewe), perfectives, imperfectives, inchoatives (= inseptiewe), iteratives, terminatives".

Wat Vendryes dan verder van Sanskrit en Grieks sê, is uiters belangrik, ook wat hy sê van Balto-Slawies. En waarom sal Germaans, Kelties en andere dan uitsonderinge wees? Latyn wel — Italies hét 'n spesifieke stelsel van tempusmorfeme naas die aspektiese mor-

feme ontwikkel soos my lingologies-morfologiese ontleding en interpretasie bewys. Selfs die Semitiese tale, bv. Hebreeus, het geen tempusstelsel nie, slegs 'n aspekstelsel. Vendryes kon ook byvoeg: Ook die Bantoetale nie — vergelyk Endemann se artikel in *Taalfasette,* Deel 2, 1966, bl. 49 (Van Schaik, Pretoria): *'n Voorlopige ondersoek na aspekverskynsels in Noord-Sotho.*

3.5.8. Hiermee moet ek volstaan, maar moet net daarop wys, sonder om krities op besonderhede in te gaan, dat in ons linguistiese kringe daar nie alleen geen duidelike onderskeiding tussen die drie funksioneel-morfologies en lingaal-wesentlik verskillende verskynsels aktionsart, aspek en tempus gemaak word nie, maar daar is ook baie teenstrydigheid en verwarring. So is vir Le Roux en Le Roux *(Middelnederlandse Grammatika,* Pretoria, 1935, par. 221, Opm. 1) *aspek* en „aktionsart" identiek; ook vir Van der Merwe Scholtz *(Taal en Taalverskynsels,* Bloemfontein, derde druk, 1954, bl. 122): *Aspek (Aktionsart).* Ook Meyer de Villiers *(Woordsoorte, werkwoorde en tye,* Kaapstad, 1948, p. 100: *Aspek)* se poging om helderheid te bring, al klae hy self oor onduidelikheid en verwarring, het nie geslaag nie. H. J. J. M. van der Merwe *(Inleiding tot die Taalkunde,* Pretoria, 1963, bl. 184, *Aspek)* kon maar die kluwe van *tempus, aspek* en *aktionsart* nie loswikkel nie, sodat hy in radeloosheid moet vra: „En maak dit nou werklik saak of dit gepaard gaan met tydsaanduiding? En maak dit dan saak of ons praat van *aspek* of van *aktionsart?* Sekerlik nie". Die vrae kan die Lingologie nie stel nie en die negatiewe antwoord nie gee nie.

## 4. LINGOLOGIES-PRINSIPIëLE ONDERSKEIDING: AKTIONSART, ASPEK, TEMPUS

4.1. *Aktionsart: lingologiese afbakening.* Dit blyk dus onmoontlik te wees om uit die bestaande linguistiese literatuur taalwetenskaplik helderheid te verkry oor die verskynsels wat in die oertaal en die ouere taalvorme distinktiewe morfologies-funksionele neerslag gekry het en òf morfologies òf funksioneel in die jongere en moderne tale fundamenteel onderskeibaar is. Die Lingologie moet dit dus as sy taak onderneem om die verskynsels *aktionsart, aspek* en *tempus* taalwesentlik te onderskei, af te baken en in toepassing aan die taalmateriaal self uit te toets.

*Aktionsart* is 'n dankbare term — dit verklaar homself: die wesensaardlike logaliteit en gerigtheid van die funksie soos in die funksielingemaat gelingeer. Elke funksie het, soos ek reeds verduidelik het, kragtens sy funktorale gebondenheid en bepaaldheid sy eie,

funksielogaliteit maak die funksielingemaat 'n funksielingemaat — en die besondere wesensaardlikheid van die logaliteit bepaal die aktionsart van die funksie/funksielingemaat. Dit word gelingeer deur middel van spesifieke morfemiese middele, soos ek later sal aantoon, of dit lê implisiet in die logaliteit van die funksie/funksielingemaat.

4.2. *Momentgebondenheid van funksielogaliteit.* Die funktorale saak is self wesensaardlik en wesensoortlik bepaal, begrens en gerig. In en kragtens sy tydruimtelike bestaan verrig elke saak sy aktionsartig bepaalde funksie(s). Die funksie vind dus plaas in die tydruimtelike bepaaldheid en begrenstheid van die saakbestaan en saakfungering. Nou kan die funktorale saak sy funksie in sy tydruimtelike momentgebondenheid verrig — die funksie moet in sy logaliteit, soos dit deur die taalmaker ervaar, beleef, gelogoseer en gelingeer word, wesensaardlik, d.w.s. aktionsartig, dus ook momentgebonde wees en is ook logaal momentgebonde, bv. *arriveer, vind, neem,* wat dan aktionsartig onderskei word as *momentiewe.*

En omdat die soort funksies in hulle afwikkeling, hulle plaasvinding of gebeure, in die werklike bereiking van hulle gerigtheid eers funksie is, het hulle geen duur waarvan die begin, die verloop en die voleindiging onderskei en geïsoleer kan word nie. Daarom word hulle aspekties wesensaardlik onderskei as die „momentaanperfektiewe", of liefs net *momentane.*

4.3. *Duurgebondenheid van funksielogaliteit: aspektiese verloopstadia.* Hierteenoor is daar die funksies van 'n ander logaliteitsoort wat die saak in die gestrektheid, begrens of onbegrens, van sy tydruimtelik gestrekte bestaan verrig en daarom is die funksies ook logaalwesensaardlik, aktionsartig gestrekte of duratiewe funksies — die funksie (moet) begin; dit het voortgang, duur, kontinuïteit van afwikkeling; dit loop af, eindig, word voltooi. Hier kan aanvangsmoment, duur van afwikkeling van gerigtheid, moment van voltooiing of afloop onderskei, geïsoleer en gelokaliseer word. Daarby kan die saak beleef word as bestem of ingestel om die funksie te verrig, die funksie word in vooruitsig beleef, potensieel verrig. Die moontlikheid van onderskeidende belewing en isolering van die momente of stadia is implisiet geleë in of verweef met die logale wesensaard, die logaliteit, d.i. die aktionsart van die funksie. Dit is nie die logaliteit self nie, dit is die onderskeibare en isoleerbare

verloopmoontlikhede of verloopstadia in die afwikkeling van die aktionsartig duratiewe funksie, dus die *aspekte:* die inchoatiewe aspek, die kontinuïtiewe aspek, die perfektiewe aspek, die potensiewe aspek, e.s.m. Dit so synde, moet die funksies/funksielingemate in alle tale dan ook aspekties bepaal, beheers en gerig wees, implisiet deur die funksielogaliteit in die funktorale bepaaldheid daarvan, d.i. sintagmemies of sintagmaties, of eksplisiet deur spesifieke aspektiese middele, d.i. aspekties-funksionele morfeme of morfemate. Hierdie feit word gestaaf o.a. deur die Bantoetale (vgl. Endemann in *Taalfasette,* Deel 2, 1966, p. 49, Van Schaik, Pretoria), deur die Semitiese tale (vgl. Vendryes: *Language,* London, 1949, Ch. 11, pp. 99—100) en deur Oerindo-Europees en Oergemaans.

4.4. *Aspek: lingologiese afbakening.* Wat die taalmakende mens dus allereers beleef, logoseer en lingeer by die saak-in-funksie, is die aktionsartigheid van die funksie — of dit bv. *loop, sing, skryf, vreet, slaap, bibber, ontvang, bak, maak, lag, huil, skiet, ry, vaar* of wat ook al is. Wat hy dan daaropvolgend beleef, logoseer en lingeer, is die moment van gebeure of die stadium van gebeure, byvoorbeeld of die kind *begin huil;* of die kind *reeds opgehou het om te huil;* of die kind *wil huil, op die punt is om te begin huil, staan te huil, gaan huil,* tekens vertoon dat dit *wil huil.* Dit is die *aspekte.* Dit het in werklikheid met tyd, tydsbepaling of -bepaaldheid, met tydsbegrensing of -begrenstheid, d.i. tydslokalisering as sodanig niks te doen nie. Dit is veeleer 'n ruimtelike lokalisering van die funksie- of gebeuremomente in die tydsgestrektheid. Dat die gebeurestadia, die aspekte van die funksiegebeure ook kragtens die tydruimtelike gebondenheid en bepaaldheid van die fungerende saak en deur hom van sy funksie ook tydmatiglik gebonde is aan die *hede,* die *verlede* en die *toekoms* is 'n ander saak. Hulle, *aspek* en *tempus,* is dus twee wesensverskillende ervarings-, belewings-, logoserings- en lingeringsverskynsels, as ek dit so mag stel. En daarom vereis hulle, indien dit lingaal nodig ,bevind' word om hulle albei te lingeer, funksioneel verskillende middele, hetsy morfemiese, hetsy morfematiese. Die aspekmorfeme kan funksioneel nie ook tempusmorfeme wees nie. Aspek en tempus is heterogene verskynsels, hoe nou die verband ook mag wees. Wesensaardlik is die belewing, die logosering en die lingering van aspek in die funksielingemaat onvermydelik, onontkombaar, fundamenteel. En as die taalmaker geen behoefte het, of as daar geen noodsaak bestaan om ook tyd, tempus, ,tense', ,Zeit' te lingeer nie — aspek *moet* hy onvermydelik lingeer omdat dit wesentlik in die aktionsartigheid van die funksie geleë is — dan doen hy dit nie: aspektiese lingering is voldoende, dit

... spesifieke aspekte te lingeer, bv. Latyn: *am-a-r-e* — die onbepaalde, onbegrenste, „infinitiewe" aspek; *am-a-ns*, die „kontinuïtiewe" partisipium; *am-a-t-u-s*, die „perfektiewe" partisipum; *am-a-t-ur-u-s*, die „ingressiewe" partisipium (about to love). Hulle is geen *tempus*vorme nie maar wel *aspeks*vorme, aspektiese partisipiale sintagmeme.

Dit is die toestand in Oud-Grieks, in Sanskrit, in die Balte-Slawiese tale, in die Semitiese tale, in die Bantoetale — dit was/is die toestand in Oeride. en Oergm. — en ek beweer dat dit nog die toestand is in die Germaanse tale tot in Afrikaans.

4.5. *Tempus: lingologiese afbakening.* Kragtens en weens die wesensaardlike tydruimtelike gebondenheid, onderskeibaarheid en isoleerbaarheid van die aspektiese gebeuremomente, gebeurestadia van die duratiewe funksie korreleer *die aspekte* ook met bepaalde tydsmomente — nie noodwendig altyd nie, nie konsekwent nie. Aspek en Tempus is nie identieke funksielingematiese verskynsels nie. Dit is dan ook verstaanbaar dat, indien en waar daar geen wesentlike, geen lingaal-prinsipiële onderskeiding gemaak word tussen aktionsart, aspek en tempus, tussen die aktionsarte, die aspekte, die tempora, tydstrappe, „tenses" en „Zeitstufen" nie, aktionsart as aspek onderskei en geïnterpreteer word en omgekeerd, en dat die aspekte as tempora onderskei, geïnterpreteer en gekarakteriseer word. Vandaar die chaotiese beeld wat die bestaande literatuur oor die verskynsels ons gee en die aweregse en onaanvaarbare toepassing van die interpretasies soos in die gangbare linguistiek en grammatika-onderwys beoefen word.

## 5. TOEPASSING OP TAALMATERIAAL

5.1. *Indo-Europees, Oergermaans.* Laat ons nou aan die hand van voorgaande beginselstelling die taalmateriaal, hoe karig ook, van Oeride. en Oergm. as toetssteen ontleed. Hierby moet in aanmerking geneem word dat die hipotetiese sintagmeme uit betreklik karige, soms baie van mekaar verskillende vorme van die veel latere vertakkinge van die oermoedertaal en die dogtertale gerekonstrueer is. Uiteraard sal die sintagmemiese vorme van die funksielingemate wat die afwikkelingstadium of aspek van die onmiddellike, direkte realiteitsbelewing en realiteitslogosering funksioneel lingeer, frekwensieel in al die tale oorweeg, d.w.s. in die kontinuïtiewe aspek van die „indikatief" meer materiaal vir vergelyking bied om daaruit

die oervorm so noukeurig as moontlik te rekonstrueer. Daarom is die „indikatiewe" kontinuïtief ook so wel vir die logemiese funksielingemate (die sg. *a-tematiese* of *mi-verba)* as vir die lingemiese *(tematiese* of *o-verba)* volledig gerekonstrueer, terwyl vir die „indikatiewe" perfektief en veral vir die „indikatiewe" potensief die gerekonstrueerde paradigmata minder volledig, minder seker en minder konstant gerekonstrueer kan word. Ek wys net daarop dat vir die „indikatiewe" potensief (die sg. *futurum)* daar geen rekonstruksie is nie — daar word in die betrokke literatuur wel melding gemaak van die *-s-* en *-si̯-* morfeme vir die ‚futurum', maar daar is geen bevredigende en oortuigend verklaarde of gerekonstrueerde sintagmeemstelsel nie (vgl. Boer, a.w., par. 207). Die „indikatiewe" kontinuïtief het ook gedien vir die „indikatiewe" potensief — soos vandag nog dikwels in Afrikaans, soos dikwels in Mnl., soos in Go., ens. Die verklaring lê myns insiens daarin dat die potensiewe aspek, synde 'n moontlikheidsgebeure, situeel bepaal en gerig word en, omdat die kontinuïtiewe onbepaald en onbegrens in die tydruimtelikheid strek, reik dit wat kontinuïtief aan die gebeur is, ook tot in die afwikkeling van wat nog gaan gebeur, staan te gebeur, „sal" gebeur. Daarom is *skulan* reeds vroeg al in Oergm. as potensiewe morfemaat aangewend (vgl. Goties).

5.2. *„Indikatiewe" kontinuïtief.* Die volgende is die gerekonstrueerde sintagmeemstelsel vir die „indikatiewe" kontinuïtief. (Ek gee net die paradigmata van die lingemiese funksielingemate, Go. *bairan* en *niman.* Die materiaal het ek gekry uit Wright: *Gothic Grammar;* Kieckers: *Handbuch* etc.; Brugmann: *Grundriss* II, 3.1. (Ek plaas die rekonstruksieteken net by die betrokke taal.)

*„Indikatiewe" Kontinuïtief*

| | | **Oeride* | **Oergm.* | *Goties* |
|---|---|---|---|---|
| Sg. | 1 | bhér-(e)-o něm-(ě)-o | běr-(i)-o něm-o | baír-a, nim-a |
| | 2 | bhér-ě-si něm-ě-si | bir-i-zi, nim-i-zi | baír-i-s, nim-i-s |
| | 3 | bhér-ě-ti něm-ě-ti | bir-i-di; nim-i-di | baír-i-th, nim-i-th |
| Plur. | 1 | bhér-ŏ-měs/mŏs, něm-o-měs/mŏs | běr-/nem-a-miz/maz | baír-a-m, nim-a-m |
| | 2 | bhér-ě-tě něm-ě-te | bir-/nim-i-di | baír-i-th, nim-i-th |
| | 3 | bhér-ŏ-nti něm-ŏ-nti | běr-/něm-a-ndi | baír-a-nd, nim-a-nd |

Hierdie struktuurpatroon laat hom morfologies-funksioneel soos volg interpreteer:

implisiet deur die logaliteit.

(2) **-ĕ-/ŏ-; *-ĭ-/-ă-; -ĭ-/-ă-:* die morfemiese element wat die logaliteit rig en lingeer tot funksielogaliteit of vergestalt in die funksielingeem **bhĕrĕ-/bhĕro-; *bĕri-/bĕra-; bairi/baira-.*

(3) **-o, *-o, -a; *-si, *zi, -s; *-ti, *-di, -th; *-mes/mos; *-miz/maz, -m; *-te, *-di, -th; *-nti, *-ndi, -nd:* die sinteme vir 1, 2 en 3 p. enkeltallig en meertallig.

Dus het ons die struktuurpatroon: logeem + morfeem + sinteem. Daar is geen ander funksionele morfeem nie — geen tempusmorfeem nie, terwyl die aspeksfunksie in die logeem verweef is deur middel van die logeemvokaal. Daar is beslis geen element wat tempusfunksie het of kan hê nie, en tempusbepaaldheid is nie implisiet geleë in die logaliteit nie. Daarom is dit onbetwisbaar dat Oeride. en Oergm. en Go. geen tempus onderskei en gelingeer het nie.

5.3. *Die perfektiewe aspek.* Wat die perfektiewe aspek betref, moet in ag geneem word dat die gegewens daaromtrent, weens 'n natuurlik geringer gebruiksfrekwensie en weens die van mekaar afwykende fonologiese en morfologiese ontwikkelings in die verskillende dogtertale en hulle afspruitsels, skraler verteenwoordig is, en dit dus moeiliker is om die paradigmata vir Oeride. en Oergm. te rekonstrueer. Die beeld wat 'n histories-vergelykende rekonstruksie wel bied, is dit: Aanvanklik skyn die augment, soos in Sa. en Oud-Gr. nog bewaar, die premorfemiese perfektief-aspektiese middel te gewees het en dat die reduplikasiemorfeem òf reeds daarnaas bestaan het òf daaruit ontwikkel het deur die anlautende foneem of foneemgroep van die logeem te verbind met die vokaliese augmentmorfeem waardeur die aspektiese premorfeem organies verweef word met die logeem tot perfektiewe lingeem. In die ontwikkeling het die augment in sommige tale defunk geraak en net die reduplikasie het as premorfemiese element vir die perfektiewe aspek oorgebly. Saam met reduplikasie het toe 'n nuwe middel begin ontwikkel — die inmorfemiese, nl. die vokaalwysiging. Immers: as die kontinuïtief implisiet in die logeemvokaal gelingeer word, dan kan die imperfektief/perfektief analogies mos ook deur 'n variante vokaal (= ablautsvokaal) gelingeer word. Daaruit alleen is dit m.i. verklaarbaar dat daar gelyktydig met die suiwer reduplikasie ook redupliserend-ablautende funksiesintagmeme bestaan — vergelyk byvoorbeeld Gr. *derkomai, *dedorka, *edrakon,* Go. *haitan, haihait* ×

*lētan, lailōt.* As nou eenmaal ablaut as 'n gerieflike en diensbare aspekmiddel ontstaan het, dan ontwikkel dit wetmatiglik tot 'n vaste aspekstelsel, veral in Germaans. Merkwaardig is dit dat Oergm. juis verder 'n nuwe imperfektiewe aspeksmorfeem ontwikkel het, volgens Gustav Must *(Weak praeteritum: Origin in Germanic,* Language 27, p. 121 —) uit die morfeem-sinteem van die 2e p. Sg. van die Oeride. perfektief, bv. **nam-tha,* Oergm. **nam-tha,* Go. *-da.* Geleidelik het in Gm. dus die aspekties-perfektiewe funksie van die reduplikasie oorgegaan op die ablaut — aangevul deur die postmorfemiese stelsel. Reduplikasie het dus op sy beurt defunk geraak en verdwyn. Daar is nêrens 'n spesifieke tempusmorfeem nie — net in Latyn-Italies.

Die volgende is die beeld in *Oeride, *Oergm. en Go. van die:

*„Indikatiewe" Perfektief > Imperfektief (Aspek)*

| | **Indo-Germaans* | | **Oergermaans* | |
|---|---|---|---|---|
| | *Premorfemies* : | *Inmorf.* | *Premorfemies* : | *Inmorf.* |
| Sg. | e-bhér-o-m | nam-a | haí-háit-a | nam-a |
| | e-bhér-e-t | nam-tha | haí-háit-tha | nam-tha |
| | e-bhér-e-ti | nam-ti | haí-háit-ti | nam-i |
| Pl. | e-bhér-o-mes | nēm-mes | haí-háit-u-m | nǣm-mi |
| | e-bhér-e-te | nēm-te | haí-háit-di | nǣm-di |
| | e-bhér-o-nti | nēm-o-nti | haí-háit-u-n | nǣm-u-n |

*Goties*

| *Premorfem.* : | *Inmorfem.* : | *Postmorfemies* |
|---|---|---|
| haí-háit | bar/nam | nas-i-da |
| haí-haíst | bart/namt | nas-i-des |
| haí-háit | bar/ nam | nas-i-da |
| haí-háit-u-m | bēr-/nēm-u-n | nas-i-dēdum |
| haí-háit-u-th | bēr-/nēm-u-þ | nas-i-dēduth |
| haí-háit-u-n | bēr-/nēm-u-n | nas-i-dēdun |

Dit is duidelik dat hier ook geen tempusmorfeme gerekonstrueer kon word nie. Uit die gerekonstrueerde sintagmeemstelsels is die volgende af te lei:

(1) In die „indikatiewe" kontinuītief dien die logeemvokaal, naas sy logeemstrukturerende funksie, skynbaar ook as aspekmorfeem: omdat die funksie wesentlik aspekties gerig is, is die kon-

om plaas te vind, is vanself kontinuïtief aan die gang, d.w.s. aspekties is die funksie vanself kontinuïtief aan die afwikkel.

(2) Tempus of tyd as soadnig is nie implisiet in die funksielogaliteit geleë nie, kan klaarblyklik nie daarin geleë wees nie, is ook nie implisiet in die aspek geleë nie, daarom logeer die kontinuïtiewe aspek nie noodwendig die teenwoordige tyd, die praesens nie. Immers, die kontinuïtiewe aspek kan ook imperfektief, perfektief en selfs okklusief gelingeer word, bv. Ndl.: *Ik schrijf* (kontinuïtief); *Ik schreef* (imperfektief-kontinuïtief); *Ik heb geschreven* (perfektief-kontinuïtief); *Ik had geschreven* (okklusief-kontinuïtief).

(3) Ons staan dus voor die onvermybare en onontkombare konklusie dat nòg die Indo-Europeër, nòg die Germaan, nòg die Goot ooit tempusonderskeiding of tempusbepaling in die funksiesintagmeem gelingeer het. Dit is die feitelike toestand ook t.o.v. die „indikatiewe" perfektum, die aoristus en die potensief. Aspek was/is nie alleen oorheersend en beheersend in die funksiesintagmeem nie — dit was/is ook volkome voldoende.

(4) Om die kontinuïtiewe aspek as *praesens*, die imperfektiewe as *praeteritum*, die potensiewe as *futurum* te onderskei en te interpreteer is 'n illingale, illingologiese interpretasie van die grammatici en die linguiste — 'n interpretasie wat sy oorsprong het in die oordrag en toepassing van die klassisistiese, logisisties-kategoriese Latynse grammatika *(ars grammatica)* op die Indo-Europese tale, net soos vandag nog dié grammatika oorgedra en toegepas word op die struktureel heterogene Bantoetale.

Ten slotte: daar is uit die feitegegewens van die Ide. tale histories-vergelykend geen funksiesintagmemiese vorme rekonstrueerbaar of deur enige Indo-Germanis tot sover gerekonstrueer wat spesifiek temporale morfeme naas en behalwe die aspektiese het nie. Dis vir my onbetwisbaar duidelik dat al die linguiste van Rask-Bopp-Grimm af oor Streitberg-Brugmann heen die kategorie *tempus inlees* in die wesentlik morfemies-aspektiese vorme van die rekonstruksies of hulle lees *tempus* uit die *aspek* af. Dit is verstaanbaar dat hulle dit doen, om verskillende redes:

(i) Latyn is die enigste Ide. taal wat in die sintagmeemvorme: *am-a-b-a-t/am-a-b-i-t; am-a-v-er-a-t, am-a-v-er-i-t,* spesifieke tempusmorfeme het. Nie in Balto-Slawies, Sanskrit, Grieks, Ger-

maans en Kelties nie. As Indo-Europees dit gehad het, moes dit in al die dogtertale, sy dit slegs sporadies, voorgekom het. In Latyn is dit 'n innovasie. Is dit aanneemlik dat dit in almal spoorloos verdwyn het en net in Latyn-Italies behou is? Tog nie bewysbaar nie.

(ii) Die logisisties-kategoriese grammatika was die enigste waarmee die linguiste vertroud was en waarvolgens hulle taalverskynsels interpreteer het — dit was 'n bruikbare stelsel.

(iii) Omdat die Latynse grammatika — tereg — die tempus-kategorie onderskei, het hulle ook die kategorie in alle tale gesoek en geprojekteer in wat wesentlik aspek is.

(iv) Aspek — Aktionsartonderskeiding is eers laat, na die tempusonderskeiding reeds gevestig was, in die Linguistiek „ingevoer" — en dit nogal verwarrend.

## 6. AKTIONSARTONDERSKEIDING T.O.V. DIE FUNKSIELINGEMAAT IN AFRIKAANS

Na die voorgaande oorsig van die literatuur en na die lingologies-prinsipiële fundering van die onderskeiding en afbakening van die verskynsels *aktionsart, aspek* en *tempus* wil ek vervolgens die beginsels t.o.v. die drie verskynsels toepas en uittoets. Ek het reeds by die bespreking van die wese van die funksielingemaat in paragraaf 2 van hoofstuk III en in voorgaande paragrawe 2 en 3 sekere funksielingemate soortlik onderskei op die prinsipe van hulle wesensaardlike logaliteit en logale gerigtheid maar hulle nie spesifiek aktionsartig benader en hulle in 'n aktionsartstelsel gerangskik nie. In die volgende wil ek hulle in so 'n stelsel tuisbring. 'n Mate van herhaling, hoe graag ek dit ook al wil vermy, is onontwykbaar en selfs noodsaaklik ter wille van die geheelbeeld.

6.1. *Bestaansfunksies/bestaansfunksielingemate.* Sake bestaan tydruimtelik en verrig hulle funksies in tydruimtelike gebondenheid en begrenstheid. Dit bring die aspekte mee. Maar die blote bestaan van 'n saak as saak, dat dit saak is, is reeds 'n funksie daarvan (vgl. hfst. III, par. 2.1.). Dit is tog wesentlik die primêre funksie van enige saak en van alle sake: dát hulle bestaan. Die taalmaker beleef 'n saak in sy bestaan, interpreteer, evalueer, begryp, verstaan en onderken die saak as saak en weet dit as bestaande, as synde, as „issende": die blote bestaan, wees of „syn" logoseer hy as 'n besondere soort funksie van die saak en lingeer dit logomorfies en fonomorfies in die logemate *is, wees, blyk* en struktureer die lingemaat *bestaan* en die sintagmaat *blyk te wees.* Dus om saak

en onderskeibaar is, is die primêre funksie daarvan, bv. *God is; God bestaan; Daar is maar een Suid-Afrika; Sulke soogdiere bestaan wel; Dit blyk 'n gerug te wees; Dit blyk daaruit; Waar was jy?* In aantal is die funksielingemate gering, maar in die taal het hulle 'n hoë gebruiksfrekwensie, 'n wye gebruiksveld en vanweë hulle logaliteit 'n uiters belangrike gebruiksvalensie. Immers, alle sake is bestaansgebonde. Wat die gebruiksvalensie vergroot, is dat hulle juis kragtens hulle logaliteit aangewend word om as morfemate ander lingemate soos hoedanigheids-, omstandigheids-, verhoudingslingemate, selfs saaklingemate en ander funksielingemate tot funksiesintagmate te rig, bv. *Die kind is siek/blyk siek te wees; Die olifant is 'n soogdier; Na sy vorm en grootte blyk die olifant 'n oerdier te wees; Die kind is in Kaapstad gebore; Vyf van die terroriste is veroordeel; Oom Hans is volksraadslid; Piet is eerste in sy klas; Die skaap was verlore en is gevind.*

Omdat hierdie also logaal-onderskeibare funksies/funksielingemate *is, wees, blyk (te wees), bestaan* die „eksistensie" van sake as funksie lingeer, karakteriseer en subsumeer ek hulle weens hulle wesensaardlike logaliteit aktionsartig as *eksistiewe*. Die wesensaardlike logaliteit en funksiegerigtheid van die eksistiewe impliseer tydruimtelike onbepaaldheid, onbegrenstheid van duur, daarom is die eksistiewe funksies/funksielingemate by implikasie duratief, tydruimtelik gestrek. Hulle hoef dus nie gekarakteriseer te word as duratiefeksistiewe nie.

In Goties „bestaan" daar 'n aantal funksielingemate, gestruktureer uit saaklingeme en hoedanigheidslingeme deur middel van die morfeem *-ō-*, wat in wese aktionsartig eksistief is, bv.:

*skalks* = 'n kneg × *skalk-in-ō-n* = kneg wees, die funksie van kneg-wees verrig, dien;
*reiks* = koning × *reik-in-ō-n* = koning wees, vors wees, die funksie van koning-wees/vors-wees verrig, regeer;
*gudja* = priester × *gudj-in-ō-n* = priester wees, die funksie van priester-wees verrig;
*frauja* = heer × *frauj-in-ō-n* = heer/meester wees, die funksie van heer-wees/meester-wees verrig, regeer, heers;
*áirus* = boodskapper × *air-in-ō-n* = boodskapper wees, die funksie van boodskapper-wees verrig, „boodskap";
*áigin* = eiendom × *aig-in-ō-n* = die funksie van eiendom-wees verrig, toeëien.

Dus: eintlik is die *-in-* oorspronklik die morfeem van die be-

paalde groep saaklingeme, sodat net die morfeem -ō- die funksie het om die saaklingeme funksielingemies te rig tot eksistiewe funksielingemate soos in

*frij-ō-n,* lief wees, liefhê;
*fisk-ō-n,* visser wees, visvang;
*dwalm-ō-n,* dwaas wees, dwaal.

Die funksielingemate wat in Afrikaans as morfemate aangewend word om eksistiewe funksiesintagmate te struktureer, is:

*is* en *wees* (was), bv. *Hy is bly/is onderwyser/is groot/is siek/was koning/sal bly wees/was siek gewees,* naas *blyk (te wees).*

6.2. *Ontstaansfunksies.* As 't ware by voorgaande aansluitend bestaan daar 'n hoogs interessante funksieverskynsel, naamlik dít dat 'n saak in werklikheid nog nie bestaan nie en tog reeds in funksie tree, sy wesentlike funksie verrig en juis daarmee en daardeur in aansyn kom en as saak bestaan. Die proses van ontstaan en die verskyning van die saak „sinchroniseer" as 't ware ontogeneties in en met die betrokke funksie: in en deur die funksie van dit wat in funksie is, ontstaan en bestaan juis dit wat-in-funksie is: die saak-in-funksie is feitlik ook sy funksie en omgekeerd (vgl. hfst. III, par. 2.4.).

Dit gebeur veral met natuurverskynsels maar ook in die geval van ander verskynsels, belewing- en omstandigheidsituasies waaruit bepaalde gevoelsituasies ontstaan en as funksies gelingeer word, bv. *Dit reën* (= reën word gevorm, verskyn, stort neer, is daar as „reën"); *Dit donder* (= dit wat donder, donder/is donder); *Dit weerlig* (= deur te weerlig ontstaan weerlig, is weerlig); *Dit pyn* (= deur te pyn ontstaan pyn, is pyn); *Dit gons* (= deur te gons is daar „gons", gegons, gonsery); *Dit stink* (= in en deur te stink is daar stank; dit wat stink, stink); *Dit rumoer in die saal* (= dit wat rumoer, rumoer); *Dit wemel in die kombuis (van rooimiere)* (= dit wat wemel, wemel; wat wemel is rooimiere). Geen van die ontogeneties-betrokke sake bestaan reeds vooraf of word vooraf spesifiek genoem om funktoraal sy spesifieke funksie te verrig nie, óf „dit gaan" nie om die saak wat die spesifieke funksie verrig nie — dit gaan hier primêr om die funksie waarby iets wat in werklikheid nie vooraf bestaan of as sodanig juis beleef word nie en dus vanselfsprekend nie genoem word of genoem hoef te word nie of hoogstens eksplikatief aangevul word (soos bv.: *Dit wemel van rooimiere),* maar in die wesensaardlikheid van die logaliteit van die funksie geleë, fungerend betrokke is; die funksiegebeure staan oorheersend in die belewingsituasie, die saak wat „ontogeneties" be-

… op dit wat in funksie is. Tradisioneel-grammaties is die funksie *reën* in *Dit reën* sogenaamd „onpersoonlik", terwyl in: *As jy die tak skud, reën die appelkose,* „reën" dan „derde persoon, meervoud" en in: *Dit reën confetti op die troupaar* weer „onpersoonlik" selfs „oorganklik" is. In Latyn is die morfologiese struktuurtipe van die funksies/funksielingemate, liewers funksiesintagmeme, *curr-i-t* (Hy/Sy/Dit hardloop; Eng. He/She/It runs); *del-e-t* (Hy/Sy/Dit vernietig; Eng. He/She/It destroys) deur die sinteem *-t* persoons- en getalsmatig gebonde en beheers: „derde persoon, enkelvoud". Waarom het dieselfde sinteem *-t* in *plu-i-t* (Dit reën; Het regent; It rains) en in *ton-a-t* (Dit donder; Het dondert; It thunders) dan nie ook dieselfde persoons- en getalsfunksie nie? In Latyn is die vorme funksioneel morfologiese eenhede, sintagmeme — in Afrikaans is eweseer *Dit reën, Dit donder, Dit pyn, Dit stink* funksioneel sintaktiese eenheidstrukture, funksioneel dus eintlik ook „sintagmeme", die onvermydelike, noodwendige lingale vergestalting van die soort „ontogenetiese" funksiebelewenisse. Daarom karakteriseer en subsumeer ek hulle aktionsartig as *ontotiewe* of *ontotiewe funksiesintagmeme,* met verwerping van die illogiese, illingale en illingologiese, dus onverantwoordbare, interpretasie van „Impersonalia", „Onpersoonlike werkwoorde". Die elemente van die sintaktiese struktuureenheid kan gevoeglik onderskei word as die *ontotiewe funktor* of *ontotiewe sintemaat* en die *ontotiewe funksie/funksielingemaat.*

6.3. *Tydruimtelike gebondenheid en gerigtheid van die funksielogaliteit.* In hulle kosmiese, wesensaardlike bestaan is alle sake: stoflike, geestelike, fenomenele, denkbeeldige en versinde of wat ook al, binne die belewingsmoontlikhede van die taalmakende mens, ruimtelik en tydlik verbonde en begrens en word in die begrenstheid so ervaar, beleef en gelogoseer. In hierdie tydruimtelike begrenstheid en gebondenheid word hulle bestaan beheers en feitlik gelokaliseer en verrig hulle hul funksies. Die tydruimtelik gebonde wesensaard van die saak lê implisiet beliggaam in die logos daarvan soos gelingeer in die saaklingemaat. Dit kan nie anders nie as dat sake wesensaardlik hul funksies in die tydruimtelike gebondenheid verrig en dat die gebondenheid implisiet in die funksie gelogoseer en in die funksielingemaat gelingeer word, m.a.w. die logaliteit van die funksie/funksielingemaat is wesensaardlik tydruimtelik bepaal, beheers, gerig en begrens. Sake word primêr beleef in hulle onmiddellike tydruimtelike bestaan of verskyning, in hulle regstreeks

sintuiglik-waarneembare toeganklikheid soos hulle in hul momentele of minder of meer gestrek-momentele of durende bestaan funksies verrig en as sodanig beleefbaar is. So word die funksies ook weens die absolute gebondenheid aan, betrokkenheid op en logale beheerstheid deur die fungerende saak primêr beleef òf in hulle onmiddellike, momentele of moment-begrenste verrigting en beëindiging òf in 'n durende proses van ontplooiing en afwikkeling of plaasvinding van 'n aanvangsmoment af tot 'n bepaalde, afgeslote eindpunt òf in 'n durende verloop in die onbepaalde tydruimtelikheid. Tydruimtelik gesien is daar dus kragtens die wesensaard van hulle logaliteit en die gerigtheid daarvan primêr twee wesensverskillende soorte funksies/funksielingemate te onderskei.

Eerstens is daar die wat logaal-wesensaardlik tot en deur 'n moment, 'n oomblik van gebeure begrens is, hulle wat logaal geen tydruimtelike gestrektheid of bepaalbare verloop of duur het nie en waarvan aanvang, verloop en voleinding relatief sinchroniseer, saamtrek in 'n moment van gebeure: op die moment, byvoorbeeld, dat die funktor *vind, vat, arriveer,* het hy reeds die funksie voltooi, hy kan die besondere funksies nie tydruimtelik uitstrek om tot 'n isoleerbare eindpunt of afloop- en voltooiingsmoment te voer nie. Die wesensaardlike logaliteit van die soort funksies is juis geleë in die voltooiing, die „perfektivering" of liefs die „okklusivering" daarvan. Bekend is in hierdie verband die Middelnederlandse funksielingemate *comen, liden, bringhen, vinden,* wat logaal geen duratiwiteit gehad het nie, omdat hulle logaliteit in en met die moment van gebeure „perfektiwiteit" bereik het — „okklusiwiteit" sou veel korrekter wees — juis omdat aanvangsmoment, duurmoment en afloop- of voltooiingsmoment logaal sinchroniseer, en daarom by die onderhawige funksielingemate nie van die spesifieke „perfektiverings"morfeem *ge-* gebruik gemaak kon word nie. Die tradisioneel-grammatiese onderskeiding as „momentaan-perfektiewe" is wesentlik 'n hibridiese, d.i. 'n aktionsartige en 'n aspektiese. Kragtens die wesensaardlike logaliteit en logale gerigtheid op 'n ongestrekte, onstrekbare gebeuremoment wat in die voltooidheid, in die volkome bestemmingsbereiking van die logale gerigtheid van die funksies eers werklik funksies word en as funksies bestaan, is hulle aktionsartig *momentiewe.* Kragtens die volkome afgelopenheid van die funksie in en met die verwesenliking van die logale gerigtheid sodra die funksie verrig word, is hulle aspekties *momentaan,* dus nie kontinuïtief nie, bv. *Hy arriveer om tienuur; Jan vind sy boek in die laai,* of okklusief: *Hy het gearriveer; Jan het sy boek gevind.*

6.4. *Duurgebondenheid van die funksielogaliteit.* Tweedens bestaan

*voetbal; Hy bibber van die kou; Die water stroom van die dak af; Hy vaar per skip na Europa; Hy reis van Pretoria na Kaapstad; Hulle lag; Die kinders begeer daardie speelgoed; Die filosoof dink diep; Hy bedink hom voor hy handel; Die agitator indoktrineer die liggelowiges met allerlei rewolusionêre idees; Die koei gee goed melk; Die bome staan langs die straat; Jan skryf 'n brief; Ma bak brood; Hy vat-vat aan die bal.* Logaal-wesensaardlik, d.i. aktionsartig, is die funksies/funksielingemate dus *duratiewe* in onderskeiding van die *momentiewe* — hulle het weens hulle tydruimtelik gestrekte en gerigte logaliteit 'n onderskeibare en isoleerbare aanvangsmoment wat as sodanig beleef en gelingeer kan word; hulle het logaal 'n tydruimtelike gestrektheid of duratiwiteit van gebeure, handeling of toestand selfs (is *staan* in: *Die bome staan/Die tafel staan/Die water/horlosie staan,* nie logaal-wesentlik gestrekte toestandsfunksies nie?) wat verloop in 'n onbepaalde, onbegrenste tydruimtelike gestrektheid en daardeur juis morfemiese of morfematiese middele benodig om in die verloop aspekties bepaal en begrens te word tot 'n verloopmoment of verloopstadium, sonder wysiging van die wesentlike, aktionsartige logaliteit, of tot 'n onderskeibare en isoleerbare eindpunt, 'n afloop- of voltooiingsmoment, implisiet verweef in hulle logaliteit.

Uit die gegewe voorbeelde is dit duidelik dat die duratiewe aktionsart 'n oorkoepelende onderskeiding en karakterisering is, omdat ander aktionsartige funksies/ funksielingemate ook die wesensaardlikheid besit. Inderdaad is alle aktionsartig onderskeibare funksies/funksielingemate aktionsartig ook duratief, uitgesonderd die momentiewe. Dit is hierdie feit wat dit moontlik en noodsaaklik maak om die duratiewe funksielingemate nader te onderskei en in te deel volgens hulle besondere, kenmerkende aktionsart.

6.5. *Enkelpolige logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* Kragtens sy wese, sy bestaansaard en bestaansbestemdheid het elke saak behalwe sy blote eksistiewe funksie nog ander funksies wat as funksies 'n eie, outonome logale geslotenheid of liewers geslote logaliteit het, logaal as 't ware selfgenoegsaam is, net op die fungerende saak betrokke en daaraan logaal gebonde, bv. *Die son skyn/gaan onder; Die kind huil/lag/slaap/skreeu/kruip; Die horlosie loop/staan/tik reëlmatig; Die perd draf/runnik/sweet; Die honde blaf/tjank; Die voël vlieg,* ens., ens. Hierdie soort funksies is in hulself voltooi, vervolledig en is as 't ware 'n manifestasie of realisering

van een of ander bestaansaspek van 'n saak. Daar is geen gebondenheid aan of betrokkenheid op 'n ander saak as die originerende, inisiërende en aktiverende funktorale saak nie. Die funksie ontstaan nie uit 'n funksierelasie van sake nie. Die logaliteit word wesensaardlik enkel deur die funktor bepaal en gerig, is in homself tot homself begrens, in homself volkome volledig, outonoom, absoluut in sy logaliteit en gerigtheid. Die logaliteit van die soort funksies is dus in absolute sin enkelpolig beheers en gerig. Daarom onderskei en karakteriseer ek hierdie funksies/ funksielingemate aktionsartig as *absolutiewe*. Ook hulle is, soos uit die voorbeelde blyk, by implikasie in hulle gerigtheid tydruimtelik onbegrens, dus ook duratief. Maar boonop omsluit of oorkoepel hulle ook ander aktionsartige funksiesoorte, bv.: *kruip/loop* (kinetief); *staan* (statief), *runnik* (frekwentatief); *wees/bestaan/blyk* (eksistief), ens.

In parr. 2.1. en 2.2. het ek reeds verduidelik dat die funksielogaliteit wesensaardlik en logaal-soortlik bepaal en beheers word deur die funktorale saak en dat die funksielogaliteit daarkragtens meervlakkige potensialiteit besit. Dit maak dit moontlik dat absolutiewe tot 'n andersoortige aktionsartigheid gerig kan word, soos byvoorbeeld in: *Die gras brand* (absolutief) tot *Ma brand koffie* (relasief); *Jan en Anna trou môre* (absolutief) tot *Ds. Pieterse het die paartjie getrou* (relasief). Dit sal in die volgende paragraaf verder toegelig word.

### 6.6. *Meerpolige logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid*

6.6.1. Naas die aktionsartig absolutiewe funksies/funksielingemate wat alleen funktoraal gebonde en beheers is en nooit anders kan wees nie, bestaan daar diesulkes wat logaal ook op 'n vermoontlikende, selfs resultatief- of kousatief-vermoontlikende, funktumale komplement betrokke is, sodat hulle in die geval uit 'n funksierelasie ontstaan, 'n funksierelasie lingeer, dus aktionsartig *relasiewe* is, soos ek reeds tevore breedvoerig verduidelik het in hfst. III, par. 2.3. Terwyl die funksielingemaat in: *Die vuur/kers/gras brand* aktionsartig absolutief is, is dit aktionsartig relasief in: *Ouma brand koffie; Ek brand my vinger; Die warm koffie brand my mond.* So ook: *Die wiel draai* (absolutief) × *Jan draai die wiel* (relasief) en *Pa draai stroppe* (relasief-resultatief); *Lood weeg swaar* (absolutief) × *Hulle weeg die goudstawe* (relasief); *Die klok lui* (absolutief) × *Die koster lui die klok* (relasief).

6.6.2. Voorgaande sluit aktionsartig aan by die soort funksies/funksielingemate wat enkel ontstaan uit en kragtens 'n relasie-

teenoor mekaar, en daarkragtens of uit oorsake daarvan ontstaan daar verskynsels van inwerking op mekaar, van beïnvloeding van die een van die ander of van mekaar, van handelings of funksies van die een ten opsigte van die ander of van mekaar in groot verskeidenheid. Die soort funksies kan nie ontstaan of bestaan sonder of buite die betrokkenheid van die sake in die bepaalde verhouding- of bestaansituasie nie — albei elemente of komplemente van die relasie is funksioneel regstreeks in of by die ontstaan en bestaan, by die logale wesendheid en gerigtheid, bepaaldheid en soortlikheid van die funksie van die een saak ten opsigte van die ander saak betrokke. Om toe te lig: *Die boer* as saak/persoon kom in regstreekse, bepaalde funksierelasie tot verskillende sake in sy belangeverband of bedrywigheid te staan, en uit die verskillende relasiesituasies ten opsigte van verskillende dinge ontstaan bepaalde funksies van *Die boer* ten opsigte van een of ander saak of van die saak ten opsigte van die boer, bv. *Die boer — sy land: Die boer ploeg/eg/skoffel/oes sy land; Die boer — die hout: Die boer kap/dra/sleep/rol/sien/koop/verkoop/verbrand/skaaf/saag die hout; Die hout — die boer: Die hout/beseer/val op die boer; Die bul — die boer: Die bul storm/stoot/skop die boer; Die boer — die bul: Die boer verkoop/koop/jaag/was/slaan/gooi/slag die bul.* Soortgelyke funksies is: *spit, laai, plant, bou, skeer, weeg, eet, messel, pleister* ens., ens. Dit is uiters noodsaaklik om baie duidelik te begryp dat albei komplemente van die funksierelasie noodsaaklik, selfs noodwendig aandadig is aan die ontstaan en bestaan en die logale wesendheid en gerigtheid van die soort funksies. Sonder die inisiërende, aktiverende funktorale komplement kan geen van die funksies ontstaan en bestaan nie, maar ewe min sonder die vermoontlikende, veroorsakende, resulterende, kompleterende funktumale komplement. Wesensaardlik is die logaliteit van die soort funksies dus altyd op 'n relasiesituasie betrokke — 'n tweepolige *(Die boer skeer sy skape/bou 'n huis)* en selfs 'n driepolige *(Jan gee Anna 'n boek)*. Aktionsartig word die funksies/funksielingemate kragtens die wesensaardlikheid van hulle logaliteit en die logale gerigtheid daarvan onderskei en gekarakteriseer as *relasiewe*.

6.6.3. Net soos daar aktionsartige absolutiewe funksies/funksielingemate bestaan wat weens hulle potensieel meervlakkige logaliteit aktionsartig relasiewe funksie kan hê, so is daar relasiewe wat ook aktionsartig absolutiewe logaliteit en gerigtheid kan hê, bv.

*Hy eet graag vis* (relasief) × *Die braaivleis eet lekker* (absolutief); *Die klerk verkoop motors* (relasief) × *Die Volkswagen verkoop goed; Ek lees 'n interessante roman* × *Die roman van Konsalik lees interessant; Die boer ploeg sy lande* (relasief)/*Die skottelploeg ploeë die sandgrond goed* (relasief) × *Die klipperige grond ploeë sleg* (absolutief); *Die arbeiders oes die mielies* (relasief) × *Die witmielies oes maklik, maar die geelmielies oes taai* (albei absolutief); *My vrou skryf graag haar briewe op goeie papier* (relasief-resultatief) × *Sy sê die goedkoop papier skryf sleg* (absolutief), *want haar vulpen wil nie daarop behoorlik skryf nie* (absolutief). Aktionsartig is die funksies soos *eet, verkoop, lees, ploeg, oes, skryf* e.d.m. wesentlik relasiewe, maar kragtens die potensieel meervlakkige logaliteit van funksies word sodanige funksies weens die logaal verwante funksiesituasies deur die betrokke funktorale sake dermate logaal gewysig en gerig dat selfs hulle soortlike en wesensaardlike logaliteit, d.w.s. hulle aktionsartigheid, gewysig word. Dit is nie 'n kwessie van „usurpasie van die subjeksfunksie" nie — so 'n „subjek" het tog nie prerogatiewe beheersing oor die funksielogaliteit nie — dit is 'n kwessie van normale, taalmatige logaliteitsverskuiwing en daarmee wysiging van aktionsart van die betrokke funksie. Die aktionsartig relasiewe funksielingemate logeer tog, ondanks logale verwantskap, kragtens hulle funktorale beheerstheid en logale gerigtheid iets heel anders as hulle aktionsartig absolutiewe korrelate.

6.6.4. Dikwels is die funktor self weens die logale gerigtheid van die relasiewe funksie as funktumale komplement in die funksierelasie betrokke, bv. *Die slang pik homself* × *Die slang pik die kind/hom; Die jong het homself per ongeluk raak gekap* × *Die jong kap hout; Ek was my/Ma was haarself* × *Ek was my kop/Ma was my kop; Die haarkapper skeer homself* × *Die haarkapper skeer die man/hom; Die boer skeer homself elke oggend* × *Die boer skeer sy skape.* Die gebruiksmoontlikheid lê in die wesensaard van die logaliteit van die funksie; daar is geen „toevalligheid", „wederkerendheid" of „terugwerkendheid" in die logaliteit betrokke nie — albei „gebruiksgevalle" of lingeringsituasies is suiwer relasief.

6.6.5. Hierby sluit aan die funksies wat weens hulle wesensaardlike logaliteit altyd die funktor self in die relasiesituasie betrek. Net soos daar relasiewe funksies is waarby die funktor nie self in funktumale hoedanigheid in die vermoontlikende hoedanigheid betrokke kan wees nie, bv. *Die boer eet brood; Die boer ploeg sy land; Die perd trek die kar,* so is daar relasiewe funksies waarby alleen die funktor self funktumaal in die funksierelasie betrokke is, omdat

*kêrel verbeel hom wat wonders; Hy het hom lelik verspreek; Ek verstout my om te beweer* dat ons hier ook met wesensaardlik aktionsartige relasiewe te doen het. Daar is geen besondere „wederkerigheid" as sodanig in die relasiesituasie betrokke nie: dit lê wesensaardlik aktionsartig in die logaliteit en gerigtheid van hierdie funksies dat die funktor self in die vermoontlikende, funktumale relasiesituasie waaruit die funksie ontstaan, betrokke is. Ek vind geen lingologiese regverdediging vir die tradisioneel-grammatiese, skoolse onderskeiding in „wederkerende" en „wederkerige werkwoorde" nie. As iemand 'n aktionsartige onderskeiding wil maak, sou dit kan wees: semi-relasiewe of quasi-relasiewe teenoor die suiwer relasiewe. Maar dit het weinig lingologiese waarde. En daarby is dit logies inkorrek en lingologies onaanvaarbaar.

6.6.6. Dit sal uit bostaande duidelik wees dat ook die relasiewe aktionsartigheid 'n omsluitende of oorkoepelende is. Sekere momentiewe bv. *Hy vind sy boek in die laai* is ook logaal relasief in ontstaan en gerigtheid, en frekwentatiewe soos: *Piet dribbel die bal* en iteratiewe soos: *Piet vat-vat die bal* is aktionsartig relasief sowel as duratief.

Uit die volgende sal blyk dat weens die omsluitende en oorkoepelende aard van die aktionsartige relasiewe nadere aktionsartige onderskeidinge vasgestel kan word.

6.7. *Resultatiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* As ons die funksies/funksielingemate t.o.v. hulle logaliteit en gerigtheid in die volgende sinne: *Boet skryf 'n brief, Ma bak brood, Pa maak 'n stoel/bou 'n huis/messel 'n muur/draai stroppe, Pierneef skilder 'n portret* en moontlik ook *Die seuns speel voetbal,* vergelyk met die in: *Boet lees/pos/skeur die brief, Ma koop brood, Pa dra 'n stoel/verkoop ons huis/sloop die muur/breek die strop/ Pierneef vertoon die portret, Die arbeiders oes mielies/sny koring/ploeg die lande, Ons bewandel die regte pad,* dan is hulle almal aktionsartig duratief, almal ook relasief. Maar ondanks hierdie aktionsartige gelyksoortigheid is daar tog 'n wesentlike verskil in die logale funksiegerigtheid ten opsigte van die vermoontlikende, funktumale komplement: by die eerste groep bestaan die funktumale komplemente *brief, brood, stoel, huis, muur, stroppe, portret* en *voetbal* (as spel) nie reeds in werklikheid as die funktor die besondere funksie *skryf, bak, dra, bou, messel, draai, skilder* en *speel* verrig nie, maar hulle bestaan

as gestelde, voorafbepaalde doel, as voorgenome of vereiste saak wat uit en deur die verrigting van 'n spesifieke, logaalgerigte funksie moet resulteer. Immers: Ma kan nie *bak* as sy nie spesifiek iets bak nie, Boet nie *skryf* as hy nie skrywend iets voortbring nie, Pa nie *maak, bou, messel, draai, skilder* sonder dat sy handeling op iets uitloop nie, die seuns nie *speel* as hulle aktiwiteit nie uitloop op 'n bepaalde vorm of soort spel nie. Daar is dus die relasiesituasies: *Boet — brief; Ma — brood; Pa — stoel/huis/muur/stroppe; Pierneef — portret; Seuns — voetbal.* Uit hierdie relasiesituasies ontstaan die spesifieke funksies wat elk in sy logaliteit en gerigtheid op die vereiste resultaat deur die relasie beheers word. Die sake is die noodwendige produkte, resultate van die funksies en as sodanig is hulle as funktumale komplement in die funksierelasie betrokke. By die tweede groep bestaan die funktumale komplement reeds en uit die besondere relasiesituasie ontstaan die funksies, resp. *lees/pos/skeur, koop, dra/verkoop/sloop/breek, vertoon, oes/sny/ploeg, bewandel.* Daar is dus 'n wesentlike aktionsartige verskil. Daarom onderskei ek die eerste groep aktionsartig as *resultatiewe*. Dit is selfverklarend dat die wesensaardlike logaliteit en gerigtheid van resultatiewe die aktionsartige wesendheid van durratiwiteit en relasiwiteit impliseer. Dit is dus onnodig om die funksies/funksielingemate aktionsartig te karakteriseer as relasief-resultatief of duratief-resultatief.

Moontlik moet hier tuisgebring word die relasiewe funksies/funksielingemate wat postmorfemies deur *-eer-* gerig word soos *fabriseer, korrigeer, elektrifiseer, meganiseer, organiseer,* en selfs *kleineer* (= klein maak), *dreineer* (droog maak), *ruïneer, reduseer,* omdat hulle logaal gerig is op die realisering van iets of 'n toestand wat nog nie bestaan nie.

6.8. *Veroorsakende of kousatiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* Net soos die resultatiewe funksies ontstaan uit en beheers word deur 'n relasiesituasie van 'n inisiërende funktorale saak ten opsigte van 'n „resultante" funktumale komplement, so ontstaan funksies wat veroorsakend gerig is op 'n funktumale komplement en wat logaal gerig is op bewerkstelliging of aktualisering van juis die betrokke funksie deur die funktumale komplement. So staan *Die perd* en *water* in 'n funksierelasie waaruit die relasiewe funksies *drink/suip* ontstaan: *Die perd drink/suip water.* Maar as die perd nou water nodig het of water moet kry wat hy self nie kan bekom nie, dan moet iemand, bv. *„die staljong die perd water gee"* (driepolige relasief) of die staljong moet die perd na die water neem en *laat drink,* die perd *maak drink.* In hierdie laaste geval fungeer *die jong*

word wat logaliteitsverwantskap het met die relasiewe *drink,* dan word die funksie logaal-soortlik geïsoleer en gelingeer in 'n korrelate, logaal en morfologies verwante vorm, nl. *drenk: Die staljong drenk die perd,* laat drink die perd, bewerkstellig, veroorsaak die „drink" van die perd. So word ook die absolutiewe funksie *val* in bv. *Die boom val,* in verwante logaliteitsgerigtheid geisoleer as veroorsakende funksie in die funksierelasie: *Die bosbouer — die boom,* gelingeer in morfologies verwante vorm *vel: Die bosbouer vel die boom,* laat die boom val, veroorsaak dat die boom val; *In swart Oktober 1918 het die griep baie mense neergevel* (determinatief- of effektief-kousatief). In Afrikaans bestaan daar slegs die morfologiese kousatiewe *drenk, wek, plet* (vgl. verpletter), *vel, lê* (Ndl. leggen × liggen): *Hy lê die boek op die tafel neer, Die hen lê 'n eier; set* (× *sit,* statief), *soog* (× *suig): Ma soog haar kind.* Origens word die funksielingemate *laat, maak* en *doen* weens hulle potensiewe en resultatiewe logaliteitsgerigtheid as morfemate aangewend om funksies sintagmaties kousatief te rig, bv.: *Hy laat die perd water drink; Hy laat/maak die perd draf; Meester maak die nukkerige seun sy les leer; Koos maak die paal staan;* en streeksprakig: *Koos staan-maak die paal/sit-maak/lê-maak die kind; Die magistraat doen sy gesag geld; Hy doen die berge op hul fondamente wankel.*

Na hulle oorsprong is die funksielingemate *terg* (Go. *tagrjan,* trane veroorsaak), *ren* (Go. *rannjan,* laat hardloop, ren; *urrannjan;* vgl. *renperd,* lett. perd wat mens laat hardloop, maak hardloop; *wedren; send* (Go. *sandjan,* laat/maak gaan; vgl. **sinthan,* gaan); *moor,* doodmaak/laat doodgaan/die dood veroorsaak (vgl. Go. *maurthrjan,* doodmaak, Go. *maurthr* en Lat. *mors,* dood) ook kousatiewe. Dus *doodmaak* = dood veroorsaak, is aktionsartig kousatief en analogies ook *grootmaak* (Hy moet die hanslam grootmaak = laat groot word), *gereedmaak* (Hy moet die klere gereedmaak vir kerk, laat gereed word/wees), *droogmaak, (droog-)skoonmaak, losmaak, loslaat,* ens., ens. Insiggewend is die verskynsel in Goties dat kousatiewe gestruktureer word deur middel van die morfeem *-ji-/-j-* bv.: van absolutiewe:

*(ur-)reisan* (opstaan) × *(ur-)rais-j-an,* laat/maak/doen opstaan, determinatief-/effektief-kousatief (vgl. Eng. rise × raise);
*wakan* (waak) × *wakjan,* wakker maak, wek;
*sliupan* (sluip) × (af-)slaupjan, laat/maak wegsluip;
*brinnan* (brand) × *brannjan,* laat/maak brand (vgl. relasief-intensiewe *verbrand);*

van relasiewe:

*dreiban* (dryf) × *draibjan,* laat/maak dryf, opdryf;
*hilan* (heel, verberg, toedek) × *huljan,* laat/maak „heel", omhul (vgl. verhole; Die heler is so skuldig as die steler);

van saaklingemate:

*stains* (steen) × *stainjan,* laat „steen", stenig; *maurthr* (moord, dood) × *maurthrjan* = laat „moord", doodmaak, vermoor;

van hoedanigheidslingemate:

*manwus* (gereed) × *manwjan,* gereedmaak, laat gereed word;
*mikils* (groot) × *mikiljan,* grootmaak, loof, verheerlik;
*laus* (los) × *lausjan,* losmaak, loslaat, verlos.

In Afrikaans het die postmorfeem *-ig* dus aktionsartig kousatiewe funksie: *stenig* = met stene doodmaak; *reinig,* rein maak, laat rein word, *verenig,* een maak, laat een word; *ledig,* leeg maak, laat leeg word; en die morfemate *laat, maak, doen* om sintagmatiese kousatiewe te struktureer: *laat opstaan, doen opstaan, maak opstaan, maak staan, laat/doen/maak val* en postmorfemies aangewend om funksielingemate kousatief te rig in *staanmaak, sitmaak, lêmaak, voelmaak.*

6.9. *Effektiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* Baie nou aansluitend by die resultatiewe en kousatiewe t.o.v. die funksiegerigtheid op die funktumale komplement en van die aard van betrokkenheid hiervan in die funksielogaliteit is die soort funksies/funksielingemate waarvan die logaliteit spesifiek gekonsentreer is op die uitvoering, die verrigting of die doeltreffende, effektiewe verloop van die funksie, op die aktualisering van die funksielogaliteit as sodanig afgesien van die bereiking van die resultaat of die afwikkeling van die funksie. Wesentlik word die funksie in sy logale gerigtheid geïsoleer en inwerkend, konsentrerend, aktualiserend, „effektiverend", as ek dit so mag stel, gerig op die funktumale komplement wat in die funksierelasie betrokke is. Daar is dus 'n funksionele struktureringsmiddel nodig — net soos by die kousatiewe — om funksies van 'n ander aktionsart te rig tot hierdie vereiste aktionsartigheid wat ons onderskei as effektiwiteit en die betrokke funksies/funksielingemate aktionsartig as *effektiewe.* Die morfologiese strukatureringsmiddel wat hom logaal-wesensaardlik, weens sy funksionele gerigtheid, by uitstek daartoe leen, is die premorfeem *be-*. Voorbeelde sal hierdie aktionsartigheid verhelder. Ons het die funksie/funksielingemaat *vind* aktionsartig onderskei as momentief, daarby as relasief, bv. *Hy vind sy pen in die laai.* Sodra *vind* morfologies deur die premorfemiese *be-* gestruktureer word tot *bevind,* dan word die outonome logemaat met sy outonome, aktionsartig relasief-momentiewe logaliteit morfologies gereduseer

met behoud van logaliteitsverwantskap, tot 'n nuwe toepaslikheid, bv. *Die regter bevind die getuienis, na sorgvuldige oorweging, onbetroubaar; Hy bevind hom veilig op skip*. Hier kan ons *bevind* karakteriseer as *momentief-effektief*. Die funksie/funksielingemaat *werk* is aktionsartig *duratief-absolutief: Hy werk hard;* deur *be-* word dit aktionsartig tot *relasief-effektief* gerig: *Hy bewerk sy tuin/ Die skrynwerker/bosbouer bewerk die hout; Meester bewerk die lui seun met die kweperlat.* Dit moet reeds hier opgemerk en duidelik gestel word dat die premorfeem *be-* funksioneel nie bloot die logaliteit van die logemiese element *-werk* versterk, „intensiveer" nie, dit doen dit ook wel omdat die verwante logaliteit geïsoleer en daarop spesifiek gekonsentreer word, maar *be-* wysig die absolutiewe aktionsartigheid van die „moederlogemaat" (grondlogemaat) tot relasiewe aktionsartigheid en rig juis dit effektief: *bewerk* logeer iets anders as *hard werk* of *verwerk*, of as *omwerk, uitwerk, aanwerk, óórwerk* en *oorwérk*. So word in *beskryf* die resultatiewe aktionsartigheid van *skryf* opgehef, want dit word aktionsartig deur *be-* gerig tot relasief wat 'n funksierelasie van 'n funktorale komplement tot 'n reeds bestaande funktumale komplement lingeer, bv. *Die outeur beskrywe die toneel/sy karakters/die gebeurtenis; Die kind beskrywe die papier; Oupa het sy bemakings in sy testament beskrywe; Beskryf 'n sirkel met middelpunt A en straal A—B; Die vliegtuig beskryf kringe in die lug.* In hierdie laaste twee sinne is die aktionsartigheid van *beskryf* moontlik ook resultatief, maar dan het *be-* tog funksioneel die oorspronklike logaliteit van *skryf* dermate gewysig dat ons dit hier kan onderskei as resultatief-effektief. Waar die premorfeem *be-* dus feitlik deurgaans die funksie het om funksies/funksielingemate van ander aktionsartigheid bv. *vind* (relasief-momentief) tot *bevind* (relasief-effektief), *skryf* (resultatief) tot *beskryf* (resultatief- of relasief-effektief), *skinder* (frekwentatief) tot *beskinder* (frekwentatief-effektief), *staan* (statief) tot *bestaan* (statief-effektief/eksistief), *gaan* (kinetief) tot *begaan* (effektief), e.s.m. te rig, het dit ook die funksie om saaklingemate tot effektiewe funksielingemate te rig soos *vloer* tot *bevloer, vinger* tot *bevinger* (frekwentatief-effektief met pejoratiewe logale gerigtheid), *duim* tot *beduimel* (frekwentatief-effektief, pejoratief gerig), *voorreg* tot *bevoorreg*, ens., en van hoedanigheidslingemate soos *veilig* tot *beveilig, droef* tot *bedroef, vuil* tot *bevuil*. Effektief-aktionsartig is ook funksies/funksielingemate soos *begin, bemoei, bekwaam, beaam, behoort, blo* (uit belowe/beloof). Ook die premorfeem *ont-* het in sekere funksies/funksielingemate 'n aktionsartig effektiewe funk-

sie en nie 'n inseptiewe soos by *ontplof, ontvlam, ontbrand, ontspring, ontduik* nie, bv. in: *onttroon, ontstaan, ontloop, ontvlug, ontferm, ontpop, onthef, ontsê, ontsetel, ontslaan, ontrief, onthou, ontdoen, ontredder, onterf, ontheilig, ontgogel* ens. — miskien „pejoratief" gerig deur die negativeringsfunksie?

Vergelyk verder *belaster, befoeter, belemmer, beneuk, behandel, bepleit, beskerm, bespieël, besuip, beywer, beskyn, bepeins, besin, bedink, besondig, besmet, besmeer, besoedel, bemors, bereik, bevoel, bespreek, besing, beroem, bemoedig* en talle meer. Die premorfeem *be-* en ook *ont-* in negativeringsfunksie is dus produktiewe morfemiese middele om aktionsartig effektiewe te struktureer.

6.10. *Verbesonderende logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* Ek het reeds daarop gewys dat *bewerk* aktionsartig iets anders logeer as *omwerk, uitwerk, aanwerk, óórwerk* en *oorwérk*. Ook hier word die logaliteit van die oorspronklik outonome, absolutiewe *werk* gewysig en relasief gerig op 'n funktumale komplement. Dit is juis uit en deur 'n bepaalde, besondere relasiesituasie dat dié funksie ontstaan. Mens sou sulke strukturerings ook as effektiewe kon karakteriseer. Maar daar is 'n wesensaardlike verskil tussen die logaliteit en gerigtheid van die aktionsartige effektief *bewerk* en die van die funksies/funksielingemate *omwerk, uitwerk, aanwerk,* ens. Dié verskil is daarin geleë dat die logaliteit van die premorfeem *be-* nie bepaalbaar is nie, net soos die van *ont-*, slegs die lingale funksie en gerigtheid daarvan, wat bepaalbaar is uit, feitlik geïmpliseer word deur, die logaliteit en gerigtheid van die effektief self, terwyl die premorfeme *om-, uit-, aan-, oor-* die logaliteit van die oorspronklik outonome verhoudings-omstandigheidslogemate behou en juis daardeur die logaliteit van die funksie logaal rig en aktionsartig wysig. Terwyl dus die premorfeme *be-* en *ont-* die logaliteit van *bewerk, onttroon* veralgemenend aktionsartig effektief rig, rig die premorfeme *om-, uit-, aan*, ens., met gedeeltelike inboeting van hulle outonomiteit en gevolglike redusering van hulle logaliteit tot morfemiese logale funksie, die funksies/funksielingemate verbesonderend, begrensend, bepalend tot wat ons aktionsartig karakteriseer as *determinatiewe*. Daar is 'n aktionsartige verskil tussen: *Piet bewerk die hout* (effektief) × *Piet werk die houte om* (omwerk, determinatief) × *Piet moet die knoop aanwerk* (determinatief) × *Piet werk aan die hout* (absolutief, *aan die hout*, eksplikatief betrokke op *werk*). So word alle funksielingemate wat premorfemies so gerig word, ook deur *in- (inryg, inry, inwerk), op- (opvryf, opgaan, opstyg), af- (afdaal, afdoen, aflê), agter- (agterhaal, agtervolg, agterbly), agterna- (agternakom, agternaloop, agterna-*

*ont-*, waarvan die logaliteit nie bepaalbaar is nie, en determinatiewe met die premorfeme *om-*, *aan-*, *uit-*, *agter-*, *agterna-*, *agteraan-*, ens., wat almal hulle besondere logaliteit, wel morfemies gereduseer, bly behou, blyk ook hieruit dat *be-* en *ont-* onbeklemtoon is, terwyl die logeem die klemtoon dra — behalwe in emfatiese aanwending — en daarteenoor die premorfeme van die determinatiewe deurgaans die klem dra en die logeem onbeklemtoond is, vgl. *bewerk'*, *onttroon'* × *om'werk*, *op'gaan*, *uit'styg*, *agterna'kom*, ens. Dit is hierdie lingale feit, naamlik dat die premorfeme hulle logaliteit funksioneel behou en die logaliteit van die logeem determinatief rig, wat oorsaak is dat die determinatiewe skeibaar is: *Jan werk sy opstel heeltemal om* (om'werk) teenoor *Jan bewerk sy opstel; be-* en *ont- is* suiwere morfeme, sonder outonome bestaan — hulle kan dus nie van die logemiese element geskei word nie. Dis opmerklik dat waar nie die premorfeem die funksionele klem dra nie maar wel die logeem, die logale funksie van die premorfeem versteur word, gevolglik verswak sy eie logaliteit en logale gerigtheid, en daar vind fonemiese verandering en logaliteitsverswakking plaas — vgl. byvoorbeeld *oor'werk* × *oorwerk'* — die laasgenoemde wat soms byna as *erwerk* verspraaklik word. Dit geld ook van bv. *ónderhou* × *onderhoú; oórtrek* × *oortrek'*. Ek moet opmerk: myns insiens is die klemverskuiwing, liefs klemverskil, die *gevolg* van die logaliteitsbepaaldheid en -gerigtheid wat funksioneel primêr is, m.a.w. dit is nie die klemverskuiwing wat die oorspronklike determinatief *oor'werk* aktionsartig tot effektief rig nie, maar omdat 'n effektief nodig is, word dit gestruktureer en gevolglik moet die klem funksioneel op die logaliteitdraende element val. So het die premorfeem *er-* ontwikkel uit *oor-* uit Oudgm. *ur-* uit Oergm. *uz-'*. Hierdie verswakte, onbeklemtoonde *er-* struktureer effektiewe, bv. *erken, ervaar, erlang, erbarm.* Ook funksies/funksielingemate soos *vasgryp, losmaak, mooipraat, swaarkry* is aktionsartig determinatief, dus funksioneel skeibaar.

Op die grens tussen effektiewe en determinatiewe staan funksies/funksielingemate soos *hardloop, waarsku, wanhoop, wantrou, wangedra:* die premorfemiese elemente *hard-, waar-* en *wan-* het hulle outonomie dermate logaal en lingematies verloor dat hulle, ondanks die behoud van 'n nog bepaalbare ofskoon verswakte logaliteit, tot suiwer premorfeme gereduseer is maar weens hulle logaliteitsbehoud nog die klem dra. In laasgenoemde kenmerk toon hulle ooreenkoms met die skeibare determinatiewe, maar self is hulle onskeibaar. Die premorfeme rig die funksielingemate tot effektiewe, net soos ook *vol-* in *volbring, voltooi, voleindig, voldoen,* wat met

gereduseerde logaliteit onbeklemtoon en daarom ook onskeibaar is.

6.11. *Intensiverende logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* By die behandeling en onderskeiding van die effektiewe het ons dit reeds beklemtoon dat effektiwiteit iets anders is as „intensiwiteit". Daar word inderdaad funksiesituasies beleef waarin die funktorale saak 'n andersins normale funksie intensiverend verrig. Dit bring mee dat die intensiverende funksie 'n logaliteitsverwantskap met die normale funksie of „moederfunksie" behou. Daar vind dus 'n aktionsartige logaliteitswysiging plaas. Vir die lingering van hierdie aktionsartig gewysigde logaliteit word funksionele middele vereis. Daar is slegs twee moontlikhede, naamlik deur fonomorfiese wysiging van die grondlingemaat en morfologiese wysiging deur morfeme wat spesifiek intensiverende funksie het. By funksielingemate soos *buig, knyp, hyg* het ons logaal en fonomorfies-verwante korrelate *buk, knip* en *hik,* wat aktionsartig verskil. Die verskil lê in die intensiverende logaliteit en gerigtheid van laasgenoemde struktuurvorme met fonemiese variante. Dit geskied ooreenkomstig die eerste moontlikheid. Volgens die tweede moontlikheid word intensivering bewerkstellig deur die grondlingemaat te rig deur middel van 'n premorfeem wat intensiverende funksie het, nl. die premorfeem *ver-*. Ook dit het, soos in die geval van *be-* en *ont-*, geen bepaalbare logaliteit nie. Hierdie funksies/funksielingemate met intensiverend-gerigte logaliteit word dan aktionsartig gekarakteriseer as *intensiewe.*

In Oudgermaans het die premorfeme *fra-* en *fair-*, waarvandaan *ver-*, reeds intensiverende funksie, bv. Goties: *frawardjan,* vernietig; *frawairthan,* verword; *fraqistjan,* vernietig, verkwis; *fraqistnan,* vernietig word; *fraslindan,* verslind, verorber; *fairgreipan,* vergryp, vasgryp; *fairaihan,* in besit kry, toe-eien, verwerf. Funksielingemate soos *vertroebel, verdubbel, verpletter, verbeter, verteder* kan aktionsartig onderskei word as frekwentatief-intensief. Die premorfeem *ver-* struktureer nie slegs die omstandigheids-/hoedanigheidslingemate *beter, teder* tot funksielingemate nie, maar logeer ook dat wat reeds *beter* en *teder* is, nog beter en tederder (teerder) gemaak word — dus intensivering. Die *-er* word hier analogies aangevoel as funksioneel 'n frekwentatiewe postmorfeem. Die premorfeem *ver-* het naas sy funksie om ander funksies/funksielingemate aktionsartig intensief te rig, bv. *werk* (absolutief) tot *verwerk* (relasief-intensief); *troetel* (relasief-frekwentatief) tot *vertroebel* (frekwentatief-intensief); *bou* (resultatief) tot *verbou* (relasief-intensief); *huur* (relasief) tot *verhuur* (intensief); *gaan* (kinetief) tot *vergaan* (intensief); *sit* (statief) tot *versit* (intensief), ens., ook die funksie om hoedanigheidslingemate, omstandigheidslingemate en saaklingemate tot aktionsar-

*gat — vergat, kool — verkool, ketter — verketter, agter — veragter, fraai — verfraai, goed — vergoed, vroeg — vervroeg, werklik — verwerklik, wêreldlik — verwêreldlik, wesentlik — verwesentlik* en analogies *verspraaklik, verontagsaam.*

6.12. *Faktitiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* Baie nou verwant in hulle aktionsartige gerigtheid aan die relasiewe, die kousatiewe, die resultatiewe en die effektiewe en wat tog nie onder een van die aktionsarte tuisgebring kan word nie, is sulke funksies/funksielingemate soos: *noem (Hulle noem hom Swartpiet); kies (Die vergadering kies Nel (as/tot/vir) voorsitter); verklaar (Die volk verklaar minister Fouche tot president); maak (Die span maak Jaap kaptein); dink/meen (Die bestuurder dink/meen die applikant die geskikste man); ag (Jan ag homself 'n kunstenaar).* Daarom moet ons hulle in hierdie aanwending aktionsartig onderskei en wel (na die voorbeeld van die klassieke grammatika) as *faktitiewe.* Dit moet opgemerk word dat die oorspronklike, outonome logaliteit van die funksies/funksielingemate in die logaal-funksionele gerigtheid daarvan verskuif het, gewysig is. In die sin: *Ons maak 'n wa,* het *maak* sy eie, outonome resultatief-gerigte logaliteit of aktionsartigheid, maar as ons iemand as voorsitter nodig het, kan ons hom nie 'n voorsitter „maak" soos ons 'n wa „maak" nie — *maak* het hier 'n aanwysend, benoemend, verkiesend gerigte logale funksie: die saaklingemaat *voorsitter* verleen, in sy funksierelasie tot die funktorale *ons,* aan hierdie *maak* sy funksionele logaliteit, dus is *maak voorsitter* lingaal-funksioneel eintlik die funksie van *ons* en wel 'n relasiewe sintagmatiese funksie. Mens sou kan sê: *Ons „voorsittermaak" Jan* of Ons *„bevoorsitter"* of *„vervoorsitter"* of *„voorsittereer"* Jan. Die funksierelasie bestaan tussen die funktorale *ons* en die funktumale komplement *Jan.* In *Ons kies/benoem 'n voorsitter* het *kies* en *benoem* hulle outonome logaliteit, die eerste 'n relasief aktionsartige, die tweede 'n relasief-effektief aktionsartige; vergelyk: *Ek kies die pad dorp toe/hierdie pak klere* en *Die Minister van Justisie benoem die regters.* Nou voel ons die situasie so aan en beleef dit so dat *maak, kies, benoem* hulle relasiewe funktumale gerigtheid ten opsigte van *Jan* bly handhaaf, maar dat hulle logaal-funksioneel gerig is op *voorsitter,* dus dat *voorsitter* as sekundêr-funktumale komplement wesentlik die funksie bystellend-resultatief of bystellend-eksplikatief logaal rig — daarom en daaruit ontwikkel die aanwending van die verhoudingslingemate *as, tot* (ook soms *vir)* as logaliteitrigtende morfemate: Ons *kies/benoem Jan as/tot/vir voorsitter.*

Sinne soos *Ons maak Jan/kies Jan/benoem Jan* is logaal onvolledig. Albei komplemente *Jan* en *voorsitter* word dus funktumaal gerig en bepaal: die eerste primêr as funktumale komplement in die funksierelasie, die tweede sekondêr, bystellend, eksplikatief-kompleterend en wel om die funksielingemate *maak/kies/benoem* logaal te rig tot 'n ander aktionsartigheid as die oorspronklike, naamlik tot faktitiewe.

6.13. *Inleidend-voorbereidende logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.*
In die voorgaande is gestel dat die logaliteit van die aktionsartige duratiewe gekenmerk word deur 'n onbegrenste tydruimtelik-gestrekte verloop waarin bepaalde verloopmomente of -stadia onderskeibaar en isoleerbaar is, t.w. 'n aanvangsmoment, 'n korter of langer gestrekte kontinue afwikkelingsverloop, 'n onmiddellike afloop- of voltooiingsmoment, 'n moment van volkome voltooidheid van die tydruimtelik-gestrekte logale verloop, die okklusiewe stadium, wat dan wesentlik verloop in 'n finaal bereikte en bewerkstelligde toestand. Hierdie also onderskeide en geïsoleerde verloopstadia of -momente is die aspekte van die duratiewe funksie/funksielingemaat, wat ons te geleëner tyd nader afsonderlik sal behandel.

As nou hierdie verloopmomente dermate onderskei en geïsoleer word dat hulle nie meer beleef en gelogoseer word as aspekties-onderskeie stadia in die ontplooiing of afwikkeling van die logaliteitsgestrektheid van die funksiegeheel nie maar beleef, gelogoseer en gelingeer word as outonome funksies van die fungerende saak, dan bly wel 'n verwante of logaalverbonde logaliteit t.o.v. die oorspronklike funksielogaliteit bewaar, maar dermate aktionsartig gewysig en logaal gerig dat dit spesifiek 'n bepaalde verloopmoment van die betrokke funksie logeer. Gevolglik word funksies onderskei en gelogoseer wat 'n verwante logaliteit het wat voorbereidend, inleidend gerig is op ontplooiing en aktualisering van die „moederfunksie" — as die beeldspraak my veroorloof word! So 'n funksie/funksielingemaat logeer nie die inset, die aanvang van die moederfunksie nie, dit is ook nie 'n blote verloopstadium daarvan nie, maar dit is logaal bepaal en gerig as 'n outonome, geïsoleerde funksie, selfstandig in sy eie wesendheid. Omdat die logale verwantskap met die logaliteit van die moederfunksie bewaar of behou moet bly, is dit vanselfsprekend 'n lingaal-wesentlike vereiste dat die logosdraende element, die logeem of die lingeem, van die moederlingemaat in dieselfde of in een of ander ooreenstemmende fonomorfiese gestalte ook bewaar en behou moet bly. Hier het ons die verskynsel van „afleiding". Dit geskied deur middel van foneemvariasie en/of deur middel van bepaalde morfemiese of morfematiese elemente om die

tinue verloop en 'n afloop of afsluiting. Maar daar kan 'n stadium van inleiding, aanleiding tot die aanvang van „*vlam*" wees wat as 'n geïsoleerde, outonome, tydruimtelik ten opsigte van *vlam* logaal begrenste en op *vlam* gerigte funksie bestaan, en daarvoor word 'n nuwe, outonome funksielingemaat gestruktureer deur middel van die premorfeem *ont-*, wat die logaliteit van *vlam* juis aktionsartig rig op die „vlam"-moment wat die aanvang van die funksie *vlam* voorafgaan, hoe kortstondig die moment ook mag wees. Immers: die vuur kan nie *begin vlam* of reeds *vlam* en dan *ontvlam* nie, maar wel *ontvlam* en daarop *begin vlam* en *aanhou vlam*. Die laasgenoemde sintagmate is aspekties gerig, resp. inchoatief en kontinuïtief, nie aktionsartig nie, terwyl eersgenoemde, *ontvlam*, as outonome funksielingemaat, aktionsartig gerig is tot wat ek onderskei as *inseptief*. Aspekties is dit momentaan. Dit logeer iets heel anders as: *wil vlam; is op die punt om te vlam; gaan begin vlam* of *gaan vlam* — wat die ingressiewe aspek lingeer. Nog voorbeelde van aktionsartig inseptiewe is: *ontbrand, ontsteek, ontplof, ontvang, ontslaap, ontwaak, ontbyt, ontbreek, ontspring, ontvou, ontplooi, onthaal.*

Beter, oortuigender en insiggewender voorbeelde van aktionsartig inseptiewe funksielingemate vind ons in Latyn deur strukturering met die inseptiewe morfeem *-sc-*, telkens met behoud van die funksielingeem, ongewysig weens die spesifieke funksie van *-sc-*, bv.:

*alb-e-o*, ek is wit, lett. „ek wit" × *alb-e-sc-o*, ek word wit;
*pall-e-o*, ek is bleek, „ek bleek" × *pall-e-sc-o*, ek word bleek;
*cal-e-o*, ek is warm, „ek warm" × *cal-e-sc-o*, ek word warm, of

van hoedanigheidslingemate:

*niger*, swart × *nigr-e-sc-o*, ek word swart;
*tener*, teer/sag × *tener-a-sc-o* (met -a- variant), ek word teer/sag;
*durus*, hard × *dur-e-sc-o*, ek word hard.

Vergelyk ook die ontotief-inseptiewe:

*luc-e-sc-i-t*, dit word lig;
*advesper-a-sc-i-t*, dit word aand.

Omdat die logaliteit van *word*, wat ook implisiet 'n inchoatiewe aspeksmoment, oorspronklik selfs 'n momentaan-inchoatiewe, inhou, wesentlik duratief-aktionsartig is en gerig is op 'n eindpunt wat nog bereik moet word, is dit aktionsartig veeleer 'n *inseptief* as 'n potensief. Dit logeer nie 'n moontlikheid nie, ook nie 'n blote begin nie, maar 'n aktuele proses. Die proses omspan as 't ware die hele verloop van aspektiese funksieontplooiing insluitende die ingressiewe, die inchoatiewe, die kontinuïtiewe en die potensiewe — dit is prospek-

tief gerig op die perfektief-okklusiewe: kan dus nie deur die perfektiveringsmorfeem *ge-* gerig word nie. In dié opsig kom dit ooreen met die *ge*-lose momentiewe van par. 6.3., maar om 'n ander rede. Daarom dien dit in Afrikaans as funksiemorfemaat om aktionsartig inseptiewe funksiesintagmate te struktureer, bv. *Hy word groot/onderwyser; Dit word aand; Daar word fees gevier; Die man word bewoë; Die boek word gelees; Die kos word geëet; Die esel word geslaan.* Dat die sintagmaat met *word* die inseptiewe aktionsart daarvan struktureer en lingeer, word hierdeur bewys dat die funksiesintagmaat deur bepaalde morfematiese middele ook aspekties gerig kan word — bv. *Hy wil graag groot word* (aspekties: ingressief); *Hy begin groot word* (inchoatief); *Hy word groot* (kontinuïtief); *Hy het groot geword* (imperfektief/perfektief/okklusief); *Hy sal groot word* (potensief); of: *Hy kan/moet geslaan word* (ingressief); *Hy begin geslaan te word* (inchoatief); *Hy sal geslaan word* (potensief).

Ook in Goties ontmoet ons morfemiese strukturering van aktionsartige inseptiewe deur die funksielogeem van duratiewe aktionsartig te rig met die inmorfeem *-n-*, en selfs inseptiewe te struktureer van die hoedanigheidslogeem, bv.:

*skaid-a-n,* om te skei × *(ga-)skaid-n-a-n,* geskei te word;
*wakan,* om te waak X *(ga-)wak-n-a-n,* wakker word, gewek te word;
*fraqistjan,* vernietig X *fraqist-n-a-n,* vernietig word;
*fulls,* vol X *full-n-a-n,* vol word, vul, gevul word.

6.14. *Tydruimtelik herhalend-duratiewe logaliteitsgebondenheid en gerigtheid.* Net soos die moontlikheid van die aktionsartige onderskeiding van *momentiewe, duratiewe* en *inseptiewe* geleë is in die logaal-wesensaardlike tydruimtelike bepaaldheid en begrenstheid van die funksie, weens sy funktorale gebondenheid, so is ook die onderskeiding van die *frekwentatiewe* daarin geleë. Soos reeds verduidelik, word die duratiewe funksiesoortlik daaraan onderskei dat die logaliteit daarvan wesensaardlik tydruimtelik gestrek is. Daarnaas word funksies/funksielingemate onderskei waarvan die logaliteit ook wesensaardlik tydruimtelik gestrek is, maar dan nie ononderbroke kontinu verloop en afwikkel nie, maar onderbroke herhalend-kontinu verloop. Daar is dus tussen die twee logaal en morfologies verwante funksies 'n outonome wesensaardlike, logale, d.i. aktionsartige verskil, elk het, by alle ooreenkoms en verwantskap, tog sy outonome logaliteit soos in *bid* naas *bedel: bid* lingeer 'n ononderbroke, onbegrenste, durende funksie; *bedel* lingeer 'n logaal-soortlik daaraan verwante funksie, maar beleef en gelogoseer as ononderbroke herhalend-duratief gerig, daarom word die verwante logaliteit hiervan

*gaan/is op die punt om te/bedel* (ingressief); *Die kind begin bedel* (inchoatief); *Die kind bedel/bly bedel/hou aan bedel* (kontinuïtief); *Die kind het gebedel* (imperfektief/perfektief/okklusief); *Die kind sal bedel* (potensief). Soortgelyke frekwentatief is die volgende: *knibbel* × *knyp; krabbel* × *krap; dribbel* × *dryf; wandel/wentel* × *wend* (begewe na); (ver-)*brokkel* × *breek; prikkel* × *prik; klingel* × *klink; stribbel* × *streef; skuifel/skoffel* × *skuif; snuffel* × *snuif; grabbel* × *gryp;* (vgl. Eng. *to grab); druppel* × *drup; trippel/trappel* × *trap; boggel* × *buig; vonkel/fonkel* × *vonk*. Die logaliteit van die „moederfunksie/=lingemaat" (grondlingemaat) word in sommige gevalle, soos uit bostaande voorbeelde blyk, aktionsartig gewysig d.m.v. foneemvariasie, terwyl die postmorfeem *-el* die funksie het om die logaliteit aktionsartig frekwentatief te rig.

Die laasgenoemde is ook die geval met die postmorfeem *-er* soos in: *bibber* × *beef; stotter* × *stoot; klouter* × *klou; kwetter* × (Ndl. *quedden;* vgl. As. *cwēthan*, Eng. *quoth); (ver-)pletter* × *plet; knikker* × *knik; tobber* × *tob; sidder* × *sied; skitter* × *skiet* (strale); *skinder* × *skend* (vgl. skande); *klapper* × *klap;* soms ook met logaliteitswysigende funksie van die variante foneme, en sulkes soos *belemmer, slinger* (vgl. Eng. *sling)* e.a. waarvan die korrelate grondlingemaat nie meer in Afrikaans bestaan nie.

Die postmorfeem *-el,* uit 'n oorspronklike verkleiningsmorfeem *-l-/-il-/-el-* by saaklingemate, en die postmorfeem *-er* het dus sterk „frekwentiverende" funksie, so sterk dat hulle aangewend word om frekwentatiewe te struktureer uit saaklingemate, hoedanigheidslingemate en omstandigheidslingemate, en selfs saaklingemate wat die fonomorfiese element *-el/-er* bevat, logaal 'n frekwentatiewe gerigtheid as funksielingemaat te gee, bv. *donder, hamer, spyker, troffel, beitel, gaffel,* en sonder logale verwantskap met 'n ander lingemaat, soos bv. *rammel, rommel, snater, klater, kletter, bulder, fluister,* wat klanknabootsend gerig is, en *friemel, frommel, wriemel, wemel, foeter, peuter, krioel.*

Uit hoofde van hulle logaliteitsgerigtheid is enkele funksielingemate met die postmorfeem *-k* verwant aan die frekwentatiewe, o.a. *runnik, grinnik, snork, bulk, balk* (vgl. *bel,* blaf).

Insiggewende voorbeelde van die strukturering van aktionsartige frekwentatiewe deur middel van die morfeme *-it-/-ti-/*en *-s-* vind ons ook in Latyn, bv.:

*rog-o,* ek vra × *rog-it-o,* ek vra herhaaldelik, ek soebat;

*can-o,* ek sing × *can-t-o,* ek sing met drif × *can-ti-to,* ek sing

herhaaldelik met drif (vgl. *kantate);*
*pell-o,* ek klop, stamp × *pul-s-o,* ek klop herhaaldelik. (Afrikaans *pols* is dus kragtens sy logaliteit ook frekwentatief).

6.15. *Tydruimtelik onderbroke, herhalend-duratiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* Terwyl die frekwentatiewe die funksie in ononderbroke, saamhangende herhaling of opvolging stel, is daar funksielingemate wat die funksie in onderbroke, opeenvolgende, intermittente, herhaalde momente stel, bv. *Hy vat-vat (aan) die bal; Die man sluk-sluk van pure benoudheid;* Terwyl hy praat, *pluk-pluk hy aan sy baard; Die jakkalse tjank-tjank in die maanligaand; Wat tokkel-tokkel jy so op die klavier? Jan mik-mik voor hy spring; Die horlosie tik-tik eentonig voort.* Hierdie also logaal-soortlik gerigte funksies/funksielingemate, wat logaal nou verwant is aan die frekwentatiewe, word gekarakteriseer as *iteratiewe.*

Die reduplikatiewe vorm van die iteratief word ook morfematies aangewend om ander duratiewe funksies/funksielingemate tot iteratiewe logaliteit te rig, bv.: *Hy praat eet-eet/eet praat-praat; Lag-lag vertel sy van haar nare ondervinding; Die predikant preek rus-rus; Die kuiergas drink praat-praat sy koffie; Van pure bangheid ry Klaas Geswind sing-sing/fluit-fluit by die kerkhof verby; Die seun doen speel-speel sy werk; Hy wou-wou die kaffer bydam, toe bedink hy hom; Hy weifel-weifel om te spring.* Hierdie funksiesintagmate: *praat eet-eet, eet praat-praat, lag-lag vertel, preek rus-rus, ry singsing, doen speel-speel, wou-wou bydam, weifel-weifel om te spring,* ens., is sintagmatiese eenhede waarin die aktionsartig duratiewe logaliteit van die eintlike logaliteitbepalende funksielingemate, resp. *praat, eet, vertel, preek, ry, doen, bydam, (om te) spring* deur die morfematiese reduplikasies aktionsartig tot iteratiewe logaliteit gerig word.

Moontlik kan ook funksielingemate waarvan die logaliteit morfemies herhalend gerig word deur die premorfeem *her-* (weer, opnuut, by herhaling), soos *herhaal, herbou, herinner, hertrou, herskryf, herken, herdenk,* e.s.m., beskou word as aktionsartig iteratief, altans in logale gerigtheid baie nou verwant. Maar dit verdien sterk oorweging of die premorfeem die grondlogeem *-haal, -bou, -inner* (wat nie outonoom bestaan nie), *-trou, -skryf, -ken, -denk,* wel logaal wysig of net bloot met onderbreking herhalend rig soos bv. *vat-vat, sluk-sluk.* Indien hierdie laaste die geval is, dan is die funksies/funksielingemate aktionsartig ten minste aan die iteratiewe verwant. Maar *herbou,* byvoorbeeld, logeer tog nie net die herhaling van *bou* in 'n intermittente verloop nie, maar impliseer in sy logaliteit die aftakeling of afbreking van 'n bestaande iets of die verandering

nog eens" skryf nie maar impliseer verandering, verbetering van wat geskryf was (vgl. Guido Gezelle: Wij schrijven, herschrijven, en schrijven nog den heiligen Name van God). Uit hoofde van die klaarblyklike logaliteitswysiging kan die funksies/funksielingemate nie aktionsartig iteratief wees nie, ondanks die onderbroke logaal herhalende gerigtheid. Nog minder kan hulle frekwentatiewe wees. Omdat die premorfeem *her-* die logaliteit van die grondlingemaat by implikasie wysig en dit dan herhalend rig, karakteriseer ek dié funksies/funksielingemate as *iteratief-effektiewe* (kyk *effektiewe,* par. 6.9.).

6.16. *Lokaal-ruimtelike logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* Tot dusver het ons die funksies/funksielingemate aktionsartig onderskei kragtens hulle tydruimtelik bepaalde, begrenste of gerigte logaliteit. Maar daar is ook funksies wat sake bloot weens hulle ruimtelike bepaaldheid, begrenstheid en gebondenheid verrig, d.w.s. hulle gebondenheid aan plek, lokaliteit of aan die ruimte waarin hulle bestaan en funksies verrig en waardeur die funksielogaliteit bepaal, beheers en gerig word. Daar is slegs twee moontlikhede. Eerstens: sake is in hulle bestaan staties aan plek of lokaliteit gebonde en verrig funksies wat aktionsartig hierdie statiese lokaliteitsgebondenheid lingeer bv. *sit, staan, lê, woon, bly, boer,* e.s.m.; net soos die momentiewe funksie betrek word in 'n oombliklike, as 't ware statiese tydmoment, so word hierdie funksies soortlik betrek in 'n statiese ruimtemoment, 'n toestandsmoment wat t.a.v. tyd wel duur het, maar t.o.v. ruimte en beweging daarbinne geen gestrektheid het nie. Die funksies is wesensaardlik so dat hulle lokaal bepaal en begrens is, net soos die momentiewe temporaal op 'n moment betrek en begrens is. In aantal is die funksies, net soos die momentiewe en die eksistiewe, baie beperk, maar in hulle funksionele saakgebondenheid het hulle 'n hoë gebruiksfrekwensie en logaliteitsvariasie, bv. *Die man/perd/boom/rots/kerk/beker/horlosie/water/son/hemele* ens., ens. *staan.* Hierdie funksies/funksielingemate onderskei ons dan as *statiewe.*

6.17. *Kinetiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* Tweedens: Teenoor die statiewe staan dan funksies/funksielingemate wat 'n soortlikheid van beweging in of oor die ruimte logeer en daarom reeds ook nie tydlik begrens is nie en dus wesentlik duratiwiteit impliseer, bv.: *gaan, loop, ry, rol, wend, wentel, stap, wandel, ren,*

*hardloop, vlieg, kom, seil, vaar, snel, jaag, draf, trippel, gallop, fiets, motor, toer, reis, vlug, trek, vertrek, draai, drentel, val, aanval, afval, uitval, waai, roer, styg, daal, klim, vloei, stroom, dwarrel, swem, duik, beweeg, sleep, kruip, skaats, gly, sweef,* ens., ens. Hulle word dan aktionsartig gekarakteriseer as *kinetiewe*.

6.18. *Potensialiteitsgebondenheid en -gerigtheid van die funksielogaliteit*. Sake staan in hulle kosmiese en tydruimtelike gebondenheid en bestemmingsgerigtheid ook in die situasie dat hulle, juis kragtens die gebondenheid en gerigtheid, as 't ware funksies moet verrig wat die bestemmingsgerigtheid in die verskeidenheid daarvan vooruit logaal bepaal en rig, m.a.w. die funksies is logaal-wesensaardlik gerig op die moontlike, die waarskynlike, die vermoënde, die verpligte, die nog gewilde of bestemde, die verlangde, begeerde of gewenste, die nog onvervulde, nog onsekere. Wesensaardlik verrig sake sulke „situasiefunksies", en die funksies word gelingeer in die funksielingemate wat ons kragtens hulle wesensaardlike en wesensoortlike logaliteit en funksiegerigtheid saamvattend aktionsartig onderskei, karakteriseer en subsumeer as *potensiewe*, te wete: *sal, kan, wil, moet mag, laat, skyn, lyk, (be)hoort, (be)hoef*. Elkeen van die potensiewe, wat elk sy besondere potensaliteitsaspek logeer, het oorspronklik as outonome funksielingemaat bestaan, 'n eie, outonome logaliteit gehad soos deur die funktorale saak in die besondere funksiesituasie bepaal en gerig, bv. *Wie wil, kan; Mens moet maar; Dit hoort so; Dit mag*. As byvoorbeeld in aanmerking geneem word dat die logaliteit van *kan* ook impliseer *weet* (vgl. Goties *kunnan*, kan, ken, weet) en *sien* (vgl. Goties *ufkunnan*, insien), dan blyk daar grond te bestaan om *kan* aktionsartig te beskou as logaal verwant aan die faktitiewe, en moontlik ook *moet, wil, sal* en *(be)hoort*, wat in Nederlands nog steeds morfematies gerig is op die logaliteitbepalende funksielingemaat in sy onbepaalde, d.i. infinitiewe vorm, nes ook in Afrikaans, om sintagmatiese funksielingemate potensief te struktureer deur die logaliteit van die funksielingemaat op bepaalde wyse te beheers en te rig: *kan* is logaal gerig op moontlikheid of vermoëndheid; *moet* op noodsaaklikheid, verpligtheid of dwang; *wil* op begeerte, beslotenheid of beslistheid; *sal* op voorneme, bereidheid, versekerdheid, beslistheid, soms op dwang, vooruitsig en toekomstigheid van gebeure; *(be)hoort* op wenslikheid of gewenstheid; *mag* op toelaatbaarheid of waarskynlikheid; *laat* op toestemming, verlof, moontlike of wenslike gebeurlikheid; *skyn* op onsekerheid, twyfelagtigheid; *lyk* op voorkoms, verskyning, gelykenis.

Geleidelik het hierdie funksies hulle outonomiteit verloor en is gerelegeer tot morfematiese funksielingemate of funksiemorfemate,

funksiesintagmate aangewend te kan word, soos ek reeds breedvoerig in hfst. III, par. 3 uiteengesit het en waarna ek volledigheidshalwe verwys.

6.19. *Prospektiewe logaliteitsgebondenheid en -gerigtheid.* Net soos die logaliteit van die potensiewe tydruimtelik gerig is op die moontlikheid, die waarskynlikheid en nie op die realiteit van die funksiegebeure nie, so is daar funksies/funksielingemate waarvan die logaliteit wesensaardlik tydruimtelik gerig is op wat potensieel realiseerbaar geag word, op wat begeer, benodig, verlang, verwag, op gehoop word, verwesenlikbaar in vooruitsig gestel word, m.a.w. die funksies/funksielingemate logeer wesensaardlik begeerte, verlange (na), verwagting, hoop, versoek, hunkering, behoefte, soos in: *wens, verlang, begeer, hoop, verwag, hunker (na), vra, versoek, bid (om), smeek, soebat, behoef, benodig.* Hulle het die aktionsartige logaliteit en gerigtheid van *desideratiewe.*

In Latyn het ons die voorbeelde van funksielingemate soos *es-ur-i-o,* ek wens/begeer/verlang om te eet; hunker na/het behoefte aan/gaan eet/staan te eet (ek is/het honger), inf. *es-ur-i-r-e,* afgelei van die relasief *ed-o,* ek eet, *ed-e-r-e,* om te eet; *par-t-ur-i-*o, ek wens/begeer/verlang om voort te bring/gaan voortbring/staan voort te bring, inf. *par-t-ur-i-r-e,* afgelei van die relasief *par-i-*o, ek bring voort, *par-i-r-e,* om voort te bring. Die morfologiese strukturering is insiggewend t.o.v. die aktionsartwysiging deur middel van 'n morfeem en kan soos volg verklaar word: *es-ur-i-o:* logeem *es-*, met fonemiese variant, die korrelaat van die logeem *ed-* in *ed-o;* sinteem *-o;* die *-i-* is die funksielingeemstrukturerende morfeem (vgl. *aud-i-o,* ek hoor). Daar bly dus die inmorfemiese element -ur- oor, waarvan die funksie verklaar moet word. Ooreenkomstig die logale gerigtheid van die funksielingemaat kan dit nie anders verklaar word nie as dat die *-ur-* die morfeem is wat die realisering, die verwesenliking van die funksielogos ‚eet', wat in *es-* gelingeer is, potensief, as 't ware ingressief in vooruitsig stel, prospektief bepaal en rig om te logeer: neig tot eet/lus hê/verlang/begeer/wens om te eet/wil/gaan eet/staan te eet/honger hê/wees; *-ur-* is dus hier 'n aktionsartrigtende morfeem wat die logaliteit potensief, inseptief-prospektief rig op verwesenliking, realisering van wat gewens, begeer, verlang word. Klaarblyklik is dit dieselfde morfeem *-ur-* wat ons in die ingressiewe partisipium *am-a-t-ur-u-s* het (vgl. hfst. IV, par. 4.4.), wat ook die verwesenliking, die realisering van wat die funksielingeem logeer,

in vooruitsig stel, prospektief rig. So word ook *par-t-ur-i*-o funksioneel-morfologies verklaar.

As nou *es-ur-i*-o in Latyn logeer: *ek wens/begeer/verlang om te eet/het behoefte aan eet,* dan is mens geregverdig om hierdie funksiesintagmate ook as „desideratief" gerig te beskou. Hier funksioneer die „desideratiewe" *wens/begeer/verlang,* ens., dus as morfemate om die andersins duratief-relasiewe *eet* desideratief te rig en te struktureer tot desideratiewe funksiesintagmate, en dié funksie het hulle telkens wanneer hulle 'n funksie/funksielingemaat morfematies rig, bv. *Jan begeer/verlang om predikant te word/om 'n motor te besit* (× begeer/verlang 'n motor).

Uit hoofde van die feit dat die logaliteit van hierdie funksies/funksielingemate wesensaardlik prospektief gerig is op 'n hopelike vervulling, verwesenliking, bevrediging, verkryging, realisering van dit waarop die logaliteit van die funksie/funksielingemaat gerig is, d.w.s. op wat *begeer/verlang/gevra/behoef/benodig* of om *versoek/gebid/gesmeek/gesoebat* of *na gehunker* word, ontstaan die vraag of hulle lingologies nie suiwerder aktionsartig gekarakteriseer sal word as *prospektiewe* nie. Immers, die funksie ontstaan juis uit die relasiewe funksiesituasie tussen 'n funktorale saak en 'n funktumale komplement waarop die betrokke funksie prospektief gerig is, bv. Die gevangene *begeer/verlang (na)/vra/smeek/soebat/bid/versoek om/hunker na slegs een ding: vryheid,* of: *om vrygelaat te word.* Persoonlik verkies ek, lingologies gesien, hierdie aktionsartige onderskeiding en karakterisering: *prospektiewe.*

Hiermee, meen ek, het ek die hele veld van die aktionsart en van die aktionsartige onderskeiding en indeling van funksielingemate ontgin en wel in onderskeiding van aspek.

## 7. PERSOONS- EN GETALSGEBONDENHEID EN -GERIGTHEID VAN DIE FUNKSIELINGEMAAT

7.1. *Persoonsonderskeiding.* Omdat die funksie/funksielingemaat primêr funktoraal saakgebonde is en sake indiwidueel, d.i. enkeltallig, en meertallig bestaan en as sodanig funksies verrig, is die funksies dan ook persoonsmatig en getalsmatig funktoraal gebonde en beheers. Dit is hierdie funktorale saakgebondenheid wat aan die funksielingemaat wesentlik sy sintaktiese potensie en gerigtheid verleen en die sintagmemiese en sintagmatiese funksionele struktuurvorm bepaal en beheers in ooreenstemming met die besondere taalaard en taalsisteem waarin dit voorkom. Die vraag is hoe die onderskeie persoons- en getalsfunksies in die taal hulle logaal-funksionele en logaal-morfologiese struktuurvorm kry.

(a) of die *ek*-saak, die *ek*-persoon, die *ek*-indiwidu of die *ons*-persoon, d.w.s. die ek-persoon saam met een of meer aanwesige en/of afwesige persone/sake as funktor by die funksie betrokke is;

(b) of die onmiddellik teenoorgestelde, aanwesige en dus beleefbare en aanspreekbare *jy-/u*-persoon of die *julle*-persoon, d.w.s. meerdere aanwesige, aanspreekbare persone (die ek-persoon uitgesluit) saam met 'n enkele of meerdere nie-aanwesige persone as funktor by die funksie betrokke is, en

(c) of die afwesige, nie-aanspreekbare *hy-/sy-/dit*-persoon of 'n *saak*-persoon en die *hulle*-persoon, d.w.s. meerdere afwesige, nie-aanspreekbare persone of saakpersone as funktor by die funksie betrokke is.

So word dan onderskei respektiewelik die *eerste persoons-*, die *tweede persoons-* en die *derde persoonsvorm* van die funksielingemaat in sy funktorale persoons- of saakgebondenheid.

7.2. *Getalsonderskeiding.* Maar die persoonskategorie is weens die saakbetrokkenheid daarvan ook *getalsgebonde,* 'n gebondenheid wat onderskei word as die kategorie van *getal: enkeltallig* (singularis) wanneer 'n enkele persoon/saak die funksie verrig of in funksie is, *meertallig* (pluralis) wanneer meerdere sake/persone gelyktydig of gesamelik elk sy eie funksie verrig of in funksie is. In 'n sin soos: *Die arbeiders werk hard op die lande,* lê die meertalligheid van *werk* daarin dat daar meerdere arbeiders aan die werk is, elkeen verrig indiwidueel sy eie funksie, hulle kan selfs verskillende soorte funksies verrig, bv. een of meer kan ploeë, sommige kan êe, ander kan plant en die res elk nog weer met 'n ander taak besig wees. Die meertalligheid van die funksie word dus deur die meertallige funktor logaal daarin gerig en beheers; wesentlik word die logaliteit van die funksie/funksielingemaat funktoraal meertallig gerig net soos dit logaal enkeltallig gerig word.

7.3. *Sintemiese persoons- en getalslingering.* So eng word fungerende saak en sy funksie organies vereenselwig dat in die oorspronklike sintemerende tale die persoons- en getalsgebondenhede van die funksielingemaat aan die betrokke funktor deur spesifieke sintemiese struktuurmiddele na gelang van sy persoons- en getalsfunksies morfologies implisiet in die funksielingemaat self gestruktureer word,

soos byvoorbeeld in Sanskrit, Grieks, Latyn en Goties, d.w.s. sonder die eksplisiete funktorale persoonslingemate. So is die persoonsfunktor en sy funksie tot 'n morfologiese eenheid gelingeer en gestruktureer: die funksie word logaal, morfologies en sintakties deur die funktor beheers en gerig in en deur die funksionele persoon-getalsinteem. So vind die gebondenhede in die sintemerende taal Latyn hulle vergestalting funksioneel-morfologies in die stelsel van persoon-getalsinteme wat die hele sintagmeemstelsel kenmerk, naamlik vir enkeltalligheid:

1e persoon: die sinteme *-o, -m en -i: am-o, am-a-b-o, am-a-v-er-o, am-a-b-a-m, am-a-v-er-a-m, am-e-m, am-a-re-m, am-a-v-is(s)-e-m, em-a-v-i;*
2e persoon: die sinteem *-s: am-a-s, am-e-b-i-s, am-a-v-er-i-s, am-a-b-a-s, am-a-v-er-a-s; om-e-s, am-a-re-s, am-a-v-iss-e-s, am-a-v-i-s(ti);*
3e persoon: die sisteem *-t: am-a-t, am-a-b-i-t, am-a-v-er-i-t; am-a-b-a-t, am-a-v-er-a-t, am-e-t, am-a-re-t, am-a-v-iss-e-t; am-a-v-i-t;*
en vir meertalligheid die korresponderende sinteme, respektiewelik: *-mus, -tis* en *-nt.*
Alleen waar die funktor 'n eksplisiete enkeltallige saak of eksplisiete meertallige sake is, word dit met die korresponderende sinteem in die funksielingemaat gelingeer, bv. *Matrem filius amat,* Die seun min sy moeder; *Tempus fugit,* Tyd vlieg; *Anni fugiunt,* Die jare vlieg; *Librum Caesar scripsit,* Caesar het 'n boek geskryf; *Antonius oppugnat Brutum, Mutinam circumsedet,* Antonius beveg (voer stryd teen) Brutus en omsingel (beleër) Mutina. So sterk is die persoon-getalsfunksie van die sinteem dat die sintematiese persoonslingemaat wat ons sou verwag, verswyg word in 'n sin soos: *Hannibal peto pacem,* Ek, Hannibal, smeek om vrede, teenoor *Hannibal pacem petit,* Hannibal smeek om vrede. Die gebruiksaanwending het ons ook in Goties, bv. *Atbērun (du imma barna),* Hulle het (die kindertjies na hom) gebring, teenoor *thái siponjōs sōkun (thaim),* Die dissipels het (hulle) bestraf.

7.4. *Defunkwording van die sinteme.* Geleidelik is in die taalontwikkeling (met verwysing na die sintemerende Indo-Europese tale) die egte persoonslingemate om redes van emfase en duidelikheid, en moontlik na analogie van die eksplisiete funktorale gebruik van saaklingemate, aangewend naas en saam met die implisiete sinteme. So is die persoon-getalsfunksies wesentlik dubbel gelingeer. In Latyn het ons byvoorbeeld die emfatiese aanwending: *Ego reges ejeci, vos tyrannos introductis,* Ek het konings uitgewerp, julle het tiranne ingevoer. Ook in Goties kom die eksplisiete gebruik van

*faúrthizei jus bidjáith ina,* voordat julle Hom bid (vra); *Swaswē jah weis aflētam thaim skulam unsaraim,* Soos ons ook vergewe die ons skuldiges (ons skuldenaars); *Akei bithē ik gasahv thatei,* Maar toe ek gesien het dat . . . ; *Jabái thu Iudáius wisands thiudisko libais jah ni iudaiwisko,* As jy dan, 'n Jood synde, heidens (soos 'n heiden) sou lewe en nie Joods (soos 'n Jood) nie . . . ; *jah weis in Xristau Jesua galaubidēdum,* en (selfs) ons het in Christus Jesus geglo. Namate die eksplisiete aanwending van die persoonslingemate toegeneem het, het hulle, saam met die funktorale saaklingemate, geleidelik die oorspronklike funksies van die sinteme verswak en hulle uiteindelik funksieloos gemaak, met die gevolg dat daar òf vermenging — om nie te sê verwarring nie — en nivellering van funksionele onderskeidinge òf volkome verdwyning (apokopee) van die sinteme, soos voltrek in Engels en Afrikaans, plaasgevind het.

Die grootliks genivelleerde, deur die skryftradisie, deur grammatiese reglementering, deur die onderwys beskermde en bestendigde sinteemstelsels van moderne Duits, Nederlands en Frans (in mindere mate volgens die beskaafde spraakvorm, ofskoon in die skryftradisie grootliks gereglementeer en bestendig) byvoorbeeld, verteenwoordig dus wesentlik 'n gekristalliseerde oorgangstadium in die historiese verloop van desintemering deur defunkwording tot 'n eindpunt, soos in Afrikaans voltrek, waar die funksielingemaat volkome asintemies is en persoons- en getalsmatig volkome deur die eksplisiete funktor beheers word.

7.5. *Funksieloosheid van reliktiese sinteme.* Hierdie ontwikkelingsgang van nivellering en vereenvoudiging as gevolg daarvan dat egte persoonslingemate in eksplisiete funktorale funksie die funksies van die korresponderende sinteme oorgeneem en hulle defunk gemaak het, blyk duidelik uit die Middelnederlandse, Nieunederlandse en Afrikaanse paradigmata van die funksielingemaat, wat vergelykenderwys soos volg gestel word:

Middelnederlands: kontinuïtief, praesenties:
Enkeltallig: 1. p. *Ic minne,* 2 p. *du minne-s,* 3 p. *hi/soe/si minne-t.*
Meertallig: *wi minne-n,* *ghi minne-t,* *si minne-n.*
Imperfektief, praeteritaal:
Enkeltallig: 1 p. *Ic minde,* 2 p. *du minde-s,* 3 p. *hi/soe/si minde.*
*wi minde-n,* *ghi minde-t,* *si minde-n,*
(naas die vorme: *minnede, minnede-s, minnede,* ens.),
terwyl Nieunederlands reeds respektiewelik die volgende vorme

het:

*Ik min, u/jij/je min-t, hij/zij min-t,*
*wij minne-n, gij/u/ min-t/jullie minne-n, zij minne-n;*
en
*Ik min-de, u/jij/je min-de, hij/zij min-de,*
*wij minde-n, gij/u minde-t/julle minde-n, zij minde-n.*

As in aanmerking geneem word dat die sinteem *-t* in die praesentiese kontinuïtief by enkeltallige 2 p. en 3 p. en by meertallige 2 p. voorkom, sowel as by die meertallige 2 p. in die praeteritale imperfektief, dan is dit duidelik dat dit geen persoon- en getalonderskeidende funksie meer het nie, maar slegs 'n sintemiese relik is wat hoogstens die spesifieke funksies van die betrokke funktorale persoonslingemaat versterk en presiseer, d.w.s. dit het veeleer morfemiese as sintemiese funksie. Dit is ook die geval met die meertallige *-n-* sinteem. Dat dit sintemies feitlik defunk geraak het, blyk daaruit dat dit in die beskaafde spreektaal grootliks reeds verdwyn het en in die volkstaal haas nie meer bestaan nie.

Wat die Nieunederlandse imperfektief betref, is die enkeltallige vorme reeds geheel nul-sintemies: die *-de* is die aspekties-imperfektiewe en temporaal-praeteritale postmorfeem vir struktuering van die imperfektum. Slegs die meertallige vorm het nog funksielose reliktiese sinteme in die gereglementeerde skryftaal. Lingaal gesien het die sinteme *-t* en *-n* geen persoons- en getalsfunksies meer nie. Sonder die enkeltallige persoonslingemate *jij/je/u/hij/zij* of 'n funktorale saaklingemaat kan nie uitgemaak word watter persoon-getalsfunksies die betrokke sinteem het nie. Hulle versterk en presiseer (oorbodiglik) hoogstens nog deur hulle tradisiegebondenheid en reglementeringsdwang die funksie van die funktorale sintemate. Beslis word hulle nie deur die funktorale sintemate bepaal, gerig en beheers nie — so 'n verklaring is ondiachronies, illogies en illingaal. In Engels is die vereenvoudiging tot sinteemlose vorme nog verder deurgevoer, bv. *I/you love; he/she loves* (waar die sinteem *-s* 'n oorbodige, funksielose, tradisiebeheerste, gereglementeerde oorblyfsel is); *we/you/they love* en imperfektiewe *I/you/he/she/we/you/they loved* waar die postmorfeem *-d* geen persoons- en getalsfunksies het nie, maar slegs 'n aspekties-imperfektiewe en temporaal-praeteritale, omdat die sinteemfunksies van persoon en getal reeds volkome deur die funktorale persoonslingemate vervul word. In die sintaktiese funksie waar die funktorale persoonslingematemate die persoon- en getalonderskeidende funksies van die defunk geworde sinteme oorgeneem het en lingaal vervul, word die funktorale persoonslingemate gekarakteriseer as *sintemate*. Ook funktorale saaklingemate, bv. *Die tyd vlieg, Die seuns swem,* het sin-

7.6. *Tweetalligheidsvorme.* Naas die enkeltallig en meertallig gesintemeerde vorme bestaan daar byvoorbeeld in Grieks en Oud-Germaans ook tweetallig gesintemeerde vorme (dualis), in Goties nog bewaar vir die eerste en tweede persoon, bv. *Ni witu hvis bidjos,* Ons-twee weet nie wat ons-twee vra nie; *Ni wituts hvis bidjats,* Julle-twee weet nie wat julle-twee vra nie. Goties het ook beskik oor tweetallige persoonslingemate vir die 1 p. en 2 p., respektiewelik *wit* en *(*jut).* Ook Oud-Engels en Oud-Saksies het nog *wit* en *git.* Die dualis het egter in die latere ontwikkeling van die Oud-Germaanse tale verdwyn, sodat reeds Middelnederlands nie 'n tweetallige vorm het nie, terwyl dit in Middelengels nog sporadies voorkom. Afrikaans het 'n eie, saamgestelde duale persoonslingemaat ontwikkel in *Ons twee, Julle twee, Hulle twee/gaan dorp toe* teenoor die Nederlandse *Wij met ons tweeën, Gij/U met U tweeën, Zij met hun tweeën.*

7.7. *Samevatting.* Die desintemeringsproses is in Afrikaans dermate voltrek dat die persoons- en getalsfunksies van die funksielingemaat volkomelik deur die funktorale sintemaat bepaal, gerig en beheers word, sodat die funksielingemaat sinteemloos is, bv. *Ek/u, jy/hy, sy/ons/julle, u/hulle min/het gemin.* 'n Vergelykende lingologiese ontleding vanuit die gesigspunt van die funksies van die sinteme in hulle diachroniese ontwikkelingsgang manifesteer hierdie belangrike feit, naamlik, dat in die proses van ontwikkeling van die Indo-Europese tale die persoon- en getalsinteme van die funksielingemaat geleidelik hulle funksies as funksionele struktuurelemente verloor het deurdat hulle funksies deur ander lingale elemente „geusurpeer" is, met die gevolg dat hulle wesentlik funksieloos geword het en ewentueel òf gedeeltelik genivelleer is en in sekere tale as funksielose reliktiese neerslag gekristalliseer het òf heeltemal verdwyn het soos toegelig ten opsigte van Engels en nog volkomener van Afrikaans. Die grondliggende oorsaak van hierdie ontwikkeling is daarin geleë dat aanvanklik emfatiese elemente aangewend is om die funksie van die sinteme te versterk en meer eksplisiet te presiseer. Geleidelik het wat aanvanklik emfatiese en presiserende funksie gehad het, ontwikkel tot die egte persoonslingemate wat dan, as eenmaal die funksie en die stabiliteit van die sinteme versteur en verswak is, heeltemal die funksie van die sinteme „usurpeer". So bly die funksielingemaat dan steeds persoonsmatig en getalsmatig deur die persoon-saakfunktor gebonde, bepaal en beheers. Hierkragtens weet ons dat *skryf* in: *Ek skryf 'n brief,* eerste persoon, enkeltallig,

en dat *werk* in: *Jan werk in die tuin,* derde persoon, enkeltallig, en *het gewerk/sal werk* in: *Die arbeiders het swaar gewerk/Die arbeiders sal werk,* derde persoon, meertallig is. Dit is die persoons- en getalsgebondenheid van die funksielingemaat in Afrikaans soos bepaal en beheers deur die funktorale sintemate.

HOOFSTUK V

# ASPEK EN TEMPUS

## 1. ASPEK EN ASPEKGEBONDENHEID EN -GERIGTHEID VAN DIE FUNKSIE/FUNKSIELINGEMAAT

1.1. *Aspek onderskei van aktionsart.* Dit blyk uit my interpretasie van aktionsart en die toepassing daarvan by die aktionsartige onderskeiding en indeling van die funksielingemate in Afrikaans dat ek nie onder *aktionsart* dieselfde verstaan as onder *aspek* nie, maar dat ek beslis en beklemtonend die twee verskynsels, hoe nou die aanrakingspunte ook al mag wees en hoeseer hulle mekaar in sekere opsigte mag kruis, van mekaar onderskei as funksioneel fundamenteel-verskillende verskynsels ten opsigte van die funksielingemaat en sy funksies. Die verskil het ek reeds aangedui en toegelig. Ek het ook reeds daarop gewys dat in die literatuur oor aktionsart en aspek daar uiteenlopende en dikwels, so nie meestal nie, verwarrende beskouings gegee word, terwyl die twee verskynsels oorwegend as sinoniem en identiek benader word. In die my bekende en geraadpleegde linguistiese literatuur is daar, ondanks al die positief en negatief waardevolle en insiggewende beskouings en ontledings, geen uiteensetting wat ten opsigte van aspek lingologies aanvaarbaar of bevredigend is nie. Daarom dat ek aspek lingologies-prinsipieel markant onderskei van aktionsart en die onderskeiding in toepassing toets.

1.2. *Die wesensaard van aspek.* Aktionsart het ons onderskei en omskryf as die tydruimtelik-bepaalde, -beheerste en -gerigte wesensaardlike logaliteit van die funksie/funksielingemaat. Alle sake verrig hul funksies kragtens en in hul tydruimtelike wesensgebondenheid. Daardeur is die logaliteit en funksiegerigtheid van alle funksies wesensaardlik tydruimtelik bepaal, beheers en gerig, d.w.s. dat elke saak onvermybaar, as 't ware „gepredestineer", sy besondere funksie

in die bepaaldheid en afgebakendheid van sy tydruimtelike bestaan moet verrig, moet „lokaliseer". Dit sou suiwerder gestel wees om te sê dat elke saak homself in en deur die funksie wat hy verrig, in die tydruimtelikheid van sy bestaan fungerend lokaliseer. Ten minste moet die saak sy funksie begin en dit weer beëindig. Hierdie bepaaldheid en begrenstheid of gerigtheid en gestrektheid is implisiet gelogoseer in die logaliteit van die funksie. Dus is dit ook implisiet in die logaliteit van die funksie geleë of dit in die tydruimtelikheid van die betrokke funktorale saak se bestaan op 'n enkele moment van verrigting of gebeure betrek is en of dit as 'n proses van verrigting of gebeure van korter of langer duur in die tydruimtelike bestaansgestrektheid plaasvind, ontplooi en afwikkel. Op die basis van hierdie wesentlike logaliteitsverskil ten opsigte van 'n „momentgelokaliseerde" of 'n relatief durende funksiegestrektheid het ons alle funksies aktionsartig onderskei as òf *momentiewe,* bv. *vind, vat, arriveer,* òf *duratiewe,* bv. *soek, maak, speel, verspeel, wandel, is, bestaan, bibber, ontspring, vasvat,* ens., en toe weer die omsluitende, oorkoepelende duratiewe verder „onder-onderskei" en onderverdeel volgens die besondere aktionsartigheid daarvan.

Nou is die moontlikheid en noodwendigheid van onderskeiding van *aspek* teenoor *aktionsart* juis geleë in die duratiewe aktionsartigheid van die funksie/funksielingemaat. Aspek is net so 'n lingaalwesentlike verskynsel t.a.v. die funksie/funksielingemaat as wat aktionsart dit is. In my verklaring van die wesensaardlikheid van die logaliteit van duratiewe (vgl. hfst. IV, parr. 6.3. en 4.) het ek daarop gewys dat hulle weens hulle tydruimtelike gestrektheid en gerigte logaliteit 'n onderskeibare en isoleerbare — mens kan byvoeg: lokaliseerbare — aanvangsmoment het, bv. *Die perd begin gras vreet/begin draf,* 'n tydruimtelike gestrektheid of kontinuïteit van verloop of verrigting in 'n onbepaalde, onbegrenste tydruimtelikheid, bv. *Die perd vreet gras/draf,* wat as sodanig isoleerbaar is en tydruimtelik in die onbepaalde gestrektheid „gelokaliseer" word, en eindelik 'n verloop en afwikkeling wat tydruimtelik deur 'n bepaalde, begrenste afsluiting, voltooiing van die logale gerigtheid beëindig, voleindig word, bv. *Die perd het gevreet/gedraf, Die perd het klaar gevreet/gedraf/het opgehou vreet/draf* — dus die begrenste, geïsoleerde, „gelokaliseerde" afloopmoment, voleindigingstadium. En dit geskied alles sonder wysiging van die wesensaardlike logaliteit, d.i. aktionsartigheid, van die betrokke funksies *vreet* en *draf.* By die belewing van die aktionsartig duratiewe funksies word daar in die werklike tydruimtelike gebeure dus drie primêre funksiemomente, drie tydruimtelik bepaalde en begrenste, isoleerbare funksiestadia onderskei en lingaal gelokaliseer, t.w.:

kontinue verloop wat volg na die aanvangsmoment reeds verbygeskuif het: *Die wind waai/hou aan waai/bly waai; Dit reën (aanhoudend); Die kinders leer hulle lesse/is besig om hulle lesse te leer; Ma bak brood/is besig om brood te bak,* en

(iii) die afloop-, beëindigings- of voltooiingsmoment of -stadium: *Die wind het gewaai/het opgehou waai/het die hele dag gewaai, die najaarsblare wyd gesaai; Ma het klaar gebak/het heerlike brood gebak* (die brood is dus klaar gebak); *Jan het sy opstel (klaar) geskryf/het 'n mooi opstel geskryf* (dus reeds beoordeel).

Behalwe hierdie 3 primêre verloopstadia kan daar nog 'n funksiemoment of -stadium onderskei word wat voorbereidend en inleidend gerig is op die aanvang en kontinue verloop of volvoering van die betrokke funksie, bv. *Die perd wil/gaan vreet/draf, Die perd is op die punt om te begin vreet/te begin draf,* en *'n moment of stadium* wat gerig is op 'n moontlike, waarskynlike, potensiële plaasvinding van die funksie, hetsy kontinuïtief, hetsy voltooid, voleindig, bv. respektiewelik: *Die perd sal vreet/sal draf; Die perd sal gevreet het/sal gedraf het.*

Hierdie onderskeiding, afbakening, begrensing, isolering en tydruimtelike lokalisering van die verloopmomente of -stadia in die afwikkeling van die aktionsartig duratiewe funksie, soos gelingeer in die korrelate funksioneel-gestruktureerde funksievorme, onderskei ek as die aspekte van die funksie/funksielingemaat. Net soos alle funksies aktionsartig gebonde en beheers is, so is ook alle funksies, ook die momentiewe, aspekties gebonde en beheers. Aspek as verskynsel is dus die gesigspunt van waaruit die verskillende tydruimtelik bepaalde, begrenste, geïsoleerde en gelokaliseerde verloopmomente of verloopstadia van die funksiegebeure of -toestande beleef en in en deur die funksielingemaat funksioneel-morfologies en/of -sintagmaties gelingeer word soos hulle verloop, van mekaar afgebaken word, op mekaar volg ten opsigte van aanloop tot, aanvang, afwikkeling of ontplooiing, voltooiing, voltooidheid of nie-voltooidheid en potensiële verrigting van die funksie. Die funksielingemaat het in sy sintagmemiese of sintagmatiese vorm dus primêr aspektiese funksie.

1.3. *Aspek nie tempus nie.* Aspek is 'n verskynsel wat, so word wetenskaplik aanvaar soos ek aangetoon het, in Indo-Europees funksioneel dominant was en deur morfologiese middele in die funksielingemaat gestruktureer is. Die morfologiese vorms, bv. augment,

reduplikasie, vokaalwisseling of ablaut, soos gelingeer in die hoofvorme van die gerekonstrueerde Indo-Europese funksielingemaat, het primêr 'n aspekfunksie gehad en nie 'n tempusfunksie nie. Dit is ook die geval met die veel later ontwikkelde, spesifiek Germaanse postmorfemiese lingemaatstelsel soos in Goties oorgelewer in die postmorfeem *-da: -(i)da, -(ai)da, -(o)da* en *-(n-o)-da,* wat geen tempusmorfeem nie maar 'n aspekmorfeem is. Met die funksionele verswakking en gevolglike nivellering van die morfologies onderskeibare vorme in die algemene proses van taalvereenvoudiging enersyds en van die ontwikkeling van nuwe funksionele middele andersyds, het die aspek in die Oergermaans-Germaanse tale skynbaar verdwyn. Feit is egter dat die behoefte aan en die lingale noodsaaklikheid vir die lingering van aspek in die funksielingemaat bly voortbestaan het en dit was, by defunkwording van die ou morfemiese middele, die taalvormende mag vir die ontwikkeling en ontstaan van nuwe morfemiese of morfematiese middele, soos byvoorbeeld die oorspronklik aktionsartige premorfeem *ga-* (vgl. Goties) tot 'n hoofsaaklik aspektiese premorfeem *ge-* in latere Germaanse tale, en die aanwending van outonome funksielingemate, bv. die potensiewe en prospektiewe as funksiemorfemate.

Die feit van die dominansie van aspek in die funksie is alleen daaruit te verklaar dat die funksielingemaat die primêre lingale middel is waarin en waarmee die saak, fungerend in sy tydruimtelike bestaansgebondenheid en gelokaliseerdheid, die gebondenheid ooreenstemmend kan en moet begrens en lokaliseer. Dit kan nie anders nie. Daar is wel ander lingale middele, morfematiese, lingematiese en sintagmatiese, waardeur die tydruimtelike gebondenheid geëkspliseer, gepresiseer, logaal gerig of tydlik (temporaal) en ruimtelik (lokaal) nader bepaal word waar nodig of wenslik, maar primêr en wesentlik is dit deur die funksielingemaat dat die tydruimtelike bepaaldheid, begrenstheid en gebondenheid van die saak-in-funksie gelingeer word. Soos reeds verduidelik kan die saak sy funksie in verskillende stadia of momente van sy tydruimtelike bestaan verrig, en dit word in korrelate verloopstadia of -momente in korrelate funksionele struktuurpatrone van die betrokke funksielingemaat gelingeer, bv. *Die perd* (bestaande en fungerende op hierdie gestrekte, huidige moment) *begin gras vreet/(begin) draf/begin die kar trek/trek die kar; Die perd* (tydruimtelik in die verbygegane bestaan en gefungeer hebbende) *het gras gevreet/het gedraf/het die kar getrek,* en: *Die perd* (ná die huidige potensieel nog voortbestaande en potensieel fungerende) *sal gras vreet/sal draf/sal die kar trek.* Die funksielingemate *vreet, draf, trek* lingeer hier respektiewelik: die geïsoleerde aanvangstadium van die funksie; die geïso-

neel die afloop, beëindiging van die funksies stel nie); die geïsoleerde verbygegane, reeds gebeurde in kontinue proses van plaasvinding, d.w.s. dat die perd kontinuïtief besig was en besig gebly het *om te vreet/draf/trek* (want ook hier is daar geen funksionele middel wat dit stel dat die perd opgehou het *vreet/draf/trek*, of klaar *gevreet/gedraf/getrek* het nie); die potensiële, naamlik dat die perd onbepaald, onbegrens kontinuïtief besig sal wees en besig sal bly om te *vreet/draf/trek* (tot wanneer of hoe lank kan niemand vasstel nie). Hierdie also geïsoleerde en gelokaliseerde verloopmomente van die duratiewe word dan respektiewelik onderskei as die *inchoatiewe aspek, die kontinuïtiewe aspek, die imperfektiewe/perfektiewe/okklusiewe aspek* en die *potensiewe aspek*. Die momentiewe daarenteen kan vanweë hulle aktionsartigheid normaliter geen inchoatiewe en geen kontinuïtiewe aspek hê nie, maar wel 'n potensiewe aspek, bv. *Jan sal vind/sal arriveer* en 'n okklusiewe aspek: *Jan het gevind/het gearriveer*. Slegs in bepaalde situasies kan die momentiewe waar hulle aktionsartig duratief gerig word, ook inchoatiewe en kontinuïtiewe aspekte lingeer, soos uit die volgende nadere bespreking sal blyk.

1.4. *Onderskeiding van die aspekte:*

1.4.1. *Die inchoatiewe aspek* stel die aanvangsmoment van die duratiewe funksie as gebeuremoment geïsoleer van die verdere ontplooiing of verloop, die van die kontinuïtiewe aspek. Na my wete is daar geen taal waarin die inchoatiewe aspek deur 'n morfemiese middel gelingeer word nie, maar wel deur 'n logaal inchoatiewe funksielingemaat morfematies aan te wend, bv. in Latyn deur *coepi* (Ek begin): *Praecedere coepit*, Hy begin voortstap. So verrig die funksielingemaat *begin*, juis om sy aktionsartig effektief-inchoatiewe logaliteit in Afrikaans die funksie van 'n morfemaat om die logaliteitdraende en -rigtende, aspekties onbepaalde funksielingemaat aspekties inchoatief in die betrokke funksiesintagmaat te rig, bv. *Ja, ek begin verstaan; Jan begin skryf; Die kind begin huil*. Kragtens sy outonome logaliteit is *begin* die morfemaat in die funksiesintagmate: *begin verstaan, begin skryf, begin huil* om juis die betrokke funksie inchoatief te isoleer en te rig. Selfs aktionsartig momentiewe funksies moet teoreties tog 'n beginmoment hê. Dit is moontlik om lingaal die struktuur te hê: *Ek begin so stadigaan 'n oplossing vind vir die probleem*. In hierdie geval word die momentiewe *vind* wesentlik deur

die aard van die logaalmedebepalende funktumale komplement *oplossing* logaal tot 'n duratief gestruktureer, maar mens sal nie lingeer: *Ek begin die boek vind* nie, of: *Jan begin arriveer* nie. Dit sou louter onsin wees. Maar wel: *Die gaste begin arriveer,* waar *arriveer* weer deur die aard van die funktor — gaste na mekaar — duratief gestrek word. In hierdie geval het ons dan ook kontinuïtiewe aspek in: *Ek is besig om 'n oplossing te vind vir die probleem; Die gaste arriveer een na die ander/is besig om geleidelik te arriveer.* Die funksies/funksielingemate het dan aktionsartig tydruimtelike, duratiewe gestrektheid.

1.4.2. *Die ingressiewe aspek.* Waar ons die aanvangs-, die beginmoment van 'n funksie as 'n isoleerbare en geïsoleerde stadium in die tydruimtelike ontplooiing of verloop van die funksie beleef, onderskei en aspekties lingeer en wel as 'n primêre aspek, die inchoatiewe, word daar dikwels ook 'n sekondêre aspek beleef en onderskei wat die inchoatiewe voorafgaan, daartoe lei en gerig is op die aanvang en verrigting van die funksie self, naamlik die aspek van voorbereiding, gereedmaking of gereedheid, van voorneme of wenslikheid tot uitvoering van die funksie, bv.: *Ek het lus om 'n brief te skryf/maak klaar om 'n brief te skryf/is op die punt om te (begin) skryf/gaan, wil, kan 'n brief skryf/maak gereed/is gereed/ is oorgehaal om te (begin) skryf/wens om 'n brief te skryf/is voornemens/van voorneme om te skryf.* Hierop volg dan: *Ek begin 'n brief skryf,* die inchoatiewe aspek, en daarop die kontinuïtiewe: *Ek skryf 'n brief/is (reeds) besig om te skryf.* Hierdie voorbereidende stadium wat tot die funksieontplooiing lei, daarop gerig is, word onderskei as die *ingressiewe aspek.*

Dit sal opgemerk word dat Afrikaans morfematiese en sintagmatiese middele aanwend om die ingressiewe aspek te lingeer. Latyn besit, m.i., 'n morfemiese middel *-ur-* om die ingressiewe aspek te lingeer in die sogenaamde participium futurum, bv. *amat-ur-u-s, monit-ur-u-s, rect-ur-u-s, audit-ur-u-s* (Eng. respektiewelik: about to love, about to advise, about to rule, about to hear), „overgezet zijnde" in Afrikaans: gereed/oorgehaal/op die punt/ voornemens/van voorneme om te min/te beraad (= raad te gee)/te regeer/te hoor, of: staan te/gaan/wil min/beraad/regeer/hoor. As die sintagmeem *amaturus,* teenoor *am-a-t-u-s,* funksioneel-morfologies ontleed word, dan word die volgende struktuurelemente onderskei: *am-a-t-ur-u-s*: *am-,* die logeem; *-a-,* die funksie-rigtende morfeem; *-t-,* die partisipiële morfeem, *-us,* die morfeem-sinteem vir die masculinum, enkeltallig, funktoraal — dus bly die inmorfeem *-ur-* oor, wat niks anders as die aspek-rigtende element kan wees om die *ingres-*

*Matrem amaturus sum* (Eng. *I am about to love my mother),* Ek gaan my moeder min/staan op die punt/is gereed/oorgehaal/voornemens om my moeder te min, ens. Funksioneel, d.i. lingologies gesien, is die struktuur met die inmorfeem *-ur-* dus wesentlik nie temporaal „futuraal" gerig nie maar wel aspekties ingressief, voorbereidend, aanleidend gerig op die aanvang en voortsetting of op die verwerkliking van die gestelde funksie. Die logale gerigtheid van 'n sin soos: *Janus Annam amaturus est,* Jan gaan (vir) Anna liefhê/staan Anna te min/is oorgehaal om Anna te min (Eng. John is about to love Anne) is tog wesentlik iets heel anders as *Janus Annam amabit,* Jan sal (vir) Anna liefhê, en van 'n sin soos *Elephantes amnem transituri sunt,* Die olifante gaan/staan op die punt/ is gereed/is oorgehaal, ens., om die rivier oor te steek (Eng. The elephants are about to cross the river), iets heel anders as *Elephantes amnem transibunt,* Die olifante sal die rivier oorsteek. Veeleer moet ons dan die vorm met die aspekties-funksionele morfeem *-ur-* gestruktureer beskou as *ingressiewe partisipium* en nie, soos tradisioneel grammaties, as temporaal-futurale partisipium nie. Dit staan dan naas en teenoor die kontinuïtiewe partisipium *aman(d)s* en die perfektiewe/okklusiewe partisipium *amatus,* wat almal ook hoedanigheidslingematiese funksie het.

1.4.3. *Die kontinuïtiewe aspek* stel die voortskrydende ontplooiing of afwikkeling van die duratiewe funksie. Dit impliseer vanselfsprekend nie-afgelopenheid, nie-beëindiging van die funksie as sodanig, dus „onvoltooidheid", „imperfektiwiteit" van die funksiegerigtheid: *Ek skryf 'n brief/is besig om 'n brief te skryf/is 'n brief aan 't skrywe/(is 'n brief skrywende,* hoe ongewoon ook al). Dit is dus onnodig, selfs oorbodig, om hierdie aspek te onderskei as „onvoltooid/ imperfektief". Die sogenaamde „teenwoordige deelwoord" — wat niks met „teenwoordige" te doen het nie! — word deur die postmorfemiese element *-(e)nd(e)* funksioneel kontinuïtief gerig en het daardeur die potensialiteit om aspekties-kontinuïtiewe funksiesintagmate te struktureer: *die arme man is reeds sterwende* = Die arme man sterf reeds/is besig om te sterf. Veel beter en lingaal-funksioneel suiwerder sal dit wees om die partisipium te onderskei en te karakteriseer as *kontinuïtiewe partisipium,* dus aspekties en nie temporaal nie. Latyn het ook hier 'n spesifieke aspekties-kontinuïtiewe morfeem *-n(d)* in die betrokke partisipium: *aman(d)s, monen(d)s, regen(d)s* en *audien(d)s.*

1.4.4. *Die imperfektiewe aspek.* As nou hierdie kontinuïtiewe funksiesituasie in sy kontinuïteit uit die onmiddellike, momentele, huidige gebeure tydruimtelik verbyskuif, dan word die funksie beleef, onderskei en gelingeer as wel verbygegaan, verbygeskuif, maar steeds in proses van voortskrydende ontplooiing, dus nie as sodanig beëindig, voltooi of perfektief of okklusief afgesluit nie. So word dit geïsoleer, gelokaliseer. In sy tydruimtelike gebondenheid bly dit kontinuïtief, in sy duratiewe en logale gerigtheid onafgedaan, onbeeindig, onvoltooid, dus aspekties *imperfektief,* bv.: (Jan, waarom kom jy nie as ek jou roep nie?) — *Pa, ek het nog my opstel geskryf/was nog besig om my opstel te skryf* (en is nog nie klaar nie). Die aspekties kontinuïtiewe stadium *skryf/is besig om te skryf* het 'n ononderbroke afloopstadium bereik voor die gerigtheid van die funksieiogaliteit in die *resultatiewe voltooiing* van *die opstel* bereik is, voor die *skryf* perfektief beëindig is, voor die opstel „klaar geskryf", d.i. okklusief voltooi is. Die kontinuïtiewe ontplooiing van die gerigtheid van die funksielogaliteit is dus onderbreek en het in die afloopmoment verbygeskuif, en so is die ontplooiingsproses onvoltooid, d.i. imperfektief beëindig. In: *Hy het 'n huis gebou* is daar geen lingale middel wat definitief aan die sin die logaliteit gee dat die huis voltooi is nie, klaar gebou is en die kontinuïtiewe „bou" toe en daarom òf perfektief òf okklusief beëindig is. Die sin is lingaal vir tweërlei interpretasie vatbaar:

(a) dat die huis wel voltooi is, afgewerk is, en die bouery dus perfektief/okklusief tot 'n einde gekom het, nie verder voortgesit kan word nie;
(b) dat die bouer besig was om (aan) die huis te bou, maar, om watter rede ook al, eenvoudig met die werksaamheid opgehou het, en so is die kontinuïteit van die besondere funksie in die ontplooiingsproses gestaak en het uit die huidige verbygeskuif, logaal onvoltooid afgedaan, aspekties „geïmperfektiveer", bv.: *Die man het (aan) 'n huis gebou toe hy die ongeluk gekry het.* In albei gevalle het die kontinuïteit van die duratiewe funksie voortbeweeg, in die gang daarvan verskuif na 'n eindpunt, 'n stadium van voltooidheid of afsluiting, 'n absolute voltooidheid in die bereiking van die doel of die finale beëindiging van die logale gerigtheid van die funksie in die eerste geval — die *perfektiewe/okklusiewe aspek,* en 'n momentele, onderbrekende beëindiging nog in die voortskrydende afwikkelingsproses in die tweede geval — die *imperfektiewe aspek.* Daar is selfs 'n derde interpretasie moontlik:
(c) *Hy het 'n huis gebou* is die blote feitestelling van 'n tydruim-

horisonlose.

Vanselfsprekend impliseer die imperfektiewe ook die kontinuïtiewe — dus onnodig en oorbodig om hierdie aspek te karakteriseer as imperfektief-kontinuïtief. Deur die geïmpliseerde kontinuïteit bly dit as 't ware retrosiperend betrokke op die kontinuïtiewe aspek, maar tydruimtelik daarvan geïsoleer. Daarom vereis dit ook vir die strukturering daarvan spesifieke aspekties-funksionele middele, hetsy morfemiese soos bv. in Latyn die morfeem -*b*- in *scrib-e-b-a-t,* Hy het geskrywe/was aan 't skrywe/was besig om te skrywe/was skrywende, of morfemiese en/of morfematiese soos in Afrikaans, respektiewelik *ge-* en *het/was* en selfs sintagmatiese *was besig om te/was aan 't,* bv.: *Hy het geskryf/was besig om te skryf/was aan 't skrywe/was skrywende* (aan 'n roman).

Ook momentiewe funksies kan in tydruimtelike gestrektheid, soos bo verduidelik, aspekties imperfektief aangewend word, bv.: *Teen agtuur het daar nog gaste gearriveer; Die gaste het bly arriveer/was steeds besig om te arriveer; Geleidelik het hy tog 'n oplossing gevind; Dit het hom lank geneem om die taak uit te voer.*

1.4.5. *Die perfektiewe aspek.* Terwyl teenoor die *inchoatiewe aspek* van die duratiewe funksie die *okklusiewe* staan, staan teenoor die *imperfektiewe* weer die *perfektiewe aspek,* wat funksioneel die onmiddellike afloop, beëindiging, voltooiing van die funksie stel waarvan die inchoatiewe aspek en die kontinuïtiewe reeds uit die huidige, reële gebeure verbygeskuif het, maar slegs dermate dat die moment van die afloop, die voltooiingsmoment tydruimtelik nog reik na die huidige, nog daarmee skakel, as 't ware nog daarbinne val. Die perfektiewe aspek lingeer dus die verbygeskuifde funksiegestrektheid, die kontinue verloop of progressiewe afwikkeling vanaf 'n ingressief-inchoatiewe moment, wat reeds verbygeskuif het, tot 'n moment waar die kontinuïtiewe nog aan die gang is maar as funksie juis afloop, gestaak word en eindig in die hede. Die inchoatiewe en die kontinuïtiewe aspekte van die funksie lê dus tydruimtelik in die verbygegane, terwyl die afloop-, die voleindigingsmoment in die huidige lê. Die perfektiewe aspek is dus ewe-eens as 't ware retrosiperend betrokke op die kontinuïtiewe, tydruimtelik nog daaraan verbonde deurdat die voltooiingsmoment met die huidige skakel. In en deur die afgelopenheid, die voltooiing, die „perfektivering" word dit aspekties van die kontinuïtiewe en die imperfektiewe

onderskei en geïsoleer. Daarom vereis dit ook spesifieke aspekties-funksionele struktureringsmiddele: morfemies soos in die geval van die morfeem *-s-* in Latyn *scrip-s-i-t* of van *-v-* in *am-a-v-i-t,* en in Afrikaans morfemies spesifiek die perfektiveringsmorfeem *ge-*, en/of morfematies *het* en sintagmaties *is besig gewees ... om te,* bv.: *Hy het 'n brief geskryf.* (Nedl. Hij heeft 'n brief geschreven; Eng. He has written a letter)/ *is besig gewees om 'n brief te skrywe/(is skrywende gewees aan 'n brief)* — (vgl. Eng. He has been writing a letter). Dit moet opgemerk word dat die skakeling met die huidige, die kontinuïtiewe aspek, morfematies/sintagmaties gelingeer word deur die kontinuïtiewe vorm van die morfemaat/sintagmaat: *het* (Ndl. *heeft;* Eng. *has), is, is skrywende* en die afgelopenheid, die perfektiwiteit, deur die perfektiverende struktuur met die premorfeem *ge-: geskryf, gewees.* Dit is juis weens die spesifieke perfektiveringsfunksie van hierdie premorfeem dat die perfektiewe partisipium (die sogenaamde „verlede deelwoord") ook gebruik word as omstandigheidslingemaat, bv. *Die huis staan stewig gebou op rots; Ek slaap in die rus van die eeue gesus, ongesien, ongehoord ... ongewek, ongestoord,* en met die verdere postmorfeem *-e (-te/-de)* as hoedanigheidslingemaat, bv. *Dit is 'n stewig geboude huis; Dit is 'n geslaagde onderneming; Hy het baie beperkte beweegruimte.* Ek meen egter dat ons by hierdie aanwending van die partisipium baie suiwerder sal onderskei as ons dit karakteriseer as „okklusiewe partisipium", om klaarblyklike gronde.

Ook die momentiewe funksies kan met logaal-duratiewe gerigtheid aspekties perfektief aangewend word: *Hy het eindelik gearriveer; So ja, nou het ek die oplossing gevind; Jan, ek het twee van jou boeke geneem.* Die vraag dring hom egter baie sterk op of in die geval van die momentiewe ons nie hier kragtens hulle afgeslote, voltooide logale gerigtheid nie veeleer met *okklusiewe aspek* te doen het nie. Ek is geneig om aan hierdie interpretasie die voorkeur te gee. Die momentiewe is immers reeds logaal perfektief.

1.4.6. *Die okklusiewe aspek.* Teenoor die *perfektiewe aspek,* waarvan die afloopmoment reik tot aan of in die huidige, eintlik die voltooidheid, die afgelopenheid van die kontinuïtiewe lingeer, stel die *okklusiewe aspek* nie alleen die finale afgelopenheid, die volkome beëindiging van die funksie in die bereiking van die logale gerigtheid daarvan nie maar ook as tydruimtelik volkome geïsoleer van die kontinuïtiewe en van die perfektiewe. Miskien kan dit so gestel word: die *perfektiewe aspek* lingeer die afloop, die beëindiging, die voltooiing van die kontinuïtiewe funksieproses, terwyl die *okklusiewe aspek* die volkome afgelopenheid van die tydruimtelike ge-

*Die man het klaar gebou; Ek het al my lande geploeg gehad; Jan het 'n brief geskryf en dit gaan pos* (dus geskryf gehad); *Hy het 'n mooi en gerieflike huis gebou* (die huis moet klaar gebou gewees het om mooi en gerieflik te wees); *Hy het die meisie innig liefgehad.* Ons moet daarop wys dat die okklusiewe aspek wesentlik die perfektiewe insluit en omsluit deurdat laasgenoemde in die afwikkeling van die funksieproses verbygeskuif het en eersgenoemde 'n definitiewe presisering van die bereikte voltooidheid en finale begrensing is deur middel van omskrywing òf van morfeme, morfemate en/òf sintagmate wat die aspektiese funksie rig op afgeslotenheid, bereikte resultaat of toestand deur die funksie bewerkstellig. Latyn het byvoorbeeld 'n spesifieke aspekties-okklusiewe morfeem *-er-* soos in *scrip-s-er-a-t* (Hy het geskryf gehad), *am-a-v-er-a-t* (Hy het gemin gehad). Sonder spesifieke okklusiewe middele is die okklusiwiteit in Afrikaans dikwels konklusief af te lei uit die logaliteit van die hele sin, soos bv.: *Hy het 'n mooi en gerieflike huis gebou; Jan het 'n brief geskryf en dit gaan pos; Ek het hom 'n lang brief daaroor geskryf; Die studente het hulle goed voorberei vir die eksamen.*

1.4.7. *Die potensiewe aspek.* Tot dusver het ons die aspektiese onderskeidinge in die verloop en ontplooiing van die duratiewe funksie/funksielingemaat gekarakteriseer ten opsigte van slegs twee primêre tydruimtelike verloopstadia, nl. die van die huidige, die onmiddellik beleefbare, die kontinuïtief werklik gebeurende, en van die verbygegane, die afgelopene, die beëindigde en voleindigde. Maar daar bly nog die aan die huidige, werklik gebeurende stadium voorafgaande, die daartoe aanskuiwende, die op die huidige gerigte stadium waardeur sake in hulle bestaan tydruimtelik gebind is ... en in hulle funksies staan gebind te wees of gebind te word. Teenoor die oomblikgebonde, die gestrekte momentgebonde of duurgebonde, voortskrydende realiteitsgebeure staan die moontlikheidsgebeure, die waarskynlikheids-, die noodsaaklikheidsgebeure — dit alles wat potensief tydruimtelik in vooruitsig gestel is. As sake nou ten opsigte van hierdie tydruimtelike stadium in funksiesituasie geplaas, gedink of geprojekteer word, is daar slegs twee aspektiese moontlikhede, t.w.:

(i) dat die funksie potensief-kontinuïtief plaasvind, verrig word en ontplooi, d.w.s. aspekties *imperfektief* gaan wees en bly, en

(ii) dat die funksie staan plaas te vind, verrig te word en te ontplooi tot die stadium van afloop, beëindiging/voleindiging, voltooiing/voltooidheid, volkome afgeslotenheid, dus aspekties *okklusief*.

Ook in die geval van eersgemelde word funksionele struktuurmiddele vereis, hetsy morfemiese, hetsy morfematiese of sintagmatiese. Waar daar beskikbares is wat reeds die aspektiese funksie het, word hulle vir die ooreenstemmende aangewend — soos bv. die morfeme *-b-* en *-er-* in Latyn respektiewelik vir die imperfektiewe en die okklusiewe aspekte: imperfektief: *am-a-b-i-t;* okklusief: *am-a-v-er-i-t.* Die Latynse sintagmeme *am-a-b-a-t* en *am-a-b-i-t* is dus albei aspekties imperfektief — maar tog stel die eersgenoemde die imperfektiwiteit in die verbygegane, die praeteritale, deur die op die morfeem *-b-* volgende morfeem *-a-*, terwyl laasgenoemde die imperfektiwiteit deur die morfeem *-i-* in die nog komende, nog in vooruitsig wesende stel, d.i. die futurale. Gevolglik moet ons terminologies die onderskeiding maak tussen *praeteritale imperfektief* en *futurale imperfektief*. Die onderskeiding en karakterisering is egter hibridies, omdat dit sowel temporaal as aspekties is. Suiwer aspekties gesien verkies ek respektiewelik net *imperfektief* en *potensief*. 'n Funksie wat potensief is, wat in vooruitsig gestel is, impliseer vanself die imperfektiewe.

Waar Afrikaans nie soos Latyn oor sulke morfemiese struktuurmiddele beskik nie, word morfematies gebruik gemaak van 'n funksielingemaat wat juis die potensiewe logaliteit van gerigtheid op wat nog staan te gebeur het, nl. *sal* om die funksie in sy onbegrenste kontinuïtiewe vorm en gerigtheid aspekties potensief te rig, bv. *Hy sal 'n brief skrywe* (vgl. Ndl. Hij zal 'n brief schrijven — *schrijven* lingeer juis die onbepaalde, onbegrenste kontinuïteit, d.i. die sogenaamde „infinitief")*/sal besig wees om te skrywe/(sal skrywende wees aan 'n brief); sal* lingeer dus morfematies die potensiewe en *skryf/skrywe* die kontinuïtief-onbegrenste, d.i. albei lingeer die imperfektiewe by implikasie — dus net suiwer potensief.

1.4.8. In die tweede geval, die voorgemelde okklusiewe, het ons te doen met die stadium van voleindiging, volkome afgeslotenheid soos dit potensief plaasvind. Hier word ook van bestaande struktuurmiddele wat juis die aspekties-okklusiewe funksie het, gebruik gemaak soos in Latyn die okklusiewe morfeem *-er-* in *scrip-s-er-a-t* en *am-a-v-er-a-t,* en in Afrikaans die premorfeem *ge-* en die morfemaat *het.* So het Latyn bv. vir die okklusiewe hierdie funksionele struktuurvorm *scrip-s-er-i-t, am-a-v-er-i-t,* waarvoor die Afrikaanse ekwivalent is: *Hy sal geskryf het/sal geskryf gehad het; Hy*

*skrywend-wesende gewees het; Hy sal minnende gewees het/sal minnend-wesende gewees het.* So stel *sal* dan morfematies die potensiwiteit en *het* en die *ge*-strukture die okklusiwiteit van die kontinuïtiewe funksie. Ook hier kan ons nie die hibridiese karakterisering van *praeteritale okklusief* en *futurale okklusief* maak nie, maar suiwer aspekties net van *okklusief* en *potensief-okklusief.*

1.4.9. Wat besondere opmerking verdien, is dat die geïsoleerde ingressiewe en inchoatiewe verloopstadia van die funksie, bv. die ingressiewe *Hy is gereed/oorgehaal/voornemens* ens. *om te skrywe* of: *Hy gaan/wil/staan te skrywe* en die inchoatiewe: *Hy begin skrywe,* in wese ook kontinuïtief is, dus die kontinuïtiewe, hoe relatief gestrek ook al, impliseer. Dit is dus onnodig om hulle te karakteriseer as kontinuïtief-ingressief of kontinuïtief-inchoatief. Maar uit hulle kontinuïtiewe wesensaard volg dan dat hulle albei ook ander aspekte moet lingeer, bv. *Hy het lus gehad om te skrywe/was gereed/oorgehaal/voornemens om te skrywe/wou skrywe* (vgl. die Latynse ekwivalent: *Scripturus erat)* (Eng. He was about to write) en *Hy het begin skrywe:* in albei gevalle het ons dus imperfektiewe aspek of na gelang van ons interpretasie selfs perfektiewe; in die volgende het ons okklusiewe aspek: *Hy was gereed/oorgehaal/voornemens gewees om te skrywe* (vgl. Latyn: *Scripturus fuerat;* Eng. He had been about to write). en *Hy het begin gehad om te skrywe* (toe hy oorlede is). Omdat hierdie aspekte nie geïmpliseer word soos die kontinuïtiewe nie, moet hulle onderskeidend gekarakteriseer word as *imperfektief/perfektief-ingressief, imperfektief/perfektief-inchoatief, okklusief-ingressief* en *okklusief-inchoatief.*

Dieselfde geld van die potensiewe aspekte, bv. *Hy sal lus hê/gereed/oorgehaal wees om te skrywe:* potensief-ingressief; en *Hy sal begin skrywe:* potensief-inchoatief; *Hy sal lus gehad het/gereed/oorgehaal gewees het om te skrywe:* potensief-okklusief-ingressief; en *Hy sal begin gehad het om te skrywe:* potensief-okklusief-inchoatief.

1.5. *Samevatting. Aspek* is dus die verskynsel waardeur die tydruimtelik gestrekte, duratiewe funksies wesentlik in hulle tydruimtelike gebeuremomente of gebeurestadia beheers en lingaal onderskeidend gelingeer word. Ons wil saamvattend en oorsigtelik die aspekverskynsel grafies soos volg illustreer:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | 4 |
| | Verbygegane | | Huidige, reële | Aanskuiwende moontlike | |
| A | | M | gebeure | N | Z |
| W — — — | — — — | — — — | — — Y — — | — — — | — — X |
| (Jan | | | skryf | | 'n brief |
| Okklus.-<br>Ingress. | Perfekt.-<br>Ingress. | Imperf.- ←<br>Ingress. | a. Ingressief → | Potensief-<br>Ingressief | Potensief-<br>Okk.-Ingres. |
| Okklus.<br>Inchoat. | Perf.-<br>Inchoat. | Imperf.- ←<br>Inchoatief | b. Inchoatief → | Potensief-<br>Inchoatief | Potens.-Okkl.<br>Inchoatief |
| f<br>Okklusief | e<br>Perfekt. | d<br>Imperfekt. | c. Kontinuït. | g<br>Potensief | h<br>Potensief-<br>okklusief. |
| 2 | i<br>Aoristies<br>← | | | | 3 |

1-2-3-4-1:- Die onbegrenste, tydruimtelike gestrektheid waarin die funktor sy duratiewe funksie *skryf* verrig, omsluitende M-N, die huidige, reële gebeure as die fundamentele uitgangspunt; M-A, die verbygegane; N-Z, die aanskuiwend moontlike of potensiewe;

A-Z:- die onderskeibare aspektiese verloopstadia van die funksie in: *Jan skryf 'n brief;*

W:- die inisiërende funktorale komplement in die funksierelasie *Jan — brief* waarop die resultatief-duratiewe funksie/funksielingemaat *skryf* betrokke is;

X:- die vermoontlikende funktumale komplement in die funksierelasie *Jan — brief* waarop die funktor sy funksie aspekties rig en wat resultatief in die funksierelasie betrokke is;

Y:- die betrokke resultatief-duratiewe funksie *skryf*, die fundamentele uitgangspunt.

a:- *Ingressiewe Aspek:* Jan maak klaar/het lus om 'n brief te (begin) skryf; Jan wil 'n brief (begin) skryf; Jan is gereed/oorgehaal om 'n brief te (begin) skryf; Jan is/staan op die punt om 'n brief te (begin) skryf.

a-d:- *Imperfektief-ingressiewe aspek:* Jan was klaar/gereed/oorgehaal /op die punt/voornemens/het lus gehad om 'n brief te begin skryf/te skryf; Jan wou 'n brief skryf.

a-e:- *Perfektief-ingressiewe aspek:* Jan is klaar/gereed/oorgehaal/ voornemens gewees om 'n brief te (begin) skryf/het op die punt gestaan om 'n brief te (begin) skryf.

a-f:- *Okklusief-ingressiewe aspek:* Jan was klaar/gereed/oorgehaal/ voornemens gewees om 'n brief te skryf/te begin skryf.

a-g:- *Potensief-ingressiewe aspek:* Jan sal lus hê/gereed/oorgehaal wees om te skryf/te begin skryf.

Terloops moet daarop gewys word dat die aspek ook *temporaal* en *modaal* nader gerig en gepresiseer word deur middel van bepaalde morfematiese elemente. Dit geld ook van die volgende aspekte. Maar hieroor later by die betrokke verskynsels.

b:- *Inchoatiewe aspek:* Jan begin skryf.

b-d:- *Imperfektief-inchoatiewe aspek:* Jan het 'n brief begin skryf.

b-e:- *Perfektief-inchoatiewe aspek:* Jan het (nou net) 'n brief begin skryf.

b-f:- *Okklusief-inchoatiewe aspek:* Jan het begin gehad om 'n brief te skryf.

b-g:- *Potensief-inchoatiewe aspek:* Jan sal begin skryf.

b-h:- *Potensief-okklusief-inchoatiewe aspek:* Jan sal 'n brief begin skryf het; Jan sal begin gehad het om 'n brief te skryf.

c:- *Kontinuïtiewe aspek:* Jan skryf 'n brief/is besig om 'n brief te skryf; Jan hou aan skryf aan 'n brief.

En met die *kontinuïtiewe partisipium:* Jan is skrywende aan 'n roman; (vgl. Jan is 'n lang tyd bedliggend).

d:- *Imperfektiewe aspek:* Jan het (aan) 'n brief geskrywe/was 'n brief aan 't skrywe/was besig om 'n brief te skrywe; Jan het aangehou skrywe aan 'n brief; Jan was skrywende aan 'n brief.

e:- *Perfektiewe aspek:* Jan het 'n brief geskryf/het aan 'n brief geskryf; Jan is besig gewees om 'n brief te skryf; Jan is 'n brief skrywende gewees.

f:- *Okklusiewe aspek:* Jan het 'n brief geskryf gehad; Jan het hierdie brief geskryf; Jan het my 'n lang brief geskryf oor die aangeleentheid; Jan het 'n brief geskryf en dit gepos; Ek het die brief ontvang wat Jan geskryf het.

g:- *Potensiewe aspek:* Jan sal 'n brief skryf/sal besig wees om 'n brief te skryf; Jan sal 'n brief skrywende wees.

h:- *Potensief-okklusiewe aspek:* Jan sal 'n brief geskryf (gehad) het; Jan sal besig gewees het om 'n brief te skryf; Jan sal aan 'n brief skrywende gewees het.

i:- *Aoristiese aspek:* Jan het 'n brief geskryf — die blote stelling van 'n voltooide, voldonge gebeure: die onbegrenste, horisonlose aspek.

## 2. TEMPUS EN TEMPUSGEBONDENHEID

2.1. *Verwarring: aspek en tempus.* Ons het reeds terloops opgemerk dat aspek *temporaal,* d.i. tydmatig, nader bepaal en gepresiseer

kan word deur morfematiese elemente — ons kan byvoeg: fonemiese — soos byvoorbeeld in Latyn, wat wel in 'n mate spesifieke tydsmiddele naas die aspektiese het. Hierdie moontlikheid dui al dadelik op die kruisende verband tussen en verstrengeldheid van aspek en tempus as onderskeie verskynsels wat elk sy spesifieke funksionele lingeringsmiddele moet hê en daarom ook wel het waar die twee onderskeidelik beleef word. In hierdie kruising en verstrengeldheid lê die oorsaak van die gebrekkige of totaal afwesige onderskeiding van aspek en tempus as wesentlik lingaal-verskillende en dus funksioneel verskillende verskynsels of kategorieë, ook die oorsaak van die waninterpretasies en verwarrende verklarings nie slegs van aspek en tempus of tydsonderskeidinge nie, maar ook van waninterpretasie en verwarring ten opsigte van die onderskeiding van die tempora self. Hierdie toestand vind sy neerslag in die linguistiese literatuur en is skering en inslag in ons gangbare taalbeskouing en onderwyspraktyk soos uit elke leerboek duidelik blyk. Dit is, lingologies gesien, gebiedend noodsaaklik dat tempus en tempusverskynsels van aspek en aspekverskynsels onderskei en afgebaken word. Dit bring mee dat vasgestel moet word wat presies lingologies onder tempus/tyd verstaan en wat die spesifieke funksionele middele is waardeur tempus gelingeer word.

2.2. *Noodsaaklikheid van onderskeiding aspek : tempus.* Ek het reeds gestel (par. 1.3.) dat aspek in Indo-Europees dominant was in die betrokke gemorfemeerde struktuurvorme van die funksielingemaat. Indo-Europees het geen tempus geken nie en geen lingale middele vir lingering van tempusonderskeidinge in en deur die funksielingemaat ontwikkel nie. Die daaruit ontwikkelde dogtertale, soos Sanskrit, Oergrieks, Oeritalies, Oerslavies en Oergermaans, byvoorbeeld, het in hulle oervorm, en in hulle oud-vorm ewe-eens, hierdie aspekonderskeiding wat hulle as morfemerend-sintemerende tale deur spesifieke morfemiese middele gelingeer het, erflik behou en voortgedra. In Oud-Germaans-Goties, byvoorbeeld, was die ablaut, die reduplikasie of premorfemering en die nuutontwikkelde postmorfemering deur middel van *-da* suiwer aspektiese middele en geen temporale middele nie. Terwyl Latyn die imperfektiewe en potensiewe aspekte deur middel van die fonemiese morfeem *-b-* lingeer, het Goties-Oud-Germaans die ablaut, premorfemering en postmorfemering aangewend vir lingering van die imperfektief, maar vir die potensief het dit reeds gebruik gemaak van die aktionsartige potensief *skulan* naas die aanwending van die kontinuïtief in potensiewe funksie. Vandaar die tradisioneel-grammatiese verklaring dat Goties geen „futurum" gehad het nie. Uit 'n lingologies-morfologiese

maanse tale soos Nederlands, Duits en Engels enige morfematiese, morfematiese of sintagmatiese middele bestaan wat in direkte betrokkenheid as sodanig spesifieke tydsfunksie het nie. Daartoe moes spesifieke tydslingemate en tydsbepalinge morfematies of sintagmaties aangewend word wanneer die aspekte in hulle tydruimtelike onbegrenstheid of begrenstheid nader gepresiseer moes word. Die funksielingemaat word in die Duitse taalleer onderskei en gekarakteriseer as „Zeitwort", maar wesensaardlik, funksioneel en diachronies is dit geen „Zeitwort" nie, veeleer 'n „Aspektwort". Die miskenning van aspek as 'n wesentlike en funksioneel aktiewe verskynsel in die taal en die verwarde en verwarrende vereenselwiging daarvan met tempus en tempusverskynsels soos deur die „grammatici" en taalreglementeerders uit die klassieke Grieks-Latynse grammatika in die laat Middeleeue en gedurende die Renaissance op die volkstale oorgedra en toegepas, bereik in hierdie „Zeitwort"-onderskeiding sy kulminasiepunt. Die vereenselwiging en verwarring word ook weerspieël in die hibridiese terminologie van die gangbare tradisionele grammatika vir die verskillende tempora, bv. *Onvoltooid* (kontinuïtiewe aspek) en *Voltooid* (perfektiewe aspek); *teenwoordige tyd* (praesens-tempus); *Onvoltooid* (imperfektiewe aspek) en *Voltooid* (okklusiewe aspek (pluperfektum/plus-quamperfektum)) *verlede tyd* (praeteritum-tempus) en *Onvoltooid* (kontinuïtief-potensiewe aspek) en *Voltooid* (okklusief-potensiewe aspek) *toekomende tyd* (futurum-tempus). Wat dus wesentlik aspek is, is met tempus verwar, die wesentlik onderskeie aspekte is as tempora geïnterpreteer, en daarvolgens is die „tye van die werkwoord" onderskei. „Tyd" self kan tog nie „onvoltooid" of „voltooid" wees nie — enige funksie in sy verloop of afwikkeling wel. Hieruit is dit ook duidelik dat aspek en tempus ten nouste met mekaar verbind en vervleg is. Die tydruimtelik begrenste aspekte kan feitlik in al die tempora gehandhaaf word, en aspek en tempus is dan ook onafskeidbaar, soms selfs nie onderskeibaar deureenverstrengel. Maar die een is nie identiek met die ander nie, daarom korreleer die betrokke onderskeidinge funksioneel ook noodwendig nie altyd nie.

Dit alles maak dit noodsaaklik om tempus lingaal-prinsipieel en lingologies te onderskei van aspek en hulle onderlinge verhouding, verweefdheid en hulle funksionele kruising en aanvulling bloot te lê en die onderskeiding aan relevante taalmateriaal te toets. Aspek is primêr, tempus is 'n konsekwensie, 'n uitvloeisel daarvan, daarom funksioneel 'n sekondêre verskynsel. By elke vorm van die funksielingemaat en in elke gegewe funksiesituasie moet elkeen in

sy eie lingale funksie onderskei en verantwoord word. Daardeur alleen is dit moontlik om meer helderheid te verkry oor wat werklik tydsonderskeiding en tydslingering in die funksielingemaat is om die bestaande verwarring en wanbegrip oor tempus uit die weg te ruim. Die taalwetenskap, die linguistiek en die taalonderwys sal daarby baat.

2.3. *Aspekte wesentlik tydmatig geleed.* Waar die aspekte, soos ons hulle onderskei en gekarakteriseer het, die lingering van die geïsoleerde momentgebonde geledinge van dieselfde funksiegebeure of -verrigting in die tydruimtelike gestrektheid van die verloop of afwikkeling van die funksie t.a.v. aanloop tot, aanvang van, die verloopsproses van gebeure, die afloop, beëindiging, voleindiging en die moontlikheid van gebeure is, is die aspekte wesentlik ook tydmatig geleed. So het ons die aspekte dan ook onvermydelik tydruimtelik gelokaliseer in drie verloopmomente (vgl. par. 1.5.), naamlik: die huidige, reële gebeure; die verbygegane, nie meer gebeurende of reeds gebeurde; die moontlike, potensiewe gebeure in die aanskuiwende tydruimtelikheid. Implisiet is daar dan ook tydgebondenheid van die funksie in die aspekte geleë, maar aspek is wesensaardlik nie tempus nie, en spesifiek aspektiese middele en aspekties-funksionele struktuurvorme kan nie terselfdertyd ook temporale middele en temporaal-funksionele struktuurmiddele wees nie. So is en word die taal nie gestruktureer om met dieselfde middele funksioneel sowel aspek as tempus te lingeer nie — vergelyk maar Latyn. By gebrek aan spesifieke fonemiese of morfemiese, funksionele tempuslingerende struktuurmiddele kan daar alleen temporale onderskeidinge gemaak word wanneer daar spesifieke, tempusfunksionele morfematiese of sintagmatiese middele geskep of ander lingale elemente vir die temporale funksie aangewend word. In Indo-Europees en Oergermaans-Germaans het nie sulke fonemiese of morfemiese tydsmiddele bestaan nie, omdat tempora, soos reeds herhaaldelik aangedui en beklemtoon, nie as sodanig onderskei en in en deur die funksielingemaat gelingeer is nie. Dit is inderdaad nog die geval in Nederlands en Afrikaans.

2.4. *Tempus en tempuslingering.* Wat moet ons dan lingaal en lingologies onder *tempus/tyd* verstaan? Die tyd self is 'n saakverskynsel wat saaksoortlik beleef en as saak gelogoseer word. As saak is dit kosmies ruimtelik begrens — dit het 'n begin, 'n aanvang gehad, dit sal 'n einde hê; en tussen begin en onbepaalbare einde lê die onbepaalbare duurgestrektheid. Die taalmakende mens beleef die tyd vanuit sy onmiddellike bestaans- en belewingsmoment as 'n

sake of saakverskynsels word die tyd as 't ware segmenties, d.w.s. gestrek-ruimtelik, verdeel en gemeet of in die periodes of momente van kortere of langere duur beleef, afgebaken, georden en as sodanig gelingeer, hetsy volgens natuurmatige hetsy volgens kunsmatige onderskeiding, bv. *hede, teenwoordige, onmiddellike, huidige; verlede, vergange, verbygegane, gepasseerde; toekoms, aanstaande, aankomende, volgende; dag, nag, week, maand, jaar, eeu, sekonde, minuut, uur, etmaal; moment, oomblik, tydperk, periode, leeftyd; nou, onlangs, lankgelede; vandag, gister, môre, oormôre, naasoormôre, eergister, naaseergister*, ens., ens. Op die wyse oriënteer en lokaliseer die taalmaker homself as 't ware tydmatiglik in die tydruimtelike gestrektheid van sy bestaan, en daarmee lokaliseer hy ook ander sake, verskynsels en gebeurtenisse en word ook alle funksies in die tydsbepaaldheid en -begrenstheid verrig en gelokaliseer. Dit volg dan onvermydelik dat waar tale nie oor middele beskik om in en deur die funksielingemaat self die besondere tydsbepaaldheid en tydsgelokaliseerdheid te lingeer nie, van tydslingemate gebruik gemaak moet word om die betrokke funksies, reeds in hulle aspektiese gerigtheid en bepaaldheid, tydmatiglik te lokaliseer en te presiseer.

2.5. *Tempuslingering in Latyn.* Van die dogtertale wat uit die moedertaal Indo-Europees ontwikkel het, dra Latyn die onderskeiding dat dit die enigste taal is wat spesifieke middele geïnnoveer het om in en deur die funksielingemaat ook tempus te lingeer naas en onderskei van aspek. Die aspekte is onderskei en georden in verskeie verloopmomente, bv. die kontinuïtiewe aspek: *labor-a-t* (Ndl. Hij werkt/is aan 't werken; Eng. He works/is working; Afr. Hy werk/is aan die werk/is besig om te werk), wat die funksieverloop in die onmiddellik beleefde, plaasvindende funksiestadium lingeer — daar is, let wel, dus geen aspekties-funksionele morfeem nodig nie en ook geen temporaal-funksionele nie -; *labor-a-b-a-t* (Ndl. Hij werkte/was aan 't werken; Eng. He worked/was working; *Afr.* Hy het gewerk/was aan die werk/was besig om te werk), wat die kontinuïtiewe, nog voortgaande, onafgelope gebeure in die verbygegane funksiestadium, dus aspekties imperfektief, lingeer deur die spesifiek-aspektiese morfeem *-b-; labor-a-b-i-t* (Ndl. Hij zal werken/zal aan 't werken zijn; Eng. He will work/will be working; Afr. Hy sal werk/sal aan die werk wees/sal besig wees om te werk), wat ewe-eens die kontinuïtiewe funksieverloop aspekties onafgeloop, imperfektief lingeer en ook deur middel van dieselfde imperfek-

tiewe morfeem *-b-*; *labor-a-v-i-t* (Ndl. Hij heeft gewerkt/is aan 't werken geweest; Eng. He has worked/has been working; Afr. Hy het gewerk/is aan die werk gewees/is besig gewees om te werk), waar die fonemiese variant *-v-* morfemies die afgelope, d.i. perfektiewe aspek lingeer; *labor-a-v-er-a-t* (Ndl. Hij had gewerkt/was aan 't werken geweest; Eng. He had worked/had been working; Afr. Hy het gewerk (gehad)/was aan die werk gewees/het klaar gewerk), waar die morfeem *-v-* weer die perfektiewe aspek lingeer wat verder deur die morfeem *-er-* voltooid-afgeloop, d.i. aspekties okklusief (pluperfektief) gerig word; *labor-a-v-er-i-t* (Ndl. Hij zal gewerkt hebben/zal aan 't werken geweest zijn; Eng. He will have worked/will have been working; Afr. Hy sal gewerk het/sal aan die werk gewees het/sal besig gewees het om te werk), waar die morfeme *-v-* en *-er-* respektiewelik dieselfde perfektiewe en okklusiewe funksies het. Daar bly dus die morfeem *-a-* in die imperfektief *labor-a-b-a-t* en in die okklusief *labor-a-v-er-a-t,* en die *-i-* in die perfektief *labor-a-v-i-t,* in die potensief *labor-a-b-i-t* en in die potensief-okklusief *labor-a-v-er-i-t* oor, waarvan die funksie verklaar moet word. Uit die funksioneelmorfologiese ontleding is dit onmiskenbaar duidelik dat die *-a*-morfeem in *labor-a-b-a-t* die imperfektiewe funksie van die bilabiale morfeem *-b-* tydmatig of temporaal rig tot die verbygegane, die verledene, d.i. die *praeteritale,* en dat funksioneel dieselfde *-a-* morfeem in *labor-a-v-er-a-t* die okklusiewe morfeem *-er-* ewe-eens temporaal rig tot die verbygegane, die verledene, die *praeteritale.* Dit het geen ander funksie nie. Net so is dit onmiskenbaar duidelik dat die morfeem *-i-* in *labor-a-b-i-t* ablautend-funksioneel die imperfektiewe funksie van die bilabiale morfeem *-b-* temporaal rig tot die aankomende, die aanskuiwende of die voorliggende, die toekomstige, d.i. die *futurale,* en daardeur aspekties tot die potensiewe, en dat funksioneel dieselfde *-i*-morfeem in *labor-a-v-er-i-t* die okklusiewe morfeem *-er-* ewe-eens temporaal rig tot die aanskuiwende, nog verder geleë toekomstige, futurale en daardeur ook aspekties presiseer tot die potensief-okklusiewe. Dit moet aanvaar word dat die morfeem *-i-* in *labor-a-v-i-t* (wat sy herkoms ook al mag wees) die aspekties perfektiewe frikatiewe morfeem *-v-* temporaal praesenties rig, ablautend teenoor die praeteritale *-a-*. Dit het dus feitlik meer 'n distinktiewe as wel 'n suiwer temporale funksie. Dit is dus duidelik dat, basies uitgaande van die onmiddellik, oombliklik beleefde funksiegebeure, die momentane of die kontinuïtiewe, die tydruimtelik onbepaaldgestrekte, onbegrens durende, daar wesentlik slegs twee morfemiesgelingeerde, tydmatig-begrenste tempora onderskei word, naamlik die *praeteritale* en die *futurale,* respektiewelik die verbygegane, die gepasseerde, die na-praesentiese, die verlede en die nog-sal-wesende,

morfeme *-a-* en *-i-*, die aspekties kontinuïtiewe *labor-a-t* deur geen aspekmorfeem en geen tempusmorfeem gerig word nie. Die verklaring lê daarin, soos ons reeds opgemerk het, dat weens die onmiddellike, gebeurende gebondenheid van die funksie dit nie alleen nie nodig is nie, maar dat dit vir die taalskepper ook onmoontlik is. Dus sowel die aspekties-kontinuïtiewe as die temporaal-praesentiese lê funksioneel implisiet in die logaliteit van die funksie: wat gebeur, wat as funksie van 'n saak gelingeer word, beleef die taalmaker as realiteit in momentane of onbepaald-kontinue proses van gebeure, en wat hy so onmiddellik beleef, geskied in die onmiddellike, huidige tydsmoment, die praesentiese.

2.6. *Tempusonderskeiding morfematies of sintagmaties gelingeer.*

Hieruit volg dat daar slegs drie onbepaald-gestrekte, onbepaald-durende tydsgeledinge of tempora wat in en deur die funksielingemaat gelingeer word, onderskeibaar is en onderskei word, naamlik die *praesens/teenwoordige tyd*, die *praeteritum/verlede tyd* en die *futurum/toekomende tyd*. In die tale wat oorspronklik geen tempusonderskeiding en dus geen spesifieke funksioneel-temporale morfemiese middele gehad het en steeds nie het nie, soos die Germaanse tale, kan tempusonderskeiding alleen by wyse van interpretasie of konklusie herlei word uit die onderskeie aspekte van die funksielingemaat in soverre as wat daar korrelate is, want, soos deur Latyn morfologies bewys word, is aspek en tempus twee lingaal-funksioneel verskillende verskynsels — daarom hoef hulle nie altyd te korreleer nie. En waar die tale as gevolg van demorfemering morfematiese en sintagmatiese middele aangewend het om die aspekte te lingeer, bv. Ndl. *hebben, zijn/wezen, zullen, willen, kunnen, moeten,* ens.; Eng. *have, (to) be, shall, will, can, must,* etc.; Afr. *het, is, sal, wil, kan, moet,* ens., met hulle aspektiese vorme, is ook hier die tempora konklusief af te lei uit die aspekte. Indien die spesifieke tydsgebondenheid van die funksie lingaal nader gelokaliseer, gepresiseer of georden moet word, word dit gedoen deur funksionele morfematiese of sintagmatiese tydslingemate of tydsintagmate wat op die funksie betrokke is, by wyse van spesifiek temporale bepalinge — en, dis opmerklik, hulle korrespondeer of korreleer altyd met òf die praesentiese òf die praeteritale òf die futurale tempus, bv. praesenties: *nou, op die oomblik/moment, vandag, vanjaar, hierdie week, in die hede, op/vir die huidige,* ens.; praeteritaal: *gister, eergister, naas-eergister, die vorige/verlede week/maand/jaar, lank gelede, kort*

*gelede, 'n tyd(jie) gelede, lankal, lanklaas, laaslede, in dae her, in vervloë tye, onlangs, pas, so pas, passeerde jaar/maand/week, toe,* ens.; futuraal: *netnou, straks, strakkies, binnekort, aanstons (aans), môre, oormôre, naasoormôre, binne 'n uur/dag/week/jaar, eerskomende Woensdag, aankomende (aankomste)/aanstaande/volgende week/maand/jaar,* ens.

2.7. *Samevatting.* Om die samehang en verstrengeldheid van die aspekte en tempora duidelik te stel wil ek dit, deur samevatting van die voorgaande, grafies soos volg in beeld bring:

A. ASPEKTE: tydruimtelike verloopstadia van die funksie →

| VERBYGEGANE VERLOOPSTADIA ← | HUIDIGE, REËLE VERLOOPSTADIA → | AANSKUIWEND-MOONTLIKE VERLOOPSTADIA |
|---|---|---|
| (b) | (a) | (c) |
| Imperfektief ← | Kontinuïtief → | Potensief |
| *labor-a-b-a-t* ← | *labor-a-t* → | *labor-a-b-i-t* |
| N. Hij werkte/was a.h. werken/was werkende | N. Hij werkt/is aan 't werken/is werkende | N. Hij zal werken/zal aan 't werken zijn/ zal werkende zijn |
| E. He worked/was working | E. He works/is working | E. He will work/will be working |
| A. Hy het gewerk/was a.d. werk/was besig om te werk/was werkende | A. Hy werk/is aan die werk/is besig om te werk/is werkende | A. Hy sal werk/sal aan die werk wees/sal besig wees om te werk/sal werkende wees |

| (e) | (d) | (f) |
|---|---|---|
| Okklusief ← | Perfektief → | Potensief-okklusief |
| *labor-a-v-er-a-t* ← | *labor-a-v-i-t* → | *labor-a-v-er-i-t* |
| N. Hij had gewerkt (gehad)/was werkende geweest/was aan 't werken geweest | N. Hij heeft gewerkt/is a.h. werken geweest/ is werkende geweest | N. Hij zal gewerkt hebben/zal aan 't werken geweest zijn/zal werkende geweest zijn |
| E. He had worked/had been working | E. He has worked/has been working | E. He will have worked /will have been working |
| A. Hy het gewerk (gehad)/het klaar gewerk/was aan die werk gewees/was besig gewees om te werk | A. Hy het gewerk/is a. d. werk gewees/is werkende gewees/is besig gewees om te werk | A. Hy sal (klaar) gewerk het/sal aan die werk/besig gewees het om te werk/sal werkende gewees het |

| (b) | (a) | (c) |
|---|---|---|
| Hy het gewerk/was a.d. werk/was besig om te werk | Hy werk/is aan die werk, ens. | Hy sal werk/sal a.d. werk wees/sal besig wees om te werk |
| aspekt.: imperfektief<br>temp.: praeteritaal | aspekt.: kontinuïtief<br>temp.: praesenties | aspekt.: potensief<br>temp.: futuraal |
| **(e)** | **(d)** | **(f)** |
| Hy het gewerk (gehad)/ klaar gewerk/was aan die werk/werkende gewees | Hy het gewerk/is a.d. werk/werkende gewees/ is besig gewees om te werk | Hy sal gewerk het/sal a.d. werk gewees het/ besig gewees het om te werk/werkende gewees het |
| aspekt.: okklusief<br>temp.: praeteritaal | aspekt.: perfektief<br>temp.: praesenties | aspekt.: potensief-okklusief<br>temp.: futuraal |

C. TEMPORALE BEPALINGE

| | | |
|---|---|---|
| (b) *Hy het*... gister, 'n tyd gelede, verlede jaar, lanklaas, onlangs, so pas, toe aan 'n roman *gewerk*<br>aspekt.: imperfektief (nog nie klaar nie)<br>temp.: praeteritaal | (a) *Hy werk* nou, vanjaar, hierdie week, op die oomblik aan 'n roman<br>aspekt.: kontinuïtief<br>temp.: praesenties | (c) *Hy sal* môre, volgende week, aanstons, netnou, ens. aan sy roman *(begin) werk*<br>aspekt.: potensief (inchoatief-potensief)<br>temp.: futuraal |
| (e) *Hy het* gister, voorverlede jaar, onlangs, ens. hard aan hierdie roman *gewerk* (dus klaar)<br>aspekt.: okklusief<br>temp.: praeteritaal | (d) *Hy het* vandag, vanjaar, hierdie week aan sy roman gewerk<br>aspekt.: perfektief<br>temp.: praesenties | (f) *Hy sal* straks, eerskomende Woensdag, aanstaande jaar, ens. aan sy roman *gewerk het*<br>aspekt.: potensief-okklusief<br>temp.: futuraal |

2.8. *Toepassing.* Hierdie tydsbepalinge wat in hulle betrokkenheid op die funksie/funksielingemaat die funksie temporaal rig en lokaliseer, tydmatiglik afbaken, begrens, presiseer en orden, is dus temporale omstandigheidsbepalinge, morfematies of sintagmaties. Maar die tydsbepalinge rig en lokaliseer nie slegs die funksie temporaal nie, hulle kan, weens hulle betrokkenheid daarop, die funksie ook aktionsartig rig of wysig. So, byvoorbeeld, is *gaan* normaliter aktionsartig kinetief: *Hulle gaan strand toe.* Maar in: *Hulle gaan elke jaar/dikwels strand toe,* rig die tydsbepalinge *elke jaar/dikwels* die kinetief, wat implisiet logaal ook duratief is, aktionsartig tot 'n *iteratief: by jaarlikse of dikwelse herhaling gaan hulle strand toe.*

As ons *gaan* in hierdie situasie lingologies en funksioneel omskryf, dan het ons die volgende:

*gaan:*

aktionsartig: iteratief, deur *elke jaar/diwels* daartoe gerig;
aspekties: kontinuïtief, geprojekteer in die reële „gaan-moment" van elke jaar/dikwels;
temporaal: praesenties: die jaar of die keer dat „hulle gaan", „gaan" hulle.

So kan *gaan* in die aktio'.sartig iteratiewe situasie aspekties en temporaal ook anders gerig word, bv.:

(1) *Hulle kan/wil/moet elke jaar/dikwels strand toe gaan: wil/kan/moet gaan:*
aspekties: ingressief;
temporaal: praesenties.

(2) *Hulle het elke jaar/dikwels gegaan:*
*het gegaan:*
aspekties: okklusief, begrens deur die verbye *elke jaar/dikwels;* gestruktureer deur *het ge-;*
temporaal: praeteritaal: wat okklusief is, is ook praeteritaal, herlei uit die aspek.

(3) *Hulle sal elke jaar/dikwels . . . gaan:*
*sal gaan:*
aspekties: potensief, gerig deur die potensiewe morfemaat *sal;*
temporaal: futuraal, konklusief herlei uit die aspek: wat potensief is, is ook futuraal (daar is geen eksplisiet-temporale middel nie).

(4) *Hulle sal elke jaar/dikwels . . . gegaan het:*
*sal gegaan het:*
aspekties: potensief-okklusief, gestruktureer deur die morfemate *sal* (potensief) en *het* en die premorfeem *ge-* (okklusief);
temporaal: futuraal, konklusief herlei uit die aspek: wat potensief is, is ook futuraal (daar is geen eksplisiet-temporale middel nie).

(5) *Toe/daarna het hulle elke jaar/dikwels . . . gegaan:*
*het gegaan:*
aspekties: okklusief, gerig en begrens deur *toe/daarna;* gestruktureer deur die morfemaat *het* en die premorfeem *ge-;*
temporaal: praeteritaal, herlei uit die aspek: wat okklusief is, is ook implisiet praeteritaal; ook nader bepaal en gepresiseer deur die tydsmorfemate *toe/daarna.*

(vandaar die aspekties-kontinuïtiewe vorm *gaan)* en die tempus futuraal, morfematies gerig deur die temporaal-futurale bepaling *môre* deur en in die betrokkenheid daarvan op *gaan*. Dieselfde lingologiese en funksionele prinsipes van verklaring is ook toepaslik op funksiesituasies soos in:

A.

(1) *Gister werk ons op die lande, toe die haelstorm ons oorval:*
*werk:*
aktionsartig: duratief-absolutief;
aspekties: kontinuïtief, funksioneel „retrosiperend” geprojekteer tot die reële gebeuremoment van „gister se werk” (vandaar die aspekties-kontinuïtiewe vorm *werk* i.p.v. die imperfektiewe of okklusiewe *het gewerk);*
temporaal: praeteritaal, gerig en bepaal deur die temporaal-praeteritale morfemaat *gister,* deur en in die betrokkenheid daarvan op *werk.*
*oorval:*
aktionsartig: relasief-determinatief, funktumaal gerig op *ons;*
aspekties: kontinuïtief, retrosiperend geprojekteer tot die reële gebeuremoment van „toe (gister) se oorval” (vandaar die aspekties-kontinuïtiewe vorm *oorval* i.p.v. *het oorval,* die imperfektiewe/okklusiewe);
temporaal: praeteritaal, gerig en bepaal deur die temporaal-praeteritale morfemaat *toe (gister),* kragtens die betrokkenheid daarvan op *oorval.*

(2) *Gister het ons op die lande gewerk, toe die storm ons oorval.*
*het gewerk:*
aspekties: imperfektief (=ons was nog aan die werk), begrens en gelokaliseer deur die tydsmorfemaat *gister* en aspekties-imperfektief gestruktureer deur *het ge-;*
temporaal: praeteritaal, gerig en bepaal deur die temporaal-praeteritale tydsmorfemaat *gister.*
*oorval:*
aspekties: kontinuïtief, soos in situasie (1);
temporaal: praeteritaal, soos in situasie (1).

(3) *Gister het ons . . . gewerk; toe die storm ons oorval het.*
*het gewerk:*
aspekties en temporaal soos in (2);

*oorval het:*

aspekties: okklusief, begrens en gelokaliseer deur die tydsmorfemaat *toe* (gister) as 'n verloopsmoment volgend op *het gewerk;*

temporaal: praeteritaal, gerig en bepaal deur die tydsmorfemaat *toe.*

B.

(1) *Nadat die Bestuurder hulle toegespreek het, gaan hulle werk* (vgl. Ndl.: heeft toegesproken . . . gaan zij werken).
Eng.: has addressed them . . . they go to work).

*toegespreek het:*

aktionsartig: relasief-determinatief, funktumaal gerig op *hulle;*

aspekties: perfektief, gerig en begrens deur die tydsmorfemaat *nadat* as afgelope gebeure in situasieverband met die aspekties-kontinuïtiewe *gaan werk,* gestruktureer met *het -ge-;*

temporaal: praesenties (in die huidige afgeloop).

*gaan werk:*

aspekties: kontinuïtief;

temporaal: praesenties.

(2) *Nadat hy hulle toegespreek het, het hulle gaan werk.*

*toegespreek het:*

aspekties: okklusief, gerig en begrens deur die taydsmorfemaat *nadat* en in situasieverband met *het gaan werk;* aspekties gestruktureer met *het -ge-;*

temporaal: praeteritaal, wat okklusief is, is implisiet praeteritaal, ook gerig en bepaal deur die temporaal-praeteritale morfemaat *nadat.*

*het gaan werk:*

aspekties: imperfektief: die kontinuïtiewe van (1) in verbygeskuifde verloopstadium;

temporaal: praeteritaal, wat imperfektief afgeloop het, is implisiet praeteritaal.

2.9. *Tempuslingering in Afrikaans.* Lingologies gesien is die toestand in Afrikaans dus dit: Afrikaans beskik oor geen spesifieke tempusstelsel van tempusmorfeme nie, wel oor 'n baie markante aspekstelsel wat lingematies, morfematies en morfemies gelingeer word. Wat deur die tradisionele grammatika as tye, tempora, onderskei word, is wesentlik aspekte. Die terme *voltooid, onvoltooid, imperfek-*

veel meer aspekte te onderskei as wat korreleer met die drie tempusonderskeidinge van *praesens, praeteritum* en *futurum* of *teenwoordige, verlede* en *toekomende* tyd. Daar bestaan sekondêre, reliktiese vorme van die potensiewe en die eksistief wat skynbaar tempusvorme is, bv. *kon, wou, sou, moes, mog, was,* en *dag/dog,* maar wesentlik is hulle aspektiese vorme wat by implikasie ook temporale funksie het en wat ook weens hulle aspektiese wesensaard as modale funksiemorfemate aangewend word, soos ek by die behandeling van *modaliteit* sal aantoon.

Omdat die funksie wat 'n saak in sy tydruimtelike bestaansgebondenheid verrig, in bepaalde begrenste, onderskeibare en isoleerbare verloopstadia beleef, geïnterpreteer en gelingeer word as aspektiese verloopstadia, volg daaruit dat die verloopstadia ook tydmatiglik, d.i. temporaal, lokaliseerbaar is in samehang met die aspektiese verloopstadia. Daar is dus 'n wesentlike korrelasie tussen aspek en tempus — maar die onderskeidinge dek nie noodwendig mekaar nie en hoef dit ook nie noodwendig te doen nie. Om spesifiek temporale onderskeidinge te maak, maak Afrikaans gebruik van spesifieke tydsbepalinge om die aspekte van die funksie/funksielingemaat temporaal te begrens, te lokaliseer, te presiseer. Dit het ek hierbo verduidelik. Daarsonder is die tye, die tempora, alleen by implikasie af te lei uit die aspekte in sover hulle korreleer.

HOOFSTUK VI

# MODALITEIT EN DIE SOGENAAMDE VORM: AKTIEF EN PASSIEF

## 1. MODALITEITSGEBONDENHEID EN -GERIGTHEID VAN DIE FUNKSIELINGEMAAT

1.1. *Situasiegebondenheid van die funktorale saak.* Omdat *modaliteit* en die sogenaamde *vorm* wesentlik 'n sintaktiese verskynsel is en nie net op die funksie/funksielingemaat betrokke is nie, verkies ek om hulle in 'n afsonderlike hoofstuk te behandel. Dit is reeds vroeër gestel dat die taalskeppende mens in sy ingeskakeldheid in sy persoonlike bestaans- en lewenskring sake, elk na sy wese en aard, ooreenkomstig sy persoonlike geestesvermoëns, d.i. sy emosionerende, rasionerende en volisionerende vermoëns en insig, beleef en interpreteer en dat hy sy belewenisse en interpretasie integreer, logoseer en lingeer in saaklingemate. Die saak is dus vir hom dit en wat en soos hy dit persoonlik beleef, interpreteer, logoseer en lingeer in die saaklingemaat. Die besondere logaliteit van die saaklingemaat is die maaksel soos die taalmaker dit gelogoseer het.

Die sake, so is verder aangetoon, is een en almal funksiebepaald, -gebonde en -beheers. Hieruit volg dat elke saak indiwidueel en dat sake gesamentlik of in meertalligheid bestaan en funksies verrig in wat ek, saamvattend, wil tipeer en karakteriseer as die situasiegebondenheid van die saak. Alle sake is kosmies ingeskakel, ingebed, georden in hierdie situasiegebondenheid en verrig dus hulle funksies in die bestaansituasie en kragtens die gebondenheid van die situasie. Elke funksie wat deur wie of wat ook al verrig word, is situasiebepaald, -gerig en -gebonde kragtens die situasiegebondenheid van die funktorale saak. Die taalmaker beleef, interpreteer en logoseer die fungerende saak in daardie situasiegebondenheid en -bepaaldheid en lingeer dit korrelerend met die besondere situasie.

1.2. *Die aard en bepaaldheid van die situasie*

1.2.1. Die situasie waarin die saak gebonde is en waarin en waardeur sy funksie bepaal en gerig word, is nie 'n konstante of

wesensaardlikheid en die soortlikheid van die funktorale saak, enkeltallig of meertallig, bepaal en dienooreenkomstig sy besondere funksie bepaal, beheers en gerig, byvoorbeeld of dit 'n *kind/kinders, 'n perd, 'n leeu* of *'n vliegtuig*, ens., is: *Die kind huil/loop/kruip; Die perd runnik/draf; Die leeu brul/stap/loop/sluip; Die vliegtuig vlieg/styg op/stort neer.* Hierby aansluitend kom die faktor of die funktorale saak sy funksie verrig in 'n situasiebetrokkenheid op 'n funktumale saak wat, soos vroeër verduidelik, die besondere funksie medebepaal, bv. *Die kind drink sy melk/eet sy pap/roep sy ma; Die perd vreet gras/trek die kar/skop die staljong; Die leeu jaag/vang/vreet die bok; Die vliegtuig klief die lug/deurbars die klankgrens.* Die taalmaker beleef, interpreteer en logoseer dus elke saak in sy bestaansituasie as 'n werklikheid, 'n realiteit en sy betrokke funksie in sy aktionsartigheid as 'n werklikheids- of realiteitsgebeure en lingeer elkeen dienooreenkomstig as saaklingemaat en die daarop betrokke funksielingemaat. So beheersend is hierdie realiteitsfaktor in die bestaansituasie van die saak dat dit nie alleen die besonderheid en die aktionsartigheid van die funksie bepaal en beheers nie maar ook die getalsmatigheid, die persoonsgebondenheid en die aspek daarvan; in die voorbeelde hierbo die momenteel gebeurende, die kontinuïtiewe.

1.2.2. Hierdie laasgenoemde betrek die tydruimtelike gebondenheid van die saak in die bestaansituasie en hierdie situasiegebondenheid word in die onderskeie aspekte van die funksie gelingeer, bv. die ingressiewe aspek: *Die kind wil huil/gaan huil;* die inchoatiewe aspek: *Die kind begin huil;* die imperfektief/perfektiewe aspek: *Die kind het gehuil toe ons daar kom/terwyl ons geëet het;* die okklusiewe aspek: *Die kind het gehuil en toe stilgebly;* die potensiewe aspek: *Die kind sal huil;* die potensief-okklusiewe aspek: *Die kind sal gehuil het,* soos reeds verduidelik. Die aspekte is dus situeel realiteitsbelewenisse wat as sodanig gelogoseer en gelingeer word. In al die gevalle is dit ook realiteitslingeringe.

1.2.3. In die in 1.2.1. gegewe voorbeelde is die situasiebetrokkenheid in die eenvoudigste, elementêre vorm gelingeer: *Die kind huil/drink sy melk; Die leeu brul/vreet die bok,* ens. Maar elke saak is ook situasiegebonde deur faktore soos sy hoedanighede, kenmerke of toestandelike bestaansfaktore, wesentlike of okkasionele, en die

faktore word ewe-eens as realiteitshoedanighede, realiteitskenmerke of toestandsbepalinge beleef, geïnterpreteer, gelogoseer en gelingeer in hul betrokkenhede op die saak, bv.

(1) *Die stout/siek kind huil,*
(2) *Die honger/jong leeu jaag/vang die vlugvoetige bok,*
(3) *Die honger leeu vreet gulsig die dooie bok.*

Hier het die taalmaker meer komplekse bestaans- of realiteitsituasies te beleef, te interpreteer en te logoseer. In (1), (2) en (3) word situasiebepalende faktore wat nie implisiet in respektiewelik die saaklingemate *kind, leeu, bok* gelogoseer en gelingeer is nie, nou beleef, gelogoseer en gelingeer as toestands-, hoedanigheids- of kenmerkrealiteite wat wel wesentlik organies een is met die saakrealiteit, maar wat op die wyse van die taal eksplisiet gelingeer word, respektiewelik *stout/siek; honger/jong; vlugvoetige/dooie.* Hierdie situasiebepalende realiteitsfaktore is almal betrokke op die saakrealiteit, sodat hier nou ander realiteite beleef word as in die eerste situasies. Immers: *Die kind* is logaal en lingaal 'n ander belewingsrealiteit as *Die stout kind* of *Die siek kind; Die leeu* 'n ander realiteit as *Die honger leeu* of *Die jong leeu* en *Die bok* 'n ander realiteit as *Die vlugvoetige bok* of *Die dooie bok.* Hieruit volg dat situeel ook die funksie in die gebondenheid van die logaal veranderde realiteitsituasie 'n ooreenstemmende logaliteit en gerigtheid het: *Die stout kind huil/Die siek kind huil* logeer elk wesentlik iets anders as *Die kind huil* (soms selfs hoorbaar verskillend) kragtens die verskil in situasiegebondenheid. Die gevolg van die situasieverskil is nog duideliker verwesenlik en gelingeer in *Die honger leeu vreet die dooie bok* teenoor *Die honger leeu jaag/vang die vlugvoetige bok,* want — bewysvoerend — 'n situasie soos: *Die honger leeu jaag/vang die dooie bok* of *Die honger leeu vreet die vlugtende bok* is situeel onbestaanbaar en onmoontlik en dus ook logaal onbestaanbaar. Hieruit blyk hoe 'n enkele, en daarby 'n okkasionele, realiteitsfaktor die situasie wysig, bepaal en rig. 'n Belangrike situasiebepalende faktor is gelingeer in: *Die honger leeu vreet gulsig die dooie bok,* naamlik die realiteitsfaktor *gulsig* wat in die situasie logaal en funksioneel betrokke is op die funksie *vreet,* maar tog situeel voortspruit uit en daarom betrokke is op die funktor *honger leeu,* want 'n *versadigde leeu* sal en kan nie *gulsig* vreet nie. Slegs 'n *honger leeu* is realiter 'n *gulsige leeu.*

1.2.4. In verband met die realiteitsituasie: *Die stout kind huil/Die siek kind huil* en *Die honger leeu vreet die dooie bok,* bestaan die moontlikheid dat die taalmaker by implikasie die situasies so

saak waarom en hoe die leeu vreet. Indien wel, kan hy, desverkiesend en willend, sy interpretasie duidelikheidshalwe meer eksplisiet logoseer en lingeer in die korrelerende lingaal-funksionele vorm: *Die kind huil verdrietig omdat hy siek is/Die kind huil moedswillig omdat hy stout is* of: *Die kind huil verdrietig want hy is siek/Die kind huil moedswillig want hy is stout; Die leeu vreet die dooie bok gulsig omdat hy honger het/is* of ... *want hy het/is honger.* Hier het ons dus t.o.v. die realiteitsake *kind, leeu, bok* en die realiteitstoestande *siek/stout, honger, dooie* en die hoe-bepalende omstandigheidsrealiteite: *verdrietig/moedswillig, gulsig* dieselfde situasiefaktore, maar anders beleef en anders geïnterpreteer, gelogoseer en korrelerend gelingeer. Die situasiegebondenheid en -bepaaldheid is dus anders beleef en dienooreenkomstig anders gelingeer. In plaas van 'n direkte, betreklik eenvoudige realiteitsbelewing, -interpretasie, -logosering en -lingering in 'n korrelerende vorm het ons 'n meer gekompliseerde maar duideliker, ekspliserende belewing, interpretasie, logosering en lingering in die korrelerende vorm van oorsaak- en redegewende stelling, betrokke op die beheersende, primêre realiteitsfunksies *huil, vreet* in die bestaans- en fungeringsituasies. Die primêre realiteitsfunksie wat die primêre funktorale realiteitsaak verrig, word dus in die geheelsituasie, soos deur die taalmaker beleef, geïnterpreteer, gelogoseer en gelingeer, deur 'n redegewende of oorsaakverklarende situasie ekspliserend bepaal en gerig in die betrokkenheid daarvan op die primêre funktorale saak, m.a.w. in die sekondêre realiteitslingering word die rede of oorsaak wat eksplikatief betrokke is op die primêre funksie, in korrelerende vorm gelingeer met die spesifieke redegewende of oorsaakverklarende middel of middele — die situasiebepalende lingemate *omdat* en *want: Die kind huil verdrietig/moedswillig omdat hy siek/stout is* of: ... *want hy is siek/stout; Die leeu vreet die dooie bok gulsig omdat hy honger het/is* of: ... *want hy het/is honger.* In hierdie voorbeelde word dus 'n tweeledige belewingsituasie gelingeer, t.w. 'n primêre: *Die kind huil, Die leeu vreet,* en 'n sekondêre: *hy is siek/stout; hy is/het honger* wat redegewend of oorsaakverklarend gerig word op die primêre, daarop betrokke en daarvan afhanklik is. Albei, die primêre en die sekondêre, word beleef, geïnterpreteer en gelogoseer as realiteit-, werklikheidsituasies en korrelerend gelingeer.

Wat hierbo verklaar is omtrent *gulsig as* situasiebepalende faktor t.o.v. die logale en funksionele betrokkenheid daarvan op die

funksie, en van die situele betrokkenheid op die funktorale saak, geld ook hier, *mutatis mutandis,* van *verdrietig* en *moedswillig.*

1.2.5. Die elementêre realiteitsituasie *Die kind huil,* byvoorbeeld, kan ook in ander situasies beleef, geïnterpreteer en gelogoseer word. Geneem die realiteitsituasie *Die kind huil* word gewysig, bepaal en gerig deur 'n bykomende, op die funksie betrokke situasiefaktor *gewoonlik,* dan sal die gewysigde realiteitsituasie korrelerend gelingeer word: *Die kind huil gewoonlik.* Maar hierdie belewingsituasie is sonder meer logaal onvolledig, omdat die situasiebepalende faktor *gewoonlik* 'n logaliteit lingeer wat gegrond is in 'n reeks vroeër beleefde realiteitsituasies en alleen evalueerbaar en begrypbaar is as dit logaal gerig word deur 'n soortgelyke belewingsituasie waardeur die logaliteit gekondisioneer, bepaal en gerig word of waaruit dit verklaar en verantwoord kan word, t.w. 'n kondisionerende belewingsituasie. Daarvoor moet dan ook 'n situasiebepalende lingemaat geskep word wat die deur *gewoonlik* logaal gerigte, primêre funksie *huil* sal bepaal en rig op die vereiste kondisionerende situasie, in hierdie geval *as, indien* of *wanneer: Die kind huil gewoonlik as/indien/wanneer hy moet tuisbly.* Ook dit is dus 'n tweeledige belewingsituasie. Maar hier moet op 'n uiters belangrike verskil tussen die twee geledinge, die primêre en die sekondêre, t.o.v. hulle gerigtheid op die onderskeie belewingsituasies, soos funksioneel gelingeer in die betrokke funksielingemate, gewys word. Die primêre situasie word beleef, gelogoseer en gelingeer as 'n werklikheids-, 'n realiteitsituasie, wat as feit aanvaar, beleef, geïnterpreteer en gelogoseer word, terwyl die sekondêre, die kondisionerende, deur die logaliteit van die lingemate *as/indien/wanneer* bepaalde en gerigte situasie slegs die moontlikheid van 'n okkasionele gebeure inhou — daar is niks wat dit stel dat die kind werklik tuisbly nie. Ek onderskei dit as 'n irrealiteitsituasie teenoor die realiteitsituasie.

1.2.6. Bostaande verklaar, hopelik, voldoende wat onder *situasie, situasiebepaaldheid, situasiegebondenheid* te verstaan is. Maar behalwe die situasiebepalende faktore wat ons hierbo by wyse van toeligting behandel het in sover hulle betrokke is op die funksiesituasie, is daar baie ander, soos bv. die faktore van doelgerigtheid of doelstelling, van gevolgstelling, van moontlikheid en onmoontlikheid, van waarskynlikheid en onwaarskynlikheid, van vergelyking, teenstelling, toegewing, bewysvoering, van stellende of verklarende gerigtheid, van temporale bepaaldheid, e.s.m. Uiteraard kan die belewing, die interpretasie, die logosering en lingering van die situasie-

spesifieke situasiebepalende en -rigtende lingemate soos bv. *omdat, want, as, indien, wanneer,* ens., of deur middel van situasiebepalende en -rigtende funksiemorfemate, soos *moet* in *moet tuisbly,* wat juis deur hulle aktionsartigheid die funksiesituasie bepaal en rig en dus morfematies daarvoor aangewend word.

## 2. SOORTLIKE ONDERSKEIDING VAN DIE SITUASIEGEBONDENHEID OF MODALITEITSGEBONDENHEID VAN DIE FUNKSIE/FUNKSIELINGEMAAT

2.1. *Realitief en irrealitief.* Hierdie bepaaldheid, gerigtheid en gebondenheid van die funktorale saak t.o.v. 'n realiteitsituasie of irrealiteitsituasie soos dit met of sonder situasiebepalende en -rigtende funksionele middele in die funksie gelogoseer en in die funksielingemaat of funksiesintagmaat korrelerend gelingeer word, word onderskei en gekarakteriseer as die *modaliteit* van die funksie/funksielingemaat of funksiesintagmaat. Modaliteit is dus geleë in die situele bestaans- en funksiegebondenheid van die funktorale saak in 'n realiteitsituasie of 'n irrealiteitsituasie soos die taalmaker dit beleef, interpreteer, evalueer, logoseer en korrelerend lingeer in die funksielingemaat/-sintagmaat, ongeag of dit in 'n enkelvoudige of saamgestelde, onderling op mekaar betrokke situasiegebondenheid geskied soos in die voorgaande voorbeelde verduidelik. Hiervolgens word twee modaliteite onderskei, wat ons tipeer en karakteriseer as die *realitief* en die *irrealitief.*

2.2. *Modaliteit onderskei van aktionsart, aspek en tempus.* Modaliteit moet dus onderskei word as wesentlik en funksioneel verskillend van aktionsart, van aspek en van tempus, maar omdat dit funksioneel in die funksie/funksielingemaat gelingeer word, is dit ook lingaal verweef met die gemelde verskynsels. So word die belewingsituasie t.o.v. die funktorale saak-in-funksie in al die struktuerende elemente daarvan georden, die funksionele betrokkenhede en gebondenhede soos die teenstellende, alternerende, vergelykende, toegewende, bewysvoerende, redegewende, oorsaakverklarende, e.s.m. aktionsartig, aspekties, temporaal en modaal korrelerend gelingeer en tot eenheid verweef.

2.3. *Wesensaard van die realitief.* Diachronies gaan modaliteit, net soos aktionsart en aspek, tot die hipotetiese oermoedertaal, Indo-Europees, terug. In die morfemerend-sintemerende dogtertale word

die verskillende soorte modaliteit dan ook in die funksielingemaat waar dit vereis word, deur middel van funksioneel distinktiewe morfemiese middele gelingeer, soos byvoorbeeld in Latyn en Goties — in laasgenoemde reeds baie vereenvoudig en aangevul deur aanwending van modaliteitbepalende en -rigtende funksiemorfemate. 'n Funksioneel-morfologiese ontleding van die funksielingemaatstelsel in Latyn sal die wese en funksie van die verskynsel modaliteit in die verstrengeldheid daarvan met aktionsart, aspek en tempus verhelderend blootlê. By die behandeling van aspek en tempus het ek reeds die struktuurvorme van die funksiesintagmeme in Latyn funksioneel-morfologies ontleed en die funksie van elke struktuurelement aangetoon. In hfst. V, par. 2.5. het ek daarop gewys dat die aspekties kontinuïtiewe sintagmeem *labor-a-t* deur geen spesifieke aspekmorfeem en geen spesifieke tempusmorfeem gerig word nie. Die verklaring, het ons gestel, lê daarin dat weens die onmiddellike, gebeurende gebondenheid van die funksie dit nie alleen nie nodig is nie, maar dat dit vir die taalskepper wesentlik ook onmoontlik is. Hier kan ons nou byvoeg: wat reëel gebeurend is en as realiteit beleef word, word so geïnterpreteer, gelogoseer en gelingeer. Wat dus waar is van aspek en tempus, naamlik dat sowel die aspekties kontinuïtiewe as die temporaal praesentiese funksioneel implisiet geleë is in die logaliteit van die funksie/funksielingemaat, is ook waar van die realitiewe modaliteit: wat gebeur, wat as funksie van 'n saak gelingeer word, beleef die taalmaker as realiteit in momentele of kontinue proses van gebeure, en wat hy so onmiddellik beleef, lingeer hy as realiteitsgebeure in 'n korrelerende lingale vorm. Dus ook ten opsigte van die situele realiteitsgebeure, die situele realiteitsgebondenheid van die saak-in-funksie is dit onnodig en trouens onmoontlik om die funksie morfemies of morfematies modaal realitief te rig. Die realitiewe modaliteit lê wesentlik implisiet in die logaliteit van die funksie/funksielingemaat in 'n realiteitsituasie in watter aspektiese gerigtheid of temporale bepaaldheid of begrenstheid ook al.

2.4. *Funksionele struktuurmiddele vir die irrealitief.* Hieruit volg onvermydelik dat alleen wanneer 'n belewingsituasie as modaal irrealitief beleef word, d.w.s. as moontlik, onmoontlik, waarskynlik, onwaarskynlik, voorwaardelik, gewens, in vooruitsig gestel, d.i. potensief of prospektief, betwyfelbaar, onseker bly, dan moet lingale middele geskep en aangewend word om die normaliter realitiewe funksielogaliteit te rig tot die vereiste irrealitiewe logaliteit. As byvoorbeeld die Latynse *labor-a-t/labor-a-nt,* wat implisiet aspekties kontinuïtief, temporaal praesenties en modaal realitief is, irrealitief

modaliteit te lingeer en hier wel deur middel van 'n ablautend-variërende lingeemstrukturerende morfeem *-ĕ-* in *labor-e-t/labor-e-nt.* Dit is opmerklik dat net soos die funksielingeemstrukturerende morfeem *-a-* die logaliteit van die oorspronklike saaklingemaat *labor* tot funksielingeem *labor-a-* en daardeur juis realitief funksiegerig en -bepaal struktureer, met implisiet aspektiese en temporale gerigtheid en gebondenheid, so struktureer die morfeem *-ĕ-* die logaliteit van die lingeem *labor-ĕ-* irrealitief funksiegerig en -bepaal. Die implisiet kontinuïtiewe aspek en die praesentiese tempus bly onaangetas; die *-ĕ-* is dus primêr 'n modaliteitstrukturerende en -rigtende inmorfeem vir die irrealitiewe modaliteit: *labor-a-t/labor-a-nt,* hy werk/hulle werk, teenoor: *labor-e-t/labor-e-nt,* hy mag werk/hulle mag werk.

2.5. *Funksioneel-morfologiese toeligting uit Latyn.* In albei gevallepare *labor-a-t/labor-a-nt* en *labor-e-t/labor-e-nt* onderskei ons die gemeenskaplike elemente *labor-,* die logaliteit-draende element, en *-t/-nt,* die persoons- en getalsinteme. Hierdie gemeenskaplike struktuurelemente word deur al die aspekties en temporaal onderskeie struktuurpatrone van die realitiewe modaliteit deurgedra, respektiewelik: *labor-a-v-i-t/labor-a-v-er-u-nt* (perfektief, praesenties), *labor-a-b-a-t/labor-a-b-a-nt* (imperfektief, praeteritaal), *labor-a-v-er-a-t/labor-a-v-er-a-nt* (okklusief, praeteritaal), *labor-a-b-i-t/labor-a-b-u-nt* (potensief, futuraal) en *labor-a-v-er-i-t/labor-a-v-er-i-nt* (potensief-okklusief, futuraal) — hulle het dus dieselfde lingale funksies, naamlik respektiewelik die logemiese en die sintemiese. By die funksioneel-morfologiese ontleding van hierdie verskillende aspeksvorme het ons die aspektiese en die temporale morfeme distinktief kon aanwys en isoleer, maar geeneen kon ons aanwys as funksioneel spesifiek modaliteitbepalend of -rigtend nie. Hierdie afwesigheid van 'n modaliteitsmorfeem is 'n lingale noodwendigheid wat hieruit te verklaar is dat die realiteitsbelewing, in watter aspek of tempus dit ook al beleef en gelogoseer word, ontstaans- en wesensmatig realitief is. Immers, die funksie word realiter bepaal en beheers deur die funktorale realiteitsaak soos dit fungeer in 'n realiteitsituasie wat korrelerend deur die taalmaker gelingeer word. Daar is geen eksplisiete funksionele, morfemiese of morfematiese, modaliteitsmiddel nodig nie. Die realitiewe modale gerigtheid lê wesensaardlik implisiet in die funksielogaliteit. Dit is illingologies om die *-a-*morfeem van *labor-a-* te interpreteer as die morfeem vir die reali-

tiewe modaliteit, want dit word in die imperfektiewe, die perfektiewe en die okklusiewe aspektiese vorme van die irrealitiewe modaliteit behou, respektiewelik *labor-a-r-e-t/labor-a-r-e-nt, labor-a-v-er-i-t/labor-a-v-er-i-nt, labor-a-v-is(s)-e-t/labor-a-v-is(s)-e-nt.* Nou is dit opmerklik dat die realitiewe aspekties potensief-okklusiewe vorme (behoudens die eerste persoonsinteem) ook funksioneel aangewend word om die irrealitiewe, aspekties perfektiewe situasiebepaaldheid en -gebondenheid te lingeer. Dit is hieruit te verklaar dat die potensief-okklusiewe vorm, soos aspekties perfektief deur die morfeem *-v-* gerig, potensief deur die morfeem *-er-* en temporaal-futuraal deur die morfeem *-i-*, dus reeds 'n perfektiewe funksie en reeds 'n potensiewe funksie het en daarom ook 'n irrealitiewe bepaaldheid en gerigtheid, en dus funksioneel die potensie het om in die bepaalde situasiegebondenheid vir lingering van die irrealitiewe perfektief aangewend te word. Dit is dus ook hier onnodig om spesifieke modaliteitsmorfeme te skep vir die lingering van 'n situasiegebondenheid waarvoor daar reeds funksioneel geskikte en doeltreffende middele bestaan. In die imperfektiewe en die potensief-okklusiewe aspekte is daar ewe-eens irrealitiewe modaliteitsmiddele nodig. By die imperfektiewe aspek van die irrealitiewe modaliteit word, begryplik, gebruik gemaak van die funktoraal onbepaalde en ongerigte vorm van die funksie/funksielingemaat, t.w. die sogenaamde infinitiefvorm *labor-ā-r-e* (= om te werk), waar die postmorfeem *-e* juis die onbepaalde, onbegrenste kontinuïteit rig en lingeer. Implisiet logeer *laborare* 'n ongebondenheid, dus 'n irrealiteit van gebeure. As dit nou persoonsmatig gerig en gebonde word deur middel van die persoonsinteme *-m, -s, -t; -mus, -tis* en *-nt,* dan lingeer die gesintemeerde vorme onvermydelik lingaal-wesentlik die irrealitief in 'n aspekties imperfektiewe irrealiteitsituasie, bv. *labor-a-r-e-t/labor-a-r-e-nt,* Hy/hulle mag gewerk het/Mag hy/hulle gewerk het. By die okklusiewe aspek van die irrealitiewe modaliteit word die perfektiewe infinitief *labor-a-v-is(s)-e* (om te gewerk het), wat implisiet 'n onbepaaldheid, 'n ongebondenheid van perfektiewe gebeure, dus 'n irrealiteit lingeer en ewe-eens funktoraal, d.w.s. persoonsmatig onbepaald en ongerig is, aangewend om die irrealiteitsituasie aspekties okklusief te lingeer. Indien dit nou ewe-eens persoonsmatig gerig en gebonde word deur middel van die persoonsinteme, dan lingeer die vorm kragtens die funksie van sy struktuurelemente die irrealitief in 'n aspekties okklusiewe irrealiteitsituasie, t.w. *labor-a-v-is(s)-e-t/labor-a-v-is(s)-e-nt,* Mag hy/hulle gewerk (gehad) het.

Wat die aspekties potensiewe irrealitief en die aspekties potensief-okklusiewe irrealitief betref, word hulle gestruktureer deur die ingressiewe partisipium — reeds vroeër as sodanig funksioneel ge-

*turus sit/esset; laboraturi sint/essent* en *laboraturus fuisset/laboraturi fuissent,* Hy/hulle sou gewerk het/Hy/hulle sou gewerk gehad het. Wat belangrik is, is dat die irrealitief gerigte persoonsvorme van die aktionsartig eksistiewe *esse* hier morfematies aangewend word om die irrealitief te lingeer, terwyl die logerende sintagmeem *laboraturus* die aspek lingeer. Hierdie funksionele struktuurtipe deur middel van funksiemorfemate of morfematiese funksielingemate is 'n normale struktuurtipe in Afrikaans.

2.6. *Modaliteitslingemate of modale lingemate.* Dit is hier die plek om daarop te wys dat ook in Latyn daar spesifieke situasiebepalende, -rigtende en -beheersende lingemate geskep is wat die modaliteitsituasie van die primêre funksie/funksielingemaat logaal rig op die sekondêre funksiesituasie en die modaliteit van die sekondêre bepaal en beheers, soos bv. *ut, cum, ne, quia, sed, si, ne non, dum, quum, quod, quo, quin, quominus, priusquam, quamquam, etiamsi,* etc. Hierdie situasiebepalende en -rigtende lingemate, soos ook die in Afrikaans, bv. *sodat, opdat, omdat, voordat, nadat, maar, egter, alhoewel, ofskoon, ingeval, aangesien, dat, want, tensy, mits, totdat, onderwyl, sodra, wanneer,* ens., ens., word tradisioneel-grammaties onderskei as konjunksies, bywoordelike voegwoorde. Dit is, lingologies gesien, hoegenaamd nie hulle lingale funksie om sinne of sinsdele, hoofsin en bysin of die primêre, beheersende modaliteitsituasie met die sekondêre, ondergeskikte modaliteitsituasie te verbind of te „voeg" nie. In 'n belewingsituasie soos: *Die honger leeu vreet die dooie bok* bind of „voeg" *vreet* tog ook die funktorale komplement aan die funktumale komplement in die verhoudingsituasie: *Die honger leeu* × *die dooie bok.* Die funksie van die genoemde lingemate is lingologies bloot en enkel logaal en situeel modaliteitbepalend en -rigtend, òf realitief òf irrealitief. Daarom verwerp ek die „woordsoortlike" indeling van „voegwoorde" of „konjunksies" en onderskei hulle as modaliteitslingemate of modale lingemate waar hulle eksplicerend op die betrokke funksie/funksielingemaat gerig is.

### 3. DIE GEBIEDENDE MODALITEITSITUASIE

3.1. *Wesensaard van die imperatiewe modaliteitsituasie.* Tot dusver het ons ons toegespits op die onderskeiding en verklaring van die realitiewe en irrealitiewe modaliteite of modi, bv. *Die kind huil*

(realitief); *Die kind huil gewoonlik* (realitief) *as hy moet tuisbly* (kondisionerend-irrealitief); *Die honger leeu vreet die dooie bok gulsig* (realitief), *omdat hy honger is/het* (redegewend-realitief)/ *as hy honger is* (kondisionerend-irrealitief); *Die kind huil verdrietig* (realitief), *want hy is siek* (oorsaaklik-realitief). Behalwe hierdie modaliteite is daar, kragtens 'n besondere situasiebelewing, 'n ander modaliteit te onderskei wat soos volg verduidelik en omlyn word. Die taalmaker kom naamlik voor 'n situasie te staan waarin 'n betrokke saak nie as reeds en nie as bevredigend fungerend beleef word nie maar verwag of verlang word om 'n gewenste, begeerde, gewilde of noodsaaklike funksie te verrig. Die funksie word dus wesentlik deur die taalmaker in vooruitsig gestel en die funktorale saak prospektief in die funksiesituasie geprojekteer en beleef. Wesentlik is die funksie dus potensief of prospektief, d.w.s. situeel irrealitief gerig op die wenslikheid, die moontlikheid of noodsaaklikheid van verrigting van die funksie. In die belewingsituasie bepaal die taalmaker dus vanself die besondere funksie wat die funktorale saak verwag of vereis word om te verrig. Die enigste manier waarop die prospektief funktorale saak dan beweeg of verkry kan word om die besondere verlangde funksie te verrig, is om dit by wyse van gebod, bevel, opdrag, aansporing, ekshortasie of direkte versoek te bewerkstellig. So ontstaan dan 'n belewingsituasie waarin die taalmaker gebiedend, bevelend, opdraggewend, aansporend of versoekend die prospektiewe funktorale saak in die vereiste funksie betrek. Die funksie word by bevel, gebod, opdrag of versoek aan die prospektiewe funktorale saak oorgedra. Die oordragsvorm van die funksie, as ons dit so mag stel, moet dus korrelerend met die gebodsituasie gestruktureer word, uiteraard funksioneel-morfologies verskillend van die realitiewe en irrealitiewe, waarvan dit onderskei word as die gebiedende wys, die imperatiewe modaliteit of slegs die *imperatief*, bv. *Skryf! Loop huis toe! Kom gou hier! Pas op!* Dit lê in die wesensaard van hierdie belewingsituasie of modaliteit dat die prospektiewe funktor die saak of persoonsaak is wat, enkeltallig of meertallig, in onmiddellike, aanwesige, direk beleefbare betrekking tot die gebod- of bevelgewer in die situasie betrek is, m.a.w. die prospektiewe funksie betrek in korrelerende vorm direk die tweede persoon *jy, julle* of funksioneel korresponderende ander persoonsake as prospektiewe funktor in die imperatiewe situasie. In die imperatiewe situasie word die prospektiewe funksie dan ook gelogoseer en gelingeer in die korrelerende imperatiefvorm wat die prospektiewe funktor impliseer. Daarom word die prospektiewe funktor nie eksplisiet gelingeer nie, tensy die situasie dit duidelikheidshalwe of om emfatiese redes noodsaaklik maak. Om dit toe te lig: Die onderwyser bevind hom

deur die situasie bepaal: *skryf, lees, staan, sit, sing, luister* of *stilbly,* ens. Die situasie soos die onderwyser dit beleef, laat hom die funksie kies, hy logoseer dit in bevel-, gebod- of opdragvorm, lingeer dit korrelerend en dra dit spraaklik oor: *Skryf! Staan! Luister!* ens. Al die kinders, seuns sowel as dogters, word funktoraal implisiet, dus meertallig, hierin betrokke. Die funksie is dus implisiet meertallig. Sou die gebod- of bevelgewer begeer of wil dat die seuns een funksie verrig en die dogters 'n ander, dan is sy belewingsituasie sodanig gewysig dat hy duidelikheidshalwe die situasie sal moet lingeer in die vorm: *Seuns, staan! Dogters, skryf!* Hier word die prospektiewe funktor eksplisiet meertallig gelingeer en die funksie daardeur meertallig gerig. Sou die onderwyser onderskeie funksies deur prospektiewe enkelinge wil laat verrig, sal hy lingeer: *Jan, staan! Anna, skryf!* Hier word ewe-eens elke prospektiewe funktor eksplisiet enkeltallig in die besondere prospektiewe funksie betrek en die funksie daardeur enkeltallig gerig. Al die prospektiewe funktorale sake met hulle respektiewe funksies is implisiet of eksplisiet persoonsmatig tweede persoon.

3.2. *Toeligting uit Latyn en Goties.* Latyn, as morfemerend-sintemerende taal, bied ons 'n duideliker beeld van die funksioneel-morfologiese struktuur van die imperatiewe funksielingemaat in bv. *labora,* enkeltallig en *laborate,* meertallig, respektiewelik: Werk (jy/julle)! of *scribe,* Skryf (jy)! *scribite,* Skryf (julle)! Selfs vir die derde persoon, enkeltallig en meertallig, het Latyn die vorme *laborato/laboranto* (funksioneel 'n versoeksbevel), Laat hom werk!/Laat hulle werk, en *scribito/scribunto,* Laat hom skryf!/Laat hulle skryf! Dit moet opgemerk word dat hierdie derdepersoonvorme 'n logaliteit lingeer wat wensend-irrealitief gerig is en dat die funksioneel realitiewe, kontinuïtiewe en praesentiese vorme *labor-a-t/labor-a-nt,* en *scrib-i-t/scrib-u-nt* deur die postmorfeem *-o* modaal imperatief gerig en gestruktureer word. Dit is in ooreenstemming daarmee dat die imperatief altyd aspekties kontinuïtief en temporaal praesenties is. Daarom ontbreek ook enige aspektiese of temporale morfeem. In Goties het ons reeds 'n mate van vereenvoudiging. Hier is die enkeltallige imperatief reeds sinteemloos en die blote logeem dien as imperatief, bv. *nim,* Neem (jy)! *hait,* Beveel (jy)! terwyl die meertallige imperatief dieselfde is as die realitiewe, kontinuïtiewe en praesentiese tweede persoon, meertallig, nl. *nim-i-th, hait-i-th,* resp. Neem (julle)! Gebied (julle)! Dit is ook die geval met die meer-

tallige eerste persoon: *nimam,* Laat ons neem, wat funksioneel die logale gerigtheid het van 'n potensiewe of prospektiewe irrealitief.

Ook Goties het 'n enkeltallige en meertallige derde persoonsimperatief: *nim-a-d-au,* Laat hom neem, en *nim-a-nd-au,* Laat hulle neem, waar *-au,* eintlik *-u,* die imperatief postmorfemies lingeer maar die funksie tog logaal potensief en prospektief rig, dus irrealitief, analogies met die suiwer irrealitief *nim-a-u,* 1e pers. enkeltallig, Mag ek neem/Ek mag neem. Ons moet dus met die lingale feit rekening hou dat 'n gebod- of bevelsituasie maklik en dikwels modaal beleef en gelogoseer word as 'n versoek of wenssituasie (dus eintlik as 'n „optatief") en dat so die direkte imperatiewe modaliteit verskuif word na die indirekte realitiewe of irrealitiewe modaliteit, bv. *Gee vir my daardie boek hier!* (imperatief) × *Gee asseblief vir my daardie boek hier!* (bevel of versoek) × *Sal jy (asseblief) vir my daardie boek gee!* (imperatief) × *Sal jy (asseblief) vir my daardie boek gee?* (versoek) × *Mag ek vra* (realitief) *dat jy asseblief vir my daardie boek gee!* (versoek, irrealitief) × *Ek versoek* (realitief) *dat jy asseblief vir my daardie boek gee!* (irrealitief: ek is nie seker of jy wel die boek sal gee nie). Hiervolgens moet onderskei word tussen die direkte imperatiewe modaliteit en die indirekte imperatiewe modaliteit wat dan wesentlik 'n irrealitiewe modaliteit lingeer, bv. *Kinders, luister mooi!* (imperatief) × *Hy het die kinders gebied/beveel/opdrag gegee/ versoek/gevra* (realitief) *dat hulle mooi moet luister* (irrealitief, indirekte bevel of versoek: dit lingeer nie of die kinders wel (sal) luister nie).

3.3. *Wesensaard van modaliteit.* In voorgaande het ons aangetoon dat die direkte imperatiewe modaliteit situeel kan verskuif tot die situeel irrealitiewe modaliteit. Die lingale beginsel waarvolgens ons die wese en aard van modaliteit as verskynsel interpreteer en verklaar, is geleë in die aard van die situasie waarin 'n fungerende saak gebind is en sy funksie verrig soos die taalmaker dit beleef, interpreteer, logoseer en korrelerend onderskeidend lingeer. Die taalmaker bepaal nie die besondere belewingsituasie nie, hy bewerkstellig dit nie willekeurig na sy begeerte of ter bevrediging van een of ander behoefte nie, maar hy beleef die situasie op sy persoonlike wyse, na sy persoonlike vermoëns en insig, interpreteer en logoseer dit soos hy dit beleef, en lingeer dit in die vereiste, logaal effektiewe, funksioneel korrelerende vorm.

Modaliteit is dus die logale gerigtheid van die funksie van 'n funktorale saak in sy bepaaldheid, gebondenheid en beheerstheid deur en in die besondere situasie waarin dit as fungerend beleef

3.4. *Situasiegebondenheid en -bepaaldheid van die modaliteit.* Die verskillende morfologiese struktuurvorme vir die onderskeie modaliteite soos dit uit die morfemerend-sintemerende tale Latyn en Goties toegelig is, is nie die verskillende modaliteite nie, hulle is slegs die funksionele middele waardeur en waarin die betrokke modaliteit in die tale waarin hulle wel aangewend word, gelingeer word. Ons het reeds daarop gewys dat dieselfde struktuurvorme vir lingering van disparate modaliteite aangewend word, bv. in Latyn die realitiewe potensief-okklusief (sonder spesifiek modale morfeem) vir die irrealitiewe perfektief, of in Goties die realitiewe kontinuïtief *nim-a-m, nim-i-th* (sonder modaliteitsmorfeem) vir die imperatief. Dit staan dus vas dat waar daar wel modale morfeme voorkom, hulle blote funksionele modale middele is wat deur die modaliteitsituasie bepaal en beheers word. Die situasiegebondenheid van die funktorale saak is dus die faktor wat die modaliteit bepaal, beheers en rig. Ek het ook reeds daarop gewys dat waar modale morfeme in die funksiesintagmeem ontbreek, die modaliteit implisiet deur die situasie bepaal en implisiet in die funksielingemaat gelingeer word, of daar word morfematiese middele soos funksiemorfemate en modaliteitslingemate aangewend om die modaliteit na die eise van die situasie te lingeer. As die belewingsituasie dan die fundamentele faktor is, dan volg tog logies daaruit dat daar modaliteite kan wees sonder spesifieke modaliteitsmiddele, soos byvoorbeeld die realitief in Latyn in al die aspekties- en temporaal-gerigte vorme. Dusdanige modaliteit moet gevolglik bepaal en onderskei word kragtens die situasiegebondenheid van die funktorale saak en die logale gerigtheid van sy funksie t.o.v. die werklikheid, sekerheid, moontlikheid, waarskynlikheid, betwyfelbaarheid, onwetendheid, e.s.m.

## 4. DIE VRAAGSITUASIE

4.1. *Nie as modaliteit onderskei nie.* In die tradisionele, klassieke Grieks-Latynse grammatika word die vraagsituasie soos gelingeer in vraagsinne nie as modaliteit onderskei nie op grond daarvan dat daar nie spesifieke gemorfemeerde vorme in die funksielingemaat vir die vraagstelling aangewend word nie, terwyl dit vir die imperatief wel die geval is. By die oordrag van die klassieke logisistieskategoriese grammatika op die Wes-Europese volkstale is gevolglik, by ontstentenis van spesifieke modale middele, ook geen vraagmodaliteit onderskei nie. Hierdie toestand is in die histories-verge-

lykende taalbeoefening gehandhaaf. Dit blyk duidelik o.a. uit Brugmann se behandeling van die „Modusbildungen" (kyk: Brugmann-Delbrück: *Grundriss der vergleichenden Grammatik der indo-germanischen Sprachen,* II 3/2, VIII par. 427 e.v.). Reeds in sy „Vorbemerkungen" blyk dit dat hy die morfologiese struktuurvorm: die „Stammbildung", as onderskeidingsnorm vir die modus of modaliteit aanvaar en toepas. Omdat die „Indikativ" geen modale morfologiese elemente in sy struktuurvorm vertoon nie — dus ook nie restruktureerbaar is nie — word dit alleen by grasie — of kragtens die tradisie? — as modaliteit aanvaar maar as sodanig nie behandel nie. Hy stel dit só in par. 427, bl. 517: „Fasst man den Terminus Modus in dem weiteren Sinne, dass man nicht nur Konjunktiv, Optativ, Injunktiv und Imperativ, sondern auch den Indikativ als Modus bezeichnet, so zerfallen die Modi ihrer Stammbildung nach zunächst in zwei Gruppen, indem sich der Optativ von der Gesamtheit der andern Modi morphologisch absondert durch sein -(i)-i̯ē: ī und -(i)i̯ . . ." ens., wat ons as modale morfeme karakteriseer. Dan vervolg hy: „Der Indikativstamm ist nur negativ gekennzeichnet, durch das Fehlen eines Zusatzes zu dem Tempusstamm . . ." Vervolgens behandel hy dan slegs die „Injunktiv, Konjunktiv, Optativ, Imperativ" in sover hulle morfemies in die funksielingemaat gestruktureer word. Dus word die vraagstelling as modus of modaliteit uitgesluit omdat dit nie deur korrelerende morfemiese middele onderskeibaar is nie. En tog word die „Indikativ" sonder modale morfeme as 'n modus aanvaar. Hiermee staan ons nou voor die probleem of die vraag of vraagvorm, lingologies gesien, nie ook 'n modus, 'n modaliteit is nie — net soos die gebod of gebodvorm, die imperatief, of die realitief („indikatief") dit is. À la die tradisionele grammatika word wel „interrogatiewe pronomina", „vraende voornaamwoorde", „interrogatiewe adverbia", „vraende bywoorde" (van tyd en plek), „interrogatiewe partikels" onderskei, bv. in Latyn: *quis, quando, ubi; -ne, nonne, num, utrum . . . an, -ne . . . an, utrum . . . annon;* Afrikaans: *wie, wat, wanneer, waar, of, of . . . nie, waarom, waarvoor, waaroor, waardeur, hoe,* ens. Maar nêrens 'n „vraende wyse", 'n „interrogatiewe modus" of „interrogatiewe modaliteit" nie.

4.2. *Lingologies beoordeel.* As ons die probleem nou benader vanuit die lingologies-fundamentele beginsel dat modaliteit die lingaal onderskeibare en isoleerbare verskynsel van die situasiebepaaldheid en -gebondenheid van die funktorale saak is soos deur die taalmaker beleef, geïnterpreteer, gelogoseer en in of deur die funksielingemaat met of sonder morfemiese en/of morfematiese middele gelingeer, dan wil ek my verstout om dit te stel dat die vraagsituasie

en implisiet in die logale gerigtheid van die betrokke funksie gelingeer word. Hoe anders sou die taalmaker 'n vraag kan lingeer as hy nie 'n vraagsituasie beleef, dit as sodanig interpreteer en logoseer nie? Die lingologiese, lingale feit is dat die taalmaker in talle belewingsituasies te staan kom waarin 'n funktorale saak in 'n funksiesituasie betrokke en gebonde is wat hy, die taalmaker, alleen vraenderwys kan beleef, logoseer en korrelerend lingeer, net soos hy dit alles doen in die geval van die realitiewe, die irrealitiewe en die imperatiewe belewingsituasies. Ek onderskei en isoleer dan ook 'n vraagmodus of vraagmodaliteit, wat ek karakteriseer as die *rogatief* of *rogatiewe modaliteit,* d.w.s. 'n vraende wyse nie 'n „ondervraende", „interrogatiewe" wyse nie.

4.3. *Rogatiewe modaliteit.* Net soos in die geval van die imperatief kan die rogatief as direkte rogatief en indirekte rogatief onderskei word, bv. direkte rogatief: *Wie gaan dorp toe? Gaan jy dorp toe? Wat val daar? Waar slaap die kinders vannag? Hoe het Jan dit reggekry? Waarom weier jou arbeiders om die lande te ploeg? Sal Pa vir my 'n boek koop? Waarop sou die man sy bewering gegrond het?* en: *Meester vra/het gevra/wil, wou weet* (realitief) *wie dorp toe gaan* (indirek rogatief); *Pa vra/het gevra* (realitief) *of jy dorp toe gaan* (indirek rogatief); *Ek wil weet* (realitief) *wat daar val* (indirek rogatief); *Ma vra* (realitief) *waar die kinders vannag slaap* (indirek rogatief); *Meester wil weet* (realitief) *hoe Jan dit reggekry het* (indirek rogatief); *Ek wil (die rede) weet* (realitief) *waarom jou arbeiders weier om die lande te ploeg* (indirek rogatief); *Ek vra/wil graag weet* (realitief) *of Pa vir my 'n boek sal koop* (indirek rogatief); *Ons is/was benuud om te weet* (realitief) *waarop die man sy bewering sou gegrond het* (indirek rogatief).

Dit is duidelik dat die logaliteit van die funksies/funksielingemate in die direkte vraagsituasies nie gerig word deur of op realitiewe stelligheid of werklikheid nie, nie deur of op irrealitiewe moontlikheid, waarskynlikheid, potensialiteit of prospektiwiteit nie, maar primêr deur onwetendheid, onkundigheid, onsekerheid, onduidelikheid, desnoods nuuskierigheid, as 't ware op 'n belewingsituasie tussen die realitiewe en die irrealitiewe, 'n tweerigting-situasie, bv. *Wie gaan dorp toe?* kan realitief beantwoord word: *Ek/Jan gaan dorp toe,* of dit kan irrealitief beantwoord word: *Ek/Jan sou dorp toe gaan* (maar Ek/Jan gaan nie meer nie) of *Moontlik/miskien gaan Jan dorp toe.* Hieruit blyk tog onontkenbaar dat die vraagstelling situeel

bepaal, gerig en beheers is. Dit kan onder geen van die tradisioneel-grammaties erkende modaliteite tuisgebring word nie. Dit is nie modaal realitief nie, want daar word slegs 'n moontlikheid, 'n waarskynlikheid gestel; dit kan nie met sekerheid irrealitief wees nie, want dit is dalk juis 'n sekerheid, 'n werklikheid dat iemand wel (sal) gaan, maar die taalmaker beleef die werklikheidsituasie vir homself as 'n vraagsituasie omdat hy nie weet wie gaan nie, slegs weet dat daar moontlik gegaan (sal) word; imperatief kan dit klaarblyklik nie wees nie. Wat anders dan? In sy eie reg is dit dus 'n disparate, isoleerbare modaliteit en wel die rogatiewe. In die indirekte vraagsituasie behou dit die rogatiewe modaliteit wat korrelerend gelingeer kan word in die realitiewe of irrealitiewe vorm van die funksie/funksielingemaat. Laat ons die onderskeiding aan die hand van 'n ontleding van die sinne beredeneer en motiveer, terwyl ons tegelykertyd ook daarmee die verstrengeldheid van modaliteit met aktionsart, aspek en tempus blootlê. Aldus:

1. *Meester wou weet wie dorp toe gaan:*

*wou weet:*

akt(ionsartig): potensief-relasief, gerig deur die potensiewe funksiemorfemaat *wou*, relasief gerig op 'n funktumale komplement: „wie ... gaan";

asp(ekties): ingressief gerig deur die aspektiese funksiemorfemaat *wou;*

temp(oraal): praeteritaal na die vorm *wou;*

mod(aal): realitief, dit lingeer 'n werklikheidsituasie.

*gaan:*

akt.: kinetief, logeer beweging;

asp.: kontinuïtief (as reeds gegaan word) of ingressief (as iemand op die punt staan om te gaan) of potensief (as die moontlikheid bestaan dat iemand nog sal gaan);

temp.: praesenties na die vorm, kan funksioneel ook futuraal gerig wees;

mod.: indirek rogatief, gerig deur die rogatiewe modaliteitslingemaat *wie* op 'n inligtingvraende situasie.

2. *Meester vra hoe Jan dit reggekry het:*

*vra:*

akt.: relasief-prospektief gerig op *hoe ... het* as funktumale komplement;

asp.: kontinuïtief, lingeer die momenteel gebeurende;

temp.: praesenties, by implikasie en na die vorm;

mod.: realitief, lingeer 'n werklikheidsituasie.

asp.: perfektief, gestruktureer deur *-ge-* . . . *het* en bepaal deur die kontinuïtief *vra;* of: okklusief na die logale gerigtheid as 'n voltooidheid;

temp.: praesenties, bepaal deur die perfektief; of praeteritaal as okklusief;

mod.: indirek rogatief, gerig deur die rogatiewe modaliteitslingemaat *hoe* op 'n wysevraende realiteitsituasie (dit word implisiet gelingeer dat „Jan dit reggekry het", die vraag bly net: hoe?).

3. *Ek wil (die rede) weet waarom jou arbeiders weier om die lande te ploeg:*

*wil weet:*

akt.: potensief-relasief, gestruktureer deur die potensiewe funksiemorfemaat *wil,* gerig op die funktumale komplement: *waarom . . . ploeg;*

asp.: ingressief, gerig deur die aspektiese funksiemorfemaat *wil;*

temp.: praesenties, by implikasie en na die vorm *wil weet;*

mod.: realitief, dit lingeer 'n realiteitsituasie.

*waarom:* regatiewe modaliteitslingemaat.

*weier om te ploeg:* (Verduidelikende interpolasie: dit is die sintagmaties gestruktureerde funksie van die funktor *die arbeiders;* die werklike funksie wat die arbeiders moet verrig, is *ploeg* — dus *om te ploeg* is die logaliteitbepalende en -beheersende sintagmaat; *weier* is die funksiemorfemaat wat kragtens sy aktionsartige logaliteit die onbepaalde, infinitiewe funksie *om te ploeg* logaal negatief of neutraliserend rig maar ook persoonsmatig en getalsmatig bepaal deur die betrokkenheid van *die arbeiders weier* daarop en deur die inkorporerende gebondenheid daarin).

akt.: relasief, gerig op die funktumale komplement *die lande;*

asp.: kontinuïtief, lingeer die momenteel gebeurende;

temp.: praesenties, by implikasie en na die vorm;

mod.: indirek-rogatief, deur die rogatiewe modaliteitslingemaat *waarom* op 'n redevraende situasie gerig.

4. *Vra vir Pa of hy vir my 'n boek sal koop:*

*vra:*

akt.: relasief, morfematies deur *vir* op die indirek-funktumale komplement *Pa* gerig, en direk op: *of hy . . . koop;*

asp.: kontinuïtief, lingeer die onmiddellike gebeure;

temp.: praesenties, by implikasie en na die vorm;

mod.: imperatief, lingeer 'n opdrag, gebod.
*of:* rogatiewe modaliteitslingemaat.

*sal koop:*

akt.: potensief-relasief, gerig op die funktumale komplement *'n boek;*

asp.: potensief, morfematies gerig deur *sal;*

temp.: futuraal, by implikasie en gerig deur die funksiemorfemaat *sal* — wat aspekties potensief is, is temporaal implisiet futuraal;

mod.: indirek-rogatief, deur die rogatiewe modaliteitslingemaat *of* op 'n uitsluitsel-vraende (sekerheidsvraende?) situasie gerig.

5. *Ons was benuud om te weet waarop die man sy bewering sou gegrond het:*

*was benuud om te weet:* (Verklarende interpolasie: dit is die sintagmaties gestruktureerde funksie van die funktor *ons;* die eintlike funksie wat ons „benuud was" om te verrig, is *weet* — dus is *om te weet* die logaliteitbepalende, -rigtende en -beheersende sintagmaat; *was benuud* is die sintagmatiese funksiemorfemaat wat, kragtens sy aktionsartig toestandelik eksistiewe logale gerigtheid *(benuud* lingeer die geestestoestand waarin *ons* verkeer het, wat deur die aktionsartig eksistiewe *was* tot funksiesintagmaat gestruktureer word: *was benuud),* dan weer *om te weet* morfematies struktureer tot die sintagmatiese funksie: *was benuud om te weet;* immers, *was* sonder die logerende *benuud* sou sinloos wees. Daarom is *was benuud om te weet* lingaal, struktureel en funksioneel 'n eenheidsfunksie.)

akt.: eksistief-relasief, gerig op *waarop . . . het* as funktumale komplement;

asp.: imperfektief, gerig deur die sintagmatiese morfemaat *was benuud:* dit word nie gestel dat die funksie voltooid verloop het nie;

temp.: praeteritaal, by implikasie: wat imperfektief is, is implisiet praeteritaal; ook na die vorm;

mod.: realitief, lingeer 'n werklikheidsituasie.

*sou gegrond het:*

akt.: potensief-relasief, gerig op die funktumale komplement *sy bewering;*

asp.: okklusief — die bewering was reeds gemaak voor „ons benuud was";

temp.: praeteritaal — wat aspekties okklusief is, is by implikasie praeteritaal;

mod.: indirek irrealitief-rogatief, deur die rogatiewe modaliteits-

kwalifiseer.

In verband met hierdie laaste moet ons net daarop wys dat selfs die direkte rogatief ook in die modaal irrealitiewe vorm van die funksie/funksielingemaat gelingeer kan word, bv. *Sou hy dit werklik gedoen/geweet het?* Maar dit hef nog nie die rogatiewe situasiegebondenheid, d.i. die rogatiewe modaliteit, op nie. Modaal irrealitief sal wees: *Ek veronderstel* (realitief) *dat hy dit (sou) geweet het* (irrealitief — dit lingeer geen werklikheid of sekerheid nie, slegs 'n moontlikheid). Bostaande ontleding bewys, vir my altans, dat die rogatiewe modaliteitsituasie onteenseglik bestaan en dat dit as sodanig beleef, geïnterpreteer, gelogoseer en korrelerend gelingeer word. Dit is allesins lingaal, funksioneel en lingologies geregverdig om die rogatiewe modaliteit as onderskeibaar en isoleerbaar te erken en te aanvaar.

## 5. DIE ONBEPAALDE INFINITIEWE GEBONDENHEID EN BETROKKENHEID VAN DIE FUNKSIE/FUNKSIELINGEMAAT

5.1. *Die infinitiewe modaliteit.* Dit is 'n gevestigde tradisie, geërf uit die logisisties-kategoriese grammatika, om die sogenaamde onbepaalde, infinitiewe vorm van die funksielingemaat, bv. Latyn *amare, monēre, rĕgĕre, audire* as 'n modaliteitsvorm te beskou wat onbepaald, infinitief gerig en gestruktureer word deur die postmorfeem *-re*. Hierdie *-re* is nie 'n persoons- en getalsinteem nie, word nie as 'n aktionsartige of 'n temporale morfeem onderskei nie, ook nie as 'n aspektiese nie, want die verskynsels is òf nie eieaardlik onderskei nie òf illingaal en dus inkorrek onderskei, gevolglik kan die infinitief, veral uit hoofde van die ongerigtheid en ongebondenheid daarvan t.o.v. persoons- en getalsfunksie, alleen nog, vanweë sy vorm, modaliteit, modus of wyse lingeer en wel die onbepaalde, infinitiewe.

5.2. *Noodsaaklikheid van 'n lingologiese beoordeling.* Net soos in die geval van die rogatief is dit dwingend noodsaaklik om vanuit die lingologiese benaderingsprinsipe aan die hand van taalgegewens en 'n funksionele ontleding daarvan te ondersoek of die infinitiewe vorm van die funksielingemaat wel, en altyd, 'n bepaalde modaliteit lingeer en as sodanig lingologies interpreteerbaar en aksepteerbaar is. Omdat die lingologiese benaderingsprinsipe waarvolgens die onderkenning en onderskeiding van die modaliteite geskied, disparaat verskil van die tradisionele logisisties-kategoriese en linguistiese, sal 'n kritiese behandeling van laasgenoemde in die toepassing daarvan

op die Afrikaanse taalmateriaal, vanuit lingologiese standpunt gesien, onregverdig en onwetenskaplik wees. Die logisisties-grammatiese en linguistiese benaderingsprinsipe en die praktiese toepassing daarvan as onderskeidingsnorm lê buite die bestek van hierdie studie. Daarom wil ek die lingologiese benadering van die probleem in sy eie reg en volgens sy eie waarde stel en op sy eie prinsipes beoordeel.

5.3. *Die lingale wesensaard van die infinitief.* Die infinitiewe vorm, miskien doeltreffender die infiniete vorm, van die funksielingemaat is nie alleen 'n uiters belangrike verskynsel in die taal nie, dit het ook 'n hoë aanwendingsfrekwensie vir 'n verskeidenheid van lingale funksies. Allereers moet vasgestel word wat die infinitief, die infinitum, is. Ons het reeds daarop gewys dat dit as sodanig onderskei en gekarakteriseer word omdat dit nie persoonsmatig en getalsmatig bepaal en gerig is nie, deurdat daar geen sinteme is nie, bv. Latyn *amāre, monēre, regĕre, audīre, esse, ire,* ens., of geen funktorale sintemate nie, bv. Afrikaans *(om) te min, (om) te maan, (om) te regeer, (om) te hoor, (om) te wees, (om) te gaan,* ens. Maar daar ontbreek ook morfeme om die funksie temporaal te rig, terwyl die aktionsart implisiet gelingeer is in die aardlikheid en gerigtheid van die logaliteit. Die probleem waarmee die lingoloog dus gekonfronteer is, is of die postmorfeme soos Lat. *-re,* en die ekwivalente morfemate Afrikaans *te, om te,* Eng. *to,* Dts. *zu* aspeksfunksie of modaliteitsfunksie het. Ons beslissende uitgangspunt is die onontwykbare lingale feit dat geen funksie hoegenaamd, soos ons reeds verduidelik en herhaaldelik beklemtonend bewys het, vanself uit homself ontstaan of bestaan as 'n outonome verskynsel nie, selfs nie 'n denkbeeldige of versinde funksie nie. Die funksie is altyd onties saakgeorigineerd, saakgebonde, funktoraal gebonde. En dáárom en dáárkragtens is dit ook aktionsartig, aspekties, temporaal en modaal bepaal en gebonde. Maar die funksie van 'n saak word self as 'n funksiegebeure, uitgaande van en bepaal en gerig deur 'n saak, beleef, as funksiegebeure geïnterpreteer, gelogoseer en korrelerend gelingeer, m.a.w. die funksie word as losgemaakte gebeurende verskynsel beleef, onthef van sy funktorale, d.w.s. van sy persoons- en getalsmatige gebondenheid en beheerstheid en as sodanig gelogoseer en gelingeer in die outonome vorm wat as onbepaalde, infiniete funksielingemaat, bv. Latyn *labor-a-r-e,* of funksiesintagmaat, bv. Afrikaans *te werk, om te werk,* onderskei en gekarakteriseer word as infinitum, infinitief. Dit word as outonome saakgeorigineerde gebeure onderskei en geïsoleer as 'n gebeurende funksie van iets, net soos byvoorbeeld kleur onderskei en geïsoleer

reënboog nie, sonder om kleur van een of ander iets te wees nie. As nou die struktuurelemente *-r-e* in die Latynse infinitiefvorm *labor-a-r-e, reg-ĕ-r-e,* ens. en die *-n* in Goties *nim-a-n, wairp-a-n, fraward-j-a-n, fraih-n-a-n* ens. funksioneel die morfeem is om die infinitief te struktureer, dan is *te* en *om te* respektiewelik die morfemaat en sintagmatiese morfemaat om in Afrikaans die infinitief te struktureer.

5.4. *Funksioneel-morfologiese struktuurontleding.* In parr. 2.4. en 2.5. het ek reeds by ontleding van die funksioneel-morfologiese struktuur van die realitiewe en irrealitiewe modaliteitsvorme die onderskeie funksies van die morfologiese struktuurelemente aangetoon. As ons nou na analogie van daardie modaliteitsvorme die Latynse infinitief *laborāre* funksioneel-morfologies ontleed, dan vind ons die volgende: *labor-a-r-e: labor-* die logosdraende logeem; *-a-* die funksielingeem-strukturerende morfeem; *-r-* die aspekties onbepaald-kontinuïtiewe morfeem en die auslautende *-e* die modaal onbepaalde, infinitiewe morfeem — daar is geen tempusmorfeem en geen sinteem onderskeibaar nie, dus funktoraal ongebonde. Hiervolgens is die auslautende morfeem *-e* dus 'n modaliteitsmorfeem, naamlik van die infinitiewe modaliteit. Dit is alleen moontlik om dit dusdanig te interpreteer en lingologies te aanvaar, as in gedagte gehou word dat die funksie onties altyd op 'n funktor betrokke is en dat die funksie as 'n gebeurende infinitiewe verskynsel juis deur sy ontiese saakbepaaldheid en saakgebondenheid die potensialiteit besit om implisiet op 'n funktorale saak betrokke en/of funktumaal gerig te wees. Nog te meer: die modale infinitief het ook die potensialiteit om kragtens sy implisiete saakbetrokkenheid en sy aspektiese, temporale en modale onbepaaldheid, funktoraal bepaal en beheers te word deur sintemiese middele, byvoorbeeld in Latyn juis om die aspekties imperfektiewe, temporaal praeteritale en irrealitiewe modaliteit te struktureer soos in *labor-a-r-e-t/labor-a-r-e-nt,* of in Afrikaans deur morfematiese en sintagmatiese middele: *Hy is/was besig om te werk.*

5.5. *Die lingale funksies van die infinitief-morfeme/morfemate.* In die grootliks gedemorfemeerde Wes-Europese tale word die deels nog morfemies en deels reeds morfematies gestruktureerde ekwivalente daarvan, bv. Mndl. *te werkene, te lopene, te scrivene;* Ndl. *te werken, te lopen, te schrijven,* Eng. *to work, to walk, to*

*write,* onderskei as „onbepaalde wys", „infinitive mood", en as erfstuk in Afrikaans oorgedra en gehandhaaf: *om te werk, om te loop, om te hoor.* Die lingale funksie van die betrokke morfeme soos in Lat. *-e,* in Mnl. nog (te) ... *-e,* van die morfemate soos in Ndl.-Afr. *te, om te,* Eng. *to,* Dts. *zu* is nie slegs om die funksie/funksielingemaat infinitief te rig nie, maar om die funksielogaliteit in die gerigtheid, die bestemdheid, die doelgesteldheid daarvan verlopend, ontplooiend, onbepaald-kontinuïtief te lingeer. Oorspronklik is die infiniete, bestemmings- of doelrigtende funksies in die morfemerend-sintemerende ontwikkelingstadia van die funksielingemaat gelingeer deur middel van postmorfeme, soos in Lat. *-re,* Oergm. *(-na)-n (*bher-a-na-n, *nem-a-na-n),* in Got. *-n (bair-a-n, hait-a-n, waurk-j-a-n),* in Mndl. *-e* ((te) *nēm-e-n-e,* (te) *hōr-e-n-e,* (te) *lōp-e-n-e).* Namate die morfeme geleidelik funksieloos geword het of die behoefte aan of noodsaaklikheid vir beklemtoning van die infinitiewe funksies toegeneem het, moes 'n bykomende funksionele middel aangewend of geskep word om die bestemdheids- of doelgerigtheidsfunksies te lingeer, en dit is die daarvoor logaal geskikte morfemaat *te* wat in Middelnederlands nog versterkend en duidelikheidshalwe by die postmorfeem *-e* aangewend word. In Nieu-Nederlands het laasgenoemde postmorfeem reeds defunk geraak en verdwyn omdat sy doelgerigtheidsfunksie deur die morfemaat *te* geheel en al oorgeneem is: *te nemen, te horen, te lopen,* terwyl die auslautende *-n* nog postmorfemies die infinitiefrigtende funksie het. In Goties het die morfemaat *du* reeds sporadies voorgekom, bv. *ushof sik jainthro du laisjan jah mērjan* (hy het daarvandaan vertrek *om te leer* en *te preek).* As in Nederlands die *-n-* morfeem in die spraak ook verflou en defunk raak, moet 'n ander middel gevind word om die van *te* te versterk en dit is weer die logaal geskikte, doelrigtende *om,* waardeur dan 'n nuwe sintagmatiese morfemaat *om te* gestruktureer word wat sporadies reeds vanaf Middelnederlands tot in die 17e eeu voorkom en in Afrikaans die gevestigde vorm geword het: *om te werk, om te hoor.* 'n Ander lingale faktor wat beslis tot hierdie ontwikkeling bygedra het, is dat *te* morfematies ook ander lingale funksies, soos byvoorbeeld lokatiewe en temporale, gehad het: bv. *te Amsterdam, te der (ter) plaatse, te der (ter) gelegener tyd, te den (ten) behoeve van, te den (ten) einde* waar dit die gerigtheidsfunksie het. Dit is hieruit duidelik dat die morfemate *te* en *om (te)* ook die onbepaalde kontinuïtiewe aspek lingeer en nie slegs die modaliteit, „wyse", „mood" nie. Net soos in Latyn *am-a-r-e* die onbepaald-kontinuïtiewe aspek lingeer, so lingeer *am-a-v-is(s)-e* die onbepaald-perfektiewe of onbepaald-okklusiewe aspek, waarvan die Afrikaanse ekwivalente respektiewelik is: *om te min, om te gemin het*

5.6. *Aspektiese funksies van die infinitief.* In hierdie onbepaald-, infinitief-aspektiese gerigtheid is die potensialiteit funksioneel geleë dat die infinitief ook aspekties ingressief en inchoatief, perfektief en okklusief deur morfemiese of morfematiese middele gerig kan word, soos uit die volgende sal blyk. Die realitiewe kontinuïtief: *Jan werk hard* word emfaties gelingeer in: *Jan is besig om hard te werk* deur aanwending van die funktoraal bepaalde en beheerste sintagmatiese funksiemorfemaat *is besig*, waardeur die funksie/funksielingemaat *werk* van 'n absolutiewe aktionsart gewysig word tot 'n toestandslogerende eksistiewe aktionsart wat logaal onvoltooid en op sigself sinloos is, tensy dit 'n eksistief-absolutiewe logaliteit lingeer. Om die oorspronklike funksielogaliteit, gelingeer in die kontinuïtiewe funktoraal beheerste *werk*, te vervolledig en die funktoraal beheerste *is besig* logaal te rig op die vereiste logaliteit word die infinitiewe, onbepaalde vorm van *werk*, nl. *om te werk*, aangewend. So word daar nou 'n funktoraal bepaalde, beheerste en gerigte funksiesintagmatiese eenheid van die funksie *werk* gestruktureer, waarin die logaliteit van *werk* die beheersende lingale faktor is, naamlik: *Jan is besig om te werk* — aktionsartig eksistief-absolutief, aspekties kontinuïtief, by implikasie en na die vorm temporaal praesenties, en modaal realitief-infinitief. Die modaal infinitiewe *om te werk*, wat 'n strukturele onderdeel van 'n groter eenheid geword het, het as sodanig geen outonome modaliteit meer nie, dit rig funksioneel nou die realitiewe modaliteit van *is besig* infinitief: die modaliteit word realitief-infinitief gerig en beheers deur die funktoraal beheerste *is besig om te werk*. Die aspekties onbepaald-kontinuïtiewe vorm *Jan is besig om te werk* kan ook gelingeer word: *Jan is aan die/'t werk* — ewe-eens aspekties kontinuïtief emfaties gerig deur die logaal-direktiewe morfemaat *aan:* die lingemaat *werk* behou sy funksielingematiese aktionsartigheid ondanks die indiwidualiserende en daardeur emfatiese bepaaldheid en gerigtheid van die morfematiese indiwidualiseringslingemate *die* en *'t*. Teen die interpretasie kan geen beswaar geldig wees nie, want ook infinitiewe funksies/funksielingemate of funksiesintagmate kan geïndiwidualiseer word, bv. *Steeds aan die woel te wees hou my gesond; Die sing van die voëls in die bome bekoor mens.* Om *werk* in *aan die/'t werk,* of *woel* in *aan die woel te wees* en *sing* in *die sing van die voëls* as saaklingemate, d.i. „naamwoorde", te karakteriseer omdat hulle deur „die lidwoord bepaal word", is 'n illingale interpretasie. Hier word immers die funksie van 'n geïmpliseerde of genoemde saak in die infinitiewe vorm emfa-

ties-indiwidualiserend gelingeer. Dit bewys byvoorbeeld die Nederlandse ekwivalente: *Hy is aan 't werken* — *werken* is tog geen meertallig gerigte saaklingemaat, logaal-funksioneel geen „naamval" nie, en *het zingen van de vogels* . . . *het* kan tog geen meertallige „naamwoord" „bepaal" nie. En om *aan die/'t werk* as „naamwoordelike deel van die gesegde" (o.a. Bouman en Pienaar) te verklaar, hoort tuis in die logisisties-kategoriese grammatika, in die linguistiek, miskien in die logika, maar nie in die lingologie of die funksionele taalleer nie. Dat die indiwidualiseringslingemaat *die/'t* nie die funksielingematiese soortlikheid van die infinitief ophef nie, word daardeur bewys dat dit uitgestoot word, defunk raak, funksieloos word, bv.: *Die kind gaan aan huil/is aan huil; Die kar gaan aan loop; Die honde is/raak/gaan aan blaf; Ek kan nie die vuur aan brand kry nie; Pa is aan skrywe; Jy bly aan peuter met my.*

Ook in die ingressief gerigte aspek bly die infinitiewe funksielingemaat die logerende, dus beheersende struktuurelement: *Hulle mag/kan/wil/moet/probeer aan die/'t werk spring; Geen mens kon die ou kar aan (die) loop kry nie,* sowel as in die inchoatiewe aspek: *Die honde gaan aan (die) blaf; Hulle gaan verdrietig aan (die/'t) huil; Die arbeiders begin die lande ploeg/te ploeg/om die lande te ploeg* (inchoatief) en in die perfektief of okklusief: *Die kinders sou dadelik kom swem het/gekom het om te swem; Die reisigers was gereed om te vertrek; Die reisigers sou gereed gewees het om te vertrek.*

5.7. *Funksionele ontleding van lingeringstipes.* In die lingeringstipe:

*Die arbeiders begin die lande ploeg,* word 'n realiteitsituasie beleef waarin die funksie *ploeg* van die funktorale saak *die arbeiders* in die beginstadium of aspekties inchoatiewe stadium van die ontplooiing daarvan beleef en gelogoseer word. Dit kan nie in die funksie *ploeg* self gelogoseer en gelingeer word nie omdat daar geen sintemiese of morfemiese middel daarvoor bestaan nie, daarom word *ploeg* deur 'n morfemaat gerig wat kragtens sy inseptiewe aktionsartigheid juis die inchoatiewe ontplooiingstadium lingeer, naamlik die funksielingemaat *begin.* Dit word nou die funktoraal beheerste en daarmee die situasiebepalende en -beheersende funksie wat funksioneel morfematies die funksie *ploeg* inchoatief rig en beheers: *begin* verbeur sy outonome bestaan en outonome logaliteit en word gerelegeer tot 'n funksiemorfemaat, terwyl *ploeg*, waarvan die funktorale bepaaldheid en beheerstheid nou deur *begin* oorgeneem en verrig word, tot blote logaliteitbepalende en -beheersende funksielingemaat gerelegeer word; dit is onthef van sy funktorale, d.i. persoonsmatige en getalsmatige gebondenheid, dus wesentlik ook

daar dat dit in die modaal infinitiewe vorm gelingeer word. Omdat *ploeg* aktionsartig relasief is, vereis dit 'n funktumale komplement wat eksplisiet gelingeer word: *Die arbeiders begin die lande ploeg* of funksioneel implisiet gelingeer word: *Die arbeiders begin ploeg.* Selfs in sy infinitiewe vorm is die funksielingemaat implisiet betrokke op 'n funktorale saak en, waar dit aktionsartig vereis word, soos hier, op 'n funktumale saak.

Dit is duidelik uit die voorbeelde dat die wedersydse betrokkenheid tussen die funktoraal beheerste funksiemorfematiese element *begin* en die logaliteitbeheersende, infinitiewe funksielingematiese element *ploeg* so eng en verweef is dat hulle tot funksiesintagmatiese eenheid vergroei sonder die aanwending van die infinitief-rigtende en -strukturerende modale morfemaat *te;* vergelyk bv. Ndl. *De arbeiders beginnen te ploegen* en Eng. *The labourers begin (start) to plough.* Dit lyk my dat alleen om emfatiese redes en duidelikheidshalwe die konstruksie: *Die arbeiders begin te ploeg* aangewend word. Die lingeringsvorm met *te* het 'n gestrekter inchoatiewe aspek, dus 'n kontinuïtiewe aspek, kragtens die onbepaald kontinuïtiewe aspek van die infinitief: *begin ploeg* is aspekties momenteel-inchoatief en modaal realitief, en *begin te ploeg* aspekties inchoatief-kontinuïtief en modaal realitief-infinitief gerig. In die lingeringsvorm: *Die arbeiders begin om te ploeg* rig die modale morfemaat *om* die funktoraal beheerste funksiemorfemaat *begin* emfaties en eksplikatief doelstellend op die infinitief *te ploeg,* sodat die funksiesintagmaat *begin om te ploeg* struktureel net so 'n funksiesintagmatiese, funktoraal beheerste eenheidsfunksie lingeer as: *begin ploeg, begin te ploeg;* aspekties is dit inchoatief-kontinuïtief, en modaal realitief-infinitief — realitief, omdat dit 'n werklikheid lingeer, infinitief, gerig deur die modale morfemaat *te* en modaal doelstellend gerig deur die modale morfemaat *om.* Die aktionsart is deurgaans relasief, funktumaal betrokke op *die lande,* selfs by implikasie: *Die arbeiders begin ploeg, Die arbeiders begin die lande ploeg/te ploeg/ . . . om die lande te ploeg.* Temporaal is almal by implikasie praesenties. Laat ons die hierbo gestelde prinsipes toepas op en toets aan enkele meer komplekse lingeringstipes, soos volg:

(1) *Die reisigers sou gereed gewees het om te vertrek* (vgl. Ndl. De reizigers zouden gereed geweest zijn te vertrekken). Die struktureel-funksionele ontleding is die volgende:

(i) Die logaliteitbepalende, -rigtende en -beheersende element

van die funksie is die infinitief-gelingeerde funksiesintagmaat *om te vertrek,* wat, kragtens die implisiete verbondenheid daarvan aan die funktoraal beheerste funksiesintagmatiese element *sou gereed gewees het,* hierdie element logaal en struktureel vervolledig en modaal doelstellend rig. Die *gereed maak* en *gereed wees* is voorbereidend, inseptief toegespits en doelgerig op die vertrek, die hoofsaak. Aktionsartig is *vertrek* absolutief-intensief: absolutief omdat dit nie funktumaal betrokke is en kan wees nie, en intensief, gerig deur die premorfeem *ver-* (vgl. *trek, betrek, onttrek,* ens.); aspekties is *om te vertrek* onbepaald, onbegrens kontinuïtief en temporaal onbepaald, ongelokaliseer, feitlik a-temporaal. Dit lingeer deur die modale sintagmaat *om te* doelstellend-eksplikatief die infinitiewe modaliteit, ofskoon dit implisiet betrokke is op die funktor *die reisigers.*

(ii) *Sou gereed gewees het* is situeel die deur die funktor, *die reisigers,* bepaalde, gerigte en beheerste sintagmatiese funksiemorfemaat, d.w.s. persoons- en getalsmatig bepaalde, aspekties bepaalde, temporaal bepaalde en modaal bepaalde, wat die logaliteitrigtende en -beheersende infinitief *om te vertrek* morfematies rig, beheers en inkorporeer t.o.v. al die funktoraal beheerste funksies van persoon, getal, aspek, tempus en modaliteit.

(iii) Die sintagmaties gestruktureerde funksiemorfemaat *sou gereed gewees het* word logaal bepaal en gerig deur die toestandslingemaat *gereed,* aktionsartig eksistief gestruktureer deur die eksistief *gewees het;* dit word aspekties gerig deur die potensief-okklusiewe: *sou gewees het,* wat modaal die irrealitiewe, die moontlike, die veronderstelde, die vermoedelike logeer en lingeer.

Dus is die funksionele ontleding van die gelingeerde belewingsituasie soos volg:

funktor: *Die reisigers,* derde persoon, meertallig;

funksie: *sou gereed gewees het om te vertrek; om te vertrek* die infinitiewe, doelrigtende, logaliteitbeheersende element; *sou gereed gewees het,* die funktoraal beheerste, sintagmatiese funksiemorfemaat, bepalend, beheersend en inkorporerend gerig op *om te vertrek,* wat doelstellend betrokke is op: *sou gereed gewees het;*

aktionsartig: eksistief-absolutief-intensief: eksistief, gerig deur *gereed gewees het;* absolutief, logaal nie vermoontlik deur 'n funktumale komplement nie; intensief, logaal gerig deur die premorfemies gestruktureerde *vertrek;*

aspekties: potensief-okklusief: potensief gerig deur die potensiewe *sou,* okklusief deur *gereed gewees het;*

onderstelling deur die modaal irrealitiewe funksiemorfematiese vorm *sou* van die potensief *sal,* en die infinitiewe modaliteit gerig deur die modale morfemate *om te.*

(2) *Pa het die osse gevoer om (hulle) te verkoop.*

(i) Ook hier is die infinitief-gelingeerde funksiesintagmaat *om te verkoop* die logaliteitbepalende en -beheersende element in die sintagmatiese geheelstruktuur van die sintagmatiese funksie: (Pa) *het gevoer om te verkoop (die osse/hulle); om te verkoop* vervolledig die funksie *het gevoer* in die logale gerigtheid daarvan doelstellend, en so word dit funksioneel en ook kragtens die implisiete betrokkenheid daarvan op die funktor *Pa* (dis tog Pa wat wil verkoop) as logaliteitbeheersende element in die geheelstruktuur van die sintagmatiese funksie geïnkorporeer. Immers: *Pa het die osse gevoer,* as selfstandige, volledige entiteit, logeer iets anders as *Pa het die osse gevoer om hulle te verkoop.* Die *voer*-funksie van Pa is logaal en inkorporerend gerig op die uiteindelike *verkoop*-funksie. Aktionsartig is *verkoop* relasief deurdat dit 'n vermoontlikende funktumale komplement vereis *(hulle/die osse),* maar ook intensief, gerig deur die premorfeem *ver-* (vgl. *koop* × *verkoop; werk* × *verwerk),* daarom relasief-intensief; aspekties is dit onbepaald-kontinuïtief en temporaal onbepaald, a-temporaal. Dit lingeer die infinitiewe modaliteit omdat dit funktoraal onbepaald is en die modaliteit gelingeer word deur die doelstellende sintagmatiese modale morfemaat *om te.*

(ii) *het gevoer* is funksioneel die sintagmatiese funksiemorfemaat wat deur die funktor *Pa* persoons- en getalsmatig, aktionsartig, aspekties, temporaal en modaal bepaal, gerig en beheers word en wat deur die situele logale gerigtheid en morfematiese funksie die infinitief *om te verkoop* in die funksie inkorporeer en in die funktorale gebondenhede betrek; aktionsartig: relasief; aspekties: imperfektief (okklusief); temporaal: praeteritaal; modaal: realitief.

Dus:

funktor: *Pa:* 3e pers. enkeltallig;

funksie: *het gevoer om te verkoop: om te verkoop,* die infinitiewe eksplikatief-doelstellende, logaliteitbeheersende element; *het gevoer,* die funktoraal beheerste, sintagmatiese funksiemorfemaat, bepalend, beheersend en inkorporerend gerig op *om te verkoop* wat doelstellend betrokke is op *het gevoer;*

aktionsartig: relasief-intensief: relasief, vermoontlik deur die funk-

tumale komplement *hulle/osse*, intensief, bepaal deur die premorfeem *ver-* in *verkoop;*

aspekties: imperfektief, gerig deur *het ge-* in *het gevoer om te verkoop* — daar is geen middel wat dit lingeer dat die osse verkoop is en dat die „voer" afgeloop, voltooi is nie;

temporaal: praeteritaal — wat imperfektief verloop het, is by implikasie praeteritaal;

modaal: realitief-infinitief, lingeer 'n werklikheidsituasie, doelstellend bepaal en gerig deur die infinitief *om te verkoop.*

(3) Die lingeringstipe: *Pa het die osse gevoer om (hulle) te verkoop,* kan duidelikheidshalwe emfaties-eksplikatief ook gelingeer word: *Pa het die osse gevoer met die doel om/ten einde hulle te verkoop.* Die sintagmatiese funksie bly: *het gevoer (om) te verkoop,* maar die doelstellende gerigtheid van *om te verkoop* word nou emfaties-eksplikatief gerig deur middel van die sintagmatiese morfemate *met die doel om te* en *ten einde te.* Uit hierdie konstruksies blyk dit dat die modale sintagmate *met die doel* en *ten einde* die modale infinitiewe morfemate *te* en *om te* funksioneel inkorporeer en struktureer tot nuwe modale doelrigtende sintagmatiese morfemate, net soos *om* emfaties-eksplikatief die infinitiewe morfemaat *te* funksioneel inkorporeer en struktureer tot *om te.* Origens is die funksionele ontleding en interpretasie ten opsigte van aktionsart, aspek, tempus en modaliteit dieselfde as in (2).

(4) Voorgaande lingeringstipe kan nog weer gelingeer word:

A. *Pa het die osse gevoer sodat/opdat hy hulle kan (kon) verkoop;* en

B. *Pa het die osse gevoer omdat hy hulle wil (wou)/moet (moes) verkoop.*

In albei tipes het ons met tweeledige, afsonderlik funktoraal bepaalde en beheerste situasies te doen, naamlik 'n primêre: *Pa het die osse gevoer,* en 'n sekondêre, respektiewelik: *hy hulle kan (kon) verkoop* en *hy hulle wil (wou)/moet (moes) verkoop,* waarby die onderskeie situasies modaal op mekaar betrokke is en die betrokkenheid en gebondenheid deur modaliteitslingemate of modale morfemate bepaal, gerig en beheers word. In *Pa het die osse gevoer,* die primêre situasie, word die realitiewe modaliteit gelingeer in beide tipes A en B. In A word dit modaal direktief-eksplikatief gerig deur die modaal doelstellende morfemate *sodat/opdat.* Maar die „verkoop" is nog geen werklikheid nie, slegs 'n doel, 'n gerigte moontlikheid: daarom word *Pa* se *verkoop*-funksie as 'n moontlike gebeure potensief gerig deur die modaliteitslingemate *sodat/opdat*

*opdat,* die doelstellende irrealitiewe modaliteit. Ons moet net opmerk dat die aspekties kontinuïtiewe vorm *kan* in die sekondêre situasie die funksie *het gevoer* in die primêre situasie implisiet aspekties perfektief rig, dus implisiet temporaal praesenties, terwyl die aspekties imperfektiewe *kon* die primêre funksie implisiet aspekties òf imperfektief (as die osse nog nie verkoop is nie en nog gevoer moet word) òf okklusief (as die osse wel verkoop is) rig. In albei hierdie gevalle dus implisiet temporaal praeteritaal.

In tipe B word die realitiewe modaliteit direktief-eksplikatief gerig deur die modaal redegewende morfemaat *omdat.* Maar die rede kan 'n werklike, reële rede òf 'n veronderstelde, vermoedelike, voorgewende, moontlike of gewenste rede wees. In die eerste geval het ons dan 'n realiteitsituasie wat modaal realitief gelingeer moet word — soos in: *omdat hulle nie vet genoeg was nie* — 'n situasie wat 'n werklikheid, 'n feit konstateer. Dit lingeer dus 'n realitiewe modaliteit, gerig deur die modaal redegewende morfemaat *omdat.* In die tweede geval het ons die irrealiteitsituasie soos in: *omdat hy hulle wil/wou verkoop* (net 'n voorneme, 'n begeerte, 'n moontlikheid — die osse is nog nie verkoop nie — dus modaal irrealitief), en in: *omdat hy hulle moet/moes verkoop* (dalk nie kon verkoop het nie of nie hoef te verkoop het nie). Beide situasies lingeer dus die irrealitiewe modaliteit, gerig deur die modaal redegewende morfemaat *omdat* en irrealitief gelingeer deur die modaal irrealitiewe funksiemorfemate *wil/wou, moet/moes.* Ook hier moet opgemerk word dat die aspekties kontinuïtiewe *wil* en *moet* implisiet die primêre funksie *het gevoer* aspekties perfektief en temporaal praesenties rig, terwyl die aspekties imperfektiewe *wou/moes* dit aspekties imperfektief of okklusief en temporaal praeteritaal rig.

(5) Laat ons ook die volgende lingeringstipes van onderskeie belewingsituasies vergelykenderwys funksioneel ontleed:

A. *Hy was dom om die plaas te gaan staan en koop.*

B. *Hy was so dom om die plaas te gaan staan en koop.*

C. *Hy was so dom dat hy die plaas gaan staan en koop het.*

In A en B het ons enkelledig gestruktureerde lingeringstipes waarvan die funktoraal beheerste sintagmatiese funksie is: *was dom om te gaan staan en koop.* Die logaliteitbepalende, -rigtende en -beheersende struktuurelement hierin is die infinitiewe funksiesintagmaat *om te gaan staan en koop,* wat logaal en funksioneel betrokke is op die funktoraal beheerste sintagmatiese funksiemorfemaat *was*

*dom* waardeur dit, ook kragtens die impliserende en antisiperende logale gerigtheid van *was dom,* in die funksiesintagmaat geïnkorporeer word en so in die funktorale bepaaldheid en gebondenheid betrek word — implisiet is dit tog die funktor *hy* wat „gaan staan en koop". Die infinitief *om te koop* is die logaliteit-dominerende struktuurelement, aktionsartig relasief gerig op die vermoontlikende funktumale komplement *die plaas,* en aspekties ingressief-okklusief bepaal en gerig deur die sintagmatiese funksiemorfemaat *gaan staan.* In die sintagmatiese funksiemorfemaat *was dom* word die toestands- of hoedanigheidselement *dom* as die logaliteitbepalende element funksielingematies aktionsartig eksistief gestruktureer deur die eksistiewe funksiemorfemaat *was.* So is dan die sintagmatiese funksie: *was dom om te gaan staan en koop* gestruktureer, terwyl die dominant-logerende *koop* funksioneel deur *en* modaal gelykstellend betrokke is op en geïnkorporeer is in die modaal infinitiewe *om te gaan staan en koop.* B en C word graadbepalend deur die vergelykende modaliteitslingemaat *so* modaal gevolgstellend gerig en gelingeer. In C onderskei ons 'n tweeledig gestruktureerde lingeringstipe wat dieselfde situasie as B lingeer, naamlik 'n primêre lid: *Hy was so dom,* en 'n sekondêre: ... *dat hy die plaas gaan staan en koop het.*

'n Afsonderlike struktureel-funksionele ontleding van elk bied ons die volgende:

A. In die belewingsituasie soos in A gelingeer is die funksie van die funktor *Hy* dus: *was dom om te gaan staan en koop.* Normaliter is *Hy* nie (altyd) *dom* nie. Daarom moet die okkasionele *dom*-wees redegewend geëkspliseer word. In die situele logale gerigtheid impliseer en antisipeer *was dom* 'n rede, 'n oorsaaklike faktor of situasie wat die *dom-wees* bewerkstellig, m.a.w. dit is logaal-funksioneel gerig op 'n verduidelikende redestelling. Een middel waaroor die taalmaker beskik, is om die redelingerende funksie *koop* onbepaald, infinitief te rig deur middel van die infinitief-rigtende en -strukturerende, logaal op die rede gerigte sintagmatiese morfemaat *om te,* dus:

*(Hy) was dom om te gaan staan en koop:*

aktionsartig: relasief, vermoontlik deur die funktumale komplement *die plaas;*

aspekties: ingressief-okklusief: ingressief gerig deur die aspektiese funksiemorfemaat *gaan* en okklusief deur die funksiemorfemaat *staan,* in hulle gerigtheid op *koop;*

temporaal: praeteritaal — by implikasie en na die vorm *was;*

modaal: realitief-infinitief: lingeer 'n werklikheid in die infinitiewe redegewende gerigtheid daarvan, en realitief: die plaas is gekoop.

moontlikheid word gelingeer.

B. In die funktoraal beheerste funksie van B word 'n vergelykende situasie gelingeer: *was so dom*. Die vergelykende, logale gerigtheid impliseer en antisipeer die gevolg wat resulteer uit die vergelykend gerigte funksie, wat ekspliserend daarop gerig en betrokke is en wat die logaliteitbeheersende infinitiewe funksie *koop* gevolgstellend bepaal en rig. Die middel hiervoor is dieselfde as die vir die redegewende gerigtheid, naamlik om die deur die modale morfemaat *so* gevolgstellend-gerigte funksie *koop* infinitief te rig deur middel van die modaal infinitiewe sintagmatiese morfemaat *om te*, aldus: *was dom* (so, in die mate) *om te gaan staan en koop*. Hier word die gevolg as 'n werklikheid gelingeer (situeel en logaalfunksioneel is die plaas gekoop), daarom is die modaliteit, ekspliserend-gevolgstellend, realitief-infinitief. Ten opsigte van aktionsart, aspek en tempus is daar geen verskil van die in A nie. Die verskil tussen A en B is dít dat die funksie in A modaal ekspliserend redegewend en in B modaal ekspliserend gevolgstellend gerig is. Albei is modaal realitief-infinitief. Ons moet net daarop wys dat die ekspliserend gevolgstellende infinitiewe element kragtens sy betrokkenheid op en beheerstheid deur die funktoraal beheerste morfematiese element ook modaal irrealitief gerig word indien laasgenoemde irrealitief gelingeer word, bv.: *Miskien is hy so dom/Hy is moontlik so dom om die plaas te gaan staan en koop* — modaal irrealitief gerig deur die modaliteitslingemate *miskien* en *moontlik*, dus irrealitief-infinitief.

C. In die in C sinsmatig tweeledig gestruktureerde lingeringstipe word 'n primêre, funktoraal beheerste situasie: *Hy was so dom*, en 'n sekondêre, funktoraal beheerste situasie: ... *hy die plaas gaan staan en koop het*, onderskei, d.w.s. 'n hoofsin en 'n daardeur beheerste en daarvan afhanklike, ondergeskikte bysin. Die primêre is logaal graadvergelykend deur *so* (dom) bepaal en gerig, waardeur 'n ekspliserende gevolg geïmpliseer en geantisipeer word. Die gevolg van die „so dom-wees" is die „koop van die plaas". Hieruit volg dat die primêre dus die oorsaaksituasie van die sekondêre gevolgsituasie lingeer, dus modaal 'n oorsaak-gevolg-situasie: die primêre is funksioneel oorsaaklik gerig op die sekondêre en die sekondêre gevolgstellend betrokke op die primêre. Hierdie wedersydse oorsaaklik-gevolgstellende betrokkenheid en gebondenheid is 'n modaliteitsbetrokkenheid en -gebondenheid. Dit word gelingeer

deur die vergelykend graadbepalende modaliteitslingemaat *so* en die ekspliserend op die gevolg gerigte en gevolgstellende modaliteitslingemaat *dat: so* (dom) ... *dat* (... gekoop het). Struktureel-funksioneel het ons dan die volgende:

(i) die primêre funksie: *was (so) dom:*

aktionsartig: eksistief-absolutief: eksistief morfematies gerig deur die eksistiewe *was;* absolutief, kan nie funktumaal betrokke wees nie;
aspekties: okklusief — die gevolg is reeds daar;
temporaal: praeteritaal, by implikasie en na die vorm *was;*
modaal: realitief — lingeer 'n werklikheid, oorsaaklik gerig op die sekondêre, gevolgstellende situasie.
*so:* graadvergelykende modale lingemaat, funksioneel gerig op die gevolgstellende modale lingemaat *dat;*
*dat:* gevolgstellende modale lingemaat.

(ii) die sekondêre funksie: *gaan staan en koop het.*

aktionsartig: inseptief-relasief; relasief funktoraal gerig op die vermoontlikende funktumale komplement — *die plaas;* inseptief, morfematies gerig deur die funksiesintagmatiese *gaan staan;*
aspekties: okklusief: verloop van koop-funksie is voltooi; gestruktureer met aspektiese morfemaat *het;*
temporaal: praeteritaal, by implikasie en kragtens betrokkenheid op *was dom;*
modaal: realitief: lingeer 'n werklikheid, gevolgstellend eksplikatief gerig deur modaliteitslingemaat *dat* en betrokke op *was so dom.*

5.8. *Lingale funksies van die infinitief*

(a) Weens die onbepaaldheid, die infinitiewe gerigtheid, die ongebondenheid daarvan het die infinitief die potensialiteit om vir 'n verskeidenheid lingale funksies aangewend te word — mens kan sê dat dit 'n groot lingale rekbaarheid en plastisiteit besit. Uit die voorgaande behandeling en die struktureel-funksionele ontleding van toeligtende en toetsende voorbeelde blyk dit duidelik dat die infinitief in drie lingeringsvorms aangewend word, t.w.:

(i) in 'n vorm sonder die infinitief-rigtende morfemaat *te* of die sintagmatiese direktief-infinitiewe morfemaat *om te,* bv. *Heeldag swem/in die water boer is nie gesond nie; Hy kan/wil/moet/sal/durf/probeer/bly/gaan swem; Werk is bid; Die kinders kom luister; Ons gaan eet; Ek sien hom loop/ruik die modder stink/hoor die weer dreun/voel die son steek; Die kind begin/bly/is aan die huil; Die*

(ii) in 'n vorm gerig deur die infinitiewe morfemaat *te*, bv. *Jan het baie te leer/te doen; Wat staan my nou te doen; Heeldag te swem/in die water te boer is nie gesond nie.* (In enkele reliktiese vorme ontmoet ons nog die infinitiewe postmorfeem *-e*, bv. *Hy sal dit te hore kom; Daar is nie veel te siene/te doene nie; Jy moet nie so te kere gaan nie);*

(iii) in 'n vorm gerig deur die direktief-infinitiewe, bestemdheidsrigtende sintagmatiese morfemaat *om te*, bv. *Om te swem is gesond; Hy het vergeet om te bel; Ek waarsku jou om dit nie te doen nie; Hy vrees om van die moord beskuldig te word; Hy is bang om huis toe te gaan; Om te werk is om te bid; Hy het osse om te verkoop; Ek het ore om te hoor, oë om te sien; Om vry te lewe is ons wens.*

In parr. 5.3, 5.4. het ek reeds die ontwikkeling van die vorme uit die oorspronklik slegs morfemies gestruktureerde en gerigte vorme en hulle onderskeie funksies uiteengesit, in 5.5. hoe die infinitief deur funksiemorfemate aspekties gerig en gestruktureer word en in 5.6. die verskille tussen die logale en aspektiese funksies van die onderskeie vorme.

(b) In die verskeie vorme kan die infinitief die volgende funksies in die sinskonstruksie verrig sonder om sy funksiesoortlikheid of funksielingematiese soortlikheid te verbeur:

(i) *funktoraal: Spreek (spreke) is silwer, swyg (swye) is goud; Werk/om te werk maak mens gesond en sterk; Om so te keer (kere) te gaan strek jou nie tot eer nie; Om heeldag sakke mielies te dra vermoei mens; Na goeie musiek te luister verkwik die vermoeide gees; Werk en dink en leer is lewe; Om skape op te pas verveel hom; Om vry te lewe is ons wens, om vry te sterwe is ons hoop.* (Ek het reeds daarop gewys dat die tradisionele logisisties-kategoriese interpretasie dat as 'n infinitief die „onderwerp" of die „lydende voorwerp" van 'n sin is, dit dáárom dan 'n „naamwoord" is of „die betekenis van 'n naamwoord" het, lingologies (en logies) onhoudbaar en onaksepteerbaar is. Waarom kan 'n infinitiewe funksie/funksielingemaat as sodanig nie self ook 'n funksie verrig nie? Dit is tog die werklike funksiegebeure van *swem* of van mielies *te dra* wat mens vermoei, nie 'n soort abstrakte ding nie).

(ii) *funktumaal: Julle moet kies òf tuisbly òf saamgaan/òf*

*(om) tuis te bly òf (om) saam te gaan; Ek kies tuisbly/(om) tuis te bly; Jan kies saamgaan/(om) saam te gaan;*

(iii) as logaliteitbepalende, -rigtende, -beheersende en -vervolledigende element in 'n funksiemorfematies of -sintagmaties gerigte funksie/funksielingemaat, veral, maar nie uitsluitlik nie, waar die funktoraal beheerste funksiemorfemaat 'n potensiewe, prospektiewe, inseptiewe, kinetiewe aktionsartige gerigtheid het vir die lingering van aspek en modaliteit, bv. *Hy kan/sal/moet/wil/durf/probeer die saak aanpak; Ek waarsku/bid/smeek/versoek/vra/soebat,* ens., *jou om die onderneming te laat staan; Ek hoop/bedoel/verwag/neem my voor om môre te vertrek; Die weer skyn te wil ooptrek; Die storie blyk van hom af te kom; Hy sien hom loop/hoor die klok slaan; voel die muskiete steek/ruik die modder stink; Piet bly neul en sanik; Jan begin skrywe/ te skrywe; Dit hou aan/op reën; Ek het ore om te hoor/osse om te verkoop; Hy gee my 'n pen om te skrywe; Pa voer die osse om te verkoop; Jan het die kar uitgestoot om te was.*

Ten opsigte van die laaste drie voorbeelde is die funktoraal beheerste funksies *gee, voer* en *het uitgestoot* morfematies direkterend en inkorporerend op die infinitiewe *om te skrywe, om te verkoop,* en *om te was* gerig, en die infinitiewe logaal en funksioneel vervolledigend op die logaliteit en funksiegerigtheid van die morfematiese funksies betrokke: *om te skrywe* is nie op *pen* of *Hy* betrokke nie, implisiet wel op *my* (ek moet skrywe), *om te verkoop* nie op *osse* nie (implisiet wel funktumaal), maar implisiet op *Pa* (hy moet verkoop) betrokke, en *om te was* implisiet op *Jan,* nie op *kar* nie, betrokke. Daarom is die funksies: *gee om te skrywe, voer om te verkoop* en *het uitgestoot om te was.*

(iv) Om verhoudings- of omstandigheidsituasies te lingeer, bv. *Piet het verdwyn sonder om iets te sê; Deur die salarisse te verhoog verbeter die Minister die onderwys; Alvorens die saak te bespreek, het hulle tot 'n vergelyk gekom; In plaas van/om sy werk te doen, loop hy rond en skinder.*

(v) As eksplikatiewe of omskrywende bepaling van 'n saak: *Die kuns om te skrywe leer mens geleidelik aan; Sy kanse om te leer swem is baie gering; 'n Kar om mee rond te kerjakker het ek nie beskikbaar nie.* (Die infinitiewe is nie betrokke op die funksies *leer, is baie gering* en *het beskikbaar* nie, maar respektiewelik op *kuns, kanse* en *kar,* dus anders as in *Die kinders leer om te skrywe, Hy leer om te swem* en *Hy is gewoond om rond te kerjakker met die kar).*

6.1. *„Grammatiese" onderskeiding.* In die klassisistiese, logies-kategoriese grammatika word, op grond van bepaalde vormverskille in die morfologiese stelsel van die funksielingemaat van die sintemerend-morfemerende tale Grieks en Latyn, 'n „grammatiese kategorie" onderskei wat gekarakteriseer word as die *genera verbi,* die sogenaamde *activum, medium* en *passivum.* Die onderskeiding is oorgedra in die grammatika van die Wes-Europese volkstale en toegepas by ontleding en beskrywing van die betrokke korrespondeende vorme van die funksielingemaat. Vir die kategorie is verskillende terme gebruiklik, o.a. *voix* in Frans (actif, passif), *voice* in Engels (active, (middle), passive), *vorm* in Nederlands (aktief/bedrijvend en passief/lijdend) wat so oorgedra is in die Afrikaanse grammatika en daarin gehandhaaf bly. Die historiese grammatika handhaaf die onderskeiding, interpretasie en terme, steunend op resultate van die histories-komparatiewe metode en van rekonstruksie, en pas dit toe by verklaring van die funksielingemaatstelsel. In die Linguistiek word die terme met hulle denotasies en konnotasies nog deurgaans gehandhaaf en op elke taal toegepas.

Weens die vormverskille by die funksielingemaat in verskillende verwante en nie-verwante tale en die verskil in middele om die sogenaamde „genera" te lingeer word die verskynsels volgens verskillende prinsipes verklaar — bv. volgens morfologiese middele, d.i. sintemiese/sintematiese, morfemiese/morfematiese, of volgens die sinskonstruksie ten opsigte van die funksionele betrokkenheid van die „subjek" of „objek" tot die funksie/funksiesintagmeem, of volgens die aktionsart van die funksie na gelang dit „onoorganklik" (absolutief) of „oorganklik" (relasief) is, na gelang die „lydende voorwerp" dan as „onderwerp" „passief/lydend" in die funksie betrokke is en die „oorganklike/transitiewe handeling" wel „ondergaan" maar nie self „bedryf" nie. Die onderskeiding tussen „aktief" en „passief" berus dus op die beginsel van „diathese", as 't ware 'n aspektiese voorgerigtheid of voorbestemdheid deur die funksielogaliteit. Daarom omskryf Marouzeau *(Lexique de la terminologie linguistique,* Paris, 1931, p. 241) die verskynsel soos volg: „On appelle *voix* en grammaire *(Diathesis/Voice/Voce)* un aspect du verbe (gr. diathesis, lat. genus), défini par la rôle qu'on attribue au sujet, suivant qu'il accomplit l'action (actif), qu'il la subit (passif), qu'il y est intéressé d'une certaine manière (moyen), etc. A ces différentes valeurs du verbe peuvent correspondre des systèmes de formes caractérisées par des désinences spéciales, actives, médio-

passives, passives". So 'n verklaring en omskrywing berus op 'n logisisties-grammatiese prinsipe, nie op 'n lingaal-funksionele nie. In die verskillende poginge om die onderskeiding van die verskynsels te verklaar en in die grammatika te handhaaf is 'n mate van teenstrydigheid, van onduidelikheid en selfs van verwarring onmiskenbaar. Grammatici en linguiste stuit op allerlei moeilikhede by verklaring en toepassing van die begrippe en relevante terme. Daar is tot nog toe geen bevredigende en algemeen aksepteerbare verklaring van die „kategorie" gegee nie, en by toepassing op verskillende tale word allerlei afwykinge en anomalieë ondervind. Dikwels is verklarings nie vry van 'n geforseerde en verwronge kunsmatigheid nie. Ter toeligting van die toestand wil ek verwys na die verklarings en interpretasies van enkele linguiste.

6.2. *Linguistiese interpretasies*

6.2.1. Brugmann *(Grundriss* II 3/2, bl. 583, IX. *Die Personalendungen.* 1. *Vorbemerkungen)* verklaar die verskynsel uit die „persoonsuitgange" aldus: „Durch die Personalendungen kam seit uridg. Zeit zweierlei zum Ausdruck, der Unterschied der drei Personen und der Unterschied der Diathesis, des Aktivs, und des Mediums. Für die passivische Diathesis gab es keine besonderen Personalendungen. Alle sogen. Passivformen des Verbum Finitum sind der Personalendung nach entweder Aktiv- oder Medialformen". Daar is dus geen passief in Indo-Europees rekonstrueerbaar nie. Dit het nie bestaan nie. Op grond van die „Personalendungen" word dan die aktief en die medium onderskei volgens die respektiewe „uitgange", 3 p. sg.: *-ti/-t* en *-tai/-to.* Die morfologiese ontleding en interpretasie van Brugmann is morfologies-funksioneel nie korrek nie: die sinteme („Personalendungen") vir die aktief 3 p. sg. is *-ti/-t* (vgl. **es-mi, *es-si, *es-ti; *s-mes/s-mos, *es-te, *se-nti/*bher-e-o, *bher-e-si, *bher-e-ti; *bher-o-mes/-mos, *bher-e-te, *bher-o-nti)* en ook vir die medium 3 p. sg. *-ti/-t,* terwyl die *-ai/-o* juis die postmorfeme is wat die „aktief" rig tot „medio-passiewe" funksie, m.a.w. die postmorfeme betrek die „aktiewe" funksie, soos deur die sinteem gerig, terugwerkend, refleksief of retrosiperend op die funktor self. Om dit toe te lig: Die funksie *opvoed* is 'n relasiewe funksie wat ontstaan uit en vermoontlik word deur 'n bepaalde funksieverhouding, 'n funktor-funktumverhouding: *Hy voed sy kind op.* Maar die funktor self kan in die funksie betrek word in funktumale hoedanigheid omdat die logaliteit en funksiegerigtheid van *opvoed* dit moontlik maak; dus: *Hy voed homself op.* Hierdie funktumbetrokkenheid van die funktor self word deur die postmorfeem *-ai, -o* gelingeer — vgl. Grieks *paideuetai,* Hy voed homself op, d.w.s. Hy word opgevoed. Die medium

*kind* as „aktief” moet onderskei teenoor *Ma was haarself* as medium of mediopassief. Tog ’n logisistiese spitsvondigheid.

Om my interpretasie dat *-ai/-o* postmorfeme is wat die funktor self in funktumale hoedanigheid in die funksie betrek, te onderskraag, wys ek daarop dat die *-ai/-o* telkens postmorfemies aan die kontinuïtiewe sintagmeem gevoeg word, bv. sinteme: *-mi, -si, -ti, -nt/-s, -t, -nt* teenoor die morfemies gerigte *-m-ai, -s-ai, -t-ai, -nt-ai/-s-o, -t-o, -nt-o* (vgl. Brugmann, a.w., par. 501, (2)).

In my aktionsartige onderskeiding en lingologiese interpretasie van die relasiewe (vgl. hfst. III, par. 2.3. en hfst. IV, par. 6.6. en veral par. 6.6.5.) het ek reeds daarop gewys dat ons hier met relasiewe te doen het en daarom die tradisioneel-grammatiese onderskeiding en interpretasie van „wederkerende” en „wederkerige werkwoorde” nie kan aanvaar en handhaaf nie. En hiermee kom die onderskeiding en interpretasie van die sg. medium, mediopassief en gevolglik die passief in die gedrang: Is *Ma* as „subjek” in die eerste sin „aktief” doenig omdat sy *die kind* was, maar in die tweede as „subjek” mediaal-passief doenig omdat sy *haarself* was? So ’n interpretasie is nie vry van ’n geforseerde kunsmatigheid nie.

Van besondere belang is Brugmann se vermelding in par. 500 van die „r-Formantien” in o.a. Italies — bv. 3 p. plur. Lat. *sequo-nt-ur* — waarop ek later sal terugkom — wat hy as ’n „medium-vorm” beskou.

6.2.2. In sy uiteensetting van die „passief” *(Philosophy of grammar,* London, 1924, p. 164) begin Jespersen om daarop te wys dat dieselfde belewingsituasie op twee verskillende wyses gelingeer kan word deur middel van verskillende funksielingemate met teenstellende logaliteit, bv. „A precedes B = B follows (succeeds) A”, na gelang die situasie gelingeer word vanuit die gesigspunt of A dan wel B die funksie verrig. ’n Derde moontlikheid is dat die situasie in die ‚passief’ („passive turn”) gelingeer kan word: „B is preceded by A” (of: „A is followed (succeeded) by B”). Hiermee stel hy die fundamentele beginsel waarvolgens hy die aktief en die passief onderskei: „Here what was the object in the active sentence is made into the subject, and what was the subject in the active sentence is expressed either by means of a prepositional group. . . . or in some languages simply by means of some case form . . .” Die verklaring is so logisisties-grammaties volgens die naïewe waarneming dat Jespersen dit deur ’n matematiese formule toelig. Maar

dit is nog geen taalmatige verklaring nie. Lingologies gesien is dit nie veel helderder as die dogtertjie van sy anekdote se verklaring nie. Teen die tradisionele terme „voice", „genus" het hy beswaar en vervang dit met die term „turn": „active and passive turn" — maar 'n blote termverandering met volgehoue handhawing van die tradisionele terme *aktief* en *passief* met hulle grammatiese konnotasies en denotasies bring ewe min helderheid. Jespersen wys verder op die verkeerde begrippe omtrent en verkeerde interpretasies van wat aktief en passief volgens die logaliteit en gerigtheid van die funksielingemaat is en vind 'n oplossing in die onderskeiding van „syntactic and notional categories". En dan stel hy sy onderskeidingsnorm: „Whether a verb is syntactically active or passive depends on its form alone". Ofskoon dieselfde situasie met funksielingemate wat verskillende logaliteit besit, gelingeer kan word, is daar niks in die logaliteit self (Jespersen noem die logaliteit „idea") wat 'n funksie/funksielingemaat tot aktief of passief stempel nie. „And yet", vervolg hy, „we may speak of 'active' and 'passive' as *notional* as well as *syntactic* categories, but only as applied to the meaning of each verb separately, and — what is very important — *only in case of a transposition of the relation of the subject (and object if there is one) to the verb itself"*. Situasies soos „Jill is loved by Jack" en „Es wird getanzt" is albei „notionally as well as syntactically in the passive, because the subjects are different from those in „Jack loves Jill" and „sie tanzen" ". Maar in ander gevalle is daar nie ooreenstemming tussen „the syntactic and the notional active and passive" nie.

Om hierdie laaste toe te lig gee hy die voorbeelde: *„He sells the book"* en *„The book sells well"*, wat hy dan respektiewelik onderskei as „a notional active" en „a notional passive". Hierdie verskynsel het ek reeds behandel in hfst. IV, par. 2.2. en parr. 6.5. en 6.6. in verband met die meervlakkige potensialiteit van die funksielogaliteit en die aktionsartonderskeiding van die absolutiewe en die relasiewe. Op grond van my uiteensetting daar is hierdie interpretasie van Jespersen onaanvaarbaar. Ons het hier nie met *genus, voice, turn, vorm, aktief* of *passief* te doen nie, maar puur en simpel met logaliteitsverandering, verandering in funksiegerigtheid kragtens die funktorale gebondenheid van die funksie/funksielingemaat en die meervlakkige potensialiteit van die logaliteit daarvan wat aktionsartverskuiwing meebring, bv. (om Jespersen se eie voorbeelde, gewysig en aangevul, te gebruik):

(1) *Engeland het die Vryheidsoorlog begin:*

*het begin:* aktionsartig: relasief-effektief: gerig deur *begin* op die

temporaal: praeteritaal, wat okklusief is, is implisiet praeteritaal;
modaal: realitief — lingeer 'n feitelike gebeure.

(2) *Die Vryheidsoorlog het begin* (in Oktober 1899):

*het begin:* aktionsartig: absolutief (m.i. selfs met opheffing van die effektiewe funksie van *be-);*
aspekties: okklusief (afgeloop in Oktober 1899);
temporaal: praeteritaal — by implikasie (deur die tydsmoment bepaal en gelokaliseer);
modaal: realitief — lingeer 'n werklikheidsgebeure.

(3) *Die Vryheidsoorlog is deur Engeland begin:*

*is begin:* aktionsartig: eksistief-absolutief: absolutief: die logaliteit-beheersende lingemaat *begin* nie gerig op 'n funktumale komplement nie; eksistief: morfematies deur die eksistief *is* gerig as 'n bestaande en aanvaarde feitelikheid;
aspekties: kontinuïtief (hoe relatief die „begin" ook al mag geduur het);
temporaal: praesenties na die vorm en by implikasie: as feit in die teenwoordige geprojekteer;
modaal: realitief — lingeer wat as werklikheid aanvaar word.

(4) *Die Vryheidsoorlog is deur Engeland begin geword* (hoe ongewoon die lingeringstipe ook al mag wees):

*is begin geword:* aktionsartig: eksistief-inseptief-absolutief: inseptief gerig deur die inseptiewe morfemaat *geword* tot inseptiewe sintagmaat *begin geword;* lingeer 'n proses van gebeure, 'n gebeure in sy afwikkeling van 'n aanvangsmoment af; eksistief gerig deur die eksistiewe morfemaat *is;*
aspekties: kontinuïtief: afloop onbepaald;
temporaal: praesenties na die vorm *is,* geprojekteer in die teenswoordige;
modaal: realitief: lingeer 'n aanvaarde werklikheid.

In al hierdie lingeringstipes is die „subjekte" ewe aandadig aan die betrokke funksie, hulle is ewe „originerend, inisiërend, aktiverend en aktualiserend" by en in die funksie betrokke. En hiermee kom ook Jespersen se „turn" en sy onderskeiding van „notional and syntactic categories" in die gedrang. Dit is 'n logisistiese ontwyking van die eintlike probleem, nie 'n aanvaarbare oplossing nie.

6.2.3. Vendryes *(Language,* p. 102) onderskei die kategorie „voice" op dieselfde tradisionele, sintaktiese, grammatiese beginsels as Jespersen: „What we understand by *voice* is a kind of aspect of the verbal action in relation to the subject, according to whether we consider the action as being performed by the subject, expressed by him, or performed in his interest, with his participation". Tog het hy ook bedenkinge teen die onderskeiding: „The category of *voice* is even more ill-defined" (than the category of tense), en „The distinction between the active and passive verb in most Indo-European languages, is illusory, because the passive is scarcely ever the inverse of the active". Aan die hand van voorbeelde, o.a. uit Grieks, Latyn en Frans, wys hy op teenstrydige en verwarrende verklarings en toepassings van die begrippe ‚aktief' en ‚passief' t.o.v. sekere vorme van die funksielingemaat — alleen omdat dit konvensie is. Hyself interpreteer bv. Latyn *vapulo* as passief, omdat dit *vertaal word* as 'n sogenaamde passief: *I am beaten* (Jespersen: *I am thrashed),* Afrikaans sou wees: *Ek word geslaan,* terwyl dit eintlik logeer: *Ek skreeu* (dus „aktief") *soos een wat slae ontvang* (ook „aktief")/*Ek ontvang* („aktief") *slae* en vandaar: *Ek word slae toegedien/Ek word geslaan.* Dus *vapulo* en soortgelykes hoef nie logaal „passief" te wees en formeel „aktief" nie. Uit sy ontleding van relevante vorme kom Vendryes onvermydelik tot die gevolgtrekking „that we can see that the distinction between the active and passive categories rests on a very slight basis". Desondanks bly hy in gebreke, selfs met sy onderskeiding van reseptiewe en affektiewe elemente, om die vormverskynsels volgens stewiger, d.w.s. lingaal-wesentlike, lingaal-funksionele prinsipes te verklaar.

6.2.4. Maar om nader tuis te kom. Meyer de Villiers bespreek in sy *Woordsoorte, werkwoorde en tye* (Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1948, bll. 71—74) die *Lydende Vorm* en opper al dadelik 'n beswaar teen die tradisionele opvatting „dat die Lydende en Bedrywende Vorm teenoor mekaar staan as dié twee vorme van die ww.", deur daarop te wys „dat dit duidelik is dat nie alle wwe. in so 'n indeling kan inpas nie, want volgens tradisie is dit hoofsaaklik — of alleen — oorganklike wwe. wat in albei vorme voorkom, en staan die onoorganklike wwe. buite die indeling". Dan verklaar hy kategories: „Sowel uitgangspunt as indeling is onjuis en verdraaid".

Om sy oordeel te staaf noem hy dan drie gronde:

Eerstens: „is die passief slegs een uit 'n menigte reksieverhoudings in die Wes-Europese tale". Hy beskou dit in Afrikaans dan *„as verwant aan onpersoonlike konstruksies met „dit" en „daar",*

indeling die toets van juistheid en nie-verdraaidheid kan deurstaan. Is sy interpretasie van sy voorbeelde nie willekeurig en geforseerd-kunsmatig nie? Staan bv. die „onpersoonlike" *Dit lag en gesels* nie veel nader aan: „Hulle lag en gesels" as aan „Daar word gelag en gesels" nie? Daarby is daar beslis geen „passiwiteit" in „Dit lag en gesels" nie, en ewe min in „Daar word gelag en gesels" — nie na die vorm nie en nie na die lingale funksie nie: die eerste is 'n aspekties kontinuïtiewe sintagmatiese ontotief en die tweede 'n aspekties kontinuïtiewe sintagmatiese inseptief-ontotief (vgl. hfst. III, par. 2.4. en hfst. IV, parr. 6.2. en 6.13.). In *Daar word gelag en gesels* is die versweë ontotiewe funktor van geen belang nie — dit gaan alleen om die ontotiewe gebeure wat tog êrens in die tydruimtelikheid moet plaasvind — dít kan nie vermy word nie en vandaar die *daar*. In *Die geweer hanteer maklik* is geen passiwiteit en ewe min „usurpasie" — dis 'n geval van aktionsartverandering van 'n relasiewe logaliteit (Hy hanteer die geweer met gemak) tot 'n absolutiewe logaliteit, nes bv. in *Ma bak brood* en *Die brood bak in die oond;* in *Die geweer kan maklik gehanteer word* het ons te doen met 'n potensief-inseptiewe gerigtheid van *hanteer* tot 'n aktionsartige potensief-inseptief-absolutiewe funksiesintagmaat: *kan* rig *gehanteer word* morfematies potensief, en *word* rig *gehanteer* morfematies inseptief.

As De Villiers op Jespersen steun vir sy verklaring van „verwantskap tussen passiewe konstruksies en die onoorganklike gebruik van neutrale wwe." (as daar hoegenaamd so iets soos „neutrale wwe." kan bestaan), dan steun hy, wat die „passief" betref, op bra wenkelrige fondament, ondanks die beweerde „uitstekendheid" van die fondament, want die verskillende gebruike van *verander* het niks met „aktiwiteit" of „passiwiteit" te doen nie. Dié interpretasie berus op die illingale, logisisties-grammatiese tradisie van „oorganklikheid van die ww. op 'n objek" en dat die „objek" as „subjek" dan „onderganed", d.w.s. „lydend", in die funksie betrokke is. Maar dit is bloot 'n saak van meervlakkige potensialiteit van die funksielogaliteit of aktionsartigheid soos bepaal en beheers deur die betrokke funktor:

*Hulle verander elke dag hulle planne:* iteratief-relasief;

*Hulle planne verander elke dag:* iteratief-absolutief;

*Hulle planne word elke dag verander:* iteratief-inseptief-absolutief.

Die verskille het werklik niks met aktiwiteit of passiwiteit te doen nie. Al die „subjekte" is ewe aktief-fungerend in die funksie wat hulle origineer, inisieer en aktualiseer soos die taalmaker dit beleef, betrokke — die verskil is geleë in die logale aardlikheid, die aktionsartige gerigtheid van die funksie.

Wat die tweede beswaar betref, as Hermann Paul sou gesê het dat die verskil in funksielogaliteit en -gerigtheid geleë is in die aktionsart van die funksie soos wesentlik deur die betrokke funktor bepaal, gerig en beheers, dan kon die linguis hom beroep op die „teregtheid" daarvan. Anders is Paul se interpretasie „'n onjuiste en verdraaide", 'n mislukte logisisties-grammatiese interpretasie van verskynsels wat alleen taalmatig, taalfunksioneel verklaar kan word. Vir die komparativiste is dit nie moontlik om vir Indo-Europees 'n passief te rekonstrueer nie, m.a.w. — dis tog logies — die dogtertale het ook geen passiewe vorme gehad nie. Waar kom die „aktief" en „passief" dan vandaan as die dogtertale en oermoedertaal dit nie gehad het nie? Dit moes dus van buite die taal vandaan kunsmatiglik daarin gelê of „ingeïnterpreteer" word. Dit is dan ook begryplik dat daar tale sal wees met „reksietipes" wat hulle nie in die konvensionele, kunsmatige skema laat inpas nie.

De Villiers se derde beswaar: „Dit is onjuis dat passiewe konstruksies beperk is tot onoorganklike wwe." — so „staan dit geskrewe" op bl. 72 — vind ek onbegrypbaar. Selfs al sou „onoorganklik" 'n skryfvergissing wees, dan nog is die toeligtende voorbeelde nie „uitsonderinge" nie: *sing, dans, gaap, ingaan, praat, besluit oor* is (kan) almal relasiewe (wees). Met sy voorstel „dat ons die term en begrip „Vorm" moet skrap en vervang deur die begrip (en term?) „Reksie" ", los De Villiers net so min die eintlike probleem op as wat Jespersen dit met sy „turn" doen. Albei behou nog die tradisionele terme en begrippe „aktief" en „passief", wat eintlik die kernprobleem uitmaak. Wat moet gebeur, is dat ook die terme as logisisties-grammatiese ondinge totaal uitgeroei moet word.

Om saam te vat: uit die grammatiese en linguistiese literatuur is dit duidelik dat daar geen bevredigende, aanvaarbare en algemeen toepasbare verklaring van die sogenaamde verskynsels *vorm, voice, genus, aktief* en *passief* gegee kan word nie. Hulle is terme vir fiktiewe, logisisties-grammatiese invensies. Maar tog moet die onderskeibare — lingaal-funksioneel en morfologies onderskeibare — verskynsels verklaar word. Dit plaas ons onontwykbaar voor die taak om 'n lingologiese en taalfunksionele verklaring te probeer vind. Dit wil ek in die volgende onderneem in konsekwente aansluiting by en uitbreiding van wat ek reeds hierbo uiteengesit het.

ek aspek wesensaardlik onderskeidend afgebaken het, het ek dit gestel dat die belewing, die logosering en die lingering van aspek in die funksielingemaat wesensaardlik onvermydelik, onontwykbaar is, omdat dit wesentlik in die aktionsartigheid van die funksie geleë is, en dat die taalmaker spesifieke vorme skep of ontwikkel om deur middel van morfeme of morfemate spesifieke aspekte te lingeer, bv. Latyn: *am-a-r-e,* die onbepaalde, onbegrenste, „infinitiewe aspek; *am-a-ns,* die aspekties „kontinuïtiewe" partisipium; *am-a-t-u-s,* die „perfektiewe"/„okklusiewe" partisipium; *am-a-t-ur-u-s,* die „ingressiewe" partisipium; *am-a-t,* die kontinuïtiewe; *am-a-b-i-t,* die potensiewe, ens.

In hfst. IV, par. 6.19, het ek by die behandeling van die prospektiewe logaliteitsgerigtheid daarop gewys dat in Latyn die *-ur*-element inmorfemies aangewend word om relasiewe soos *ed-e-re,* om te eet, en *par-i-re,* om voort te bring, aktionsartig te rig en te struktureer tot inseptief-prospektiewe logaliteit in *es-ur-i-re* en *par-t-ur-i-re.*

In hfst. V, par. 1.4., het ek, by my onderskeiding en interpretasie van die ingressiewe aspek, die partisipiale sintagmeem *amaturus* in besonderhede funksioneel-morfologies ontleed en vasgestel dat die inmorfeem *-ur-* „niks anders as die aspekrigtende element kan wees om die *ingressiewe aspek* te lingeer nie". En verder: „funksioneel, d.i. lingologies gesien, is die struktuur met die inmorfeem *-ur-* dus wesentlik nie temporaal „futuraal" gerig nie maar wel aspekties ingressief, voorbereidend, aanleidend gerig op die aanvang en voortsetting of op die verwerkliking van die gestelde funksie". In par. 6.2.1. hierbo het ek verwys na Brugmann se vermelding van die *r-Formantien* o.a. in Italies en daaruit in Latyn die vorm *sequo-nt-ur* (sequu-nt-ur). Hierdie postmorfemiese *-ur* is klaarblyklik funksioneelmorfologies dieselfde as die inmorfemiese *-ur-* in *am-a-t-ur-u-s* en *fu-t-ur-u-s,* dus 'n aspektiese morfeem met ingressiewe, d.w.s. ook potensiewe, gerigtheid op die aktualisering van die funksie. By die funksioneel-morfologiese analisering van die infinitief (vgl. hfst. VI, par. 5.4.) het ek die *-r-morfeem* as die aspekties onbepaaldkontinuïtiewe morfeem onderskei. Dit lyk dus allesins geregverdig om die *-r-/-ur*-morfemiese struktuurelemente as funksioneel-morfologiese aspeksmorfeme te aanvaar. Brugmann se interpretasie (a.w., bl. 658, par. 603): „Die mit diesen Endungen versehenen Formen haben teils aktivische, teils mediale oder passivische Geltung", moet summier verwerp word. So iets is taalwesentlik, funksioneel-morfologies onmoontlik — dis alleen moontlik as die morfeme by alle

funksielingemate, eksistiewe, ontotiewe, absolutiewe en relasiewe, dieselfde aspek gelingeer het of die funksie aktionsartig rig.

6.3.2. *Die funksie van die morfemiese -r-/-ur in die Latynse sintagmeemstelsel.* In die ontwikkeling van die tale waarin die *-r-/-ur*-morfeem funksioneel aktief was, soos in Italies, is die aanwending daarvan uitgebrei tot dit in byvoorbeeld die Latynse finiete funksielingemaatvorme of funksiesintagmeme tot 'n vaste stelsel uitgebou is. Hierdie stelsel wil ek funksioneel-morfologies ontleed en interpreteer, uitgaande van die volgende premisse:

(i) dat mens deur vertaling dikwels moeilik presies kan weergee wat die oorspronklike presies logeer of wat presies die logaalfunksionele gerigtheid van die funksiesintagmeem is — bv. die aktionsartig relasiewe *am-a-t-ur* kan in Engels weergegee word met: He loves himself (vgl. Grieks: *luomai,* I loose myself, I am being loosed; *luetai,* He looses himself, He is being loosed), He is being loved, He is loved; in Afrikaans: He word bemin/gemin; Hy is bemind almal aspekties kontinuïtief, almal aktionsartig òf eksistief-absolutief òf inseptief-absolutief òf relasief; die absolutiewe ontotief *curritur,* Eng.: It is run, Someone runs, A race is run, A running is taking place; Afr.: Dit word gehardloop, Daar word gehardloop, 'n Hardlopery is aan die gang, Iemand (ek weet nie wie nie, maak ook nie saak wie nie) hardloop;

(ii) dat as die aspeksmoment van 'n funksie self as die funksie van 'n funktor geïsoleer en as sodanig as funksie outonoom gelingeer word, dan het ons met aktionsart te doen en die morfeem wat die aspek funksioneel gelingeer het, bv. die *-r-* in *am-a-r-e* en die *-ur-* in *am-a-t-ur-u-s,* word dan aangewend om die aktionsart op 'n morfologies onderskeidende wyse te rig soos bv. in *es-ur-i-re* en *par-t-ur-i-re* toegelig. 'n Analogiese geval het ons in Oud-Germaans (Goties), waar die premorfeem *ga-* by sommige funksielingemate aspektiese en by andere weer aktionsartige funksie het, of soos in Afrikaans, waar *ge-* in die perfektiewe/okklusiewe partisipium aspektiese funksie het, terwyl dit in *gedenk, genaak, gedra, gevoel, gebied, geraak,* byvoorbeeld, aktionsartig effektiewe funksie het: *Gedenk die siekes in julle gebede; Hy gedra hom goed; Hy geraak in die moeilikheid; Die onheil sal jou nie genaak nie,* ens.

As ons nou die Latynse sintagmeemstelsel waarop die tradisionele grammatiese kategorie van die „passief" gebaseer is, en op die vertaling en interpretasie waarvan die „passief" in die Wes-Europese tale oorgedra is, funksioneel-morfologies ontleed, vind ons hierdie verskynsel: die „passiewe" sintagmeme word in al die modi — „indikatief", „subjunktief" en „imperatief" — in die kontinuïtiewe,

middel van 'n inmorfemiese (by 2. p. singularis) of postmorfemiese *-r-* of *-ur*-element (behalwe by 2. p. pluralis), bv.:

realitief, kontinuïtief, praes.: *amo-r, ama-r-is, amat-ur; amamu-r* of *amam-ur, (ama-mini), amant-ur;*
realitief, potensief, fut.: *amabo-r, amabe(i)-r-is, amabit-ur; amabim-ur, (amabi-mini), amabunt-ur;*
realitief, imperf. praet.: *amaba-r, amaba-r-is, amabat-ur; amabam-ur, (amaba-mini), amabant-ur;*
irrealitief, kont. praes.: *ame-r, ame-r-is, amet-ur; amem-ur, (ame-mini), ament-ur;*
irrealitief, imperf. praet.: *amare-r, amare-r-is, amaret-ur; amarem-ur, (amare-mini), amarent-ur.*
imperatief, kont.: *ama-re, amato-r, amanto-r.*

Wat die perfektiewe/okklusiewe aspekte betref, die word gestruktureer in die realitief en irrealitief deur die perfektiewe/okklusiewe partisipium deur die korrelate sintagmeme van die eksistief *esse* te rig.

Funksioneel-morfologies gesien is dit duidelik dat die *-r-/-ur-* morfeme nie die funksie het om wat as „passief" onderskei en geïnterpreteer word, te lingeer nie, maar wel aangewend word om die funksie wat deur watter funktor dit ook al verrig word, te rig tot 'n aktionsartigheid waarin die funktor self eksistief of inseptief die funksie origineer, inisieer, aktiveer en aktualiseer, selfs as 't ware in sy eie funktoraal-funktumale betrokkenheid daarin, bv. *amatur,* Eng.: He loves himself; He is being loved; He is loved; Afr.: Hy min homself; Hy is homself minnend, Hy word gemin (vgl. ook hfst. IV, par. 6.6.4.). As iemand homself relasief min, dan kan, as die logaliteitsgerigtheid dit moontlik maak, iemand anders hom ook min en omgekeerd. Dit is dan ook verstaanbaar waarom die betrokke funksies uit relasiewe aktionsartig tot absolutiewe gestruktureer word, bv. *amatur/amantur: Janus Annam amat,* Jan bemin Anna × *Anna amatur,* Anna word gemin/is bemind; Anne is (being) loved; of uit absolutiewe tot ontotiewe, bv. *(Janus) currit,* (Jan)/Hy hardloop × *Curritur,* Daar/Dit word gehardloop, Iemand hardloop; *Laboratur,* Daar word gewerk; en ook relasiewe tot ontotiewe, bv. *Ludum ludit,* Hy speel 'n spel × *Luditur,* Daar word gespeel/'n Spel word gespeel.

6.3.3. *Die funksie van -a-/-au-morfeme in Goties.* Dit is hier die plek om daarop te wys dat Oud-Germaans (Goties) van 'n funk-

sioneel soortgelyke middel gebruik gemaak het om die funksie in die sintagmeem aktionsartig te rig, naamlik die morfeem *-a* vir die realitief en die morfeem *-u* om die realitief te rig tot die irrealitief: die sinteem *-th* van die sing., realitief, kontinuïtief, praesens in bv. *nim-i-th* word intervokalies stemhebbend tot *-d-* in die sintagmeem *nima-d-a*, en die *-d-* word analogies oorgedra in die eerstepersoonsintagmeem: *nimada*, Ek word geneem, of *haitada*, Ek word beveel, terwyl die lingemiese *-i-* analogies verdring word deur *-a-*, soos ook in 2. p. sing.; *nimis* tot *nim-a-z-a* (*-s-* word intervokalies stemhebbend); uit 3. pluralis kry ons *nim-a-nd-a*. Hulle word/is geneem. Die irrealitiewe, kontinuïtiewe, praesentiese sintagmeme ontwikkel tot die korrelate irrealitiewe, aktionsartig inseptiewe sintagmeme: *nim-ai-d-a-u, nim-ai-z-a-u, nim-ai-d-a-u, nim-ai-nd-a-u* (vgl.: *ei gasaihvaindau mannam*, opdat hulle deur mense opgemerk (= lett. raakgesien) mag word, en daarteenoor: *ei gasaihwandans waurthun*, opdat hulle raakgesien (mag) word). Die aktionsartig inseptiewe logaliteitsgerigtheid van Goties *waírthan* (waaruit *werden/worden* ontwikkel het) word duidelik gesien in die ontotiewe aanwending in bv.: *waírthith thus faheths*, Dit word/sal word vir julle vreugde, Vreugde sal (vir) julle geword/geskied, Julle sal vreugde hê/smaak; *ei uns waírthai thata arbi*, opdat vir ons dit mag geword die erfenis/die erfenis ons mag geword, opdat ons die erfenis mag hê/mag deelagtig word. Reeds in Goties is *wisan* en *wairthan* morfematies aangewend om eksistiewe en inseptiewe sintagmate te struktureer, bv. *gamēlith ist*, dit is geskrywe/staan geskrywe/is geskryf geword; *aththan izwara jah tagla haubidis alla garathana sind*, en selfs julle hare van die hoof is almal getel; *qam Jesus jah daupiths was fram Johannē*, En Jesus het gekom en was gedoop (geword) deur Johannes; *gaáiwiskōths waírtha*, Ek word skaam/beskaamd gemaak/sal skaam wees/skaam word; *sabbato in mans warth gaskapans*, Die sabbat is vir die mens gemaak (geword); *gamarzidai waurthun in thamma*, Hulle het aan (in) hom geërger geword.

Dit is opmerklik dat die enigste manier waarop die Latynse *-r-/-ur*-sintagmeme of die Gotiese *-a/-au*-sintagmeme vertaal kan word, dié is waar die eksistief *is/wees* en/of die inseptief *word* of ander inseptiewe (vgl. Eng.: *He gets/grows/becomes wild/angry; He grows old)* morfematies aangewend word om 'n aktionsartig eksistiewe of inseptiewe funksiesintagmaat te struktureer. Daarom is dit noodsaaklik dat ek die konstruksies funksioneel-morfologies interpreteer.

6.3.4. *Die aktionsartig eksistiewe en inseptiewe funksiemorfemate is/ wees en word.* In *Hy slaan die os* is *slaan* aktionsartig relasief

ment ewe aandadig betrokke is. Die funktor kan ook in hierdie geval self in funktumale hoedanigheid daarin betrokke wees: *Hy slaan homself.* Maar 'n situasie word ook beleef, en so geïnterpreteer en gelogoseer, waarin die funktumale, vermoontlikende komplement, *die os,* in sy aanleidinggewende, veroorsakende, aandadige betrokkenheid in die funksie *slaan,* die funksie self in hierdie betrokkenheid verrig, dit self op 'n bepaalde aktionsartige wyse origineer, inisieer, aktiveer en aktualiseer. Dit is alleen moontlik *as die aktionsartigheid van „slaan" verander word* — net soos bv. *bak* in *Ma bak brood* van relasief gewysig word tot absolutief in *Die brood bak in die oond* of tot inseptief in: *Die brood word gebak,* tot ontotief-inseptief in: *Daar word vandag gebak,* of tot eksistief: *Die brood is heerlik gebak;* of *werk* in *Hy werk hard* van absolutief tot effektief-relasief: *Hy bewerk die hout,* tot intensief-relasief in *Hy verwerk die hout.* Die enigste moontlikheid is om *slaan* waarin *die os* aandadig betrokke is, aktionsartig eksistief te rig deur die eksistief *is* morfematies aan te wend: *Die os is geslaan,* of aktionsartig inseptief deur die inseptief *word* morfematies aan te wend om 'n inseptiewe funksiesintagmaat te struktureer: *Die os word geslaan.*

Die verskil tussen die eksistiewe sintagmaat *is geslaan* en die inseptiewe sintagmaat *word geslaan* is hierin geleë: Deur die gebeure *Hy slaan die os* word 'n toestand ten opsigte van die funktum *die os* teweeggebring. In die situasie *Die os is geslaan* word die toestand as reeds bereik, reeds bewerkstellig, as voltooid (perfektief/okklusief), as verwesenlik, as bestaande, „eksisterend" belewe, en *die os* belewe as in die toestand verkerend, die toestand verrigtend, fungerend, m.a.w. *die os,* bestaande in die „geslaan-toestand", verrig dit eksistief as funksie — net soos *Die kind* in *Die kind is siek* die toestand van „siek wees", die „siektoestand" eksistief verrig: *is siek* is die funksie van die funktor *Die kind* — en dit kan alleen gelingeer word in die eksistief gerigte sintagmaat *is geslaan.* Daarom word die perfektiewe/okklusiewe partisipium *geslaan,* wat hier „hoedanigheids"- of „toestands"lingerende funksie het, morfematies gerig deur *is: geslaan* is lingaal-funksioneel betrokke op *is,* nie op *os* nie, net soos *siek* lingaal-funksioneel betrokke is op *is,* nie op *kind* nie. In *Die os word geslaan* is die funksie *slaan* nog kontinuïtief aan die gang, nog besig om plaas te vind, nog nie afgeloop, voltooid nie, die toestand van „geslaan te wees" nog nie bewerkstellig nie: dus kan *geslaan* hier nie die perfektiewe/okklusiewe partisipium of „verlede of voltooide deelwoord" wees nie. Die premorfeem *ge-* in

*is geslaan* het *aspekties* okklusiewe (perfektiewe) funksie. En omdat die morfemaat *word* in *word geslaan* die aspekties kontinuïtiewe funksie lingeer, kan die *ge-*, as dit, en in sover dit, wel aspektiese funksie mag hê, alleen emfaties die kontinuïtiewe aspek van *word* versterk. Maar is dit lingaal nodig? En moontlik? M.i. moet daar 'n ander verklaring wees vir die gepremorfemeerde funksiesintagmeem *geslaan* in *word geslaan*. En die verklaring is alleen te vind in die *aktionsartige* funksie van die oorspronklik aktionsartige premorfeem *ga-* soos ons dit in Oud-Germaans-Goties oorgelewer vind. Weens die belangrikheid daarvan is dit nodig om die lingaal-funksionele aanwending daarvan kortliks na te gaan.

6.3.5. *Aktionsartige funksie van Gotiese premorfeem ga-*. Dit is tradisie by alle beoefenaars van Goties om *ga-* as die „perfektiveringsmiddel" by uitnemendheid te beskou. Dit is 'n besonder aktiewe en produktiewe premorfeem met 'n hoë gebruiksfrekwensie by strukturering van funksielingemate, maar ook van saaklingemate, hoedanigheidslingemate en selfs van omstandigheidslingemate. 'n Ondersoeker soos Rice het, volgens Philip Scherer (vgl.: *The Theory of the function of the Gothic Preverb ga-, Word,* 20.2. p. 222), gevind dat uit 'n totaal van 5947 funksielingemaatafleidinge en komposita 2/5 daarvan met die premorfeem *ga-* gestruktureer is en die oorblywende 3/5 versprei is oor die 27 ander premorfeme. Die afleidinge met *ga-* is opvallend ook daarin dat bv. 7/10 van hulle met simplisia in Grieks korrespondeer, m.a.w. waarvan geen simplisia in Goties voorkom nie — die *ga*-afleidinge het dus die oorspronklike simplisia defunk gemaak en laat verdwyn. Weens sy hoë frekwensie en klaarblyklik veelvuldige funksies is dit geen wonder dat dit as „kleurlose aanvoegsel" gekarakteriseer is nie. Maar dit is inderdaad nie die geval nie. Die veelvuldige funksies van *ga-* maak dit klaarblyklik onmoontlik dat *ga-* beskou kan word as die aspektiese perfektiveringsmiddel ‚par excellence'. As in ag geneem word dat die funksielingemaat in Goties reeds die postmorfeme *-ns* (of net *-s?)* en *-ths* gehad het om die perfektiewe aspek by alle soorte funksielingemate te lingeer, selfs by momentiewe soos in *qumans, braggiths,* dan is die konklusie dwingend dat *ga-* hoegenaamd geen perfektief-aspektiese maar slegs 'n aktionsartige funksie gehad het wat 'n verskeidenheid funksielingemate tot verskeie aktionsarte gerig het. As die aktiewe perfektiverende morfeme *-ns* en *-ths* selfs by momentiewe aangewend word, waarom sou 'n nuwe morfeem geskep word om oorbodiglik dieselfde funksie te verdubbel? En as daar 'n funksielingemaat bestaan soos *ga-mainjan,* gemene saak maak met, deel hê aan; verontreinig, met aspekties imperfektiewe

*ga-gamainiths?* Klaarblyklik is dit onmoontlik dat *ga-* die hele sintagmeemstelsel aspekties kon perfektiveer. Dit sou alle ander aspekte uitskakel. Die premorfeem *ga-* kon dus niks anders wees as 'n lingale middel om funksielingemate aktionsartig, d.i. logaal-funksioneel onderskeidend te rig.

6.3.6. *Die funksies van die premorfeem ga- in Goties.* Die ontwikkeling van die premorfemiese aanwending van *ga-* werp lig op die aktionsartige funksies daarvan. Oorspronklik was *ga-* 'n outonome verhoudingslogemaat met die logaliteit van „saam", uit Ide. **ka*, wat ons ook in Latyn *co-n* het, bv. *convenire*, saamkom. Reeds vroeg in Ide. is dit aangewend ook om saaklingemate te struktureer om „gesamelikheid", versameling, 'n saakversameling of geheelgebeure saaklik te lingeer (vgl. Afr. *geskreeu, gewoel, gewerskaf, gevoel, geneul, gebroeders, gebuurte, gesternte, geboomte, gemymer, gedoente, hoewegedonder*, ens.). Die funksie het ons ook in Gotiese struktuurvorme, bv. *gaman*, metgesel, *gafilh*, begrafnis, *gaqumths*, samekoms, *garuns*, samerenning, sameloop, vergadering, *gajuka*, saamgejukte, maat, metgesel, *gaarbja*, mede-erfgenaam, *gabaurgja*, medeburger, ens. So rig *ga-* die logaliteit van funksielingemate ook aktionsartig tot gesamelikheid, bv.:

*qiman*, kom (momentief) tot *gaqiman*, saamkom, vergader (effektief-absolutief-duratief/effektief-determinatief);
*haitan*, heet, roep, gebied (relasief) tot *gahaitan*, saamroep, belowe (effektief-relasief);
*laistjan*, volg, lett. maak volg (kousatief/relasief) tot *galaistjan*, saam volg, agteraan volg (relasief-determinatief).

Duideliker is die effektiewe gerigtheid in die volgende:

*hausjan*, hoor (relasief) × *gahausjan*, goed, deeglik hoor, luister, gehoorsaam (relasief-effektief);
*saihvan*, sien (relasief) × *gasaihvan*, raaksien, aanskou, opmerk (relasief-effektief);
*munan*, dink aan, bedink (effektief) × *gamunan*, jou herinner, onthou (intensief-effektief), bv. *Augona habandans ni gesaihvith, jah ausona habandans ni gahauseith, jah ni gamunuth*, Julle het oë (oë hebbende) en sien nie raak nie/merk nie op nie, julle het ore (ore hebbende) en hoor nie regtig nie/luister nie/ gehoorsaam nie, en julle onthou nie;
*ga-* rig die relasief *drigkan* tot intensief-kousatief in *gedragkjan;*

die relasief *dailjan,* deel, tot intensief *gadailjan,* verdeel;
*brikan,* breek, tot intensief *gabrikan,* verbreek, stukkend breek;
van die hoedanigheidslingemate *blinds* (blind), *daufs* (doof) en *dauths* (dood), word intensiewe gestruktureer: *gablindjan,* verblind, *gadaubjan,* verdoof, verhard, *gadauthjan,* doodmaak, vermoor, om die lewe bring.

Ook inseptiewe word deur *ga-* intensief of effektief gerig:

*gadauthnan,* gedood word, vermoor word, sterf;
*gaskaidnan,* geskei word, afgeskei word;
*gastaúrknan,* droog word, opdroog, verdor;
*gathaúrsnan,* dors word, verdors, verdroog, verdor;
*gadrōbnan,* baie bedroef word; verdrietig word;
*gabatnan,* gebaat word.

Wat die aktionsartige funksie van *ga-* betref, is ook die volgende voorbeelde insiggewend:

(i) *. . . jah suns gastoth sa runs blothis izōs.* Die funksielingemaat *standan* is aktionsartig statief en duratief; die aspekties imperfektiewe *stoth* logeer *het gestaan,* maar *gastoth* logeer nie slegs *het gestaan* nie, maar wel: *het stilgestaan, het opgehou loop, het opgehou vloei* — die premorfeem rig dus *stoth* aktionsartig intensiverend effektief/determinatief tot *gastoth,* sodat bostaande sin dan logeer: *. . . en die vloeiing van haar bloed het dadelik stilgestaan/het opgehou vloei.* Die aspekties okklusiewe/perfektiewe word gelingeer deur die geablauteerde logeem *-stoth.* As ons die sin lees in samehang met wat in Luk. VIII : 44 daaraan voorafgaan, naamlik: *atgaggandei du aftaro attaîtōk skauta wastjōs is (. . . jah gastoth . . .),* sy, van agteraf toegaande, het die soom van sy klere aangeraak, dan het *ga-* die *resultatiewe funksie* wat voortgekom het uit die „aanraking van die soom van sy klere", en daarom logeer *gastoth* ook *het gaan staan,* dus aktionsartig inseptief-resultatief.

(ii) In die sin: *Jah faifalth thōs bokos jah usgibands andbahta gasat,* Toe het Hy die boekrolle toegevou en (hulle) uitgewende aan die dienskneg, het hy gesit/neergesit/gaan sit. Die aspek word reeds deur die logeem *-sat* gelingeer. Die gevolg van die feit dat hy die rolle toegevou en teruggegee het, is dat hy „gaan sit" het; dus rig *ga-* die statiewe *-sat* aktionsartig tot resultatief, en omdat daar beweging geïmpliseer word wat tot die „sit" gelei het, word *-sat* ook kinetief en daarmee inseptief gerig. Dus het die premorfeem *ga-* hier inseptiewe of, desverkiesend, inseptief-resultatiewe funksie, net soos in *gastōth* in (i): *het gaan staan/het gaan sit.*

*untē qam hveila izōs; ith bithē gabauran ist barn, ni thanaseiths ni gaman thizos aglons faura fahedai, unte gabaurans warth manna in fairhvau,* 'n Vrou, wanneer sy baar, het droefheid/smart, want haar uur het gekom, maar wanneer die kindjie gebore is *(gabaurans,* part. perfectum), dink sy nie meer aan/bedink/onthou sy nie meer haar smart vanweë haar vreugde nie, want 'n mens het in die wêreld gebore geword (Ndl.: *werd geboren),* het *ga-* in *gabauran ist* 'n inseptief-eksistief-aktionsartige funksie, *ga-* in *gaman* (vgl. *munan* × *gamunan* hierbo) 'n effektief-aktionsartige funksie, en *ga-* in *gebaurans warth* 'n suiwer inseptief-aktionsartige funksie: *warth* die morfemaat wat *baurans* inseptief rig, d.w.s. van die aanvang van die funksie af tot die resultatiewe voltooiing daarvan. Dit is duidelik dat die logaliteit van *warth gabaurans* in hierdie geval ook 'n ontotiewe gerigtheid impliseer: met dat die funksie plaasvind, resulteer dít waardeur of waarkragtens die funksie plaasvind: *manna warth gabaurans in fairhvau,* 'n mens „werd" in die wêreld gebore/het (nie „is" nie) in die wêreld gebore geword/'n mens het met die „geborewording" verskyn. Dit is dus nie 'n kwessie van „passief" deur die „perfektiewe deelwoord" nie, maar 'n deur *manna* funktoraal georigineerde, geïnisieerde, geaktiveerde en geaktualiseerde inseptiewe funksie, terwyl dit in *barn gabauran ist* 'n deur *barn* funktoraal bepaalde en beheerste inseptief-eksistiewe funksie is.

Hier moet op die belangrike verskynsel gewys word dat ons hier reeds die sintagmatiese konstruksie *gebaurans warth* het in plaas van die sintagmemiese sogenaamde passief *bairada* of *gabairada.* Dit ondersteun my interpretasie dat ons hier met inseptief-aktionsartige lingering te doen het en nie met 'n fiktiewe, logisisties-grammatiese „passief" nie.

(iv) In 'n situasie soos „ . . . *usfullnodēdun dagōs du bairan izai. Jah gabar seinana thana frumabaur,* . . . die dae om te baar het vir haar vervul geword (let op die determinatief-inseptief *usfullnodēdun* wat juis nie 'n inseptiewe struktuur met die postmorfeem *-a* het nie, omdat dit reeds logaal en morfologies aktionsartig inseptief is). En sy het gebaar (Ndl.: baarde) haar seun die eersgeborene (Luk. II : 6, 7), het *ga-* in *gabar* eweneens 'n inseptief-resultatiewe of inseptief-relasiewe aktionsartige funksie; die premorfeem *ga-* het geen perfektief/okklusief-aspektiese funksie nie — dit word reeds deur *-bar* gelingeer.

(v) As ons Joh. XI : 11 . . . *Lazarus, frijonds unsar, gasaizlēp*

met die Afrikaanse vertaling: *Lazarus, ons vriend, slaap,* vergelyk, dan gee die vertaling in twee opsigte nie die logale inhoud goed weer nie, omdat, eerstens, *gasaizlep* aktionsartig as duratief geïnterpreteer word, en, tweedens, dit aspekties as gewoon kontinuïtief en temporaal as praesenties weergegee word, terwyl die premorfeem *ga-* in *gasaizlep* die aspekties imperfektiewe sintagmeem *saizlep* aktionsartig eksistief of inseptief rig, soos ons in Afrikaans sou vertaal: *Lazarus is (was) aan die slaap* of vecleer: *Lazarus het aan die slaap geraak.* As ons die sin verder lees in sy betrokkenheid op wat volg: *akei gaggam, ei uswakjau ina,* maar laat ons gaan, opdat ek hom (lett.) sou/mag uitwek, dan kan die *ga-* ook die funksie hê om *-saizlep* aktionsartig te rig tot effektief-inseptief of intensief-inseptief. Gestel teenoor: ... *jabai slēpith, hails wairthith,* as hy slaap, word hy gesond (sal hy gesond word), is dit duidelik dat *ga-* geen aspektiese en geen temporale funksie het nie, maar slegs 'n aktionsartig inseptiewe.

Die simpleks *wakan,* waak, wakker wees, is aktionsartig duratief-absolutief; *waknan,* wakker word, is inseptief, gerig deur die inmorfeem *-n-,* terwyl *ga-waknan,* wakker gemaak, gewek word, ontwaak, determinatief- of effektief-inseptief is, en *wakjan,* wek, laat wakker word, kousatief gerig is deur die inmorfeem *-j-; uswakjau* logeer dus letterlik: mag uitwek, (uit sy slaap) mag wakker maak/wek.

6.3.7. *Die aktionsartige funksie van die premorfeem ga- en die aspektiese funksie van die postmorfeme -ns en -ths.* Uit voorgaande is dit duidelik dat die premorfeem *ga-* vir 'n wye verskeidenheid lingale en aktionsartige funksies aangewend is. Die onvermydelike gevolg hiervan was dat dit funksioneel onstabiel geword het in die loop van die ontwikkeling van die dogtertale van Oud-Germaans, dermate selfs dat dit as aktiewe aktionsartrigtende morfeem defunk geraak het, en namate die aspekties perfektiewe/okklusiewe morfeme *-ns* en *-ths* vereenvoudig is tot *-n* en *th (t/d),* is die *ga-* in onbeklemtoonde vorme *ge-, gi-, ghe-* ens., aangewend as aspekties-perfektiewe/-okklusiewe premorfeem. In die oud-vorme van die Germaanse tale, bv. Oud-Engels, Oud-Duits, (Oud-Nederlands) het ons nog slegs relikte van die oorspronklike aktionsartige funksie van *ga-,* in die middelvorme reeds veel minder — in Engels het dit heeltemal verdwyn, terwyl Afrikaans nog uit Nederlands die aktionsartig gerigte relikte oor het in bv. *gebied, gedenk, gedra, geraak, getuig, gesê, gevoel, glo, gly, gelyk* (op), *(ver)gelyk, genees, geluk, geniet, geword, genaak.*

Met die defunkwording van *ga-* as morfemiese middel om funksielingemate aktionsartig te rig en te struktureer moes ander middele

(vgl. hfst. IV, par. 6). Maar namate die proses van desintemering en demorfemering toegeneem het, is naas ander of nuwe morfemiese middele ook bestaande funksielingemate wat weens hulle logaliteit daartoe geskik was, morfematies aangewend om aktionsartige funksies te verrig, net soos andere weer om aspektiese funksie te verrig. In Goties reeds is byvoorbeeld die eksistief *sijum* — *wisan* en die inseptief *wairthan* aangewend om eksistiewe of inseptiewe sintagmate te struktureer.

6.3.8. *Die ontwikkeling van ga- as aspektiese middel.* Diachronies gesien het die aktionsartige premorfeem *ga-* dus ook die deur die postmorfeme *-ns* en *-ths* aspekties perfektief-/okklusiefgerigte partisipium aktionsartig beheers, bv.

*gabairan, gabar, gabaurum, gabaurans;*
*gaslēpan, gasaizlēp, gasaizlēpum, gaslēpans;*
*gagamainjan, gagamainida, gagamainidēdum, gagamainiths;*
*gawaknan, gawaknoda, gawaknodēdum, gawaknōths.*

In die partisipium perfektum het die premorfeem *ga-* dus primêr aktionsartig gefunksioneer gelyktydig dat die postmorfeme *-ns* en *-ths* aspekties gefunksioneer het. Dit was dus onvermydelik dat die twee aanvanklik disparate funksies in dieselfde sintagmeem onder die inwerking van bepaalde lingale faktore as 't ware „ko-paraat" in een funksionele kanaal gaan vloei het, m.a.w. dat *ga-* mettertyd ook 'n sekondêre aspekties-perfektiewe funksie verrig het, en namate dit self in die latere ontwikkelingstadia van die Germaanse tale enersyds as produktiewe en aktiewe aktionsartmiddel defunk geraak en verdwyn het en andersyds selfs in funksielingemate waarvan dit reeds 'n funksionele deel was, geprokopeer is, het dit tog in die partisipium die verworwe, sekondêre aspektiese funksie bly behou. En toe in die demorfemerings- en desintemeringsproses die auslautende *-s*-foneem deur defunkraking in die spesifiek perfektief-aspektiese morfeme *-ns* en *-ths* geapokopeer is — miskien juis ook as gevolg daarvan dat die premorfeem die aspektiese funksie gaan oorneem het — is die aspektiese funksie geheel en al gelingeer deur die premorfeem *ga-/ge-/gi-/ghe-*, waardeur dit toe die perfektiveringsmorfeem ‚par excellence' geword het. Ooreenkomstig die ontwikkeling van *ga-* as aktionsartige premorfeem tot aspektiese premorfeem, en volgens sulke sintagmate soos *gabaurans ist* en *gabaurans warth* het ons hier reeds 'n aanduiding dat in *gabaurans ist* die *ga-* reeds

sterk perfektief-aspektiese funksie het — die funksie is reeds voltooid, okklusief afgeloop, die toestand waarop dit gerig was, bewerkstellig, daarom kan dit eksistief gerig word: *gabauran ist barn,* die kindjie is gebore; terwyl dit in *gabaurans warth* nog aktionsartig inseptiewe funksie het en daarom deur die inseptief *warth* gerig moet word: *gabaurans warth manna,* 'n mens „werd" gebore/is gebore geword. Dit nou toegepas op die lingeringstipes: *Die os is geslaan* en *Die os word geslaan,* het die premorfeem *ge-* in *is geslaan* dus perfektief-aspektiese funksie, terwyl dit aktionsartig eksistief gerig word deur die eksistiewe funksiemorfemaat *is,* wat deur die funktor, *Die os,* persoonsmatig, getalsmatig, aspekties kontinuïtief, temporaal praesenties, modaal realitief beheers word; in die sintagmaat *word geslaan* het die premorfeem *ge-* nog inseptief-aktionsartige funksie, terwyl dit inseptief bepaal, beheers en gerig word deur die inseptiewe funksiemorfemaat *word* wat eweneens deur die funktor, *Die os,* persoonsmatig, getalsmatig, aspekties kontinuïtief, temporaal praesenties, modaal realitief beheers word. Albei vorme het ontwikkel uit die oorspronklike aktionsartig gerigte en aspekties bepaalde sintagmeem met *ga- — -ns/ths:* in *word geslaan* het *ge-* sy oorspronklike primêre aktionsartig inseptiewe funksie, in *is geslaan* het dit sy verworwe, sekondêre, perfektief/okklusief-aspektiese. Daar kan dus geen sprake wees van so iets soos „passief" nie. Ek herhaal: dié begrip met sy term is 'n fiktiewe invensie van die logisistiese grammatici: dit was hulle enigste moontlikheid van verklaring, omdat hulle die wesensaardlik disparate verskynsels *aktionsart, aspek* en *tempus* nie onderskei het nie — en deur die eeue heen het die invensie darem „gewerk"! Al het niemand dit ooit deurgrondelik kon verklaar nie.

6.3.9. *Die aktionsartig inseptiewe funksie van word as funksiemorfemaat.* Die aspektiese hoofvorme van die Oud-Germaanse *waírthan,* oorspronklik aktionsartig 'n inseptief, is: *waírthan — warth — waúrdum — waúrdans.* Op die ontwikkeling hiervan tot Middelnederlands — Nederlandse vorme kan ek net terloops wys:

*werden — wart — worden — worden* (sonder die perfektiveringsmorfeem *ghe-* omdat *werden* tradisioneel-grammaties aktionsartig momentief sou wees — veeleer omdat dit logaal inseptief is);
*worden — wierd — wierden — geworden (ge-* deur analogiese uitbreiding);
*worden — werd — werden — geworden.*
Afrikaans: *word —      — het geword.*

sitnagmate aspekties ingressief-inchoatief te rig en aktionsartig inseptiewe funksiesintagmate te struktureer. Die logaliteit van *word* is wesentlik aktionsartig ook duratief en in sy verloop en ontplooiing vanaf 'n aanvangsmoment gerig op 'n eindpunt wat nog bereik moet word. Dit logeer nie 'n moontlikheid nie, ook nie 'n blote begin nie, maar 'n aktuele op 'n doel gerigte proses, m.a.w. dit is aktionsartig 'n inseptief. Dit is, soos Goties bewys, reeds vroeg aangewend as funksiemorfemaat om funksielingemate aktionsartig inseptief te rig in die plek van en naas die sintagmemiese inseptief soos byvoorbeeld *nimada* — *nimaza* — *nimanda* of *nasjada* — *nasjaza* — *nasjanda*. Geleidelik het dit dan ook hierdie sintemies-morfemiese vorm heeltemal ondervang en laat verdwyn.

Soos ek reeds aangetoon het, word dit weens sy inseptiewe aktionsartigheid ook aangewend om inseptiewe funksiesintagmate te struktureer soos in Afrikaans: *Jan word groot/onderwyser; Dit word aand; Daar word fees gevier; Die man word aangekla van diefstal; Die boek word baie gelees; Die storie word rondvertel; Die os word geslaan.* In 'n geval soos *Die man word aangeklae van diefstal* rig die premorfeem *aan-* die absolutiewe funksie *klae* aktionsartig tot relasief-determinatief *aanklae,* en *word ge-* rig dit inseptief, sodat *word aangeklae* aktionsartig inseptief-determinatief is, aspekties is dit kontinuïtief (en nie perfektief weens *-ge-* nie), temporaal praesenties en modaal realitief. Ook hier is daar geen plek vir die fiktiewe „passief" nie. Die funksie van die funktor, *Die man,* is *word aangeklae,* 'n inseptief-determinatief gerigte funksiesintagmaat. Hier teenoor staan *Die polisie klae die man aan van diefstal,* waarin *klae . . . aan* aktionsartig relasief-determinatief beheers word deur die funktor *Die polisie* Dat die sintagmaat met *word* die inseptiewe aktionsart daarvan struktureer en lingeer, word hierdeur bewys dat die funksiesintagmaat deur bepaalde morfematiese middele ook aspekties gerig kan word, bv. *Die man mag/kan aangeklae word:* aspekties ingressief; *Die man word aangeklae:* kontinuïtief; *Die man was aangeklae geword:* imperfektief; *Die man is aangeklae geword:* perfektief; *Die man sal aangeklae word:* potensief; *Die man sal/sou aangeklae geword het:* potensief-okklusief.

6.3.10. *Aktionsartig inseptiewe funksie van die Gotiese inmorfeem -n- en Latynse -sc-.* In hofst. IV, par. 6.13. het ek daarop gewys dat Goties 'n inmorfemiese middel *-n-* het om inseptiewe te struktureer van byvoorbeeld absolutiewe en relasiewe en selfs van hoe-

danigheidslingemate: *skaid-n-an,* geskei word, van *skaidan,* skei; *wak-n-an,* wakker word, gewek word, van *wakan,* waak; *full-n-an,* gevul word, vol word, van *fulls,* vol; *mikil-n-an,* groot word, vergroot word, van *mikils,* groot. Dis opmerklik dat die inseptiewe alleen vertaal kan word deur die grondlingemaat aktionsartig inseptief te rig deur middel van die funksiemorfemaat *word.*

Dit is ook die geval in Latyn, waar inseptiewe gestruktureer word deur middel van die inmorfeem *-sc-* uit ander funksielingemate, uit hoedanigheidslingemate en selfs uit saaklingemate, bv. respektiewelik:

*alb-e-o,* Ek is wit/bleek, tot *alb-e-sc-o,* Ek word wit/bleek;
*niger,* swart, tot *nigr-e-sc-o,* Ek word swart;
*vesper,* aand, tot *vesper-a-sc-i-t,* Dit word aand;
*lux,* lig, tot *luc-e-sc-i-t,* Dit word lig.

Nou lyk dit my allesins moontlik dat die sogenaamde *deponentia,* d.i. „werkwoorde met passieve vorm maar met aktiewe betekenis", beskou kan en moet word as inseptiewe of eksistiewe, gerig deur die -r-/-ur-inseptiewe of eksistiewe morfeme, bv.:

*mors,* dood, tot *mor-i-o-r,* Ek „word dood"/gaan dood/sterf;
*mor-i-t-ur,* Hy „word"/gaan dood/sterf;
(vgl. Goties: *dauths,* dood, × *ga-dauth-n-an,* „word"/gaan dood);
*ira,* woede, tot *ira-sc-o-r,* Ek word kwaad/woedend;
*(g)n-a-sc-o-r,* lett. Ek word begin/word gebore.

Die oorspronklike logeem *gn-* is dieselfde as *gen-* in *genesis, genus, genese, genereer, begin,* ens. In ieder geval is *-sc-* in *irascor, nascor* reeds 'n inseptiewe morfeem, en daar bestaan 'n hele aantal funksielingemate met die inmorfeem tesame met die *-r/-ur*-postmorfeme, bv. *adipiscor, comminiscor, expergiscor, obliviscor, paciscor, reminiscor,* ens. Om hieroor uitsluitsel te gee vereis 'n dieper, etimologies gefundeerde studie. Daarby is dit die taak en die voorreg van 'n „lingologiese" Latinis.

6.3.11. *Konklusie.* Wat dus logisisties-grammaties en rasionalisties-spekulatief as „passief" onderskei en geïnterpreteer word, bestaan nie in die taal nie — dit het nie in die oermoedertaal, Indo-Europees, bestaan nie en nie in die verwante tale nie; dit is lingaalwesentlik en lingaal-funksioneel niks anders as aktionsartige eksistiewe of inseptiewe nie. Daar is geen lingale feite waarop die tradisionele interpretasie gegrond is nie — die begrippe en terme is van buite die taal vandaan in die grammatika ingevoer uit oorsake van 'n illingale interpretasie van die morfologiese struktuur van die funksievorme en die funksies van die morfemiese elemente. Lingo-

ding wat wel gemaak kan word, is geleë in die aktionsartigheid van die funksielogaliteit en die gerigtheid daarvan.

As die lingologiese interpretasie van aktionsartige absolutiewe en relasiewe en die erkenning en aanvaarding van aktionsart as die onderskeibare primêre wesenskenmerk van die funksie/funksielingemaat ons dwing tot verwerping van die logisisties-grammatiese en illingale „intransitiewe" en „transitiewe werkwoorde", dan volg konsekwent daaruit dat die onderskeiding van „aktief" en „passief", wat juis daarop gegrond is, ook daarmee moet verval. Dit is 'n oorbodige, kunsmatige invensie.

# OPGAWE VAN LEKTUUR EN GERAADPLEEGDE WERKE

## A. BIBLIOGRAFIE

(Geensins bedoel om volledig te wees nie)


Allan, J. B.: An elementary Latin grammar. Oxford 1898.

Arens, Hans: Sprachwissenschaft, der Gang ihrer Entwicklung von der Antike bis zur Gegenwart. München 1955.

Bally, Charles: Linguistique générale et linguistique francaise. Berne 1950.

Bally, Charles: Le Langage et la vie. Genf 1951.

Bloch, B. and Trager, G. L.: Outline of linguistic analysis. Baltimore 1952.

Bloomfield, L.: Language. New York 1933.

Bodmer, Frederick: The loom of language. London 1946.

Boer, R. C.: Oergermaansch handboek. Haarlem 1924.

Boer, R. C.: Oudnoorsch handboek. Haarlem 1920.

Booysen, C. M. en Jansen, M.: Praktiese grammatika, stylkursus en klankleer van die Afrikaanse taal. Pietermaritzburg 1926.

Boshoff, S. P. E.: Volk en taal van Suid-Afrika. Pretoria 1921.

Boshoff, S. P. E.: Radiopraatjies oor Afrikaans. Johannesburg 1956.

Bosman, D. B.: Oor die ontstaan van Afrikaans. Amsterdam 1923.

Bouman, A. C. en Pienaar, E. C.: Afrikaanse spraakkuns. Stellenbosch 1924.

Botha, M. C. en Burger, J. F.: Afrikaanse grammatika. Kaapstad 1924.

Brugmann, K.: Kurze vergleichende Grammatik der indogermanischen Sprachen. Berlin—Leipzig 1922.

Brugmann, K. und Delbrück, B.: Grundries der vergleichende Grammatik der indogermanischen Sprachen. II/, I; II/3.2. Strassburg 1916.

Buisson, M. S. du, en andere: Die wonder van Afrikaans. Johannesburg 1959.

Bühler, Karl: Sprachtheorie. Jena 1934.

Bühler, Karl: Die geistige Entwicklung des Kindes. Jena 1922.

Burrow, T.: The Sanskrit language. London 1955.

Carnap, R.: Introduction to semantics. Cambridge, Mass. 1946.

Carroll, J. B.: The study of language. A survey of linguistic and related disciplines in America. Cambridge 1953.

Chomsky, Noam: Current issues in linguistic theory. Den Haag 1964.

Cole, Desmond T.: An introduction to Tswana grammar. Cape Town 1955.

Crystal, David: What is Linguistics? London 1968.

Delacroix, Henri: L'enfant et la langage. Paris 1934.

Dempe, H.: Was ist Sprache? Weimar 1930.

Diamond, A. S.: The history and origin of language. London 1959.

Dittrich, O.: Die Problem der Sprachpsychologie. Leipzig 1913.

Duijker, H. C. J.: Taal en psychische werkelijkheid: I. Extralinguale elementen in de spraak. Amsterdam 1946.

Ebeling, C. L.: Linguistic units. 's Gravenhage 1960.

Eeden, B. I. C. van: Inleiding tot die studie van Suid-Sotho. Stellenbosch 1941.

Elffers, Hubertus: Praktiese Nederlandse spraakkunst. Kaapstad 1913.

Entwistle, W. J.: Aspects of language. London 1953.

Erdmann, K. O.: Die Bedeutung des Wortes. Leipzig 1925.

leven der Nederlandse taal. Groningen 1937.
Ginneken, J. van: Het mysterie der menschelijke taal. Haarlem 1946.
Girvan, R.: Angelsaksisch handboek. Haarlem 1931.
Graff, W. L.: Language and languages, an introduction to linguistics. London 1932.
Gray, H. L.: Foundations of language. New York 1950.
Groot, A. W. de: Strukturele syntaxis. Den Haag 1949.
Groot, A. W. de: Inleiding tot de algemene taalwetenschap. Groningen 1962.
Grootaers, L.: Album. ? 1950.
Ham, J. van en Hofker, S.: Taalverschijnselen. Groningen 1929.
Hamel, A G. van: Gotisch handboek. Haarlem 1931.
Hamel, A. G. van: Geschiedenis der taalwetenschap. Den Haag 1945.
Harris, Zelig S.: Methods in structural linguistics. Chicago 1951.
Heeroma, K.: Voordracht: Taal en talen. Groningen 1965.
Hertog, C. H. den: De Nederlandsche taal I en II. Amsterdam 1915.
Hesseling, D. C.: Het Afrikaans. Leiden 1923.
Hjelmslev, Louis: Prolegomena to a theory of language. (Translated by Francis J. Whitfield). Madison 1963.
Holz, Hans: Sprache und Welt: Probleme der Sprachphilosophie. ? ?
Homeyer, H.: Von der Sprache zu den Sprachen. Olten 1947.
Horsten, J. L.: Enige belangrijke verschijnselen uit het leven der Nederlandse taal. Amsterdam 1924.
Jakobson, Roman and Halle, Morris: Fundamentals of language. 's Gravenhage 1956.
Jamieson, E. B.: Illustrations of regional anatomy. Edinburgh 1944.
Jespersen, Otto: Progress in language. London 1909.
Jespersen, Otto: Philosophy of grammar. London 1924.
Jespersen, Otto: Language, its nature, development and origin. London 1925.
Jespersen, Otto: Growth and structure of the English language. Oxford 1930.
Jespersen, Otto: System of grammar. London 1933.
Jespersen, Otto: Mankind, nation and individual. London 1946.
Jespersen, Otto: Selected writings. London s.j.
Jewett, B.: The Dialogues of Plato, translated into English, Vol. I. Oxford 1871.
Johannesson, Alexander: Origin of language. Reykjavik 1949.
Kalepky, Theodor: Neuaufbau der Grammatik. Berlin 1928.
Kempen, W.: Woordvorming en funksiewisseling in Afrikaans. Kaapstad s.j.
Kennedy, B. H.: The revised Latin primer. London 1906.
Kieckers, Ernst: Handbuch der vergleichenden gotischen Grammatik. München 1928.
Kieckers, Ernst: Sprachstämme der Erde. Heidelberg 1931.
Kirkpatriek, E. A.: Fundamentals of child study. New York 1923.
Kloeke, G. G.: Herkomst en groei van het Afrikaans. Leiden 1950.
Kloeke, G. G.: Verzamelde opstellen. Assen 1952.
Kluge, Friedrich: Die Elemente des Gotischen. Strassburg 1911.
Kramer, W.: Inleiding tot de stilistiese interpretatie van literaire kunst. Groningen 1947.
Krause, Wolfgang: Handbuch des Gotischen. München 1953.
Kronasser, Heinz: Handbuch der Semasiologie. Heidelberg 1952.

Kwant, R. C.: Fenomenologie van de taal. Utrecht 1963.
Labuscagne, G. J.: Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek. Johannesburg 1956.
Labuscagne, G. J. en andere: Feesbundel. Johannesburg 1959.
Laguna, Grace de: Speech, its function and development. London 1927.
Langeveld, M. J.: Taal en denken. Groningen 1934.
Lewis, M. M.: Infant speech. London 1936.
Lewis, M. M.: Language in society. London 1947.
Linsky, Leonard: Semantics and the philosophy of language. The University of Illinois Press at Urbana 1952.
Loey, A. van: Middelnederlandse spraakkunst I, II. Antwerpen 1948.
Loubser, J. E.: Die saamgestelde verbale vorm van Nederlands na Afrikaans. Groningen 1961.
Louw, A. S: Dialekvermenging en taalontwikkeling. Amsterdam 1948.
Lubbe, H. F. A. van der: Woordvolgorde in het Nederlands; een synchrone strukturele beschouwing. Assen 1958.
Malherbe, D. F.: Afrikaanse taalboek. Bloemfontein 1917.
Malmberg, B.: Structural linguistics. Heidelberg 1963.
Mannoury, G.: Significa, een inleiding. Den Haag 1949.
Martinet, André: A functional viewe of language. Oxford 1961.
Martinet, André: Elements of general linguistics London 1964.
Marty, Anton: Untersuchungen zur Grundlegung der allgemeinen Grammatik und Sprachphilosophie. Halle a S. 1908.
McCarthy, Dorothea: The language development of the pre-school child. ? ?
Meillet, A.: Introduction a l'etude comparative des langues indoeuropéennes. Paris 1922.
Merwe, H. J. M. van der: Taalfunksie en spellingvorm. Pretoria 1955.
Merwe, H. J. M. van der en andere: Inleiding tot die taalkunde. Pretoria 1963.
Merwe, H. J. M. van der en andere: Studierigtings in die taalkunde. Pretoria 1964.
Merwe, H. J. M. van der en andere: Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria 1958
Merwe, H. J. M. van der, onder redaksie van: Taalfasette. Pretoria 1965—1968.
Meumann, E.: Die Sprache des Kindes. Zurich 1903.
Meijers, J. A.: Taal en leven. Amsterdam 1949.
Morgan, C. T.: Physiological psychology. New York 1943.
Morris, Charles: Signs, language and behaviour. New York 1946.
Nesbit, Frank S.: Language, meaning and reality, a study in symbolism. New York 1955
Nida, E.: Morphology, the descriptive analysis of words. University of Michigan Publications 1949.
Nienaber, C. J.: Die taal as tolk. Pietermaritzburg 1956.
Nienaber, G. S.: Oor die Afrikaanse taal. Amsterdam 1934.
Nienaber, G. S.: Oor Afrikaans I en II. Johannesburg 1949.
Nienaber, P. J.: Taalkundige Opstelle, versamel deur. Kaapstad 1965.
Noreen-Pollak: Wissenschaftliche Betrachtung der Sprache. Halle 1923.
Odendal, F. F.: Die struktuur van die Afrikaanse wortelmorfeem. Pretoria 1962.
Ogden, C. K. and Richards, I. A.: The meaning of meaning. London 1946.
Öhmann, Suzanne: Wortinhalt und Weltbild. Stockholm 1951.
Oostrum, O. van: Hollandse spraakkunst. Pretoria 1917.
Oostrum, O. van en Kritzinger, M. S. B.: Afrikaanse spraakkuns. Pretoria 1929.

Overdiep, G. S.: Methode van het stilistisch-syntactisch onderzoek. Antwerpen ?.
Overdiep, G. S.: Inleiding tot de zeventiende eeuwsche syntaxis. Groningen ?.
Overdiep, G. S.: Stilistische Studiën I en II. Brill 1926, 1927.
Overdiep, G. S.: IV Syntaxis en Stilistiek. Antwerpen 1949.
Overdiep, G. S. en van Es, G. A.: Vormleer van het Middelnederlandsch der XIII eeuw. Antwerpen 1946.
Paget, Richard: Human speech. London 1930.
Pätsch, Gertrud: Grundfragen der Sprachwissenschaft. Halle 1955.
Paul, Hermann: Prinzipien der Sprachgeschichte. Halle a. S. 1920.
Pei, Mario A.: The story of language. Philadelphia 1949.
Pei, Mario A.: Invitation to linguistics: a basic introduction to the science of language. Garden City, N.Y. 1965.
Penfield, Wilder & Roberts, Lamar: Speech and brain mechanisms. Princeton 1949.
Piaget, H.: The language and thought of the child. London 1926.
Pilsbury, W. B. and Meader, C. L.: The psychology of language. London 1948.
Pollio, Howard R.: The structural basis of word association behavior. The Hague 1966.
Porzezinski, V.: Einleitung in die Sprachwissenschaft. Leipzig 1910.
Porzig, Walter: Das Wunder der Sprache. Bern 1950
Pos, H. J.: Zur Logik der Sprachwissenschaft. Heidelberg 1922.
Pos, H. J.: Inleiding tot de taalwetenschap. Haarlem 1926.
Posthumus, H. J.: Die vry pre-adjunk in Afrikaans. Kaapstad 1957.
Regula, Moritz: Grundlegung und Grundprobleme der Syntax. Heidelberg 1951.
Reichling, A. B. N.: Het Woord, een studie omtrent de grondslag van taal en taalgebruik. Nijmegen 1935.
Reichling, A. B. N.: Verzamelde studies. Zwolle 1965.
Reichling, A. B. N. en andere: Taalondersoek in onze tijd. Den Haag 1962.
Révész, G.: Ursprung und Vorgeschichte der Sprache. Bern 1946.
Robins, R. H.: Ancient and mediaeval grammatical theory in Europe. London 1951.
Robins, R. H.: General linguistics. An introductory survey. London 1964.
Rombouts: Psychologie der kindertaal. Nijmegen 1919.
Roorda, T.: Over de deelen der rede, ens. Leeuwarden 1855.
Rosetti, A.: Le mot, esquisse d'une théorie générale. Copenhague 1947.
Rosetti, A.: Linguistica. The Hague 1965.
Roux, J. J. le: Oor die Afrikaanse sintaksis. Amsterdam 1923.
Roux, T. H. le: Afrikaanse taalstudies. Pretoria 1954.
Roux, T. H. le en Roux, J. J. le: Middelnederlandse Grammatika. Pretoria 1935.
Royen, Gerlach: Grammatiese kategorieën bij het naamwoord. Amsterdam 1936.
Rijn, G. J. van: Praktiese Hollandse spraakkunst. Kaapstad 1913.
Rijpma, E. en Schuringa, F. G.: Taalverschijnselen. Groningen 1925.
Sandiford, P.: The mental and physical life of school children. New York 1924.
Sapir, Edward: Language. New York 1921.
Saporta, Sol: Psycholinguistics, a book of readings. New York 1961.
Saussure, Ferdinand de: Grundfragen der allgemeinen Sprachwissenschaft, übersetzt von Hermann Lommel. Leipzig 1931.
Saussure, Ferdinand de: Cours de linguistique générale. Paris 1949.

Saussure, Ferdinand de: Kursus in algemene taalkunde. (Uit die Frans vertaal deur Alwyn Lee). Pretoria 1966.
Sayce: Grammar: in Enc. Britannica, llth edition.
Schlauch, Margaret: The gift of tongues. London 1943.
Scholtz, H. van der M. (Sr.): Taal en taalverskynsels. Bloemfontein 1943.
Scholtz, H. van der M. (Jr.): Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise. Amsterdam 1950.
Schönfeld, M.: Historiese grammatika van het Nederlands. Zutphen 1932.
Schwartz, Ernst: Goten, Nordgermanen, Angelsachsen. Bern 1951.
Seth, Geo. and Guthrie, D.: Speech in childhood London 1935.
Siertsema, B.: A study of glossematics. The Hague 1955.
Siertsema, B.: Taalverwering en taalontwikkeling. 's Gravenhage 1960.
Sievers, Eduard: Angelsächsische Grammatik. Halle a. S. 1921.
Smith, J. J.: Op ons taalakker. Pretoria 1962.
Snell, Bruno: Der Aufbau der Sprache. Hamburg 1952.
Sommer, Hans: Von Sprachwandel und Sprachpflege. Bern 1945.
Steinthal, H.: Geschichte der Sprachwissenschaft bei den Griechen und Römern. Berlin 1890—1891.
Stentzel, Julius: Philosophie der Sprache. ? ?.
Stern, Clara und Wilhelm: Die Kindersprache. Leipzig 1928. (Engels: The psychology of early childhood. London 1930.
Stoett, F. A.: Middelnederlandsehe spraakkunst: syntaxis. 's Gravenhage 1923.
Streitberg, W.: Urgermanische Grammatik. Heidelberg 1896.
Streitberg, W. und Michels: Indogermanische Sprachwissenschaft, II. 2. Germanisch. Berlin 1936.
Stucki, M. J.: Hollandse spraakkunst voor Zuid-Afrika. Kaapstad 1897.
Sturtevant, E. H.: An introduction to linguistic science. New Haven 1947.
Stutterheim, C. F. P.: Inleiding tot de taalphilosophie. Nijmegen 1949.
Stutterheim, C. F. P.: Taalbeschouwing en taalbeheersing. Amsterdam 1954.
Stutterheim, C. F. P.: Stijlleer. Den Haag 1947.
Terwey, T.: Nederlandsche spraakkunst. Den Haag 1919.
Thieme, Paul: Die Heimat der indogermanischen Gemeinsprache. Wiesbaden 1954.
Thomsen, V.: Geschichte der Sprachwissenschaft. Halle a S. 1927.
Tylor, Edw. B.: Primitive culture, Vol. I. London 1929.
Travaux du cercle linguistique de Copenhague, vol. V, Recherches structurales. Copenhague 1949.
Ullmann, Stephen: Semantics. An introduction to the science of meaning. Oxford 1962.
Urban, Wilbur M.: Language and reality. London 1951.
Valkhoff, Marius: De expansie van het Nederlands. Den Haag 1945.
Verburg, P. A.: Taal en functionaliteit. Wageningen 1951.
Verdam, J.—Stoet, F. A.: Uit de geschiedenis der Nederlandsche taal. Zutphen 1923.
Verhage, J. A.: 'n Sintakties-stilistiese studie van die Dagregister van Jan van Riebeeck. Kaapstad 1952.
Vooys, C. G. N. de: Verzamelde taalkundige opstellen, I, II, III. Groningen 1924.
Vooys, C. G. N. de: Inleiding tot die studie van die woordbetekenis. Groningen 1943.
Vooys, C. G. N. de: Geschiedenis van de Nederlandse taal. Groningen 1952.
Vooys, C. G. N.: Nederlandse spraakkunst. Groningen 1947.

Walshe, F. M. R.: Diseases of the nervous system. Edinburgh 1940.
Wartburg, W. von: Einführung in Problematik und Methodik der Sprachwissenschaft. Halle (Saale) 1943.
Weisgerber, Leo: Die Sprache unter den Kräften des menschlichen Daseins. Dusseldorf 1949.
Weisgerber, Leo: Das Gesetzt der Sprache. Heidelberg 1951.
Wilson, R. A.: The miraculous birth of language. London 1942.
Witte, A. J. J. de & Wijngaards, W. C. H.: De struktuur van het Nederlands, 's Hertogenbosch 1961
Wrede, Ferdinand: Ulfilas. Paderborn 1920.
Wright, Joseph: Grammar of the Gothic language. Oxford 1930.
Wright, Joseph: Old English grammar. Oxford 1934.
Zipf, Geo. K.: The psychobiology of language. Boston 1935.
Zwaan, J. L.: Uit de geschiedenis der Nederlandsche spraakkunst. Groningen 1939.

## B. TYDSKRIFTE

Talle artikels en resensies uit die volgende:

Archivum Linguisticum. Jackson, Glasgow.
De nieuwe Taalgids. Wolters, Groningen.
Die neueren Sprachen. Diesterweg, Frankfurt a. M.
Language, Journal of the Linguistic Society of America. Waverley Press, Baltimore.
Leuvensche Bijdragen. Instituut voor Dialectologie, Leuven.
Lingua. North-Holland Publishing Co., Amsterdam.
Methodos. Feltrinelli, Milano.
Neuphilologische Zeitschrift, Pädagogischer Verlag B. Schultz.
Studia Linguistica. Gleerup, Lund.
Tijdschrift voor Nederlandsche Taal en Letterkunde. Brill, Leiden.
Tydskrif vir Geesteswetenskappe. S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria.
Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde. Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde, Johannesburg.
Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria.
Word. Journal of the Linguistic Circle of New York. New York.